

Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid- Afrikaanse konteks

J.H. Strydom
22052615

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in
Pastoraal (Fakulteit Teologie) aan die Potchefstroomkampus
van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. Dr. J.J.v Rensburg
Medepromotor: Prof. Dr. G.A. Lotter

Opsomming

Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks

Die fokus van hierdie studie is op pastorale berading en mentorskap in die Suid-Afrikaanse konteks en hoe dit kan bydra tot die verbetering van ouer-kind verhoudings. Die Praktiese Teologiese model van Osmer is gebruik as raamwerk waarbinne die studie ontplooi is. Dit bestaan uit die Deskriptief-empiriese, Interpretatiewe, Normatiewe en Pragmatiese take (wat vir die doeleindes van die studie benaderingswyses genoem is).

In die eerste hoofstuk word die klem geplaas op die wyse waarop die studie gedoen gaan word met die hoop om positiewe uitkomstes te verkry. Dit word dan ook hanteer in Hoofstuk 2 deur middel van empiriese navorsing. Hier word onderhoude met 24 deelnemers gevoer wat bestaan uit ouers en kinders. Die doel hiermee is om te bepaal hoeveel probleme daar werklik binne gesinne in die Suid-Afrikaanse konteks bestaan.

Die derde hoofstuk word hoofsaaklik gewy aan 'n literatuurstudie wat die effek van positiewe en negatiewe uitkomstes deur die toepassing van Bybelse beginsels en mentorskap binne gesinne bespreek. Die effek van negatiewe of positiewe ouerskap word bespreek asook die effek wat dit op 'n kind het tydens sy/haar ontwikkelingsproses. Hieruit kom vele lesse vir ouers ter sprake en vele kinders hoef nie met emosionele pyn groot te word nie.

In die vierde hoofstuk word die teologiese aspekte bespreek en bewyse gelewer van die waarde daarvan soos dit deur teologiese kundiges aangespreek word. Morele waardes, pastorale modelle, die waarde van die Heilige Gees en Godsvoorstelling kom hier onder bespreking. Hierdie beginsels dra dan ook by tot meer gelukkige gesinne.

Tydens die vyfde hoofstuk word daar gepoog om samevattende oplossings te vind vir hierdie studie se aanvanklike probleemstelling, navorsingsvraag en sentraal teoretiese argument. Verskeie resultate en afleidings word gemaak om antwoorde te verkry op die verskillende sleuteltermen. Probleemidentifisering en -oplossingstegnieke word bespreek. Aan die hand van 'n pastorale fasemodel word 'n tipiese beradingsessie voorgehou om duidelikheid te verskaf ter oplossing van bogenoemde probleme.

Sleuteltermen:

Pastorale beraad

Ouer-kind verhouding

Mentorskap

Protégé (Persoon wat mentorskap ontvang)

Bybelse beginsels

Abstract

Pastoral counselling and mentorship in parent-child relationships in the South African context

The focus of this study is on pastoral counselling and mentorship in the South African context and how it can contribute to the improvement of parent-child relationships. The Practical Theological model of Osmer is used as a framework in which the study is conducted. It consists of the Descriptive-empirical, Interpretative, Normative and Pragmatic tasks (which, for the purpose of the study, are called methods of approximation).

In the first chapter the emphasis is on the way in which the study will be conducted with the aim of obtaining positive outcomes. This is also addressed in Chapter 2 by means of empiric research. Interviews are conducted with 24 participants that consist of parents and children. The aim of this is to determine how many problems really occur within families in a South African context. Many problems in this regard have come to light.

The third chapter is mainly dedicated to a literature study that discusses the effect of positive and negative outcomes through the application of Biblical principles and mentorship within families. The effect of negative or positive parenthood is discussed as well as the effect it has on the child in his/her development process. Parents can learn many lessons from this chapter so that their children won't have to grow up with emotional anguish.

In the fourth chapter the theological aspects are discussed and proof is given for the value of these aspects as addressed by theological experts. Moral values, pastoral models, the value of the Holy Spirit and how God is portrayed are discussed here. These principles also contribute to happier families.

In the fifth chapter attempts are made to find summarising solutions for this study's initial problem statement, research question and central theoretical argument. Various results and conclusions can be made to find answers to the different key terms. Problem identification and problem solving techniques are discussed. A typical counselling session is held on the basis of a pastoral phase model in order to provide clarity to the solution of the abovementioned problems.

Key terms:

Pastoral counselling,
Parent-child relationship,
Mentorship,
Protégé
Biblical principles

VOORWOORD

Alle dank aan my Hemelse Vader wat my deur hierdie studie gehelp het. Al my dank ook aan Hom vir die geleentheid om my lewenspassie op hierdie wyse te kon uitleef. Jesus Christus het die liefde vir mense in my hart kom plaas en ek poog om dit met oorgawe uit te leef. Vandaar dan ook my behoefte om kinders, ouers, werknemers, werkgewers, oud en jonk, by te staan met emosionele probleme.

My dank ook aan al die deelnemers wat deelgeneem het. Hierdie studie word opgedra aan alle kinders en ouers met emosionele pyn of hartseer. Vir julle bid ek graag die gebed wat Paulus vir die Efësiërs gebid het (Ef. 3:14-20).

“Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op aarde sy naam ontvang, dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God. En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.”

My dank gaan ook uit aan my promotor, Prof. Dr. Johan Janse van Rensburg, vir sy hulp en bystand deur 'n groot deel van die studie; die sagte man met die besondere wysheid wat op menige wyses my lewe verander het, deur insette wat ek vir baie lank sal onthou. Dan is daar my mede-promotor, Prof. Dr. George Lotter van die NWU, wat ek vandag sonder twyfel as my mentor beskou. Onder moeilike omstandighede het hy my gedra en bygestaan. Selfs na-ure en naweke was hy altyd daar om te help. Was dit nie vir hom nie, sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie. Alle dank aan hom vir sy totale betrokkenheid en motivering wat ek dikwels so nodig gehad het.

Ek kan nie nalaat nie om spesiaal melding te maak van Hester Lombard by die Teologiese biblioteek, wat uitsonderlike diens aan my gelewer het. Hester, jou behulpsaamheid en vriendelikheid was regtig ver bo dit waaraan ek gewoond is. Jy is 'n ster. Alle dank ook aan Grammar Guardians vir die taalversorging en uitlegformattering van hierdie studie, asook die druk- en bindwerk daarvan.

'n Spesiale dank aan my vrou wat ure en ure alleen moes sit en my gemotiveer het om deur te druk. Sylvia, dankie vir die vrou wat jy vir my is en mag ek jou vir ewig eer. Dankie vir jou geduld en liefde die laaste 36 jaar.

Aan my pa, Louis Strydom, wat reeds 88 jaar oud is en nog steeds vol humor is, dankie vir die wyse waarop jy en my oorlede ma, Marlene, my met liefde grootgemaak het deur die beginsels van die Bybel en selfs mentorskap aan my oorgedra het. Dankie vir al julle hulp en liefde, waarsonder ek nie sou kon klaarkom het nie. Julle is een van die hoofredes vir my behoefte om hierdie studie te voltooi.

Dan aan my wonderlike dogter, Eleanor, wat my oortuig het om saam met haar te begin studeer toe ek reeds 50 geword het. Ons het van ons meestersgraad af saam gelag, saam gehuil, en ons was saam gelukkig en ongelukkig gewees. Menigmaal wou een van ons twee opgee, maar die verhouding tussen ons het so verdiep deur dieselfde doel na te jaag dat ons nie sonder mekaar se ondersteuning sou kon klaarkom nie. Vandag kan dogter en pa met groot dankbaarheid sê dat ons saam dieselfde jaar binne die dieselfde departement en dieselfde universiteit ons studies voltooi het.

Dankie vir Louis, my seun, en Hermien, my skoondogter, en Oupa se kleinkinders, Mehan en Luan, wat my in moeilike tye laat lag het. Dankie ook vir julle ondersteuning en geduld. Vir Thomas, my seun, en Meandra, my skoondogter, dankie vir julle motivering as ek wou moed opgee.

JULLE IS ALMAL WONDERLIK EN EK IS BAIE LIEF VIR JULLE ALMAL.

Inhoudsopgawe

1. Inleiding	1
1.1 Probleemstelling	1
1.2 Die ouer-kind verhouding	1
1.3 Mentorskap	8
1.4 Bybelse beginsels	12
1.5 Navorsingsvraag	15
1.6 Doelstellings en doelwitte	16
1.6.1 Doelstelling	16
1.6.2 Doelwitte	16
1.7 Sentrale teoretiese argument	17
1.8 Metodologie	17
1.8.1 Empiriese navorsing	17
1.8.2 Literatuurstudie	20
1.8.3 Die persoon wat mentorskap ontvang	20
2. Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Deskriptief-Empiriese benaderingswyse	21
2.1 Kwalitatiewe analise as 'n samevatting van ouers en kinders se reaksies op beide Bybelse beginsels en mentorskap	28
2.1.1 Inleiding	28
2.1.2 Groep 1 bespreking	30
2.1.2.1 Samevattende afleidings van Groep 1	38
2.1.3 Groep 2 bespreking	40
2.1.3.1 Samevattende waarnemings en afleidings van Groep 2	45
2.1.4 Groep 3 bespreking	48
2.1.4.1 Samevattende waarnemings en afleidings van Groep 3	55
2.2 Sleuteltermes vir die doel van kodering	58
2.2.1 Bybelse beginsels en verhoudings binne gesinsverband	58
2.2.2 Mentorskap binne gesinsverband	58
2.3 Samevattende evaluasie van die navorsing: Sleuteltermes soos in 2.2.1	59
2.3.1 Tabel 4: Deelnemer-evaluering en kodering volgens sleuteltermes in Bybelse beginsels en mentorskap	59
2.3.2 Tabel 5: Deelnemer-evaluering en kodering volgens sleuteltermes soos in 2.2.2 (Mentorskap)	60

2.3.3	Bybelse beginsels-evaluering	61
2.3.4	Mentorskap-evaluering.....	62
2.3.5	Samevatting van empiriese navorsing	62
3.	Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Interpretatiewe benaderingswyse	65
3.1	Inleiding	65
3.2	Mentorskap.....	66
3.3	Ouer-kind verhoudings	83
3.3.1	Die kognitiewe ervarings van die kind	89
3.3.1.1	Woorde	90
3.3.1.2	Luister	90
3.3.1.3	Liggaamstaal en vraagtegniek	93
3.3.1.4	Aanraking.....	94
3.3.1.5	Selfbeeld	97
3.4	Die psigologiese ervarings van die kind	98
3.4.1	Trauma in die Suid-Afrikaanse konteks.....	103
3.5	Die bou van gesonde gesinsstrukture	108
3.5.1	Dissipline.....	109
3.5.2	Positiewe en negatiewe gesinsinvloede	111
3.5.3	Bybelse beginsels om gesinstrukture te versterk	114
3.5.4	Samevatting	118
4.	Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Normatiewe benaderingswyse	121
4.1	Inleiding	121
4.2	Teologiese interpretasies	122
4.2.1	Verbond	122
4.2.1.1	Die Verbond van die skepping	124
4.2.1.2	Die Verbond met Adam.....	124
4.2.1.3	Die Verbond met Noag.....	125
4.2.1.4	Die verbond met Abraham	125
4.2.1.5	Die Sinaiverbond.....	126
4.2.1.6	Die Verbond met Dawid	126
4.2.1.7	Die Nuwe Verbond	127

4.2.2	Godsvoorstellings	129
4.2.2.1	Negatiewe Godsvoorstelings	130
4.2.2.2	Positiewe Godsvoorstelling	132
4.3	Etiese refleksie	134
4.3.1	Waardes en norme.....	134
4.3.2	Die werk van die Heilige Gees in die toepassing van hierdie waardes en norme.....	137
4.4	Die pastorale modelle.....	146
4.4.1	Narratiewe model.....	147
4.4.2	Kerugmatiese model (E. Thurneysen).....	149
4.4.3	Eduktiewe model (S. Hiltner).....	149
4.4.4	Bipolêre model (G. Heitink).....	149
4.4.5	Pneumatologiese model (J. Rebel).....	150
4.4.6	Konvergensiemodel (D.J. Louw).....	150
4.4.7	Kognitiewe gedragsterapie.....	153
4.4.8	Rasioneel-emotiewe model.....	153
4.4.9	Die Holistiese model (H.Clinebell).....	154
4.4.10	Eduktiewe model.....	156
4.4.11	Samevatting van modelle.....	156
4.5	Hoofstuk samevatting	157
5.	Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Pragmatiese benaderingswyse	159
5.1	Inleiding	159
5.2	Resultate uit die empiriese navorsing.....	162
5.3	Literatuurstudie: Resultate en afleidings van mentorskap en ouer-kindverhoudings	164
5.4	Pastorale terapie vir ouers en kinders in probleemgesinne	165
5.4.1	Probleemidentifisering, probleemverheldering en ontginning van hanteringsgeleenthede.....	166
5.4.2	Probleemoplossingstegnieke vir die terapeut.....	166
5.4.3	Formulering en werkbare aksieplanne	167
5.4.4	Hermeneuties.....	167
5.5	Fasemodel.....	167
5.6	Toepassende gevallestudie ter illustrering van 'n voorgestelde model.....	169

5.7	Samevatting	173
5.8	Slot	173
	Bronnelys	175
	Addenda.....	196

Lys van figure en tabelle

Figure

Figuur 1	Fasette in 'n goeie verhouding binne mentorskap	11
Figuur 2	Osmer se Hermeneutiese Sirkel	19
Figuur 3	Vrugbare gronde	68
Figuur 4	Oorvleueling	68
Figuur 5	Toepassing van mentorskap	73
Figuur 6	Verhouding binne die verbond	123
Figuur 7	Wyse van bespreking	161

Tabelle

Tabel 1	Osmer se take	18
Tabel 2	Sleutelverskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing	26
Tabel 3	Puntetelling	58
Tabel 4	Deelnemer-evaluering en kodering volgens sleuteltermes in Bybelse beginsels en mentorskap	59
Tabel 5	Deelnemer-evaluering en kodering volgens sleuteltermes soos in 2.2.2 (Mentorskap)	60
Tabel 6	'n Geïntegreerde benadering om mentorskap te verstaan en ten volle te benut	69
Tabel 7	Negatiewe Godsvoorstellings	130
Tabel 8	Positiewe Godsvoorstellings	132
Tabel 9	Pastorale fasemodel	168

Hoofstuk 1

Inleiding

Die titel het sy ontstaan vanuit 'n aantal gesprekke met vindingryke spesialiste op die gebied van Pastorale Berading. Dit het eerstens geblyk dat daar in baie gevalle nie 'n *verhouding* tussen ouers en kinders bestaan wat enigsins dui op die verhouding tussen God en die mens nie. Ten tweede is die vermoede dat die gebrek aan die Vaderskap van God, soos in die Bybel verwys, nie toegepas word binne gesinne nie. Die Vaderskap van God kan moontlik as *mentorskap* beskou word, omdat soortgelyke optrede moontlik van ouers verwag kan word en dit 'n groot rol kan speel in die kinders se toekomstige lewensgehalte. Die vermoede bestaan dus dat onkunde of onverskilligheid teenoor God as *Verbondsgod* en God as *Vaderfiguur* heel moontlik patogeniese resultate binne gesinsverhoudinge tot gevolg kan hê.

1.1 Probleemstelling

Die verhoudings tussen ouers en kinders het oor die jare 'n duidelike verandering ondergaan en veral ten opsigte van kommunikasie, passie en liefde. Volgens Medhus (2004:1-2), was hierdie verhouding in die 20^{ste} eeu een waar die vader die outoritêre diktator was en die kind die gehoorsame voorwerp. In baie gevalle was die moeder die sorgsame huishoudster, wie se jurisdiksie baie beperk was in hierdie diktatorskap van die gesin.

1.2 Die ouer-kind verhouding

Alhoewel daar deur die jare geleidelike veranderings na menige kante toe binne die raamwerke van gesinsverhoudinge plaasgevind het, het daar tussen die 1970's en

1980's baie spesifieke rigtingsverskuiwings ontstaan. Die kinders se persoonlike behoeftes en drome is tot 'n groot mate aan hulself oorgelaat. Die rede hiervoor was hoofsaaklik as gevolg van die ouers wat in diktatorskapverhoudings grootgeword het se besluit om die "onreg" wat teenoor hulle gepleeg is, nie met hulle kinders te herhaal nie. Dit het egter die gevolg gehad dat daar 'n soort "ouerlose generasie" begin ontstaan het, asook die verandering wat gesinsamestellings betref. Die vader en moeder was meestal beide in professies en die kind moes maar doen wat hy goed dink. Die eerste ding waarteen sodanige kinders begin rebelleer het, was dissipline omdat dit nie deel van hul normale grootwordproses was nie (Medhus 2004:3; Neethling *et al.* 2005:196).

Gedurende die 1990's was daar 'n paradigmaskuif. Daar was 'n kulturele verandering van volwasse-gesentreerdheid na kindergesentreerdheid. Gesinsvermaak in die vorm van Disneyland en vele ander gesinspeletjies het hulle ontstaan in hierdie tyd gehad. Omdat sommige kinders egter in hierdie era weer tot 'n mate met meer geld grootgeword het, is kinders meer bederf en in die proses met minder dissipline grootgemaak. Die beskikbaarheid van meer geld het veroorsaak dat die mense binne die ryk gemeenskappe soms slegs aan materiële bates gemeet is en kinders het hierdie materiële denkwyses as die gegewe aanvaar. Hierdie finansiële denkwyses is in hierdie gevalle ten alle koste beskerm en vertroetel. Dié wat egter nie finansiëel welaf was nie, is tot 'n groot mate as waardeloos beskou en het hulself ook as ondergeskik gestel teenoor die rykes. Sodanige kinders het dit binne gesinsverband en onder ander skoolleerlinge as vernederend ervaar. Hulle het ontoereikend gevoel en meestal die geneigdheid gehad om dan rigtinglose kinders sonder selfvertroue na vore te bring (Papalia *et al.* 2006:477; Medhus 2004:3-4).

Die bogenoemde omstandighede kan ook die teenoorgestelde tot gevolg hê indien 'n resessie intree en slegs klein gedeeltes van samelewings in die sogenaamde "ryk" klasse val. Die res van sodanige samelewings wat binne die "ryk" klasse geval het, is toe weer beskou as hoogmoedig en verhewe bo ander. Egskeidings, enkelouers en tweede huwelike het ook die geneigdheid om afwesige vader- of stiefvaderfigure in

sommige gevalle tot stand te laat kom. In baie gevalle vind enkelmoeders dit ook moeilik om afwesige vaders se take te vervul (Neethling *et al.* 2005:197).

Boeke soos “Parenting after divorce” (Stahl 2007), “Wat as pa en ma skei” (Menendez-Aponte 2001), en vele meer verwys na bogenoemde negatiewe impak.

Groepsdruk van verkeerde groepe word dan as mentors gesien en kinders en jeugdiges kan dan verval in dwelms, geweld, seksuele wangedrag en botsing met die gereg (MRM 2003:7f,8; Rabe 2013:23-30).

In hierdie gevalle is ook bevind dat kinders groot probleme ondervind met verhoudings en interpersoonlike vaardighede en dit het dan die gevolg dat ekstreme gedragsprobleme ontstaan. Indien die kind nie die geleentheid kry om sy emosionele, sosiologiese en psigologiese behoeftes aan sy ouers bekend te maak nie, kan dit lei tot groot frustrasies (Kirkey 2007:16).

Die bogenoemde probleme kan volgens Vogel (2008:16-18) later in die kind se lewe moontlik die volgende dramatiese resultate tot gevolg hê:

- Swak akademiese prestasies.
- Meer kinders met Aandagsgebrek-hiperaktiwiteitsindroom (AGHS).
- Swak verhoudings tussen ouers en kinders wat lei tot ernstige spanning en verskeurdheid.
- Meer druk op gesinstrukture asook op huweliksprobleme.
- Swak verhoudings met vriende.
- Gedrag en emosionele probleme kring ook uit na onderwysers, sportafrigters en die nabye samelewing.
- Dwelm- en drankmisbruik asook seksuele wangedrag het uiterse negatiewe impakte op gesinne en selfs samelewings.

Verhoudingsprobleme tussen ouers, patogeniese optrede teenoor kinders en verslawing kan moontlik baie stres by kinders veroorsaak. Te veel stres het 'n uiters negatiewe effek op jong kinders. Dit is moontlik verantwoordelik vir die hoë voorkoms van tienerswangerskappe, tienerselfmoorde asook swak skoolprestasie, skoolverlating, dwelmverslawing, jeugmisdaad en menige ander probleme (Leaf 2007:80).

Van Der Merwe (2013:3-13) verwys in 'n artikel in die Tydskrif van Geesteswetenskappe na skoolgeweld en die redes daarvoor. Die primêre navorsingsvraag in hierdie studie was as volg: Watter elemente behoort 'n sosiale emosionele intervensieprogram by 'n skool te bevat om die voorkoming van geweld en misdaad in die skoolopset teen te werk? Daar word beweer dat die toename in geweld by skole in Suid-Afrika sedert 1994 hoofsaaklik toegeskryf kan word aan rassisme en integrasie by skole. Die diverse sosiokulturele agtergronde van leerders is een van die hoofoorsake. Etnies-gedrewe kultuurwaardes en -praktyke van spesifieke gemeenskappe word vandag nog binne die skole gereflekteer. Volgens Van Der Merwe (2013:3-13), is hierdie waardes en praktyke dikwels onmiskienbaar chauvinisties en outokraties. Hierdie outeur is van mening dat emosionele-intelligensie onderrig groot waarde kan inhou om hierdie geweld en misdaad aan te spreek. Die beeld wat die media van skoolgeweld voorhou is dat Amerikaanse skole gebuk gaan onder te veel wapens in skole. In Suid-Afrikaanse skole het geblyk dat leerders selfs meer wapens het, waarvan 6.1% Amerikaanse leerders wapens het en 9.2% in die geval van Suid-Afrikaanse leerders.

De Wet (2013:1-13) gee goed-deurdagte inligting in 'n artikel oor *Rapport* se berigging ten opsigte van skoolgeweld in die periode van 1993 – 2011.

Om vas te stel watter sieninge die media bewustelik en/of onbewustelik oor skoolgeweld in Suid-Afrika kon vestig, is die navorsing deur die volgende probleemvraag gerig: Watter boodskap dra die Sondagkoerant *Rapport* aan sy leserspubliek oor rakende skoolgeweld? In 'n soeke na 'n antwoord op die vraag is die doel van hierdie artikel om verslag te doen van 'n media-ontleding van 43 nuusberigte

en redaksionele kommentaar wat oor 'n tydperk van 18 jaar in *Rapport* verskyn het. Die datastel is met behulp van SA Media se databasis geïdentifiseer. 'n Drievlak-ekosisteem model wat die kompleksiteit van skoolgeweld illustreer, het as teoretiese vertrekpunt vir hierdie studie gedien. Die volgende temas is met behulp van induktiewe kwalitatiewe inhoudontleding geïdentifiseer:

- Leerderslagoffers en -geweldplegers staan sentraal in skoolgeweld.
- Die rol van ouers in skoolgeweld.
- Besonder dapper, toegewyde opvoeders versus onbekwame opvoeders wat direk en indirek vir skoolgeweld verantwoordelik gehou kan word.
- Die wisselwerking tussen gemeenskapsfaktore en skoolgeweld.
- Skoolgeweld as 'n vergestaltung van rassegeweld.
- Die "ons is nie so nie"-diskoers.
- Skoolgeweld is gewelddadig.
- Die vreesdiskoers.

Berigte oor skoolgeweld wat in *Rapport* verskyn het, toon dus 'n redelik volledige beeld van skoolgeweld in Suid-Afrika.

Volgens *Nuus24.com* word op 2012-07-06 berig dat daar in Kaapstad minstens 23 mense in ses weke in bendegegeweld in die Wes-Kaap dood is. Die *Cape Times* het berig dat Lavender Hill en Hanover Park, op die Kaapse Vlakte, op daardie tydstop die middelpunt van bendegegeweld is, met 17 sterftes binne ses weke.

Dan Plato, die LUR vir gemeenskapsveiligheid, het gesê nadat hy met altwee gemeenskappe ontmoet het, dit is duidelik dat jong inwoners meer aandag nodig het omdat hulle by bendes aansluit of by skietery betrokke raak. "Ons wil probeer verhoed dat hulle by bendes aansluit. Ek weet van 14- en 15-jariges wat drie aanklagte van poging tot moord teen hulle het," het hy aan die koerant gesê. Plato glo deur met bendes te praat, is die beste manier om inligting te kry, hoewel sommige hom hieroor kritiseer.

Verdere onlangse statistieke en werklike toedrag van sake by geweld en misdaad onder die jeug word later in die studie meer volledig bespreek.

Dit lyk dus asof kinders slagoffers is van swak voorbeelde deur volwassenes en 'n gebrek aan mentorskap binne gesinsverband.

Stoop en Masteller (1996:21-129) verwys hoe om die bagasie van 'n probleemgesin af te pak en gee uiteensettings hoe om die genesingsproses van patogene gesinne aan die gang te kry. Daar word swaar geleun op vergifnis van ander binne die gesin en ook ten opsigte van die persone self.

Goleman (1996:190-191) onderskei tussen drie negatiewe ouerskapstyle:

- Ignoreer heeltemal die gevoelens van die kind.
- Is bewus van die kind se gevoelens, maar tree nie in om te help nie.
Hulle is meestal van mening dat daar nie plek vir emosies in hierdie harde wêreld is nie.
- Die kritiese ouer wat geen respek betoon teenoor die kind se emosies nie.
Kinders moet gesien en nie gehoor word nie. Ouers wat 'n totale outokratiese houding en optrede teenoor hul kinders het.

Hierdie drie ouerskapstyle toon duidelik 'n gebrek aan emosionele volwassenheid en intelligensie. Hulle taak as emosionele afrigter en mentor word totaal versaak en selfs misbruik. In "Supporting Parents" word ook na problem-ouerskapstyle verwys. Oplossings word bespreek en daar word dan ook verwys na die verbeterde uitkomstes vir kinders en families indien ouers aandag gee aan die probleme (Miller 2010:6-140).

Fargher en Dooley (2011:30-199) verwys redelik volledig na die impak van trauma op mense se emosionele gesondheid. Deur sewe werklike gevallestudies maak hy dit duidelik dat kinders wat emosionele seer beleef baie meer geneig is om ook fisiese siektes te ontwikkel. Kinders in sodanige families verval in rebellie, depressie,

aggressie, is meer ontvanklik vir drukgroepe en selfs hulle gesondheid word deur onder andere stres negatief beïnvloed (Goleman 1996:190-193; Steytler & Strydom 2007:33-36).

Die oplossing lê waarskynlik by goeie verhoudings binne gesinsverband, reeds van 'n vroeë ouderdom af. Indien ouers as goeie mentors optree, kan dit hierdie swak en negatiewe verhoudings tussen ouers en kinders handomkeer verander. Selfs indien daar reeds 'n probleem is, kan dit met spesifieke aksies reggestel word (Stoop & Masteller 1996:11-325, ; Leaf 2007:90-120).

Die term “psigologiese weerbaarheid” wat in eenvoud beskryf kan word as die vermoë van 'n persoon om negatiewe en positiewe ervarings psigologies korrek te hanteer, is belangrik by kinders se ontwikkelingsproses. Die familie se karaktereienskappe speel 'n groot rol in die kind se psigologiese weerbaarheid later in sy lewe. Indien daar binne familieverband waardering vir die kind se outonome, unieke aard getoon word en die kind met empatiese begrip en ondersteuning behandel word, het dit positiewe resultate. Dit kan lei tot selfregulering van emosies, die aanleer van toepaslike gedrag in stresvolle situasies asook 'n positiewe selfkonsep deur sy hele lewe. Indien ouers oor goeie psigologiese weerbaarheid beskik, is bewys dat meeste kinders dit ervaar, aanleer en ook effektief toepas (Van Heerden 2004:108-110).

Linda van Rooyen het tydens die gedenklesings vir die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) in 2008 'n referaat gelewer oor moraliteit in Suid-Afrika en het met insiggewende feite vorendag gekom. Ter inleiding beweer sy dat Suid-Afrika hom tans in die grootste morele verwarring en verval in die land se geskiedenis bevind. Die probleem van immorele en onverantwoordelike seksuele gedrag met die gevolg van heelwat emosionele pyn, asook die verdere verspreiding van MIV en VIGS, is breedvoerig bespreek. Sy het verwys na 2 336 skoolmeisies wat in 2007 net in die Gauteng provinsie swanger was. Die jongste was 'n meisie van 11 jaar (Van Rooyen 2008:6). Meer onlangse statistieke word later in die studie vermeld.

Dit is egter niks nuuts nie; selfs ou literatuur soos Adams (1983:75) het reeds verwys na egskeidings, afwesige ouers of die dood van 'n ouer wat unieke probleme by kinders veroorsaak. Volgens hom word in bogenoemde gevalle die ouers se rolle omgeruil en/of vervang met ander persone in die huwelik. In sulke gevalle verskil die mate en stand van dissipline van beide huidige “ouers”, asook van ouers uit die vorige huwelike. Dit verwar die kind in die sin dat daar in die meeste gevalle 'n gebrek aan sekuriteit by die kind ontstaan. Hieruit ontstaan menige emosionele pyne wat tot verskillende vorme van rebellie aanleiding kan gee.

Deur navorsing is bewys dat ouers in die moderne tyd meer geneig is om hulle stres met middels wat verslawend kan wees te probeer beheer. Coleman en Cassell (1996:189) kom op grond van hulle navorsing oor ouerprobleme tot die volgende gevolgtrekking:

“Overall, the community studies give a gloomy picture and suggest a poor outlook for many children of substance misusing parents.”

Verhoudingsprobleme tussen ouers en kinders het menige nadelige effekte en uitkomstes by kinders (Golden 2009:50-59). Bogenoemde gesinsprobleme in Suid-Afrika lei selfs tot 'n hoë vlak van trauma en selfs tot selfmoord onder ouers en tieners (Rabe 2013:23-30). Verdere spesifieke statistieke hiervan word later breedvoerig in die studie bespreek.

1.3 Mentorskap

Die begrip “mentorskap” het 'n lang geskiedenis wat afkomstig is vanaf die Griekse mitologie. Verskeie skrywers vertel die verhaal van Odysseus en sy seun, Telemachus (Murray & Owen 1991:6-7; Meyer & Fourie 2004:1; Bell 2002:6).

Die verhaal verwys na Odysseus, koning van Ithaka, wat rondom 1200 v.C. in die Trojaanse oorlog gaan veg het. Hy het toe besef hy laat sy enigste erfgenaam,

Telemachus, agter wat nog baie jonk was. Oorloë soos die Trojaanse oorlog het naastenby tien jaar geduur. Hy het toe 'n goeie en betroubare familievriend aangestel wie se naam *Mentor* was. Hy is as bestuurder en bewaker oor sy huishouding vir hierdie tydperk aangestel. Hy was die fasiliteerder, leier, surrogaat-pa, motiveerder, adviseur en onderwyser vir Telemachus. Hierdie taak was nie om slegs inligting oor te dra nie, maar almal in wysheid op te voed en af te rig (Stone 2004:xi-xii; Bell 2002:6).

Mentorskap word ook soms verwys na as “afrigting”, wat neig om verwarring te veroorsaak aangesien mentorskap 'n wyer begrip insluit. Verskeie definisies word gekoppel aan die woord “mentorskap” (Cranwell-Ward, Bossons & Gover 2004:26).

In sensusse van die antieke Romeinse en Egiptiese tye word daarna verwys dat vaders tot die ouderdom van vyftig 'n aktiewe rol in die opvoeding en mentorskap van hul kinders vervul het. Daar word ook verwys na die oorloë van die antieke tyd waar baie mans op vroeë ouderdomme gesterf het en ouer broers vir jonger kinders as mentors opgetree het. Die afleiding kan gemaak word dat die woord “Mentor” ook ander name soos “Tutor” of “Curator” gehad het. “*Mentorskap*” in die Griekse en Romeinse tye was besonder hoog na waarde geag en byna as ononderhandelbaar beskou binne gesinne (Scheidel 2009:31-40).

Die begrip “mentorskap” word wyd gebruik in byna alle fassette van die samelewing. Uit studies van Clutterbuck (2006:12-14) kom verskeie betekenis van die woord “mentorskap” na vore:

- Die basiese model van mentorskap kan gesien word as gevalle waar groter kennis en wysheid van een persoon na 'n ander, minder kundige persoon, oorgeplaas word. Dit is 'n redelike verduideliking, alhoewel dit te kort skiet aan die feit dat daar nie van verhoudings en vertroue melding gemaak word nie.
- 'n Mentor kan 'n professionele persoon met wysheid en ondervinding wees. Dit kan ook 'n individu wees wat hoë agting afdwing en dan sy wysheid oordra of sagkens afrig en die beste uit 'n minder kundige persoon haal. Clutterbuck

(2006:12-14) verwys verder ook na die minder kundige persoon as die “protégé” (*die persoon wat die mentorskap ontvang*). Sodanige stelling kan gekritiseer word omdat daar net na professionele individue verwys word, terwyl gewone ouers en ander passievolle mense met wysheid en ondervinding net sulke goeie mentors kan wees.

- Die doel van mentorskap is om minder kundige persone op só 'n wyse te ondersteun en te bestuur dat hulle hul maksimum potensiaal kan bereik. Dit sluit vaardigheidsverbetering en verhoging in kwaliteitwerkverrigting van die protégé in, om dan uiteindelik die persoon te word wat hy/sy graag wil wees. Hierdie beginsel hou heelwat waarheid in, maar moet met omsigtigheid beskou word. Jeugdiges is nie altyd in staat om die regte toekoms vir hulself te kies nie. Die mentor behoort ook behulpsaam te wees met die maak van hierdie keuse.

Mentorskap is 'n vennootskap wat op vertroue tussen twee persone gebaseer is. Dit is 'n proses waarin die mentor deurlopende ondersteuning en ontwikkelingsgeleenthede aan die student (ontvanger van mentorskap: protégé) verskaf. Die mentor help die probleme en blokkasies van die protégé hanteer deur objektiewe leiding, berading en ondersteuning. Daar ontstaan dus 'n tweerigting-opleidingsverhouding. Hierdie mentorskapsverhouding is konfidensieel. Die mentor verskaf 'n veilige omgewing aan die student (die minder kundige persoon: protégé), waarin hulle alle sake kan bespreek om oplossings vir uitdagings te soek. Om menings en idees te kan deel, word 'n verhouding van begrip en vertroue gebou. Die mentor en die protégé se verhouding groei tot 'n intieme verhouding waarbinne moeilike en waardevolle besluite, veral in moeilike tye, kan voortvloei (Clutterbuck: 2006:13-20).

'n Ander definisie word ook as volg uiteengesit:

Mentorskap is 'n tussenkoms wat die afgelope tyd as 'n hoogs effektiewe benadering bewys is. Daar is heelwat verskillende definisies wat almal fokus op die belangrikheid van verhoudinge. Die mees bondige definisie kom van Jan Cummings, 'n konsultant in Fullerton, Kalifornië, wat spesialiseer in die skep van mentorskap. Haar definisie is as volg: “Mentorskap is 'n verhouding.” Deur hierdie ontwikkelende vennootskap stel die

protégé in samewerking met die mentor doelwitte en aksieplanne op, vir die hoofdoel om die protégé te laat ontwikkel in vaardighede, nuwe insigte en om die toepassing van nuwe gedragspatrone te ontwikkel om bogenoemde doelwitte te bereik.

- Mentorskap is 'n wedersydse verhouding met die spesifiekgerigte agenda om lewenswysheide van een individu na 'n ander oor te plaas.

Figuur 1 dui die belangrikheid van fasette in 'n goeie verhouding binne mentorskap aan. Dit is duidelik dat dit diep gesetelde verhoudings is wat mentorskap suksesvol maak (Clutterbuck & Megginson 1999:32-45).

Figuur 1: Fasette in 'n goeie verhouding binne mentorskap



Deur empiriese studies is daar bewys dat eerstejaaronderwysers se uitvalsyfer van 18% tot 5% gedaal het as gevolg van mentorskap wat toegepas is (Gold 1999:548-594).

1.4 Bybelse beginsels

In hierdie studie word daar 'n prominente ooreenkoms getref met Bybelse beginsels en verhoudings en die Bybelse verbonde. Die rede hiervoor is hoofsaaklik omdat daar so 'n sterk ooreenkoms is tussen hoe God en later Jesus in verhouding met mekaar en die mens gestaan het. Prinsloo (2001:7-9) bevestig die bogenoemde standpunt in sy studie oor verbondsonderrig. Volgens hom is daar duidelike verbeteringe van verhoudings binne die kerk en samelewing waar verbondsonderrig plaasvind. Indien dit binne gesinsverband plaasvind, kan dit ook gevolglik gemeentebou positief beïnvloed.

In hierdie studie gaan gepoog word om die ideale verbondsverhouding uit die Bybelse konteks in verband te bring met die gesonde gesinsverhoudings in die Suid-Afrikaanse samelewing. Daar word ook in hierdie studie die terme *Bybelse beginsels* gebruik. Indien gesinne aandag gee aan die verhouding wat Jesus Christus met mense hier op aarde gehad het en gesinne hierdie Bybelse beginsels binne hul gesinne toepas, kan moontlik vele verhoudingsprobleme binne gesinsverband uitgeskakel word. Die klimaks van Bybelse beginsels vanuit die Nuwe Testament kan as volg saamgevat word:

Die klimaks van Jesus Christus se opdrag in Matteus 28:16-20 is: "... en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het."

- Hierdie opdrag om onderrig te gee is altyd onvoltooid en bly 'n lewenslange taak.
 - Verbondsonderrig het geen ouderdomsbepkering nie.
 - Op die weg van die lewe het die verbondsmens gemeenskap met God.
 - Jesus het nooit opgehou om sy dissipels te leer nie (Matt. 28:19).
- (Prinsloo 2001:30-43).

Volgens Bunge (2008:39), is die toepassing van Bybelse beginsels een van die mees belangrike metodes om kinders, tieners en gesinne se geloof te versterk sodat dit veral vir kinders en jeug later in hulle lewens tot groot voordeel kan strek. Dit blyk asof daar in menige gesinne nie gebruik gemaak word van Bybelse beginsels nie. In 'n studie wat

deur Bunge (2008:40) gedoen is, toon hy aan dat uit 8 000 tieners wie se ouers almal aan Protestante en Katolieke kerke behoort het, net 10% van die deelnemers aangedui het dat enige gesprek oor geloof binne hulle gesinne plaasvind. In 43% van hierdie gevalle was daar geen sprake van geloofsgeprekke binne gesinne nie. Enige gesprek oor Christelike geloof is 'n integrale deel van die toepassing van Bybelse beginsels.

Van die begin van die skepping af verwys die basis van Bybelse beginsels na verskeie verbonde wat God in menige gevalle gemaak het in beide die Ou en die Nuwe Testament.

Parker (2009:24-30) verwys na ses prominente verbonde wat die mens in die pastoraat tot vandag nog nie uit die oog kan verloor nie. Hierdie bespreking vind meer volledig plaas later in die studie.

- *Die verbond van die skepping* (Gen. 1 – 2): Die verduideliking hoe God die skepping hanteer het.
- *Die verbond met Adam* (Gen. 3:17): Die sonde van Adam en Eva in die tuin van Eden kom hier ter sprake. Ongehoorsaamheid van die mens en God se reaksie hierop staan sterk uit. Die gevolge van hierdie eerste ongehoorsaamheid van die mens teenoor God het dramatiese verandering gebring vir die mensdom.
- *Die verbond met Noag* (Gen. 9:9): God het 'n verbond met Noag en sy nageslag gemaak. Volgens Browning (1991:33), raak God se verbond met Noag die hele mensdom. Sy volgende stelling het heelwat toepassingswaarde vir hierdie studie: “Die mens staan in 'n besondere verhouding met God: hy is verteenwoordiger, na die beeld van God geskape (Gen. 9:6). In hierdie skrif word die mens se verhouding met God onder andere gesien as 'n “vader-kindverhouding”.
- *Die verbond met Abram* (Gen. 15:18): God rig 'n verbond op met Abram en sy nageslag en ken aan hom landstreke toe. Hierdie verbond is 'n bewys dat God die behoefte het om almal te seën, te ondersteun en selfs suksesvol te maak indien God se naam deur die mens vereer word (Prinsloo 2001:35-45). Die

“*nuwe hart*” van (Eseg. 36:26) is daarom in wese nie anders as die hart van Abram nie. Al verskil is dat die Heilige Gees in die tyd van die Nuwe Testament – kragtens die versoeningswerk van Christus – die wêreld kom verander het. Die nuwe verbond is ’n universele verbond waardeur alle nasies deel kan word van die Nuwe Testamentiese Israel (Le Roux 1991:169-172).

- *Die verbond by Sinai met die Israeliete* (Eks. 24:1-8): Hier word die wet wat op kliptablette geskryf is aan Moses oorhandig (Deut. 5:22). Dit is die wet wat die mens van daardie tyd moeilik gevind het om te gehoorsaam en selfs 40 jaar in die woestyn rondgedwaal het voordat hulle die beloofde land kon binnegaan.
- *Die nuwe verbond wat deur Jesus Christus ontstaan het* (Luk. 22:20). Die nagmaal wat ingestel is ter herdenking van Jesus se liggaam wat geskend is en sy bloed wat vir ons as sondaars gevloei het.

Die Ou Testamentiese verbonde vloei oor na die Nuwe Testamentiese verbond wat dan God as die *Skepper* openbaar, as God die *Vader* wat sy seun gestuur het om vir ons as mense se sondes te kom sterf (Parker 2009:31; Horton 2009:42-43; Gentry & Wellum 2012:21-70).

Hierdie verbonde kan gesien word as waardevolle verhoudings wat geskep is. Medeverantwoordelikheid, liefde, beloftes en ondersteuning is maar enkele gevolge wat uit die Bybelse verbonde waargeneem kan word. Die klimaksbewys lê in die Nuwe Testament, waar God die Vader sy seun gestuur het om vir ons as mense ter verlossing te kom sterf aan die kruis (Louw 2008:217).

Die Skrif verwys na die *Ewige verbond* in Genesis 8:20-22. In Psalms 21:8 word verwys na die *Verbondsliefde* en in Esegïël 18:3-20 kan gelees word van die vader-seun-verhouding (Anderson, K. 2006:579).

Persoonlike ondervinding dui daarop dat, indien daar by die deursnee Christen na die verbond verwys word, dit gekoppel word aan een sakrament of spesifieke gedeeltes van die verbond. Die verbond is egter ’n deurlopende, uiters belangrike deel van alle

Bybelse beginsels. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die diskoers oor die verbond tydens hierdie studie nagevors sal word (Eldredge 2001:127).

Trouens, König (1991:14-18) bestempel die verbond as 'n verhoudingsgerigte werklikheid.

Stek (1994:12-39) wys op belangrike verbondsluitings tussen God en sy volk en/of die mensdom: met Noag, met Abraham, die verbond by Sinai, met die priester Pinehas, asook met Dawid en die nuwe verbond – verbondsluitings wat uiteindelik in Jesus Christus vervul is. Die belangrikheid van die verbondsbeginsele, die bespreking en betekenis daarvan vir die ouer-kind verhoudings blyk dus 'n onontbeerlike deel van hierdie studie te wees.

Die verbond wat in vervulling gegaan het met Jesus Christus in kruisiging, hemelvaart en die gawe van die Heilige Gees, is vandag nog toepaslik vir die Christen.

Le Roux (1991:82-85) verwys na Murray (1828-1917) en vat dit goed saam deur na twee prominente verbonde te verwys as die Ou Testamentiese verbond, wat 'n tragiese bewys is van wat van die verhouding tussen God en die mens kan word as dit van *swak* mense sou afhang. Maar in die nuwe verbond is dit God se beurt waar Hy die verhoudingsprobleem oplos deur van sy kant die mens se hart te verander deur Jesus Christus (Jer. 31:32) sodat hy inderdaad aan God gehoorsaam wíl wees.

1.5 Navorsingsvraag

Hoe kan pastorale berading en mentorskap in die Suid-Afrikaanse konteks bydra tot die verbetering in ouer-kind verhoudings?

Vanuit die bogenoemde navorsingsvraag tree die volgende vrae op die voorgrond:

- Watter inligting kan uit 'n **kwalitatiewe empiriese ondersoek** bekom word met betrekking tot die verbetering van ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks deur middel van pastorale berading en mentorskap?
- Watter navorsing oor tersaaklike **literatuur** kan moontlik bydra om nuwe lig te laat val op die verbetering van ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks deur middel van pastorale berading en mentorskap?
- Tot watter mate kan die **toepassing van Bybelse beginsels** ouer-kind verhoudings verbeter?
- Watter **strategie** kan voorgestel word met betrekking tot die verbetering van ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks deur middel van pastorale berading en mentorskap?

1.6 Doelstellings en doelwitte

1.6.1 Doelstelling

Om te bepaal hoe pastorale berading en mentorskap in die Suid-Afrikaanse konteks kan bydra tot die verbetering in ouer-kind verhoudings.

1.6.2 Doelwitte

Spesifieke doelwitte van die studie is:

- Om deur middel van 'n **kwalitatiewe empiriese ondersoek** vas te stel hoe ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks kan verbeter deur middel van pastorale berading en mentorskap.
- Om by wyse van navorsing oor tersaaklike **literatuur** aan te toon hoe ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks kan gedy deur middel van pastorale berading en mentorskap.

- Om na te vors tot watter mate die **toepassing van Bybelse beginsels** by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks deur middel van pastorale berading en mentorskap kan verbeter.
- Om voor te stel watter **strategie** gevolg kan word met betrekking tot die verbetering van ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks deur middel van pastorale berading en mentorskap.

1.7 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat pastorale berading en mentorskap in die Suid Afrikaanse konteks kan bydra tot die verbetering van ouer-kind verhoudings.

1.8 Metodologie

1.8.1 Empiriese navorsing

- Via kwalitatiewe navorsing onder kinders en ouers gaan gepoog word om die werklike behoeftes, narratiewe, ervarings, emosies en denkprosesse te bepaal.
- Dataverwerking en gevolgtrekkings sal dan uit die resultate van die kwalitatiewe studie gedoen word. Die studie sal onvolledig wees indien die belangrike bydrae van Osmer nie verreken word nie. Die bespreking van Praktiese Teologie deur Osmer wat een van die voorste teologiese professore van die Christelike opleiding by Princeton Theological Seminary is, is uiters belangrik. Sy hoofdoel is om gemeentelid betrokke te kry by praktiese teologiese interpretasies en sy sekondêre doel is om persone wat betrokke is by teologiese opleiding, toe te rus met vaardighede van Praktiese Teologie:
- Deskriptief-empiriese taak: Wat gaan aan? (Osmer & Schweitzer 2003:2).
- Interpretatiewe taak: Hoekom gebeur dit?(Osmer 2008:6).

- Normatiewe taak: Wat is veronderstel om te gebeur? (Osmer 2008:8).
- Pragmatiese taak: Hoe mag ons daarop reageer? (Osmer 2008:10).

Tabel 1: Osmer se take

Taak	Beskrywende	Interpretatiewe	Normatiewe	Strategies Pragmaties
Vraag	Wat is aan die gang?	Hoekom is dit aan die gang?	Wat is veronderstel om te gebeur?	Hoe behoort ons te reageer?
Funksie	Priesterlike luister	Christelike wysheid	Profetiese insig	Diensknegleierskap

Osmer bespreek elke taak, soos bo beskryf, in afsonderlike hoofstukke. Die vrae soos “*Wat is aan die gang?*” verwys na die begin van praktiese teologie waar situasies, episodes en kontekste beredeneer word van dit wat huidige in individue, families en gemeentes aan die gang is.

Met priesterlike luister word verwys na die feit dat intersessorgebede veel meer behels as om bloot vir mense te bid. Dit behels intense luister na mense se behoeftes sodat die intersessor sodanige behoeftes voor God kan verteenwoordig.

Die volgende vraag, “*Hoekom is dit aan die gang?*”, verwys na die identifisering van bogenoemde behoeftes wat bepaal is en die interpretasies van die redes daarvoor. Hierdie interpretasies verg egter dat die leier konsidererend is, goedertierenheid bewys en met Christelike wysheid optree.


- Normatiewe taak: *Wat is veronderstel om te gebeur?*

By die normatiewe gedeelte verwys Osmer na profetiese insig as die Goddelike openbaarmaking aan die mens deur God se woord.

- Pragmatiese taak: *Hoe mag ons daarop reageer?*

By die pragmatiese taak gaan dit oor die rigtinggewende leiding aan die leierskap. Met leierskap bedoel hy “diensknegleierskap”.

Figuur 2: Osmer se Hermeneutiese Sirkel



Osmer gebruik in Figuur 2 die konsep van 'n hermeneutiese sirkel om die beginsels van sy model beter te verklaar. Alhoewel die vier take apart van mekaar staan, moet die interpreteerder tussen die take beweeg wat dan lei tot 'n interpretasiespiraal (Smith 2008:1-9; Woodward 2008:1-2; Edina 2005:1-7).

Die doel van kwalitatiewe ondersoek is nie om algemeen-geldende feite of gevolgtrekkings te identifiseer nie, maar om na mense se narratiewe, menings en emosies te luister. Daaruit sal sekere tendense geïdentifiseer word.

Kwalitatiewe navorsing het in sommige gevalle groter waarde as kwantitatiewe navorsing en in ander gevalle het kwantitatiewe navorsing meer waarde. Dit hang af wat die navorser deur die navorsing wil vasstel (Du Plooy 1997:33).

In kwalitatiewe navorsing poog die navorser om die deelnemers volledig uit hulle oogpunt, sonder enige voorafpersepsies van die navorser, te verstaan (Leedy & Ormrod 2001:153).

Hierdie studie sal aan die bogenoemde kriteria voldoen. 'n Omvattende beskrywing van die kwalitatiewe navorsing se strategie en toepassing sal in Hoofstuk 5 weergegee word. Die behoeftes van ouers en kinders sal oor 'n breë spektrum ontleed word, sodat geldige afleidings en voorstelle gemaak kan word.

Onderhoude is met beide ouers en kinders beplan, met die doel om te bepaal tot watter mate mentorskap vir hulle van waarde kan wees. Die waarde van Bybelse beginsels en mentorskap tussen ouers en kinders sal ondersoek word. Die vermoede bestaan dat sodanige verhoudings die afgelope paar jare moontlik skipbreuk gely het. Vooraf-opgestelde vraelyste is by alle deelnemers gebruik, sodat vergelykbare inligting bekom kan word. Dit sal egter gedurende die onderhoude aangepas word sodat dit die narratief van elke deelnemer kan volg. Die doel was om die mees relevante inligting van elke deelnemer te bekom. Daar is altesaam 24 onderhoude gevoer waarvan 14 met kinders en 10 met ouers was. Daar is gebruik gemaak van skuilname en die riglyne van die etiekkomitee van NWU is gevolg. Dit is op aanvraag beskikbaar.

1.8.2 Literatuurstudie

- 'n Literatuurstudie sal gedoen word om die problematiek wat emosionele seer by kinders tot gevolg het, te bestudeer.
- 'n Verdere literatuurstudie oor die beginsels van mentorskap, die toepassing daarvan en hoe dit ouers kan help in die hantering van hulle kinders, sal gedoen word.
- 'n Literatuurstudie oor die toepassing van Bybelse beginsels om die verhoudings tussen ouers en kinders te verbeter, sal gedoen word.


1.8.3 Die persoon wat mentorskap ontvang

Die woord *Protégé* verwys na die persoon wat mentorskap ondergaan. 'n Ander Afrikaanse woord wat ook daarna verwys, is *Beskermling*, maar vir die doel van die studie sal *Protégé* gebruik word.

Hoofstuk 2

Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Deskriptief-Empiriese benaderingswyse

Die eerste taak van Praktiese Teologie is die deskriptief-empiriese taak, volgens Osmer en Schweitzer (2003:2), met die vraag: "What is going on?" Dit gaan in hierdie taak om die versameling van inligting wat help om die patrone en dinamika van spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei en te beskryf.



Silverman (2005:5-11) meen dat voor daar besin word om kwalitatiewe of kwantitatiewe navorsing te gebruik, daar eers deeglik aandag geskenk behoort te word aan die volgende vrae:

- Waarmee gaan die beste antwoorde bekom word vir die spesifieke studie?
- Is kwantitatiewe inligting geredelik beskikbaar?
- Gaan mense waarmee onderhoude gevoer word in kwalitatiewe navorsing eerlike en betroubare antwoorde gee?
- Wat gaan die praktiese implikasies wees by die insameling van data in beide gevalle?

- Wil die navorser slegs algemene tendense bepaal of dieper inligting op 'n kleiner skaal bekom?
- Leen die spesifieke onderwerp hom meer tot kwantitatiewe of tot kwalitatiewe navorsing?

Hierdie studie leen hom meer tot kwalitatiewe navorsing aangesien die navorsing nie noodwendig statistieke wil insamel nie. Tydens onderhoude gaan gepoog word om die menings, emosies en gevoelens van ouers en kinders te bekom. Die poging is dus om meer in diepte na die probleem te kyk as bloot aan die oppervlak te raak van die onderwerp.

Aan die begin van die tagtigerjare het die term “kwalitatiewe navorsing” ’n literêre ontploffing veroorsaak. Aanvanklik is dit baie verwar met ander metodes (Lichtman 2011:250).

Later het dit des te meer aan die lig gekom dat die volgende aspekte werklike kwalitatiewe navorsing beskryf:

- Navorsing is gedoen onder baie natuurlike omstandighede.
- Navorsing gaan nie oor hipotese-toetsing nie.
- Die proses het induktief vanaf data na temas en teorieë beweeg.
- Die getal deelnemers is relatief klein.
- Die deelnemers word nie in 'n sekere volgorde geplaas nie.
- Die aandag word gevestig op onderhoude, waarnemings en persepsies.
- Statistieke word nie gewoonlik gebruik as analise nie.
- Spesifieke prosedures word nie as data-analise gebruik nie.
- Die rol van die navorser is meer krities.
- Die evaluasiestandaarde verskil van die standarde van eksperimentele navorsing.

(Lichtman 2011:250)

Nogtans is daar vele variasies as dit kom by die algemene term van “kwalitatiewe navorsing”.

Boeije (2010:11) beskryf dit as volg:

“Although qualitative research is a commonly used term for the research which is addressed in this book, a large number of terms are available, such as interpretive research, naturalistic research, constructivistic research, ethnographic or intensive research, fieldwork and participatory research or participant observation. The difficulty is that these terms are sometimes used as synonyms and on other occasions are used to indicate different philosophical stances, specific research methods or particular methods of data collection. When reading publications, find out which term is used and what is meant by it ...”

Hierdie woord kan dus eenvoudig vertaal word as deel van 'n gespreksmodel wat nou verband hou met kwalitatiewe navorsing.

Boeije (2010:1-208) stel tien stappe voor om seker te maak of 'n navorser wel kwalitatiewe navorsing vir 'n studie moet oorweeg:

- Maak eers seker of jou tema jou werklik interesseer, jy dit werklik wil ondersoek en baie belangstel daarin (Boeije 2010:11).
- Maak seker by die skryf van die navorsingsvoorstel aangesien nuwe idees oor die tema dalk aan die lig kan kom en die navorser sy metodiek sal laat heroorweeg (Boeije 2010:41).
- Etniese en kulturele verskeidenheid in jou land kan dalk 'n heel ander dimensie vir jou skep as wat jy verwag het. Oorweeg dus of jou tema en metodiek nie te sensitief kan wees nie (Boeije 2010:55).
- Oordink en oorweeg die versameling van data deeglik. Besluit of kwalitatiewe, kwantitatiewe of ander metodes werklik die beste is. Onthou jy verlang die

metode wat jou data die beste sal versamel en ook die beste geanaliseer kan word (Boeije 2010:73).

- By 'n besluit om kwalitatiewe navorsing te gebruik, behoort die wyse waarop dit gedoen word en die teikengroep oorweeg te word. Gaan gestruktureerde vrae in onderhoude gestel word? Gaan reaksie gevra word na gevallestudies voorgelê is? Gaan dit binne groepsverband of individueel gedoen word? Indien van gestruktureerde vrae gebruik word, moet daar absoluut seker gemaak word dat die reaksie verkry word wat verwag word. Toets dit eers met ander persone (Boeije 2010:91).
- Maak baie seker dat versamelde data goed gedokumenteer word. Moenie die onderwerp te wyd uitbrei nie. Bly by jou navorsingsvraag en probleemstelling (Boeije 2010:121).
- Oorweeg jou metode van analise en plaas data op verstaanbare diagramme, sagteware of goeie beskrywing met redes (Boeije 2010:148).
- Maak duidelike klassifikasies binne jou stel van data en maak seker van wat met mekaar vergelyk kan word en wat nie. Begin jou bevindinge ook in kategorieë plaas (Boeije 2010:165).
- Wees baie krities oor die korrektheid van jou data. Doen moeite om die kwaliteit van van jou data en analisering so goed moontlik na te gaan (Boeije 2010:186).
- Plaas die rapportering van die data in 'n logiese volgorde en maak seker jy bly binne die raamwerk van kwalitatiewe metodes as dit die metode is waarin jy werk (Boeije 2010:209).

Kwalitatiewe navorsing is soos 'n reis met vele stimulasie en uitdagings. Alhoewel voorafbeplanning noodsaaklik is, wag vele verrassings op die navorser. In baie gevalle ontstaan daar ook onvoorsiene struikelblokke wat navorsing selfs in verskeie rigtings verdeel en selfs in ander rigtings instuur. Die grootste algemene uitkomstes is dat 'n mens byna nooit eindig op die plek wat jy verwag het nie. Dit is dus nodig om besonder buigsaam te wees om ander uitkomstes met vaardigheid te hanteer. Die skrywer verwys na die feit dat kwalitatiewe navorsing soortgelyk is aan die ontdekkingsreisigers soos Colombus en Vasco da Gama (Minichiello & Kottler 2010:11).

Tabel 2: Sleutelverskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Onderwerp	Kwalitatief	Kwantitatief
Raamwerk Konsep	Aandag en begrip vir mense se ervarings.	Aandag om feite te ontdek in terme van redenering.
Aannames	Sien aannames as 'n dinamiese, onderhandelde realiteit.	Sien aannames as vaste en meetbare realiteit.
Die proses van beredenering.	Induktiewe beredenering tussen data, analise en literatuur, 'n sirkulêre proses.	Deduktiewe en lineêre beredenering met lineêre progressiewe stappe.
Metodologie	Die versameling van data deur observasie en gesprek soos dit in die werklike wêreld bestaan.	Die versameling van data deur instrumente soos literatuur en eksperimente.
Deelnemende rol	Informante wat aktief hulle belewenisse en persepsies deel.	Onderworpe aan eksperimente of vrae deur deelnemer.
Primêre meganismes	Fokusgroepe, observasies, onderhoude, analisering van bekomde dokumente.	Gestruktueerde vrae voorafbeplande meetbare instrumente, om data te versamel.
Die neem van monsters	Klein strategiese monsters wat nie bedoel is om die hele samelewing te verteenwoordig nie.	Neem van groot monsters wat deeglik geselekteer is om groot dele van die samelewing te verteenwoordig.
Data-analise	Data word in woorde of tekste gerapporteer.	Data word in numeriese waardes gerapporteer.
Dataklassifikasie	Temas en konsepte word geklassifiseer en gekodeer.	Variasies en verskille word geklassifiseer.
Uitkomstes	Ontwikkeling van temas en lei tot ryk beskrywings en teorieë.	Hipotese tussen afhanklike/onafhanklike variasies word deeglik getoets.

(Minichiello & Kottler 2010:19).

Die hoof kwalitatiewe metodologieë word soos volg beskryf:

- Gegronde teorieë wat daarop gerig is om die meeste van 'n onderwerp te wete te kom.
 - Fenomenologie wat die wese van die mens se ondervindinge probeer verstaan.
 - Narratiewe is om mense se lewensverhale te hoor en te ervaar.
 - Gevallestudies is om individue, organisasies of insidente intensief te verken.
- (Minichiello & Kottler 2010:29).

Op grond van die bogenoemde sal hierdie kwalitatiewe studie gebruik maak van gevallestudies om narratiewe te bekom wat die gevoelens, emosies, traumas, vrede/onvrede en behoeftes van die deelnemer na vore bring. Die navorser sal dan die inligting kodeer en interpreteer. In kwantitatiewe navorsing word data gebaseer op statistieke berekenings. In die geval van kwalitatiewe navorsing word data gebaseer op die interpretasies van die navorser. Dit verwys na narratiewe waaruit die navorser dan sy interpretasies maak uit 'n gesprek met 'n deelnemer (Sandelowski *et al.* 2002a:214).

Verskeie voorbeelde van kwalitatiewe vraelyste/aannames uit die literatuur was van groot hulp (Lichtman 2010:103-113; Minichiello & Kottler 2010:115-226).

In die geval van kwalitatiewe navorsing word gebruik gemaak van “oop kodering” wat die navorser se vermoë beklemtoon om data te verwerk sodat logiese en paslike inligting in die uitkomstes deeglik weergegee word. As voorbeeld kan die volgende sin gebruik word: 'n Deelnemer sê dat hy glo dat 'n goeie onderwyser moet vir sy studente omgee en hulle motiveer. Uit hierdie stelling moet die navorser die vermoë hê om goeie leertegnieke te gebruik, goeie verhoudings teenoor studente te handhaaf en met entoesiasme die studente aan te spoor om gemotiveerd te werk (Johnson & Christensen 2008:413).

By die uiteensetting van die empiriese navorsingsproses in hierdie studie is altesaam 24 individuele onderhoude gevoer met deelnemers van verskillende ouderdomme. In die

proses is vroe getoets en aangepas om die resultate te verkry met betrekking tot emosionele, psigologiese data, gevoelens en persepsies.

Die riglyne van die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit is gevolg en almal het die toestemmingsvorm geteken, en waar van toepassing, is ouers se toestemming verkry waar minderjarige kinders ter sprake is.

Die volgende probleme het ontstaan met die aanvanklike vraelyste:

Sien Addendum 1.

- Jonger kinders kon selfs na verduideliking meestal nie die begrip “mentor” deeglik verstaan nie.
- In meeste gevalle is daar nie geslaag om by die narratiewe uit te kom nie; waarskynlik omdat skoolkinders dit as ’n soort vraestel beskou het en nie as ’n blote gesprek nie.
- Aanvanklik was dit moeilik om hulle gevoelens en emosies te peil. Hulle het eerder gedink wat die sosiaal-aanvaarbare antwoord behoort te wees.
- Om veral kinders op hulle gemak te kry voor daar vroe gevra word, het geblyk deurslaggewend te wees.
- Sekere vroe lok die narratiewe met emosies en gevoelens uit en ander vroe nie. Dit verskil van deelnemer tot deelnemer.
- Die navorser ondervind dat daar meer op vroe gekonsentreer moet word waarop die deelnemer graag met emosies en gevoelens wil reageer.
- Alhoewel gestruktureerde vroe die algemene norm was, blyk dit dat meer algemene gespreksvoering in die meeste gevalle beter kwalitatiewe data na vore gebring het.

Die vroe is gekorrigeer om bogenoemde probleme die hoof te bied.

2.1 Kwalitatiewe analise as 'n samevatting van ouers en kinders se reaksies op beide Bybelse beginsels en mentorskap

2.1.1 Inleiding

Om kontuïniteit te behou, sal weer van Tabel 2 uit Hoofstuk 2 gebruik gemaak word (Minichiello & Kottler 2010:19). Die kwalitatiewe beginsels hierin vervat hou die studie by die oorspronklike klassifikasies. Induktiewe beredenering tussen data, analise en literatuur vorm dan 'n sirkulêre proses. Data word dan ook in woorde en tekste gerapporteer.

Tydens die empiriese studie is van die volgende persone gebruik gemaak. Die skuilname van die deelnemers is as volg:

Kinders: 1- Trau, 2- Cin, 3- Marie, 4- Ane, 5- Banie, 6- Nic, 7- Racè, 8- Lisa, 9- Cara, 10- Barry, 11- Makza. 12- Sebole, 13- Tihafu, en 14- Lehoha.

Ouers: 15- Ysel, 16- Kognane, 17- McpPearson, 18- Botha, 19- Buitendacht, 20- Montsi, 21- Willemse, 22- Ferreira, 23- Sarie, en 24- Mara.

Op grond van resultate wat verkry is met die eerste evaluering is deelnemers in drie groepe verdeel, naamlik “swak”, “gemiddeld” en “goed” met die doel om die evaluasieproses te vergemaklik. Die evalueringsriglyne word later in die hoofstuk meer volledig bespreek. Die riglyne was as volg:

- *Aandag en begrip.*
- *Aannames en observasie.*
- *Ondervindige en persepsies.*

Elke deelnemer het 'n punt verkry vanuit die onderhoude wat gevoer is. Hierdie ondersoek na die resultaat van die toepassing van Bybelse beginsels en Mentorskap is bepaal deur met insig te besin oor die volgende onderwerpe en fasette. Hierdie fasette behoort spesiale aandag te geniet by onderhoude wat gevoer word sodat kwalitatiewe uitkomstes die beste na vore kom. Dit gee ook duidelike uitklarings van beide positiewe of negatiewe fasette wat binne gesinsverhoudings voorkom.

- *Aandag en begrip*: Die besondere behoefte van kinders om genoeg individuele aandag van veral hul ouers te kry, is 'n prominente faktor wat vir die kinders tot voordeel strek in hul ontwikkeling. Daarmee saam is aandag nie alleen voldoende nie, maar begrip vir hulle denkwysse, emosionele ondersteuning en behoefte aan liefde kan geensins uitgesluit word nie. Die onderhoude sou dus poog om te bepaal tot watter mate dit toegepas en ervaar word deur beide ouers en kinders.
- *Aannames en observasie*: Beide ouers en kinders het sekere aannames (reg of verkeerd). Uit die onderhoude behoort bepaal te word of aannames van beide partye geldig is, al dan nie. Dit sal hoofsaaklik geskied deur vrae en hoe dit beantwoord word. Om volle verhale te bekom, sal selfs nieverbale reaksies fyn dopgehou moet word. Emosies, ervarings en selfs liggaamstaalreaksies van die kind sal aandag moet geniet.
- *Ondervindings en persepsies*: Uit die aard van die variasies van die wye spektrum van deelnemers, behoort uiteenlopende ondervindinge bespreek te word. Dit is dus belangrik dat die verhale intens gevolg moet word sodat die regte oop vrae gevra kan word om die hele verhaal te bekom. Persepsies van beide ouers en kinders sal ook duidelik bepaal moet word sodat latere afleidings doeltreffend geïnterpreteer kan word.
- Die groepe is in drie verdeel om die bespreking rigting te gee met die doel om resultate te bepaal en kontrolegroepe te doen vir die verifiëring van die verskillende resultate. Groepe is geskep om data meer te orden en die taak van evaluering te vergemaklik. Die puntetelling is geensins op 'n statistiese basis

bepaal nie, maar bloot deur die deelnemer se ervarings, emosies en gevoelens wat tydens die onderhoude op verskeie wyses na vore gekom het.

Die volgende Addenda is aan die einde van die studie bygevoeg indien gedetailleerde inligting ondersoek wil word.

Addendum 1: 24 onderhoude waarvan 14 met kinders gevoer is.

Addendum 2: 10 onderhoude is met ouers gevoer.

Addendum 3: Voorlopige analises is vir kinderonderhoude gedoen met sleuteltendense van Bybelse beginsels binne die verskillende gesinne. Dit is gedoen deur gebruik te maak van die volgende tendense:

- Aandag en begrip
- Aannames en observasie

Addendum 4: Die doelwitte was hier om die waarde van “mentorskap” vir kinders te bepaal indien dit deur ouers toegepas is. By die onderhoude met kinders is daar klem gelê op die toepassing van mentorskap van ouers. Dieselfde sleutelemente soos hierbo sal gebruik word (Addendum 3).

Addendum 5: Hierdie voorlopige analise van oueronderhoude se doelwitte was om beide Bybelse beginsels asook die waarde van mentorskap te evalueer. Tendense soos in Addendum 3 word ook hier gebruik.

Addendum 6: Verdere afleidings van bogenoemde data.

2.1.2 Groep 1 bespreking

Temas en konsepte van soortgelyke onderhoude word geklassifiseer. Sodanige groepe word dan in kombinasie bespreek. Die groepe is hoofsaaklik gegroepeer op grond van

die mate van toepassing van Bybelse beginsels en die doeltreffendheid van mentorskap binne gesinne.

Die opsommende gesprekke met deelnemers in Groep 1, 2 en 3 word hier weergegee sodat dit in verband gebring kan word met die uitkomstes van elke ander deelnemer se omstandighede en optrede. Dit word dan saamgevat in die daaropvolgende samevatting van deelnemers in Groep 1, 2 en 3. Die volgende afleidings en aannames word gemaak op grond van Tabel 2 vroeër in hierdie hoofstuk (Minichiello & Kottler 2010:19).

In alle gevalle word van skuilname gebruik gemaak. Die volgorde van die deelnemers wat bespreek word, is na die onderhoude in groepe verdeel deur meer problematiese gevalle eerste te plaas en dié met minste probleme laaste. Vandaar die feit dat hulle nie nou meer in numeriese volgorde is nie.

Deelnemers:

- 2. Cin
- 5. Banie
- 1. Trau
- 8. Lisa
- 11. Makza
- 17. McPearson
- 19. Buitendacht
- 22. Ferreira
- 23. Sarie

Deelnemer 2:

Cin is 'n meisie wat reeds erken het dat sy rebels is. Sy het geensins ooit enige mentor gehad nie. Sy bly by haar oom en tante; haar ma bly in Kaapstad en haar pa erken haar nie as sy dogter nie. Dit is ook die kind waarby daar 'n vermoede van molestering bestaan.

Aandag en begrip:

'n Totale tekort aan aandag en begrip is in haar geval opmerklik. Sy voel totaal verwerp en het werklik aandag nodig. Sy is reeds na 'n maatskaplike werker, vir wie sy baie respek het, verwys. Sy was eers in die weeshuis.

Aannames en observasie:

Selfs by die oom en tante waar sy tans woon, word sy onregverdig van verskillende dinge beskuldig. Haar twee nefies knou haar baie af. Die verwerping wat sy vroeër ervaar het, duur dus voort.

Ondervindinge en persepsies:

Behalwe vir een onderwyser wat haar geringe aandag gee, is daar geen sprake van beskikbare mentorskap vir haar nie. Sy kry ook nie geestelike ondersteuning van enige iemand nie en blyk of sy 'n geringe begrip van Bybelse beginsels het.

Deelnemer 5:

Banie se oupa, ouma, ma en pa was drie jaar gelede in 'n motorongeluk betrokke. Sy pa is oorlede en sy ma is sedertdien in 'n rystoel. Sy ma het weer met 'n man getrou wat baie gedrink het en hulle in 'n finansiële verknorsing laat beland het. Die stiefpa en seun het geen verhouding nie. Die stiefpa raak aggressief en baklei ook baie, veral as hy te veel alkohol ingeneem het. Binne skoolverband ondervind onderwysers groot probleme met hierdie seun se optrede.

Aandag en begrip:

Hy is duidelik 'n rebel wat klaarblyklik 'n behoefte aan aandag het. Die trauma en rebelsheid oor sy vader se afsterwe is duidelik nog nie verwerk nie.

Aannames en observasie:

Die ouer-kind verhouding is relatief swak, alhoewel sy ma dit probeer onderhou en aandag aan hom gee. Hy is ook lief vir haar. Hy is trots op die feit dat hy baie probleme vir die onderwysers by die skool veroorsaak en lag daaroor.

Ondervindinge en persepsies:

Dit blyk asof morele standarde redelik swak binne gesinsverband is en dat die toepassing van Bybelse beginsels of mentorskap geensins binne hierdie gesin bestaan nie.

Deelnemer 1:

Trau. In antwoorde op vrae verwys die seun na die goeie verhouding tussen hom en sy pa. Hy verwys egter na die aggressiewe onmin tussen sy pa en ma. In hierdie omstandighede ervaar hy groot vrees dat hulle moontlik kan skei.

Aandag en begrip:

Alhoewel hy lief is vir sy ouers en twyfelagtig verwys dat sy pa sy mentor is, wys sekere stellings die teendeel. Hy verwys na die bakleiery tussen sy ouers asook die skuldgevoel toe sy ma hospitaal toe moes gaan as gevolg van sy pa wat haar beseer het.

Aannames en observasie:

Die waarskynlikheid dat sy pa as mentor optree, is gering, alhoewel hy sy pa op 'n manier bewonder. Hy het nie begrip van die feit dat hy skuldig voel vir iets wat nie deur sy optrede veroorsaak is nie. Dit is 'n tipiese voorbeeld van skuldgevoelens van kinders in patogene gesinne.

Ondervindinge en persepsies:

Omdat die kind nie 'n diepe begrip van mentorskap het nie, is sy persepsie dat 'n pa maar soos sy pa moet wees. Alhoewel mentorskap verduidelik is, het dit by menige antwoorde nie by hom deurgeskemer dat sy ouers se optrede as abnormaal beskou kan word nie.

Deelnemer 8:

Lisa is 'n meisie wie se ma en pa geskei is. Dit was vir haar 'n ontsaglike skok, want die pa het net eendag vir haar ma gesê hy het nou 'n ander vrou lief. Haar ma is weer

getroud, maar sy sien haar stiefpa as gevolg van werksverpligtinge byna nooit. Sy en haar ma is baie lief vir mekaar en sy is altyd teenwoordig en gereed om te help, maar is nie vir haar 'n mentor nie. Haar stiefpa kan as 'n afwesige vaderfiguur gesien word.

Aandag en begrip:

Die feit dat haar pa so maklik haar ma gelos het, het sonder twyfel 'n groot mate van wantroue in mans by haar gelaat. Haar pa was vir haar soos 'n rolmodel en sy is nog steeds baie kwaad vir hom.

Aannames en observasie:

Sy beskou haar suster, wat vyf jaar ouer as sy is, as haar mentor. Volgens haar is haar suster 'n baie standvastige mens en sy kan met enigiets vertrou word. Sy kan oor alles met haar gesels. Sy is baie wys en suksesvol in alles wat sy doen. Haar morele waardes is ook baie hoog. Ek moedig haar aan om hulle verhouding te vertroetel aangesien sy niemand anders het wat so beskikbaar is vir haar nie.

Ondervindige en persepsies:

Sy verwys na die feit dat haar mentor heelwat ouer en wyser as sy behoort te wees, maar in die afwesigheid van sodanige persoon sal sy haar suster se voorbeeld volg.

Deelnemer 11:

Makza is 'n seun wat aandui dat hy byna geen verhouding met sy ouers het nie. Hulle bly 220 km van hom af in 'n stad. Hy sien hulle minder as een keer per jaar. Behalwe vir geld wat hulle stuur en een of twee telefoongesprekke per jaar, is daar geen kontak met sy ouers nie. Selfs tydens telefoongesprekke weet hulle nie wat om vir mekaar te sê nie. Hy bly by 'n vriend.

Aandag en begrip:

Sonder enige ondersteuning kan groepsdruk van 'n negatiewe aard maklik inslag by hierdie kind vind.

Aannames en observasie:

Die feit dat hy op sy eie tot in Graad 12 gevorder het, sê baie van die kind se deursettingsvermoë. Volgens onderwysers het hulle 'n hoë agting vir hom en hy probeer sy skoolwerk en sport na die beste van sy vermoë verrig.

Ondervindige en persepsies:

Mens kan net hoop dat hy wel in die toekoms ondersteuning in die regte rigting sal ontvang. Hy voel egter dat daar geen dominante persoon of mentor in sy lewe is nie.

Deelnemer 17:

McPearson is 'n 45-jarige man met twee kinders. Hy is van mening dat mens net jonger kinders moet aanspoor om kerk toe te gaan. Volgens hom moet ouer kinders hulle eie besluite neem of hulle kerk toe wil gaan of nie. Sy bewering dat ouer kinders nie hou van die stywe atmosfeer in tradisionele kerke nie, is debatteerbaar.

Aandag en begrip:

Nadat ek verwys het dat dit eintlik gaan oor die voordeel van Bybelse beginsels en nie oor 'n kerkdebat nie, het hy darem tot 'n mate saamgestem dat dit waarde kan hê. Hy beskou mentorskap van ouers teenoor kinders as waardevol. Hy is egter gou om te verwys na die feit dat hy en sy kinders nie eintlik tyd daarvoor kry nie.

Aannames en observasie:

Dit blyk duidelik dat hy probeer om verskonings te maak om as mentor op te tree. Die navorser betwyfel selfs die feit dat hy Bybelse beginsels as waardevol beskou. Alhoewel hy met beide Bybelse beginsels en mentorskap saamstem, is die toepassing daarvan blykbaar net te veel gevra.

Ondervindige en persepsies:

Dit blyk asof hy nie bewus is van die behoeftes van die kinders nie. Dit is volgens hierdie studie se kindervraelyste duidelik dat kinders beide Bybelse beginsels en

mentorskap as groot behoeftes uitgewys het. Dit blyk asof sekere ouers nie met hulle kinders kommunikeer en hulle behoeftes probeer vervul nie.

Deelnemer 19:

Buitendacht is 'n manlike persoon van 56-jarige ouderdom. Sy drie kinders is almal reeds uit die skool uit, met een op Universiteit en twee wat reeds werk. Hy wys dadelik daarop dat hy nie 'n Christen is nie, sonder dat daaroor navraag gedoen is. Hy verwys na baie streng dissipline wat hy op sy kinders toepas. Bybelse beginsels het volgens hom by jong kinders waarde. Groter kinders soos syne, het volgens hom net dissipline nodig.

Aandag en begrip:

Die mate van aandag en begrip vir sy kinders blyk 'n tekortkoming te wees. Alhoewel hy glo dat mentorskap van ouers teenoor kinders noodsaaklik is, lyk dit of hy dit verwar met dissipline. Die feit dat hy verwys na Bybelse beginsels wat slegs vir klein kinders geld, is voorwaar 'n vreemde persepsie.

Aannames en observasie:

Sy wanpersepsie van mentorskap bring mee dat hy eintlik na 'n outokratiese mentorskap sonder persoonlike verhoudings neig. Dit kan vir kinders tot groot nadeel strek, aangesien dissipline nooit sonder liefde behoort te geskied nie. Dit kan hulle selfbeeld, persoonlikheid, kommunikasie en prestasies negatief beïnvloed.

Ondervindige en persepsies:

Hy verwys self na die feit dat hy nie goeie verhoudings met sy kinders het nie. Sy persepsie is dat hy nie dissipline kan handhaaf as hy altyd goeie verhoudings met sy kinders het nie (wat uiteraard 'n wanpersepsie is).

Deelnemer 22:

Ferreira is 'n 40-jarige man met twee kinders. Een is in die primêre skool en die ander een in die sekondêre skool. In hierdie geval is die navorser sonder meer aangeval

nadat hy na Bybelse beginsels verwys het. Hy het uitgevaar teen kerke wat mense se geld steel en al die skynheiliges wat in die kerkbanke sit. Die navorser het hom rustig probeer kry deur te verduidelik dat daar verwys word na basiese beginsels wat in die Bybel voorkom. Die navorser het ook daarna verwys dat hy geensins in 'n kerkdebat betrokke wil raak nie.

Aandag en begrip:

Hy blyk hiperkrities te wees, want slegs toe die navorser na mentorskap verwys het, het hy eers saamgestem. Sy rede was egter: "Sodat dieselfde morele verval wat in ons skole is, nie ook in ons gesinne plaasvind nie." In gevalle waar 'n vader so krities teenoor baie dinge is, kan die navorser hom net indink hoe die kinders moontlik gekritiseer kan word. Hy verwys na sy op- en af-verhoudings met sy kinders.

Aannames en observasie:

Hier is genoeg rede om te glo dat daar byna nie sprake is van mentorskap en toepassing van Bybelse beginsels nie. Hy verwys ook dat sy kinders maar kwaad kan wees as hy vir hulle "nee" sê. Dit pla hom glo glad nie.

Ondervindige en persepsies:

Dit laat die outeur besef dat ouers hulle eie kinders met verwarrende stellings soos bogenoemde baie seer kan maak en benadeel.

Deelnemer 23:

Sarie is 'n 39-jarige enkelouer/-moeder met twee tienerseuns. Haar man het haar vir 'n jonger vrou verlaat. Hy stel geensins in die kinders belang nie en het nooit weer van hom laat hoor nie. Sy is van mening dat sy nie doeltreffend is met die opvoeding van die seuns nie. Volgens haar behoort daar tog 'n vaderfiguur in die huis te wees om meer gesag af te dwing.

Aandag en begrip:

Dit blyk asof sy werklik haar kinders met aandag en begrip probeer grootmaak. Die twee seuns se liefdevolle behandeling van hulle ma is 'n goeie bewys hiervan. Alhoewel sy volgens haar baie vir hulle bid, lyk dit nie asof Bybelse beginsels deur die seuns uitgeleef word nie. Selfs wat mentorskap betref, erken sy dat sy eintlik met die toepassing daarvan faal.

Aannames en observasie:

Haar verwysing na die behoefte van 'n vaderfiguur bewys dat sy nie die twee tieners gedissiplineer kry nie. Dit kom ook uit die feit dat sy verwys na die partytjies wat hulle bywoon. Uit die gesprek kan die aanname ook wees dat dit nie bloot onskuldige partytjies is nie. In dieselfde asem kan ook aangeneem word dat daar baie min of geen mentorskap toegepas word nie.

Ondervindige en persepsies:

In sekere gevalle soos hierdie een kan 'n mens simpatie hê vir sekere ongevraagde omstandighede waarin mense beland. Dit blyk asof sy die wil het maar nie oor die leierskapvermoë beskik om die twee seuns korrek te hanteer nie. In sulke gevalle behoort eksterne professionele hulp ingeroep te word om latere groter probleme te voorkom.

2.1.2.1 Samevattende afleidings van Groep 1

Aandag en begrip:

Deelnemers 2 (**Cin**) en 5 (**Banie**) het só 'n tekort aan aandag en begrip ondervind, dat hulle reeds in die rebelliestadium is. Die tendens duur blykbaar voort en daar behoort hulp aangebied te word.

Deelnemers 1 (**Trau**) en 8 (**Lisa**) is uiters ongelukkige kinders as gevolg van hulle vrees en trauma van egskeidings.

Deelnemer 11 (**Makza**) het ook geen ondersteuning nie, want hy sien sy ouers byna nooit en het geen Bybelse invloede of mentorskap nie. Hy blyk ook om al 'n redelike mate van rebelsheid te toon. Sy selfbeeld en kommunikasievermoë is swak. Al vyf hierdie kinders het min of geen blootstelling aan mentorskap en/of die toepassing van Bybelse beginsels deur hul voogde of ouers nie.

Deelnemers 17 (**McPearson**), 19 (**Buitendacht**) en 22 (**Ferreira**) gee beslis nie genoeg aandag en begrip aan hulle kinders nie. Hulle vaste en soms verwronge persepsies maak hulle kinders ongelukkig. Deelnemers Buitendacht en Ferreira se outokratiese en kritiese wyse van dissiplinering van hulle kinders kan geensins as mentorskap beskou word nie. Al drie laasgenoemde vaders het uiteraard 'n negatiewe invloed op hulle kinders as gevolg van die feit dat hulle ook nie Bybelse beginsels toepas nie. Dit blyk verder dat daar geen of min mentorskap toegepas word.

Deelnemer 23 (**Sarie**) is in 'n moeilike situasie omdat sy bewus is van wat sy moet doen, maar nie in staat daartoe is nie. Tieners seuns vir 'n sagte enkelmoeder soos sy sal altyd moeilik bly en sy behoort hulp van buite te bekom.

Aannames en observasie:

Indien gekyk word na die eerste twee rebelse kinders wat bespreek is, naamlik Deelnemers 2 (**Cin**) en 5 (**Banie**), kan dalk 'n aanname gemaak word dat deelnemers soos 19 (**Buitendacht**) en 22 (**Ferreira**) se kinders dalk ook moontlik so kan wees of word. In die geval van Deelnemer 17 (**McPearson**), wat 'n onbetrokke ouer is, kan weer ongelukkige kinders soos Deelnemers Trau en Lisa wees.

In sosiale wetenskappe is dit egter nie wenslik om mense te kategoriseer nie. Daar is net te veel veranderlikes, beginsels en mentorskap. Vir die doel van beter insig en bewyse, verwys Shea (2003:111-112) na die feit dat hy self geskok was oor die feit dat hy die belangrikste aspekte van karakterontwikkeling van sy kinders aan ander oorgelaat het.

In die geval van Lisa is dit duidelik dat egskeiding uiters traumaties deur kinders ervaar word. Dit kan nie genoeg aan ouers gestel en beklemtoon word nie. Deelnemer 1 (**Trau**) se vrese word aangespoor deur die vrees vir egskeiding van sy ouers. Selfs in die geval van Deelnemers 2 (**Cin**) en 5 (**Banie**), is hulle rebellie moontlik geïnisiëer deur

die verlies aan 'n ouer; soos in Banie se geval, en egskeiding, soos in die geval van Cin.

Ondervindinge en persepsies:

Dit blyk uit menige onderhoude dat ouers en kinders ly as gevolg van die feit dat berading nie genoeg na waarde geag word nie. Traumaberading en ontlonting word te min toegepas. Kinders se emosionele pyn kan uiterste dramatiese gevolge vir ouers en kinders hê. Dit kan selfs hul lewens tot aan die einde negatief beïnvloed, vandaar die noodsaaklikheid van hulp.

Dit blyk uit Groep 1 dat toepassing van Bybelse beginsels en mentorskap mekaar komplementeer as dit kom by gesinsverhoudings. Uit hierdie analise blyk dit dat dit baie moeiliker is om mentorskap toe te pas as Bybelse beginsels nie reeds teenwoordig is nie. Deur die beoefening van Christenskap (Bybelse beginsels) word unieke waardes uitgebring, waarsonder verhoudings en mentorskap binne gesinne nie kan oorleef nie. Dit is bewys deur al die deelnemers wat sopas bespreek is. Alhoewel dit nie 'n algemene stelling kan wees nie, het hierdie groep tog duidelik sodanige aanduidings weergegee.

2.1.3 Groep 2 bespreking

By alle deelnemers word skuilname gebruik.

Deelnemers:

- 3. Marie
- 15. Ysel
- 7. Racè
- 13. Tihafu
- 14. Lehoha
- 4. Ane

Deelnemer 3:

Marie is 'n dogter wie se ma dood is en haar pa weer getroud is. Haar pa en broer wat in onmin lewe en baie baklei is vir haar 'n besondere groot emosionele probleem. Sy is baie lief vir haar pa, maar sien hom min en hy is nie emosioneel betrokke by haar nie. Gesprekke gaan net oor hom en hy skram weg van haar noodsaaklike emosionele behoeftes.

Aandag en begrip:

Die stiefma probeer die ouer-kind verhouding verbeter en dit help die dogter baie. Volgens die dogter help die stiefma, maar sy kan nog steeds niemand in haar huisgesin as 'n mentor beskou nie.

Aannames en observasie:

Indien die pa nie die onmin met haar broer kan uitsorteer en nie 'n effektiewe gesprek met sy eie dogter kan hê nie, gaan mentorskap verlore.

Ondervindinge en persepsies:

Sodanige ouers sal diepe selfondersoek moet doen alvorens hulle as mentors kan optree vir hulle kinders. Hulle sal ook aandag moet gee aan Bybelse beginsels om as ouers suksesvol te wees.

Deelnemer 15:

Ysel is 'n man wat twee kinders het wat reeds uit die skool is. Hy glo dat Bybelse beginsels so vroeg moontlik by kinders ingeprent moet word om die versoekinge van die samelewing te hanteer. Hy is van mening dat kinders wat reeds op universiteit is, uit jou hande is en dat daar dan nie veel meer te doen is wat opvoeding betref nie.

Aandag en begrip:

Hierdie man met ouer kinders besef terdeë dat ouer kinders nie so maklik by Bybelse beginsels gehou word nie. Hy glo ook aan mentorskap en is van mening dat dit nie wys is om as mentor terug te tree as kinders ouer word nie.

Aannames en observasie:

Soos kinders ouer word, behoort die beginsels van mentorskap nog meer doeltreffend toegepas te word. Die rede hiervoor is hoofsaaklik dat daar groter besluite geneem moet word en die inbeweeg in die grootmenswêreld baie aanpassing vereis. Mentors moet ook steeds die Bybelse beginsels wat die kinders vroeër geleer het, herbevestig.

Ondervindinge en persepsies:

Om in die grootmenswêreld in te beweeg, vereis hantering van nuwe ondervindings. Die ouer as mentor behoort deur die verskeie elektroniese kommunikasies kontak met die kind op 'n gereelde basis te behou sodat mentorskap nog verder deurgevoer kan word.

Deelnemer 7:

Racè is 'n dogter wie se ouers altwee nog leef. Hulle is baie lief vir mekaar, maar sy kla oor die geringe drankgebruik en bakleiery in hulle huis. Haar pa is egter baie weg van die huis af as gevolg van sy werk in die drankwinkel. Haar ma is streng, maar Racè is baie lief vir haar pa en ma. Haar pa kan as 'n afwesige vaderfiguur beskou word, al besef hy dit nie self nie. Sy dui aan dat sy nie haar ouers as mentors beskou nie. Sy verwys egter na die feit dat sy 'n baie groot behoefte aan 'n mentor het aangesien sy soveel vrae het, en leiding en raad en veral die behoefte aan diep emosionele gesprekke oor besluite, verhoudings en oor die toekoms benodig.

Aandag en begrip:

Hierdie dogter is een van dié wat 'n goeie begrip het vir die diepte van mentorskap. Volgens haar het sy nie huidiglik 'n mentor nie. My mening is dat sy wel 'n mentor sal raakloop omdat sy die eienskappe 'n mentor sal herken. Sy behoort ook 'n maklike "protégé" vir enige mentor te wees.

Aannames en observasie:

Sy mag bietjie te krities te wees teenoor haar ouers, maar dit is omdat sy sulke hoë verwagtinge het. Ons moet egter onthou dat mentors nie bloot gebore word nie. Dit kos harde werk, studie en veral selfondersoek. In sommige gevalle sal dit self nodig wees

om self as ouer berading te ontvang om van onbewuste emosionele pyn ontslae te raak.

Ondervindinge en persepsies:

Die persepsie dat jy nie kan leer om 'n mentor te wees nie, is voorwaar 'n mite. Deur slegs die behoeftes te leer ken en gepaste raad van tyd tot tyd te gee, is dit moontlik om 'n mate van 'n mentor te wees.

Deelnemer 13:

Tihafu is 'n seun in Graad 12 wie se pa nie werk nie, maar slegs van staatspensioen leef. Sy ma is 'n jaar terug aan 'n longinfeksie oorlede. Hy is 'n gelukkige kind met 'n goeie selfbeeld.

Aandag en begrip:

Dit is opmerklik dat 'n enkelvader met 'n karige inkomste 'n tienerseun met soveel liefde en dissipline kan grootmaak. Sy kommunikasievaardighede is goed en die ouer-kind verhouding blyk ook goed te wees.

Aannames en observasie:

Hy stel dit onomwonde dat sy pa sy mentor is. Hy ondersteun hom met alles, is altyd vir hom beskikbaar en kan enigiets met hom bespreek. Dit is alles tekens van 'n goeie mentor. (Daar sal uiteraard altyd ruimte vir verbetering wees).

Ondervindinge en persepsies:

Dit is duidelik dat hy sy pa ten volle vertrou. Sy pa verdien 'n kompliment vir sy ouerskap. Aangesien sy pa nie enige akademiese agtergrond het nie, kan dit dalk later nodig wees dat daar met belangrike besluite uitgereik moet word na ander persone vir raad.

Deelnemer 14:

Lehoha is 'n dogter wat saam met haar twee biologiese ouers en haar suster in 'n "shack" bly. Volgens haar is sy baie skaam daaroor. Die gesin bly gelukkig saam en die ouer-kind verhoudings is goed.

Aandag en begrip:

Mens kan nie anders as om simpatie te hê vir 'n dogter van haar ouderdom wat skaam is oor die plek waarin sy bly nie. Sy het nogtans 'n pragtige persoonlikheid met 'n redelike goeie selfbeeld.

Aannames en observasie:

Omdat haar ouers nie geleerdheid het en nie oor die vermoë beskik om raadgevend vir haar op te tree nie, kan sy hulle nie as mentors beskou nie. Sy beskou 'n onderwyser by die skool as haar mentor. Sy vertrou hom en hy gee regtig om oor haar probleme en help baie met haar besluitneming. Hy is ook altyd beskikbaar vir haar.

Ondervindige en persepsies:

Dit is gerusstellend dat daar nog onderwysers is wat uit hul pad gaan om sulke kinders te dra. In die onderwys soos dit nou in Suid-Afrika is, kan dit egter nie van onderwysers verwag word nie. As gevolg van dissiplineprobleme en sekere wette verkeer leerkragte reeds onder druk.

Deelnemer 4:

Ane: Is 'n dogter met heelwat emosionele seer. Na die dood van haar ma toe sy in Graad 8 was, het haar pa met 'n anderskleurige vrou getrou en hulle het in die klein plattelandse dorpie se swart woongebied gaan bly.

Aandag en begrip:

Na die trauma met haar ma se dood en daarna die verhuising na die swart woongebied het sy baie min aandag van haar biologiese pa gekry. Die meeste mense in die klein

dorpe het geen begrip getoon nie en die aandag van mense en selfs haar eie vriendekring het byna verdwyn.

Aannames en observasie:

Sy het totaal verwerp gevoel en was baie skaam. Sy het gevoel soos 'n totale uitgeworpene. Sy het skuldgevoelens ervaar asof sy die oorsaak was. Sy is selfs gespot en haar selfbeeld het 'n ernstige knou gekry.

Ondervindige en persepsies:

Haar negatiewe ondervindinge het vele persepsies by haar teweeggebring. Haar skoolwerk, sport en sosiale lewe het dramaties versleg. Dit is duidelik dat sy na oplossings en antwoorde vir haar probleem soek. Die nuwe vrou in haar pa se lewe het haar toe begin ondersteun. Alhoewel sy haar nie as 'n mentor kan beskryf nie, beteken haar aandag baie vir Ane en dit blyk of sy die situasie beter begin hanteer.

2.1.3.1 Samevattende waarnemings en afleidings van Groep 2

Aandag en begrip:

Deelnemer 3 (**Marie**) het met die afsterwe van haar ma (toe sy in Graad 8 was) uiterste trauma beleef. Die voortgesette trauma met die onmin tussen haar pa en sy broer maak dit 'n voortslepende emosionele pyn. Deelnemer 4 (**Ane**) se trauma met hulle verhuising na 'n swart woonbuurt met 'n ander kultuur en die snedige aanmerkings en behandeling wat sy moes verduur, was vir haar baie erg. In beide hierdie gevalle is dit duidelik dat die vaders in hierdie tye afwesige vaderfigure vir die twee kinders was. Dit het die trauma verder verdiep.

Freeks (2004:111-113) verwys na die effek van afwesige vaderfigure op kinders wat uiterse nadelige effekte op sosiologiese asook psigologiese vlakke tot gevolg het. In hierdie twee gevalle was beide stiefma's egter van groot hulp om 'n mate van aandag en begrip te vestig. Dit is waarskynlik die rede waarom beide deelnemers Marie en Ane ongelukkige kinders is, maar nie tot rebelsheid gevorder het nie.

In die vader, Deelnemer 15 (**Ysel**), se geval skram hy redelik weg van sy verpligtinge as ouer. Veral noudat sy kinders groter is, lyk dit geensins asof hy 'n vaderfiguur vir hulle is nie. Die afleiding kan dan ook gemaak word dat sy kinders nie op hierdie stadium genoeg aandag en begrip kry nie.

In die geval van Deelnemer 7 (**Racè**), beskou sy ook haar vader as 'n afwesige vaderfiguur. Dit het deels te doen met sy werksdruk en andersins met sy emosionele onbetrokkenheid. Volgens haar is haar ma te streng en sy verwys na die matige drankverbruik en onmin wat nie vir haar aanvaarbaar is nie. In haar geval is sy relatief gelukkig en dit blyk of sy tot 'n mate oorreageer teenoor haar ouers se gedrag wat tiperend van 'n tiener kan wees. Hiermee word geensins die ouers se foute geregverdig nie.

In die geval van Deelnemers 13 (**Tihafu**) en 14 (**Lehoha**), wat beide in armoede leef, kry mens nogal respek vir die vergenoegdheid van beide. Die feit dat Lehoha verwys na die "shack" waarin hulle bly asook die ongemaklikheid daarvan, bewys dat die armoede wel sy negatiewe tol eis. Hulle is baie lief vir hul ouers. Omdat die ouers nie enige geleerdheid ontvang het nie, kan mens verstaan dat mentorskap op 'n redelike lae vlak is. Daar word ook geensins binne gesinsverband na Bybelse beginsels verwys nie.

Aannames en observasie:

In alle gevalle in Groep 2 is die saak van afwesige vaderfigure ter sprake. Dit was ook die geval in Groep 1. In sommige gevalle is dit minder as ander, maar die behoefte om ouers in te lig oor die waarde van mentorskap en die toepassing van Bybelse beginsels blyk reeds duidelik te wees.

Daadwerlike pogings behoort aangewend te word om hierdie probleem te hanteer. Ouers wat nie by hulle kinders se doen en late betrokke is nie, soos in die gevalle van deelnemers Marie, Ane, Ysel en Racè, kan moontlik ook uit onkunde veels te krities behandel word. Juis omdat hulle nie die kinders se omstandighede verstaan of bewus is daarvan nie, kan groot skade veroorsaak.

Die volgende probleemarea is die trauma waardeur kinders gaan, sonder dat aandag gegee word aan traumaberading/-terapie of ontlooting. In geeneen van die gevalle wat tot dusver bespreek is, is enigsins melding gemaak van pogings deur ouers, voogde of onderwysers om berading te verkry nie. Dit het wel in een geval ter sprake gekom met 'n kind wat in die weeshuis was. In hierdie geval het die maatskaplike werker die berading hanteer. In die gevalle van deelnemers Marie en Ane blyk dit dat traumaberading noodsaaklik op hierdie stadium is. Binne die gesin van deelnemer Racè kan eenvoudige berading die gesinskommunikasie oopmaak, wat hulle moontlik 'n baie gelukkige gesin kan maak.

Deelnemer Ysel het geensins getoon dat hy 'n onredelike vader is nie, maar eerder 'n onkundige een. Indien daar op 'n heel eenvoudige wyse aan hom die waarde en die gevolge van mentorskap verduidelik kan word, sal hy waarskynlik 'n doeltreffende mentor vir sy kinders kan word.

Deelnemers Tihafu en Lehotha is van die moeiliker gevalle omdat hulle deel is van die negatiewe omstandighede wat tipies van hierdie land van ons is, naamlik werkloosheid en uiterste armoede. Om hulle omstandighede te verander, is moeilik omdat daar miljoene mense soos hulle in Suid-Afrika leef. 'n Moontlikheid is egter dat skole mentorskapklasse aanbied wat ten minste hul eie toekoms dramaties kan verander deur insig te gee oor die nodige kwalifikasies om werkseleenthede te benut. Sodanige klasse kan in die vorm van voorligting en werkswinkels aangebied word om hulle die kundigheid te bied wat hulle ouers waarskynlik nie het nie.

Ondervindige en persepsies:

Ondervindinge wat deur hierdie kwalitatiewe navorsing na vore gekom het, het vir die navorser heelwat nuwe visie, begrip en gedagterigtings oopgemaak.

Tot dusver blyk dit in hierdie studie dat ouers nie bewus is van hierdie besondere mag wat hulle op hul kinders se lewens het nie.

2.1.4 Groep 3 bespreking

Skuilname word by alle deelnemers gebruik.

Deelnemers:

- 6. Nic
- 9. Cara
- 10. Barry
- 12. Sebole
- 16. Kognane
- 18. Botha
- 20. Montsi
- 21. Willemse
- 24. Mara

Deelnemer 6:

Nic is 'n voorbeeldige seun wat beide sy ouers as mentors beskou. Hy beskou ook sy oom wat hoofbestuurder van een van die grootste banke in Suid Afrika is as sy rolmodel. Hy voel selfs dat daar mentorskapmodelle vir ouers daargestel behoort te word.

Aandag en begrip:

Deur liefdevolle, beskikbare ouers wat dissipline korrek toepas, is 'n seun soos Nic die gevolg. Dit is 'n plesier om met 'n vyftienjarige seun soos 'n volwassene 'n gesprek te voer. Die navorser is van mening dat hy reeds op 'n geringe skaal as mentor vir sy maats optree.

Aannames en observasie:

Sy toekomsbeplanning, wat 'n sterk geestelike inslag het, sal menige volwassenes verstom.

Ondervindige en persepsies:

Uit die aard van sy ouers se positiewe bydrae het Nic ontwikkel in 'n gelukkige kind met 'n goeie selfbeeld. Selfs sy persepsies oor sy toekomsplanne, sy studie en buitemuurse aktiwiteite is besonder positief en hy is gereed om daaraan te werk.

Deelnemer 9:

Cara se ouers leef nog en sy het twee kleiner boeties. In haar eie woorde: "Ons is 'n baie liefdevolle gesin. My pa werk egter in Johannesburg en ons sien hom net naweke. Ons verlang baie na hom, maar ons verstaan hy maak baie geld vir ons daar. As hy by die huis is, gesels en speel ons lekker met hom. My ma is 'n wonderlike mens en ek beskou haar as my mentor."

Aandag en begrip:

Die ma verrig ongetwyfeld 'n groot taak en slaag grootliks daarin om as mentor op te tree. Die pa is min by die huis, wat moeilik is vir die hele gesin. Cara sê dat sy nooit sal toelaat dat haar man eendag so ver van hulle af werk nie. Dit is duidelik 'n teer puntjie; veral die feit dat sy haar ma as haar mentor beskou en nie haar pa nie.

Aannames en observasie:

Weereens blyk dit dat 'n afwesige vaderfiguur nie vir kinders aanvaarbaar is nie. Dit blyk asof die pa baie moeite doen en liefde gee, maar vir die kind is dit net nie goed genoeg nie.

Ondervindige en persepsies:

Vir die vrou van 'n afwesige man is dit ook emosioneel uitputtend. God het ons geskape om tesame kinders groot te maak. Daar is behoeftes van kinders wat net mans kan vervul en ander behoeftes wat net vrouens kan vervul.

Deelnemer 10:

Barry se pa is dood toe hy twee jaar oud was. Sy ma, stiefpa en hulle twee boeties bly baie gelukkig as 'n gesin saam. Sy stiefpa is sy mentor. Hy sê grappenderwys sy ma is te kwaai.

Aandag en begrip:

Hierdie seun kry baie aandag en is bepaald 'n gelukkige kind.

Aannames en observasie:

Hy beskou sy stiefpa as sy mentor en daar is 'n besondere goeie ouer-kind verhouding tussen stiefpa en seun.

Ondervindinge en persepsies:

Beide ouers is by opvoeding betrokke en is meestal beskikbaar om kinders te help en raad te gee. Hy verwys egter daarna dat sy ouers baie streng is. Dit is moeilik om te bepaal of daar in hierdie geval genoeg liefde saam met dissipline gegee word.

Deelnemer 12:

Sebole is 'n dogter wie se ouers altwee dood is aan (HIV/Aids – haar woorde). Sy bly nou by haar wonderlike tante, Makusa. Sy is 'n baie gelukkige kind wat baie liefde kry en ook gee. Hul ouer-kind verhouding en kommunikasie is baie goed.

Aandag en begrip:

Sy kry bepaald baie aandag en toon 'n goeie selfbeeld en persoonlikheid.

Aannames en observasie:

Sy sien haar tante Makusa as haar mentor. Dit blyk egter duidelik dat dit goed gaan, maar dit blyk ook dat 'n hoër vlak van manlike mentorskap later benodig sal word. Die feit dat Makusa se man in Johannesburg werk en byna nooit die kinders sien nie, maak van hom 'n totaal afwesige vaderfiguur.

Ondervindige en persepsies:

Die feit dat daar nooit 'n man in die huis is nie, het Sebole die persepsie gegee dat 'n man totaal onnodig is in 'n gesin. In Vraag 4 verwys sy spesifiek na die laasgenoemde persepsie, wat nie noodwendig waar is nie.

Deelnemer 16:

Kognane: Hy kan as die beste voorbeeld van alle deelnemers beskou word. Hy is 38 jaar oud met drie kinders. Hy is 'n totaal oorgegewe kind van die Here. Sy insig van die Bybel en sy totale oorgawe aan die toepassing van mentorskap was waardevol om te hoor. Sy kinders kry uitnemende liefde. Hy het selfs tye ingerig waaraan spesifiek aandag gegee word aan mentorskap asook tye vir Bybel lees en bid saam met die gesin. Sy vrou en kinders behandel hom met hoë agting en hy is selfs besig met verdere studie (in leierskap) om volgens hom sy gesin beter te kan lei en om minder foute in die lewe te kan maak.

Aandag en begrip:

Dit is 'n ondervinding om met hom 'n gesprek te voer. Hy is bepaald vol vrede en sy geloof kan as aansteeklik beskou word. 'n Mens verstaan en begryp dat opvoeding van sy kinders vir hom 'n relatiewe maklike taak is. Uit die aard van die saak word daar nie net oor Bybelse beginsels gepraat nie, maar dit word ook binne die gesin uitgeleef. Mentorskap vir sy kinders is vir hom 'n normale lewenswyse.

Aannames en observasie:

Indien sy entoesiasme oor mentorskap ondervind word tydens 'n blote onderhoudsgesprek, kan 'n mens die aanname maak dat sy mentorskap hoogs effektief is en gaan aanhou om te wees.

Ondervindige en persepsies:

Hy is hy glad nie skaam om oor waardevolle begrippe uit die Bybel te praat nie.

Deelnemer 18:

Botha is 'n man van 33 met twee kinders. Beide kinders is nog in die primêre skool. Hy beskou opvoeding en ondersteuning van sy kinders as een van sy grootste pligte. Hy verwys na die Bybel as 'n handleiding van die lewe en dit word ook so aan sy kinders oorgedra. Hy verwys ook na die feit dat die kinders so vroeg moontlik blootgestel word aan “reg”, en “verkeerd” in die lewe.

Aandag en begrip:

Die besef van hierdie vader dat sy kinders aandag en begrip nodig het, blyk duidelik uit die onderhoud. Die stelling van die Bybel as lewenshandleiding toon duidelik dat Bybelse beginsels aan die kinders oorgedra word. Sy stelling van mentorskap as plig van die ouers bewys dat hy 'n goeie begrip van mentorskap het.

Aannames en observasie:

Alhoewel hy hard werk, maak hy geen verskoning om vir sy kinders as mentor op te tree en Bybelse beginsels aan hulle oor te dra nie. Ouers wat dit nie toepas nie, is meestal gou om verskonings aan te bied oor hoekom hulle nie kan nie.

Ondervindige en persepsies:

Daar was tydens die onderhoud met hierdie vader geen ekstreme ondervindinge wat enige wanpersepsies aangedui het nie. Dit blyk asof dit 'n goed gebalanseerde gesin is met goeie verhoudings.

Deelnemer 20:

Montsi is 'n 41-jarige man met drie kinders. Die een kind is al in Graad 10 en die ander twee is nog in die primêre skool. Hy glo werklik dat sy kinders wysheid vanuit die Bybel moet leer. Hulle is 'n gelukkige gesin wat goed kommunikeer. Hulle ouer-kind verhoudings is ook baie goed.

Aandag en begrip:

Dit blyk asof die kinders genoeg aandag en liefde kry. Vandaar dan die goeie verhoudings tussen hulle. Hy het 'n redelike begrip vir sy taak as mentor en dit lyk of hy dit wel toepas. Hy toon heelwat wysheid en dit behoort vir die kinders tot voordeel te strek. Bybelse beginsels is vir hom en sy kinders van baie waarde.

Aannames en observasie:

Hy verwys na ander kinders (wat hy ken) wat ongelukkig is as gevolg van die feit dat hulle ouers nie as mentors optree nie. Die feit dat hy melding maak van ander ouers wat nie met aandag na hulle kinders se behoeftes luister nie, bewys sy insig verder. Dit strook ook met die behoeftes wat tydens hierdie studie se vraelyste vir die kinders aan die lig gekom het.

Ondervindinge en persepsies:

Sy ondervindinge met ander ouers en kinders en die goeie afleidings wat hy maak, kan van hom 'n baie goeie mentor maak. Sy kinders kan baie dankbaar wees vir 'n vader soos hy. Sy uitleef van Bybelse beginsels sal ook altyd tot sy kinders se voordeel strek.

Deelnemer 21:

Willemse is 'n 46-jarige man in 'n tweede huwelik. Hy het een seun van sy eie en dan 'n dogter met sy huidige vrou. Hulle leef binne 'n gelukkige gesin. Hy verwys na die kinders as 'n geskenk van God en dit is sy plig om hulle groot te maak tot voordeel van Hom. Volgens die onderhoud leef hy werklik sy Christenskap uit teenoor alle mense.

Aandag en begrip:

Die kinders word werklik voorop gestel en het besondere respek vir hul vader. Sy geestelike lewe dra hy met liefde aan sy kinders oor. Bybelse beginsels is vir hom en sy gesin 'n lewenswyse en hy bewys dit selfs met aanhalings uit die Bybel. Wat mentorskap betref, blyk hy dus as 'n goeie kandidaat wat sy kinders onvoorwaardelik sal probeer ophef.

Aannames en observasie:

Hierdie is een van die gevalle waar jy die ervaring van eerlikheid kry. Daar is geen versteekte agendas waarop aannames gemaak hoef te word nie.

Ondervindige en persepsies:

In beide mentorskap en Bybelse beginsels, kry mens die indruk dat jy die ware verhaal gehoor het en dit goed toegepas word.

Deelnemer 24:

Mara is 'n 48-jarige vrou met drie kinders; een seun en twee dogters. Sy is 'n enkelmoeder wat lyk of sy in beheer is van die opvoeding van haar kinders. Volgens haar is haar kinders gelukkig en hulle lewe binne 'n vreedsame gesin.

Aandag en begrip:

Die feit dat sy gereeld vir die kinders Bybel lees, wys haar erns met die waarde van Bybelse beginsels. Dit bewys ook dat sy werklik aandag en begrip vir die kinders toon. Wat mentorskap betref, bewys sy in Vraag 2 dat sy aandring om saam met haar kinders twee keer per dag aan tafel te eet en te gesels.

Aannames en observasie:

In Vraag 4 wys sy dat sy die waarde van mentorskap besef en probeer toepas aangesien sy van baie mense weet met immorele waardes wat in haar omgewing bly. Volgens haar het sy dus geen keuse as om haar plig as mentor toe te pas nie. Vandaar ook haar stelling dat sonder Bybelse beginsels sy nie haar kinders sal kan grootmaak nie.

Ondervindige en persepsies:

Op die vraag hoekom sy dink dat Bybelse beginsels van waarde is, het sy as volg geantwoord: "Indien ons probleme het, kan ek altyd verwys na wat in die Bybel staan of wat ons onlangs gelees of gebid het." Dit is moeilik om te bepaal hoe effektief sy as

mentor is. Dit blyk egter of sy haar bes probeer en die moontlikheid is goed dat sy suksesvol is daarmee.

2.1.4.1 Samevattende waarnemings en afleidings van Groep 3

Aandag en begrip:

In die gevalle van Deelnemers 6 (**Nic**), 9 (**Cara**) en 10 (**Barry**) wat baie gelukkig is en hulle ouers as mentors beskou, kry die navorser 'n heel ander positiewe indruk van die waarde van mentorskap. Die toepassing van Bybelse beginsels is deel van hulle lewensbestaan. Hulle kry beslis genoeg aandag en begrip. Binne die gesinne blyk die ouer-kind verhoudings en interne kommunikasie van hoogstaande gehalte.

Die liefdesband binne die gesin is byna aanvoelbaar. Alhoewel die navorser bedag was op ander negatiewe tekens, was dit duidelik dat dit opregte gesprekke was wat uit die hart na vore kom. As in ag geneem word dat deelnemer Cara se opvoeding hoofsaaklik van 'n enkelmoeder kom, is dit nog meer merkwaardig. Die vader werk in Johannesburg en is nie veel beskikbaar nie, alhoewel hy baie ondersteunend is. Deelnemer 12 (**Sebole**), wat deur haar tante Makusa grootgemaak word, kan as net so goeie voorbeeld beskou word. Sy kry ook genoeg aandag, en haar tante blyk 'n uitnemende mentor te wees wat Bybelse beginsels met oorgawe toepas. In haar geval is altwee haar ouers twee jaar gelede aan MIV/Vigs oorlede.

Deelnemers 18 (**Botha**), 20 (**Montsi**) en 21 (**Willemse**) is almal reeds goeie mentors vir hulle kinders. Al drie hierdie vaders gee beslis genoeg aandag en liefde aan hulle kinders. Die ouer-kind verhoudings word met liefde vertroetel terwyl tot 'n groot mate korrekte dissipline toegepas word. In al drie hierdie gesinne speel hul geestelike lewe 'n groot rol. Die gedrag van die kinders teenoor hulle ouers dui ook op die feit dat die totale opvoedingsproses van redelike hoë standaard is.

Deelnemer 24 (**Mara**) is 'n enkelmoeder wat waarskynlik bewys dat enkelmoeders ook goeie mentors kan wees. As alle standarde oorweeg word, lyk dit nie asof sy enigsins hoef terug te staan vir vaderfigure soos deelnemers Botha, Montsi en Willemse nie. Haar stelling dat die tyd wel min is, maar haar gebruik om rondom die etenstafel twee

keer per dag as gesin te eet en te gesels, is vir haar deurslaggewend. Hier kry die kinders die geleentheid om oor alles te gesels en raad en insig vir onder andere besluitnemingsprosesse te bespreek. Na aandete word ook aan tafel Bybel gelees en gebid.

Aannames en observasie:

In die gevalle van deelnemers Nic, Cara, Barry en Sebole, is dit so maklik om die afleiding te maak dat hulle gelukkige kinders is. Hulle selfbeeld, persoonlikheid en kommunikasievaardighede staan beslis uit bo ander kinders waarmee onderhoude gevoer is. In al vier hierdie gevalle is hulle akademies sterk en sekeres blink ook uit op sportgebied. Hulle kan hulle doelwitte maklik uitwys en hulle glo werklik aan die feit dat hulle dit kan bereik.

Deelnemer Kognane, wat as vader so uitstaande voorkom, bly maar die voorbeeld van 'n aanwesige vader in hierdie studie.

Deelnemers Botha, Montsi, Willemse en Mara het ook elkeen hulle unieke maniere om tyd te maak vir kommunikasie met die kinders. Volgens hulle is dit uiters noodsaaklik vir ouers om elk van die kinders se behoeftes en persoonlikhede na die beste van jou vermoë te verstaan. Geen twee kinders behoort dieselfde behandel te word as dit kom by kommunikasie nie. Elkeen is in elk geval uniek en behoort ooreenstemmend behandel te word. Hulle het elkeen ook die behoefte om alleen saam met hul vader in gesprek te wees. Hulle probeer so goed as wat hulle moontlik kan om met aandag na elke kind te luister.

Ondervindings en persepsies:

In Groep 3 onderskei deelnemers hulself van Groep 1 en 2. Groep 3 is veel meer bewus van hulle pligte as mentors in die opvoeding van hulle kinders. Wat insiggewend is van Groep 3 is dat die kinders almal relatief gelukkig is. Hulle ouers gee goeie aandag, begrip en liefde en die kinders dui op 'n groot mate goeie selfbeelde, goeie kommunikasievaardighede en innemende persoonlikhede. Dit is veel meer as wat in die eerste twee groepe die geval was.

Daar kan wel verwys word na die feit dat slegs een ouer, naamlik Kognane, daadwerklik mentorskap toepas en selfs verder studeer om sy vaardighede in die verband te verbeter. Mentorskap is 'n wye veld en dit blyk asof relatief min ouers die insig het om dit doeltreffend toe te pas. Dit is ook 'n begrip wat al hoe meer in groot maatskappye en sportliggame gebruik word. Dit blyk asof sommige ouers dit eerder binne werksverband toepas as binne gesinsverband.

Evalueringsproses

Die puntstelsel is gebaseer op die mate waartoe die toepassing van mentorskap binne gesinsverband plaasgevind het. Dit verwys ook duidelik na die negatiewe en/of positiewe effekte wat bogenoemde op die kind of jeug het.

Die puntetelling is gekies van 'n -5 tot 'n +5 en 'n gemiddeld is volgens die getal deelnemers per groep bepaal.

Die resultaat word weergegee deur Groep 1, met 'n negatiewe punt van -3.55; Groep 2, met 'n positiewe punt van +.833; en Groep 3, met 'n positiewe punt van +4.22.

Die bogenoemde punte is, hipoteties gesproke, blote riglyne. Wat dit wel aandui, is dat die werklike toepassing van die Bybelse beginsels en mentorskap binne gesinsverband uiterste positiewe effekte op die samelewing kan hê.

Tabel 3: Puntetelling

GROEP 1	PUNT -5/+5	GROEP 2	PUNT -5/+5	GROEP 3	PUNT -5/+5
Trau (1)	-3	Marie (3)	+1	Nic (6)	+5
Cin (2)	-5	Ane (4)	+2	Cara (9)	+5
Banie (5)	-5	Racè (7)	-1	Barry (10)	+5
Lisa (8)	-3	Thihafu (13)	+2	Sebole (12)	+3
Makza (11)	-4	Lehoha (14)	+2	Kognane (16)	+5
McPearson (17)	-3	Ysel (15)	-1	Botha (18)	+3

Buitendacht (19)	-5			Montsi (20)	+4
Ferreira (22)	-5			Willemse (21)	+4
Sarie (23)	+1			Mara (24)	+4
Gemiddeld per groep	-3.55		+ .833		+4.22

2.2 Sleuteltermes vir die doel van kodering

2.2.1 Bybelse beginsels en verhoudings binne gesinsverband

Dit sluit verskeie fisiese en psigologiese fasette in. Vir die doel van hierdie studie sal die volgende as sleuteltermes gebruik word:

- Liefde deur woorde/luister, hulpverlening, aanraking en versorging. 1 Korintiërs 13 gee 'n duidelike omskrywing van dit waarmee liefde gepaardgaan.
- Die vaderfiguur as verlengstuk tot God die Vader.
- Geestelike kommunikasie, kerkbywoning, huisgodsdienste, en om die Bybelse narratiewe van 'n vroeë ouderdom af vir kinders te leer.
- Die moeder as die emosionele bron van liefde en versorging.

2.2.2 Mentorskap binne gesinsverband

- Aktiewe betrokkenheid van die vaderfiguur as mentor.
- Die aanleer van interpersoonlike vaardighede.
- Afrigting, psigologiese leiding en emosionele rigting-gewing.
- Leiding van gedragpatrone binne die gesin asook binne skole en die samelewing.

2.3 Samevattende evaluasie van die navorsing: Sleuteltermes soos in 2.2.1

2.3.1 Tabel 4: Deelnemer-evaluering en kodering volgens sleuteltermes in Bybelse beginsels en mentorskap

Deelnemer naam	Liefde	Goddelike vaderfiguur	Geestelike bediening	Emosionele moeder
Kinders				
Trau (1)	Swak	Swak	Swak	Swak
Cin (2)	Swak	Swak	Swak	Swak
Marie (3)	Gemiddeld	Swak	Gemiddeld	Goed
Ane (4)	Gemiddeld	Swak	Swak	Goed
Banie (5)	Swak	Swak	Swak	Gemiddeld
Nic (6)	Goed	Goed	Goed	Goed
Racè (7)	Gemiddeld	Swak	Gemiddeld	Goed
Lisa (8)	Swak	Swak	Swak	Swak
Cara (9)	Gemiddeld	Swak	Gemiddeld	Goed
Barry (10)	Goed	Goed	Goed	Goed
Makza (11)	Swak	Swak	Swak	Swak
Sebole (12)	Gemiddeld	Swak	Swak	Goed
Tihafu (13)	Goed	Goed	Goed	Swak
Lehoha (14)	Goed	Goed	Swak	Goed
Ouers				
Ysel (15)	Gemiddeld	Gemiddeld	Gemiddeld	Swak
Kognane (16)	Goed	Goed	Goed	Goed
McPearson (17)	Swak	Swak	Swak	Swak
Botha (18)	Goed	Goed	Goed	Goed
Buitendacht (19)	Swak	Swak	Swak	Swak
Montsi (20)	Goed	Goed	Goed	Goed
Willemse (21)	Goed	Goed	Goed	Goed
Ferreira (22)	Gemiddeld	Swak	Swak	Swak
Sarie (23)	Goed	Swak	Goed	Goed
Mara (24)	Goed	Swak	Goed	Goed

2.3.2 Tabel 5: Deelnemer-evaluering en kodering volgens sleuteltermes soos in 2.2.2 (Mentorskap)

Deelnemer naam	Vaderfigure as mentor	Interpersoonlike vaardigheid	Afrigting Psigologies Emosioneel	Gedragsspatrone
Kinders				
Trau (1)	Swak	Gemiddeld	Swak	Gemiddeld
Cin (2)	Swak	Swak	Swak	Swak
Marie (3)	Swak	Swak	Swak	Swak
Ane (4)	Swak	Swak	Swak	Swak
Banie (5)	Swak	Swak	Swak	Swak
Nic (6)	Goed	Goed	Goed	Goed
Racè (7)	Swak	Gemiddeld	Gemiddeld	Gemiddeld
Lisa (8)	Swak	Swak	Swak	Gemiddeld
Cara (9)	Swak	Gemiddeld	Gemiddeld	Gemiddeld
Barry (10)	Goed	Goed	Goed	Goed
Makza (11)	Swak	Swak	Swak	Swak
Sebole (12)	Swak	Goed	Gemiddeld	Gemiddeld
Tihafu (13)	Goed	Goed	Goed	Goed
Lehoha (14)	Swak	Swak	Swak	Swak
Ouers				
Ysel (15)	Gemiddeld	Goed	Swak	Goed
Kognane (16)	Goed	Goed	Goed	Goed
McPearson (17)	Swak	Swak	Swak	Swak
Botha (18)	Goed	Goed	Goed	Goed
Buitendacht (19)	Swak	Swak	Swak	Swak
Montsi (20)	Goed	Goed	Goed	Goed
Willemse (21)	Goed	Goed	Goed	Goed
Ferreira (22)	Swak	Swak	Swak	Swak
Sarie (23)	Swak	Gemiddeld	Swak	Swak
Mara (24)	Swak	Gemiddeld	Goed	Goed

Binne die raamwerk van sleuteltermes kan die volgende opsommings uit die bogenoemde tabelle afgelei word, volgens die riglyne van swak, gemiddeld en goed:

2.3.3 Bybelse beginsels-evaluering

- *Liefde deur woorde/luister, hulpverlening, aanraking, versorging, ensovoorts.*

In tien uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **goed** – **41.66%**

In sewe uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **gemiddeld** – **29.16%**

In sewe uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **swak** – **29.16%**

- *Die vaderfiguur as verlengstuk van God die Vader.*

In agt uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **goed** – **33.33%**

In een uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **gemiddeld** – **4.16%**

In vyftien uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **swak** – **62.5 %**

- *Geestelike kommunikasie, kerkbywoning, huisgodsdienste, en om die Bybelse narratiewe van 'n vroeë ouderdom af vir kinders te leer.*

In nege uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **goed** – **37.5%**

In vier uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **gemiddeld** – **16.66%**

In elf van die 24 deelnemers toon die evaluering as **swak** – **45.83**

- *Die moeder as die emosionele bron van liefde en versorging.*

In veertien van die 24 deelnemers toon die evaluering as **goed** – **58.33%**

In een uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **gemiddeld** – **4.16 %**

In nege uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **swak** – **37.5%**

2.3.4 Mentorskap-evaluering

- *Aktiewe betrokkenheid van die vaderfiguur as mentor.*

In sewe van die 24 deelnemers toon die evaluering as **goed** – 29.16%

In een van die 24 deelnemers toon die evaluering as **gemiddeld** – 4.16%

In sewentien uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **swak** – 70.83%

- *Die aanleer van interpersoonlike vaardighede.*

In nege uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **goed** – 37.5%

In vyf uit die 24 deelnemers toon die evaluering as **gemiddeld** – 20.83%

In tien van die 24 deelnemers toon die evaluering as **swak** – 41.66%

- *Afrigting, psigologiese leiding en emosionele rigting-gewing.*

In agt van die 24 deelnemers toon die evaluering as **goed** – 33.33%

In drie van die 24 deelnemers toon die evaluering as **gemiddeld** – 12.5%

In veertien van die 24 deelnemers toon die evaluering as **swak** – 58.33%

- *Leiding van gedragsspatrone binne die gesin asook binne skole en die samelewing.*

In nege van die 24 deelnemers toon die evaluering as **goed** – 37.5%

In vyf van die 24 deelnemers toon die evaluering as **gemiddeld** – 20.83%

In tien van die 24 deelnemers toon die evaluering as **swak** – 41.66%

2.3.5 Samevatting van empiriese navorsing

Die kwalitatiewe navorsingsresultate is getoets op verskeie vlakke om enige onsekerheid uit die weg te ruim. Volgens die tabel van Mininchiello en Kottler (2010:19)

word verwys na die hoofteema's van kwalitatiewe navorsing. Hierdie gesprekke is daarvolgens ontleed om die emosionele omvang van die kind en ouer se ervaring op elke vraag deeglik te verstaan. Die norme vanuit die bogenoemde tabel wat gebruik is om die aanvanklike gesprekke op te deel vir latere, meer volledige beredenering en besinning, is as volg:

- Die aandag en begrip wat kinders ontvang en die mate waartoe volwassenes dit gee.
- Aannames en observasies wat reaksies, liggaamstaal, gesigsuitdrukkinge en gedrag insluit, is deur die navorser uit hierdie gesprekke verkry.
- Die ondervindinge van die narratiewe wat verkry is uit elke gesprek van beide ouers en kinders asook die aannames wat hulle uit sodanige ervarings gemaak het, is hier deur die navorser verkry.

Groot dele van die bogenoemde aanvanklike gesprekke is vir verwysingsdoeleindes in die addenda bygevoeg.

Die deelnemers is in drie groepe verdeel en 'n punt uit vyf is aan elkeen toegeken om die ontleding te vergemaklik. Groep 1 het geblyk om moontlik die swakker groep te wees en daar was in totaal nege deelnemers. Hulle het ten opsigte van die bogenoemde drie norme 'n negatiewe punt van -3.55 verkry. Dit dui dus daarop dat die kinders relatief min aandag en begrip ontvang het, en in die geval van die ouers ook min aandag en begrip deurgegee is. Hulle het dus ook deur hulle narratiewe redelike negatiewe emosionele ervarings beleef. Groep 2 het 'n positiewe punt van +.833 getoon wat dui op baie min aandag, begrip en ervarings wat geensins opbouend van aard was nie. Hierdie groep het uit ses deelnemers bestaan. Groep 3 het 'n positiewe punt van +4.22 verkry. Dit het weer gedui op heelwat aandag en begrip wat hulle gekry het en dat hulle emosionele ervarings selfs opbouend was. Hulle was ook nege deelnemers.

Wat aandag en begrip betref, is daar dus uit die 24 deelnemers nege wat volgens bogenoemde resultate onderpresteer het en ook 9 wat goed presteer het. Ses


deelnemers was gemiddeld. Hierdie uitkomstes is die basis van die studie en gee belangrike inligting om op te bou vir die res van die studie.

Hoofstuk 3

Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Interpretatiewe benaderingswyse

3.1 Inleiding

In hierdie gedeelte word verwys na die interpretatiewe taak. Verskillende teorieë om die geïdentifiseerde patrone te verstaan en te verklaar word ondersoek. Die vraag wat hier beantwoord moet word is: “Waarom?” of “Why is this going on?” (Osmer 2008:4-6).



In hierdie hoofstuk gaan dit oor die ontstaan van die woorde “mentorskap” en van “ouer-kind verhoudings”. Deur middel van literatuurstudies word beide mentorskap en ouer-kind verhoudings bespreek.

3.2 Mentorskap

Mentorskap is 'n diep gesetelde begrip wat reeds jare al bestaan. Om die werklike omvang daarvan te begryp, verg vele insig. Indien dit korrek toegepas word, bring dit uitsonderlike positiewe uitkomstes na vore.

In die Joernaal van Psigologie en Teologie verwys Limke en Mayfield (2011:122-129) na studies wat gedoen is om te bepaal of die verbindingsverhouding tussen kind, vader en moeder enige effek op die verhouding tussen die kind en God het.

Alhoewel die navorsing meer aandag gegee het aan die effek van die moeders se verhouding met die kinders, het dit uitgestaan dat die kinders se goeie verhoudings met die vader wel sodanige kinders se verhouding met God positief beïnvloed. Volgens hierdie studies is die betrokke en sensitiewe vaders wel verantwoordelik vir verhoogde konsentrasievlakke, weetgierigheid en die bemeestering van vaardighede by sodanige kinders. Bretherton (2010:9-23) verwys ook na dieselfde uitkomstes in sy artikel, "Fathering in attachment theory and research."

Die positiewe psigologiese effekte van betrokke vaders op hulle kinders word hoog aangeslaan in hierdie studies en vandaar verskerp die waarde van vaders as goeie mentors. Hierdie studies verwys ook dat goeie ouer-kind verhoudings (ook op geestelike vlak) aan die kinders sekuriteit verleen. Dit het die gevolg dat hulle persepsies van God as meer liefdevol ervaar, dat hulle nader voel aan God en dat hulle God minder as 'n outokratiese mag sien. Selfs hulle geloofsontwikkeling word positief beïnvloed. Die teenoorgestelde is egter ook gevind waar daar verhoudingsprobleme binne gesinne teenwoordig is (Limke & Mayfield 2011:122-129; Keeley 2008:115-131). Mentorskap in gesinsverband word deur die bogenoemde stellings duidelik vereenselwig met Bybelse beginsels.

Volgens Keller en Pryce (2010:33), word dit as volg gestel: "*Youth Mentoring* is an individualised, relationship-based intervention intended to promote positive

development. Each mentor and protégé has a distinctive experience because each mentoring relationship, like any other interpersonal relationship, is complex, dynamic, multifaceted, and idiosyncratic.”

Hiermee word getoon dat die gebruik van mentorskap by elke persoon van unieke aard is juis oor elke mens en sy verhoudinge so totaal verskillend en kompleks is. Vanuit hierdie standpunt is dit dus noodsaaklik vir elke mentor en protégé om hulle deeglik te vergewis van hoe mentorskap binne twee unieke persone toegepas behoort te word.

In gevalle waar albei ouers ontbreek, is daar geen ander keuse as om van ander persone as mentors gebruik te maak nie. Om egter 'n keuse te maak om van 'n mentor buite gesinsverband gebruik te maak, is 'n ingewikkelde proses. Mentors van buite het in baie gevalle verskillende lewensondervindinge gehad en hulle persoonlike perspektiewe van die lewe verskil dalk baie. Selfs in die samelewing kan daar baie kontraste wees, soos ouderdom, ras, klas, vlak van opvoeding, persoonlikheid, ensovoorts. Om dit vry te spring, is die aanbevole ideaal dat ouers as mentors moet optree. Indien dit nie moontlik is nie, moet bogenoemde fasette verkieslik deur kenners op die gebied geraadpleeg word vir sodanige besluite (Keller & Pryce 2010:34).


In die Psigologiese en Christelike Joernaal deur McDonald *et al.* (2005:21-28) word ook na die laasgenoemde stelling verwys. Hier is bevind dat in gevalle waar kinders 'n emosioneel koue atmosfeer in huishoudings ervaar, dit hulle tot 'n groot mate negatief beïnvloed. In sulke huishoudings is daar gewoonlik vermyding van intimiteit met God, oorbeskerming, rigiede reëls en outokratiese ouer-optredes. Dit het tot gevolg dat intimiteit met God en liefde vir God deur sodanige kinders vermy word.

Wat hierdie studies deur McDonald *et al.* (2005:21-28) uniek maak, is dat menige soortgelyke studies binne Christelike universiteite gedoen is, terwyl hierdie studie in nie-Christelike akademiese universiteite gedoen is, waar soveel as een-derde van deelnemers glad nie Christene is nie. Dit gee meer waarde aan die uitkomstes omdat 'n

wyer verskeidenheid van deelnemers met meer uiteenlopende gedagterigtings en lewensopvattinge gebruik word.


Hussain en Ireland (2007:3-4) sluit aan by die bogenoemde en lê veral klem op die skep van ideale verhoudings tussen mentor en protégé. Vandaar die unieke verwysing na die psigologie.

Figuur 3: Vrugbare gronde



Figuur 3: Oorvleueling van vrugbare gronde van die belangrikheid van afrigting, mentorskap en leerproses behoort dus dieper geïnkorporeer te word soos in Figuur 4.

Figuur 4: Oorvleueling



Figuur 4: In hierdie figuur word bewys dat die oorvleueling groter is tussen die drie terme. Dit bewys hoe mentorskap, leerproses en psigologie nader aan mekaar behoort

te groei namate die verhouding tussen mentor en protégé groei (Hussain & Ireland 2007:3-4; Gail 2011:1-4).

Fourie en Van Den Berg (2007:101) maak 'n besondere samevattende stelling wat 'n uiters geïntregeerde benadering op mentorskap na vore bring. Binne gesinsverband het dit ook groot gebruikswaarde. Om hierdie rede word dit woordeliks aangehaal:

“In hierdie artikel is aangetoon dat mentorskap as leerbenadering suksesvol aangewend kan word. Mentorskap veronderstel 'n unieke, individuele, multidimensionele verhouding tussen twee reisgenote met lewensveranderende insig en wedersydse leer as resultaat. Beginsels onderliggend aan mentorskap kan belyn word met die beginsels onderliggend aan die narratiewe pastorale benadering ten einde sinbeleding as unieke uitkoms in 'n nuwe toekomsverhaal te fasiliteer.”

Tabel 6: 'n Geïntegreerde benadering om mentorskap te verstaan en ten volle te benut

Konsep	Oorsprong	Definisie
Leierskap	Bestuur- en Gedragswetenskappe	Die vermoë om ander te inspireer en hul gedrag te beïnvloed sodat hulle 'n bydrae tot die organisasie se doelwitte kan lewer.
Bestuur	Bestuurswetenskappe	Die proses van beplanning, organisering, leiding en beheer om die organisasie se doelwitte op die mees doeltreffende manier te bereik.
Berading	Sielkunde	'n Tweerigting-verhouding tussen 'n berader en 'n individu waar die berader die individu help om hindernisse na prestasie en verwesenliking te oorkom.
Opleiding	Opvoedkunde	Voorsien vaardigheidsontwikkeling sodat werknemers meer werkseffektief sal funksioneer.

Konsultering	Bestuurswetenskappe	'n Proses waar 'n gespesialiseerde konsulteringsdiens aan 'n kliënt verskaf word om 'n oplossing vir 'n spesifieke werksprobleem of -kwessie te vind.
Mentorskap	Mitologie	'n Dinamiese en wedersydse verhouding in 'n werksomgewing waar 'n meer gevorderde en wyse ampsdraer 'n minder ervare persoon met ontwikkelingspotensiaal help tot ontwikkeling in gespesifiseerde prestasiebevordering.
Afrigting	Sport	Die sistematiese beplande en direkte leiding van 'n afrigter aan 'n inidividu of groep om vaardighede te ontwikkel wat toegepas kan word vir prestasiebevordering.

(Fourie & Van den Berg: 2007:98).

Tabel 6 gee 'n waardevolle samevatting van die begrip “mentorskap” op verskillende terreine van die samelewing.

Bell (2002:14-16) maak melding van 'n model vir doeltreffende mentorskap. Die model word SAGE genoem en word as volg uiteengesit:

Surrendering: Oorgawe van die mentor aan die protégé.

Accepting: Aanvaarding om 'n veilige hawe te skep by die neem van risiko's.

Gifting: Gawes wat uitgedeel word deur beide die mentor en protégé.

Extending: Uitbreiding en koestering van verhoudings vir die protégé.

1. By *oorgawe* word bedoel dat die mentor geensins enige baasskap oor die protégé wil of gaan hê nie; dit is 'n wedersydse verhouding met twee persone op dieselfde verhoudingsvlak (alhoewel die mentor die meer kundige een is).

2. By *aanvaarding* word bedoel insluiting. Die onvoorwaardelike positiewe agting vir mekaar sodat die protégé onder alle omstandighede die verhouding as 'n veilige hawe beskou.
3. By *Gawes* word verwys na 'n totale vrygewigheid. Nie in terme van geskenke nie, maar wel van jouself. Dit moet van beide mentor en protégé afkomstig wees. Dit word soms gesien as die hart van mentorskap aangesien mentors raad, terugvoer en rigtingaanwysings gee. Die protégé toets sy vlerke, die protégé se passie laat hom leer, die protégé aanvaar raad en voer dit met liefde uit.
4. By *Uitbreiding* word verwys na die wedersydse verhouding tussen mentor en protégé wat tot sy maksimum limiete gedruk word om die heel beste resultate daaruit te kry
(Bell 2002:14-16).

Jong mense word vandag gekonfronteer met 'n wye verskeidenheid alternatiewe, soos klere, seksuele oriëntasie of verwarrende geloofsverwante feite. Hulle word meer as hulle ouers met komplekse besluite gekonfronteer. In die verlede was reg en verkeerd baie meer duidelike begrippe. In vandag se nuwe lewenswyses word byna alles gerasionaliseer. Die waarheid het dus relatief geword en is nie 'n klinkklare waarheid waarbinne besluite geneem kan word nie. Dit alles het tot 'n groot mate 'n wêreldwye morele verval tot gevolg gehad. Wat die skrywer hiermee bedoel, is dat die mens nie tot dieselfde mate gegroei het wat besluite oor regte keuses betref of die gevolge van hul keuses nie. Vandag word daar baie aandag gegee aan opleiding in leierskapsvaardighede. Die rede daarvoor is waarskynlik omdat daar in baie gevalle nie meer bekwame mentors is wat deur die range van leierskap beweeg het nie, of bekwame mense met die wil om hul ondervindingsveld met ander te deel nie. Mentorskap is waarskynlik een van die oudste begrippe ter wêreld. Die beginsel waar die normale wyse grysies die jongelinge opbou tot sukses het tot 'n groot mate tot 'n val gekom en vandaar die waarde van die nuwe woord, naamlik “mentorskap” (Shea 2003:82-84).


Een van die duidelikste definisies van 'n mentor word deur Gordon Shea as volg aangehaal: "... anyone who has a significant, highly memorable, beneficial life-enhancing effect on another person, generally as a result of personal one-on-one voluntary assistance, that is helpful to them in a relationship which goes beyond duty or obligation" (Shea 2003:14).

Die Henley fokusmodel verwys na vier tipes modelle wat by die toepassing van mentorskap gebruik kan word; naamlik gestruktureerd, ongestruktureerd, formeel en informeel. Die toepassing van die gestruktureerde modeltipe word beplan en doelwitte en uitkomste word oor 'n periode van 12 tot 24 maande daargestel. Dit kan ook as die formele vorm gesien word. Die een-op-een vorm kan ook as bogenoemde tipe beskou word aangesien dit beplande sessies met een of meer mentors is (Cranwell-Ward *et al.* 2004:26-30).

Die informele of ongestruktureerde deel word ook in die praktyk as twee modeltipes beskou. Die eerste is die sosiale deel wat byvoorbeeld deurlopend deur ouers binne gesinsverband kan plaasvind. Ander voorbeelde hiervan is tussen leerder en onderwyser, sportman en afrigter, ensovoorts. Die tweede modeltipe word as die selfhelpmodel beskou. Dit kan ook tussen bogenoemde identiteite plaasvind, maar deur minder inmenging en meer voorbeeldgedrewendheid. 'n Vader kan byvoorbeeld deur sy voorbeeld die kind wys en dan die kind attent maak op die positiewe waardes daarvan. Indien dit binne 'n liefdesverhouding tussen vader en kind plaasvind, kan heelwat positiewe resultate die uitkoms wees (Cranwell-Ward *et al.* 2004:28-30).

Clutterbuck het 'n unieke wyse van verduideliking oor die toepassing van mentorskap in die praktyk. Figuur 5 word ter verduideliking deur Clutterbuck (2006:17) voorgehou:

Figuur 5: Toepassing van mentorskap



Die vier hoofkategorieë, naamlik Afrigting, Leiding, Samewerking en Berading is onontbeerlik binne die vorming van 'n mentorskapverhouding. Hierdie vier aksies behoort in sekere situasies direktief toegepas te word en in ander gevalle nie-direktief. Om 'n goeie mentorskapverhouding te skep, moet vertroue die hoofrol speel. Vandaar dan dat die bogenoemde vier aksies ook somtyds met passievolle versorging toegepas moet word. Om die volle potensiaal van die protégé te ontwikkel, behoort daar ook uitdagings geskep te word wat die protégé se werklike vermoëns sal strek na hoër hoogtes. In hierdie laaste geval is dit egter noodsaaklik dat die protégé nie bo sy vermoë getoets moet word nie. Die student wat mentorskap ontvang, moet so ondersteun word dat hy nie moed verloor nie (Clutterbuck 2006:17-18).

Voorbeelde van mentorskap se sukses as transformasie oor groot dele van die wêreld word breedvoerig bespreek deur middel van narratiewe in die boek "Global Perspectives on Mentoring". Hier word verwys na nuwe leersisteme in Brittanje, bemagting in Israel, suksesvolle studenteprogramme in Amsterdam, ontwikkeling van

jong kunstenaars asook jeugmentorskap in Australië, ontwikkeling van swart akademici in Suid-Afrika, kultuurprogramme in Sweedse skole en interpersoonlike verhoudings in skole in Pakistan (Kochan & Pascarelli 2003:211).

Studies is gedoen om te bepaal hoe om 'n mentorskapprogram vir kinders met hoë risiko's saam te stel. Met hoë risiko's word verwys na swak akademiese resultate, swak sosiale vaardighede en swak familiebande. Die kinders is hoofsaaklik geïdentifiseer deur opvoedkundiges en onderwysers by skole en kolleges. Die ouderdomme van die deelnemers het gewissel van agt tot sewentien jaar oud. Die program word genoem: "4-H Mentoring: Youth and Families with Promise (4-YH YFP)." Deur empiriese navorsing en literatuurstudies het dit duidelik geblyk dat indien die kinders in 'n normale gesin (aanwesige vader en moeder) grootword en mentorskap toegepas word, die kanse vir suksesvolle jeugdige baie groter is (Higginbotham *et al.* 2010:233).

Interpersoonlike vaardighede by kinders van 14 – 17 jaar oud het volgens ouers baie tydens die program verbeter. Die betrokkenheid van beide ouers in die program het by die ouderdomsgroep van agt tot tien jaar oud die grootste verbetering getoon. Dit word duidelik gestel dat alle groepe baatgevind het met beide ouers betrokke, maar die resultaat van laasgenoemde groep was die grootste. Die program behoort volgens die navorsers in samewerking met ouers, onderwysers en programmeiers plaas te vind vir die beste uitkomstes (Higginbotham *et al.* 2010:229-242).

In vele mentor-, afrigtings- en leerprogramme is dit verbasend hoe skrywers met die basiese beginsels saamstem. Alhoewel hulle metodes verskil, is hulle uitkomstes meestal positief wat die psigologie op kinders betref. Indien hierdie beginsels op die vlak van ouerskap gebruik word, kan besondere positiewe verandering binne gesinne ontstaan (Stone 2007:1-145; Tucker 2007:8-87; Hussain & Ireland 2007:50-144; Leedman & Parsloe 2009:19-145; De Graaf 2009:1-4).

Tesame met afrigting en psigologie is mentorskap ook 'n belangrike faset. Vandaar ook die volgende vraag:

"Is mentorskap 'n program of 'n lewenswyse?"

Hierdie is 'n interessante vraag as daar in ag geneem word dat mentorskap 'n wyse is waarop verhoogde vloei van waardevolle inligting, vaardighede en insigte wat via mense deur enige media in enige rigting kan vloei. Wat hiermee bedoel word, is dat dit in 'n hiërargie van bo na onder sowel as van onder na bo kan vloei. Dit kan ook van binne of na buite van binne 'n verhouding of organisasie vloei. Dit geld egter slegs indien mentorskap as 'n leefwyse ervaar word. Groei na volwassenheid van die mens het dan positiewe psigologiese gevolge (Hussain & Ireland 2007:29-55).

Indien mentorskap binne gesinsverband bespreek word sonder dat daar positiewe uitkomstes vir kinders is, is die bespreking waardeloos. Dit is egter noodsaaklik dat mentorskapbeginsels deeglik bespreek moet word om enige verwarring in hierdie verband uit te skakel.

Stone (2004:17-22) verwys na mentorskap wat in drie stadiums verdeel word:

- Stadium 1 is waar daar 'n besondere diep vertroue tussen mentor en protégé gevorm moet word. Hierdie stadium kan tot 'n jaar duur en is die belangrikste punt vir 'n positiewe uitkoms van sodanige mentorskap.
- Stadium 2 is die ontwikkeling van gesamentlike doelwitte en strewe wat in eenheid met mentor en protégé aanvaar moet word.
- Stadium 3 kan uiteindelik uitloop op een van twee uitkomstes, naamlik:
 1. Protégé kan of wil onafhanklik van mentor optree.
 2. Protégé kan totaal afhanklik van die mentor word.

In stadium een behoort die mentor kontak te behou sodat kritiese besluite nog deur die protégé aangevul kan word. In die tweede stadium behoort die mentor betrokke te bly, maar meer te begin delegeer sonder om die verhouding te beskadig.

Steytler en Strydom (2007:562) het tydens 'n studie 'n beter en meer betroubare profiel van 'n mentor en deelnemer probeer saamstel. Daar is gedeeltelik van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak deur middel van 'n fokusgroep. Die volwasse mans is almal van die Weskus van Suid-Afrika en was reeds mentors van seuns. Beide partye het dieselfde selfgeadministreerde vraelyste ingevul. Pa's het hul eie seuns asook ander seuns as protégés gebruik. Daar word verwys dat mense in die Weskus redelik onbekend met die begrip van mentorskap is.

Almal wat aan die studie deelgeneem het, is van mening dat die mentors 'n definitiewe geestelike invloed op hul protégés gehad het. Deelnemers het verwys na die feit dat die Here primêr in hulle lewens is. Volgens 'n skaal van nul tot tien, oor hulle verhouding met die Here, was almal bo vyf, en ses uit die tien was bo agt (Steytler & Strydom 2007:567).

Die volgende gevolgtrekkings is na die studie gemaak:

1. Kinders wat onder mentorskap staan, het 'n breër maatskaplike netwerk.
2. Kinders het 'n behoefte aan veiligheid en sekuriteit en 'n behoefte aan liefde en om te behoort. Mentorskap kan dit aan hulle bied.
3. Vir die mentors was die geestelike dimensie meer belangrik as die literatuur.
4. Dit blyk asof deelnemers wat in 'n gesonde gesinsverband leef, juis die mense is wat bereid was om mentors in die studie te wees.
5. Die mentors het met sagmoedigheid die protégés gedissiplineer.
6. Die mentorskapverhoudinge het 'n positiewe bydrae tot hul protégés se lewe gelever.
7. Die deelnemers het dit ook positief ervaar.

(Steytler & Strydom 2007:569-570)

Die waarde van hierdie uitkomstes toon tot 'n groot mate die psigologiese ervaring van die deelnemers en mentors wat waardevolle impakte op hulle gelaat het. Mentorskapverhoudinge bring 'n beter en rustiger omgewing na die gesin of selfs

werkplek. Dit het dan ook 'n positiewe invloed op produktiwiteit. Hierdie kan ook binne gesinsverband van toepassing wees. Die geestelike aspek en positiewe verhouding met die Here word in die hele proses vergemaklik (Wright 2006:4-11).

Indien die bestuur van 'n organisasie die werkers ondersteun deur mentors vir hulle te wees en sodoende die werkers laat groei tot junior leiers, word baie respek vir bestuur by werkers ingeboesem. Beter produktiwiteit, kommunikasie, gelukkiger en meer doeltreffende werkers word gevind. Indien hierdie stelling op die gesin van toepassing gemaak word, sal kommunikasieprobleme binne gesinne ook waarskynlik aansienlik verbeter (Masango 2011:4; Bell 2002:17-70).

Indien normale outokratiese hiërargieë tydens mentorskap toegepas word, blyk dit minder effektief te wees. Mentor en protégé moet langs mekaar beweeg in 'n baie spesiale verhouding met groot respek en liefde tydens die raadgewings- of afrigtingsproses (Higgs 2001:433).

Selfs Bozeman en Feeney (2007:719) verwys na die feit dat 'n meer informele verhouding tussen mentor en protégé in die meeste gevalle beter uitkomstes tot gevolg het.

Die psigologiese effekte op kinders waar leierskap van 'n hoër of laer standaard is, het dienooreenkomstige resultate op die kind en jeug se groei na volwassenheid gehad. Daarom is dit nodig om tydens hierdie studie ook aandag te skenk aan die begrip van leierskap. 'n Goeie leier neig tog om ook in baie gevalle 'n goeie mentor te wees. Die twee begrippe neig om mekaar aan te vul, alhoewel dit ook in sommige gevalle verskil.

In 'n artikel deur Masango (2011:1) word verwys na Prof. Dr. Andries van Aarde wat vir besonder baie studente in sy tyd as dosent by Pretoria Universiteit as mentor opgetree het. Die artikel is ook aan hom opgedra. Hy sien 'n mentor as 'n persoon wat 'n proses van koestering fasiliteer. Dit bring doeltreffende omgee en versorging wat lei tot groei by die mens. Dit is 'n proses van leiding met die doel om die protégé se gedrag so positief

te verander dat hy sy funksies ten volle en effektief kan uitvoer. 'n Finale fase van mentorskap is om 'n vorm van evaluasie te hê wat die vordering van die verhouding tussen die mentor en protégé evalueer. Dit is dan ook nodig dat daar met die protégé ooreengekom word op die evaluasie van sistematiese ontwikkeling van vaardighede en leierskapvermoëns. In die taal van terapie vind die hulpsoeker (kliënt) krag van die helper (terapeut). In hierdie proses leer die protégé om die mentor na te volg en te internaliseer. Die proses van mentorskap maak dat die suksesvlak van die protégé verhoog. Die resultaat hiervan is dat groot leiers kan ontwikkel wat op hulle beurt weer goeie mentors kan wees.

In die onderstaande literatuur verwys verskillende skrywers na die behoefte om jeugmentorskap verder te bestudeer. Hulle studies is as volg onderverdeel:

- Mishandelde en verwaarloosde jeug.
- Jeug met 'n gebrek.
- Verwagte jeug en jeug as ouers.
- Jeugdige oortreders.
- Akademiese risiko student.

Hierdie skrywers verwys na die absolute noodsaaklikheid van mentorskap vir die jeug. Hulle beweer ook dat daar nog geensins genoeg navorsing gedoen is om genoeg mentorskapprogramme vir die jeug beskikbaar te stel nie. Hulle bewys deurgaans na die positiewe uitkomstes van sodanige programme op die jeug (Britner 2006:748; Balcazar *et al.* 2006:748-759; Blechman 2006:748-760; Blinn-Pike 2006:750-755; Larose 2006:748-760; Leedman & Parsloe 2009:19-39).

Alhoewel die volgende 'n gewilde bron is, is dit interessant dat John C. Maxwell (2007), wat die topverkoper-skrywer van die *New York Times* se *21 onweerlegbare wette van leierskap* is, juis na elke hoofstuk verwys as 'n "mentorskapwenk". Dit illustreer ook die belangrike verhouding tussen mentorskap en leierskap. Alhoewel dit meer 'n gewilde bron as 'n akademiese bron is, word daar hier in die praktyk getoon dat daar 'n noue

verwantskap tussen leierskap en mentorskap is, soos dit in hierdie studie bespreek word.

Uittreksels uit bogenoemde mentorskapwenke gee tot 'n mate meer insig in die omvattendheid van die woord "mentor", asook sekere konneksies tussen laasgenoemde en leierskap:

- Dit is die taak van 'n leierskapmentor om te beoordeel hoe die mense vir wie jy as mentor optree, verhoudings hanteer. Sodanige onvermoë kan die sukses van die mentor totaal kelder (Maxwell 2007:11).
- 'n Mentor moet in staat wees om homself doeltreffend te lei, byvoorbeeld selfbeheersing, eie inisiatief, kreatiwiteit en deursettingsvermoë (Maxwell 2007:22).
- 'n Leierskapmentor moet die mentor toets op die wyses waarop hulle geleenthede en krisisse hanteer (Maxwell 2007:35).
- Daar moet gelet word op watter wyse die opkomende mentor kritiek hanteer (Maxwell 2007:46).
- 'n Mentor moet sy mense met passie hanteer en hulle behulpsaam wees om hul unieke doel in die lewe te verwesenlik (Maxwell 2007:55).
- Elke mentor moet 'n aandagtige luisteraar wees. Dit sluit in positiewe nieverbale tekens en selfs 'n gemaklike atmosfeer in die vertrek tydens die gesprek (Maxwell 2007:65).
- Die leierskapmentor moet die mentor help om sy sterk punte te bepaal om sodoende dit weer aan sy toekomstige leerders oor te dra (Maxwell 2007:76).
- Die leierskapmentor moet sy eie ervarings met die mentor deel (Maxwell 2007:84).
- Die hoofkomponent van leierskap is of die mentors wat gelei word sukses behaal. Die mentor moet bewus wees van die moraal en sukses van dié wat onder sy leiding staan (Maxwell 2007:95).

- Die belangrikste en moeilikste stadium is die oorgang van leier van volgelinge na die leier van leiers. 'n Mentor moet die vermoë hê om sodanige leiers raak te sien en in die proses te help (Maxwell 2007:107).
- “As mentor en leier moet jy 'n omgewing skep waar foute nie net verdra word nie, maar verwelkom en aanvaar word as die prys van vordering” (Maxwell 2007:127).
- Die leier moet vir die mentor deeglike opleiding en afrigting in ten minste een spesifieke vaardigheidsgebied beplan (Maxwell 2007:139).
- Bied as leier aan om die moeilikste oplossing saam met die mentor deur te werk en op te los (Maxwell 2007:161).
- Mentors moet hulself sien as klimmers of verhoudingsbouers, wat hulle van nature is (Maxwell 2007:208).
- Mentors moet die mense wat hulle lei met meetbare resultate uitdaag (Maxwell 2007:229).
- Mentors moet hulle mense altyd na die volgende vlak begelei (Maxwell 2007:242).
- Mentors moet baie seker maak om mense wat hulle lei te bedank en te eer vir hul prestasies (Maxwell 2007:2).

Die volgende psigologiese inligting rakende mentorskap is bekom deur Steytler (2007:80). Uit 130 deelnemers het 114 (85%) aangedui dat hulle 'n behoefte aan 'n mentor het, terwyl 19 (14%) die teendeel aangedui het. Daar is ook onderskeid gemaak tussen vier seuns in 'n gesin. Die inligting is van oud na jonk gekategoriseer. By die oudste seun of enigste seun in die gesin het 86% van deelnemers 'n behoefte aan 'n mentor gehad. By die tweede seun het 87.5% 'n behoefte aan 'n mentor gehad. In die geval van 'n derde seun was dit 70%. By die vierde seun het 100% van deelnemers aangedui dat hulle 'n behoefte aan 'n mentor het.

Soos hierdie studie se empiriese navorsing aantoon, is daar egter nie altyd die ideale omgewing vir mentorskap nie. 'n Drastiese afname in die beskikbaarheid van goeie mentors is veroorsaak deur egskeidings, afsterwe, belangeloosheid en onkundigheid.

Hierdie afname het die gevolge van enkelouers, aangetroude kinders en weeskinders. In sulke gevalle behoort gepoog te word dat vrywilligers as mentors optree (Scales & Leffert 1999:1-7).

Volgens Rhodes (2011:1-7), behoort daar aanpassings binne gesinne, onderwys en opleidingsnetwerke gemaak te word om sodanige mentorskappe suksesvol toe te pas.

Volgens Johnson (2003:3-5), is interpersoonlike vaardighede met al sy fasette onontbeerlik vir 'n mentor om vir kinders of jeug van waarde te wees. Kinders is veral baie gesteld op vertroue, ondersteuning en eerlikheid. Om 'n kind met sy drome, doelwitte en sukses te help, is onder andere die volgende nodig:

- 'n Goeie begrip van interpersoonlike vaardighede wat nodig is vir die bou van konstruktiewe verhoudings.
- 'n Goeie begrip van die waarde van konstruktiewe verhoudings.
- 'n Begrip van die probleme in die vorming van konstruktiewe verhoudings.
- Beskikking oor die vermoë om goeie interpersoonlike vaardighede te bemeester.
- Verbinding tot die bemeestering daarvan.

Vir die mentor is die belangrikste beginpunt om sy eie interpersoonlike doeltreffendheid te toets en te ontwikkel. Dit kan beskryf word as die mate waartoe die gevolge van jou optrede by jou intensies pas en of jou protégé dit so ervaar.

Selfverwesenliking speel ook 'n groot rol by die mentor se vermoë om in homself te glo en om sy volle potensiaal in die goeie verhoudings wat hy kan bou te kan uitleef (Johnson 2003:3-5).

Johnson (2003:7) verwys tereg na die volgende stelling van Albert Camus:

*"Don't walk in front of me
I may not follow
Don't walk behind me
I may not lead
Walk beside me
And just be my friend."*

Die waarde van interpersoonlike vaardighede word volgens Johnson (2003:12) ook as volg beskryf:

"A real friend is one who walks in when the world walks out." –Walter Winchell

Hierdie is ook waardevolle woorde vir enige mentor en veral tussen mentor-ouers en kinders.

'n Persoon wat as mentor wil optree, moet dus sonder twyfel eers na sy persoonlike denke, emosies en lewenswyse omsien voordat hy kan verwag dat iemand anders hom as 'n mentor sal sien. Ouers, onderwysers en andere moet besef dat mentorskap verdien moet word. Kinders, jeug en andere sal nie sonder meer enige een in sy vertrouwe neem nie.

Die volgende is enkele ononderhandelbare vaardighede vir 'n mentor om mentorskap suksesvol te verwesenlik. Gereelde selfondersoek in hierdie verband blyk onontbeerlik te wees:

- Dit is noodsaaklik vir 'n mentor om sy eie emosies te leer ken en te bemeester sodat dit nie negatiewe effekte op die vertrouensverhouding tussen die mentor en protégé kan veroorsaak nie.

- In die geval van emosies behoort dit so onder beheer te wees dat selfs negatiewe denke en ervarings so gekanaliseer word dat dit 'n positiewe effek op die protégé se denkwyses en gedagterigting tot gevolg sal hê.
- 'n Mentor behoort sy eie selfmotivering tot 'n besonder hoë vlak te verhoog, aangesien dit een van die faktore is wat ander mense selfs sonder woorde kan ervaar. Dit bring 'n soort entoesiasme mee wat as “aansteeklik” beskou kan word.
- 'n Mentor behoort in staat te wees om 'n fyn waarnemer van ander se emosies te wees. Sonder laasgenoemde sal dit onmoontlik wees om passie en empatie te hê. Passie en empatie is op hulle beurt weer die hoekstene wat gesonde verhoudings volhoubaar kan maak.
- Leer om alle verhoudings, gesprekke, probleemoplossings en selfs kritiek met omsigtigheid te hanteer. Omdat mense so verskillend is en optree, verg dit wyses en delikate optrede om by hulle te kan aanpas om vertrouensverhoudings oor die langtermyn te kan handhaaf.

(Hussain & Ireland 2007:79-92; Bell 2002:153-164; Goleman 1996:42-44)

Hussain en Ireland (2007:92) verwys ook na Goleman (1996:42-44) se werk en brei ook selfs daarop uit deur dit met die psigologie van afrigting, mentorskap en die leerproses te kombineer.

Hieruit is dit weereens duidelik dat die drome, doelwitte en suksesse van die protégé slegs deur hom aanvaar en verwesenlik sal word, indien die mentor binne hul verhouding 'n besondere inslag het.

3.3 Ouer-kind verhoudings

Hier word besprekings gevoer aangaande die effek van ouers se optrede teenoor hulle kinders; beide op die kognitiewe, emosionele en psigologiese vlakke van die kind. Hierdie verhoudings sal konsekwent verwys na die woorde wat ouers gebruik, tot watter

mate die ouers luister, asook hulle vraagtegniek. Ander belangrike elemente binne gesinsverhoudings, soos aanraking en die ontwikkeling van 'n goeie selfbeeld, sal ook onder bespreking kom.

Kinders is besonder gevoelig vir bogenoemde en dit moet gekoester word om sodanige invloed op die kind te hê, sodat dit latere positiewe uitkomstes tot gevolg kan hê. Positiewe ouerskapoptrede kan positiewe gedrag en emosioneel intellektuele jeug tot gevolg hê.

Die vraag kan gevra word of die ouers dan wel so 'n groot impak op kinders kan hê? Die Bybel het heelwat verwysings na kinders en toon ook God en Jesus Christus se besondere liefde vir hulle. Daar is veel meer in die skrifte in die Bybel wat dit aantoon, maar hier is slegs enkele voorbeelde: Markus 10:13; Matteus 19:14; Efesiërs 5:1; 2 Korintiërs 12:14; Markus 9:42; Markus 9:37; Kolossense 3:2.

Indien gekyk word na die kinders in die geskiedenis, word gevind dat daar enorme verskille is teenoor vandag, maar die basiese beginsels van die belangrikheid van die kind het tot vandag toe nog geensins verander nie.

Die verhoudings tussen ouers en kinders het oor die jare 'n duidelike verandering ondergaan en veral ten opsigte van kommunikasie, liefde, aandag en mentorskap. Volgens Medhus (2004:1-2) was hierdie verhouding in die 1900s een waar die vader die outoritêre diktator (ook mentor) was en die kind die gehoorsame voorwerp. Die moeder was die sorgsame huishoudster, wat in hierdie diktatorskap van die gesin 'n baie beperkte jurisdiksie gehad het. Ook in die vroeë antieke tye was bogenoemde die geval. Alhoewel mentorskap 'n ander betekenis as vandag gehad het, waar 'n mentor gesien word as 'n liefdevolle raad- en leidinggewende figuur, was dit eerder in die vroegste tye as 'n outoritêre, byna militaristiese verhouding binne gesinsverband weerspieël (Golden 2009:50-59).

Die verhoudings tussen ouers en kinders was so uniek in hierdie geskiedkundige tyd dat kinders sonder “vaders” in beide die Griekse en Latynse verwysings as weeskinders beskou was en “orphanoilai” en “orbilae” genoem is. Dit selfs in gevalle waar die moeders nog gelewe het. Indien egskeidings plaasgevind het, is kinders onder die voogdyskap van die vaders geplaas (Golden 2009:41-54).

Sedert bogenoemde antieke tye het vele veranderings plaasgevind. In die onlangse verlede waar ekonomiese, industriële en elektroniese ontploffings plaasgevind het, het dit ook ’n beduidende invloed op die gesinsleuens asook gesinsamestelling gehad.

Dit het gelei tot ’n generasie waar ouers minder teenwoordig en betrokke by hulle kinders was. Die vader en moeder was in die meeste gevalle beide in professies en die kind is basies gelos om te doen wat hy goed gedink het. In baie gevalle het sodanige kinders teen dissipline begin rebelleer omdat dit nie deel van hul grootwordproses was nie. Die gevolg was dat daar in sommige gevalle weerstand teen enige vorm van gesag ontwikkel het. Die “hippie era” is ’n goeie voorbeeld hiervan (Medhus 2004:3-4; Hübner & Ratzan 2009:3-21).

Die beskikbaarheid van meer geld in ’n ekonomiese bloeitydperk het veroorsaak dat die mense binne die gemeenskap gemeet is aan suksesse en materiële bates. Laasgenoemde is ten alle koste beskerm en verkry. Dié wat nie rykdom verkry het nie, is as waardeloos beskou en het dikwels hulle selfbeeld verloor. In baie sodanige gevalle het dit dan ook die spieëlbeeld vir hul kinders geword (Hübner & Ratzan 2009:5-16; Medhus 2004:4-6).

Groot maatskaplike en sosiologiese veranderinge word tans wêreldwyd beleef. Suid-Afrika is ook deel van hierdie veranderinge, soos blyk uit die gesinstrukture en wetgewing wat verander het. Die verantwoordelikhede en rolle het tot so ’n mate verander dat dit die kommunikasie en vertroue binne gesinne dramaties verander het. Hierdie sosiale verandering, asook die normale veranderinge wat seuns en dogters in hul laat-middelbare beleef, dra by tot ’n meer intense belewing van beide seuns en

dogters se fisiese, psigiese en sosiale ontwikkeling vir verhoogde maatskaplike funksionering. Faktore soos afwesige en/of alternatiewe vaders, met die gevolge daarvan, kan 'n besondere groot impak op sodanige kind se ontwikkeling hê. Mentors kan 'n uiters positiewe rol in hierdie verband speel (Steytler & Strydom 2007:29).

In hierdie gevalle is ook bevind dat kinders groot probleme met kommunikasievaardighede ondervind het en dit was dan een van die gevolge waar ekstreme gedragsprobleme ontstaan het. Die onvermoë van die kind om sy behoeftes (via normale kommunikasie) bekend te maak, het dan tot groot frustrasies en rebelsheid by sodanige kinders gelei (Kirkey 2007:16).

Mbandeka (2012:2) van die Career Institute Africa verwys in haar artikel na die kommunikasie tussen ouers en kinders. Kommunikasie tussen ouers en kinders was dalk in die verlede nie as belangrik beskou nie, maar vandag meen kenners dit is noodsaaklik. Nie net is dit tot voordeel van die kind nie, maar vir die hele gesin.

Die volgende vraag is gereeld gevra: "Waaroor moet ouers met kinders kommunikeer, en wanneer is die tyd reg om oor wat te gesels?" Ouers is veral bekommerd oor watter aspekte van hul kinders se lewens noodsaaklik is om te bespreek. Belangrike kwessies wat by tieners hanteer moet word sluit in seks, dwelms, drank en riskante gedrag. Hierdie onderwerpe mag onder geen omstandighede bloot geïgnoreer word nie.

Mbandeka (2012:2) beweer ook dat kinders die houding agter ons woorde hoor en dat jou houding teenoor hulle vandag as grondslag vir toekomstige gesprekke kan dien. Probeer ook om nie te oorreageer wanneer kinders sensitiewe kwessies ophaal nie. Dit is belangrik om jou kind aan te moedig om hom- of haarself te wees en groepsdruk te weerstaan, veral in die skool waar kinders baie wreed met mekaar kan wees. As kinders egter geleer is om selfversekerd te wees, sal hulle hierdie druk maklik weerstaan.

Die Kinderontwikkelingsinstituut het verskeie maniere geïdentifiseer waarop ouers doeltreffend met kinders kan kommunikeer. Dit sluit in om met hulle te deel hoeveel jy omgee, belangstel en hoe betrokke jy as ouer is.

Mbandeka (2012:2) verwys na 'n paar moets en moenies oor kommunikasie met jou kind:

- Moet hom nooit in die verleentheid stel nie. Dit sal net lei tot wrewel en vyandigheid.
- Moenie bo jou kind uittoring nie. Sak fisies af tot op jou kind se oogvlak en gesels dan.
- Indien jy kwaad is oor 'n spesifieke voorval, moenie probeer kommunikeer totdat jy tot bedaring gekom het nie. Bly te alle tye kalm.
- Indien jy moeg is, wend 'n ekstra poging aan om 'n aktiewe luisteraar te wees.
- Luister versigtig en moenie jou kind onderbreek nie.
- Moenie vra hoekom nie; vra eerder wat gebeur het.
- As jy kennis van die situasie dra, konfronteer die kind met die inligting.
- Moenie neerhalende woorde soos “dom”, “simpel”, “lui”, ens. gebruik nie.
- Help jou kind om oplossings vir sy probleem te vind.
- Wys hoe lief jy hom het, maak nie saak wat hy gedoen of nie gedoen het nie.

Die kern van die kwessie is dat beide ouers en kinders openlike kommunikasiekanale moet kweek en behou, aangesien daar gevaarlike gevolge kan wees as ons nie met mekaar gesels nie (Pieterse 2010:112-115; Mbandeka 2012:2).

Afgesien van die afname van die tyd wat saam met kinders spandeer word, is daar ook die televisie, persoonlike rekenaars en selfone wat 'n negatiewe effek op die kind se lewensbeskouing en luister- en kommunikasievaardighede veroorsaak het. Bogenoemde media het direk in kompetisie met die gewone gesprekvoering tussen ouers en kinders begin tree.

Indien kommunikasie binne gesinsverband afneem of verdwyn, word menige negatiewe aspekte by die karakterontwikkeling van die kinders waargeneem. In gevalle waar vaders nie meer beskikbare vaders is nie, blyk dit asof dit menige ander negatiewe faktore vir gesinne, huwelike en kinders tot gevolg het.

Sosiologies word verwys na die feit dat die begin van vaderskap reeds begin met die geboorte van die kind. Die vader is die perfekte persoon om die volle betekenis van die huisgesin en die huwelik te ontwikkel en te onderhou. Die gesin moet ook in die gemeenskap sosiaal erkenbaar gemaak word deur die vader. Die vader behoort 'n onlosmaaklike verbinding tussen moeder en kinders te bring (Freeks 2004:112; Pieterse 2010:119-123).

Op psigologiese vlak word verwys na die gesagsfiguur van die vader wat die morele karakter by sy huis moet vestig en geensins verwag dat skole dit moet doen nie. Indien die vader afwesig is of nie aandag aan die psigologiese aspekte van die gesinslewe skenk nie, kan dit 'n verswakkende effek op die verhoudings binne die gesin hê, wat dan tot 'n dramatiese negatiewe lewenskwaliteit van die huwelik en kinders kan lei (Freeks 2004:113, vergelyk ook Miller 2010:6-18).

Die afwesige vaderfiguur kan moontlik een van die mees algemene en selfs mees ekstreme negatiewe faktore wees wat kinders se ontwikkeling strem. In die huidige tydvak is al hoe meer moeders aan hulle eie beroepe gebonde. Dit het die gevolg dat ouers en kinders nog minder gehaltetyd met mekaar deurbring (Harwood, Miller & Vasta 2008:450; Steytler & Strydom 2007:34).

Alhoewel ander literatuur na bogenoemde probleme op verskillende aspekte en gevolge vir kinders verwys, dui Vogel (2008:16-18) aan hoe dramatiese uitkomstes later in die kind se lewe kan voorkom:

- Swak akademiese prestasies.
- Meer kinders met aandagsgebrek-hiperaktiwiteitsindroom (AGHS).

- Verhoudingskeurings tussen ouers en kinders.
- Meer druk op gesinstrukture asook huweliksprobleme.
- Swak verhoudings met vriende.
- Dit kring ook uit na onderwysers, sportafgterers en die nabye samelewing.
- Dwelm- en drankmisbruik asook seksuele wangedrag is aan die orde van die dag.

3.3.1 Die kognitiewe ervarings van die kind

Alhoewel vele faktore 'n rol speel by die ontwikkeling van die kind, is kommunikasie een van die belangrikste faktore as dit kom by enige bespreking oor verhoudings. By die ouer en kind verhoudings is dit ook geen uitsondering nie. Volwassenes is geneig om te dink dat die kind net die woorde ervaar wat gespreek word, maar dit is duidelik dat die kind selfs meer as die volwassene, alle vlakke van kommunikasie, ervaar.

Sleutelwoorde wat binne kommunikasiestrukture in gedagte gehou moet word, is: sien, waarneem, luister, beklemtoning, aanvaarding en verantwoordelike reaksie. Die nieverbale faktore soos liggaamstaal, gesigsuitdrukkinge, oogkontak, toonhoogte van stem, voorkoms en aksies kan doeltreffende kommunikasie maak of breek (Gerdes 1998:54-56; Grieve & Van Deventer 2005:1-13).

Positiewe kommunikasie vanuit 'n liefdevolle verhouding tussen ouer en kind lê die grondslag vir die oordrag van positiewe waardes aan die kind. Dit skep ook die geleentheid vir ouers om van blote oerleiding na 'n spesiale plek van mentorskap vir die kind te beweeg. Dit stel die kind ook in staat om sinvolle godsdienstbelewinge te ervaar. Dit gee ook die kind die geleentheid om tot Christelike volwassenheid te ontwikkel (Larney & Lotter 2005:681).

3.3.1.1 Woorde

Ouers moet besef dat hulle woorde hul kinders se toekoms kan vernietig of kan skep. Konstante negatiewe boodskappe is dikwels die oorsaak van kinders se gebrek aan selfbeeld en selfvertroue.

Vernederende woorde soos “Ag nee man, jy is dom” of “Jy bly maar ’n nikswerd” is tipiese woorde wat blywende letsels op die kind los. Die ouer vergeet dit, maar die kind verwerk dit as feitelik. “Jy sal tog nooit atletiek kan doen nie” of “Jy kan maar net nie wiskunde doen nie” begin later so diep in die onderbewussyn van die kind vassteek dat hy nie eers verder poog om dit reg te kry nie.

Blamerende stellings soos “Dit is al weer jou skuld” of “Was jy nou weer onverantwoordelik?” bewys aan die kind dat hy volgens sy ouers nie betroubaar is nie.

Veralgemenende stellings soos “Jy is net so onbetroubaar soos al die jongmense” plaas die kind in ’n onaanvaarbare groep en die kind is later heeltemal geneë om nie enigsins bo die lae of gemiddelde groep uit te styg nie.

Sarkastiese stellings soos in die geval waar ’n kind dalk trots is omdat hy iets gewen het en die ouer maak die volgende stelling: “Ag, dink jy dit was enigsins kompetisie vir jou?”. Die gevolge hiervan kan lei tot ’n permanente verloordermentaliteit (Gerdes 1998: 58-59; Bunge 2008:41; Miller 2010:40-50).

In menige terapeutiese sessies praat ouers van probleemkinders terwyl die skuldiges eintlik in baie gevalle probleemouers is (McGraw 2009:21).

3.3.1.2 Luister

Die onvermoë of onwilligheid om eerlik en begrypend na mekaar te luister, is sonder twyfel ook een van die vernaamste probleme binne gesinsverhoudinge. Die

algemeenste neiging is dat elke gespreksgenoot sy eie argument so goed moontlik wil stel. Selfs by volwasse gesprekke, neig dit na 'n kragmeting waar iemand oortuig moet word om as wenner te seëvier. Die uitgangspunt behoort verkieslik te wees: verloor eerder die argument en behou die vertrouwe, vriendskap en welwillendheid. By langtermynverhoudings tussen ouers en kinders is dit des te meer belangrik (Smith 1990:65; Bornsheuer *et al.* 2012:58).

Indien die kind by die huis kom met 'n probleem of fout wat hy gemaak het, is die normale eerste reaksie van sommige ouers om die kind te betig en selfs bitsige woorde te uiter, alvorens hulle die volle verhaal deurgeluister het. Die navorser verwys na 'n seun wat eendag die stelling gemaak het dat sy ma hom leer leuens vertel het. Toe ek vra: "Hoe bedoel jy nou?", was sy antwoord: "Telkens as ek die waarheid vertel, skel my ma my erg uit, nou moet ek maar vir haar lieg" (vergelyk ook McGraw 2009:170-171).

Een van die belangrikste beginsels is dat gekonsentreer moet word op die *verhouding* en nie op die *gebeure* nie. Goed bedoelde woorde kan soms deur die beperkte insig van die kind se brein (wat nog in 'n ontwikkelende fase is) as negatief ervaar word (Smith 1990:65; Bornsheuer *et al.* 2012:58).

Volgens Gerdes (1998:55), verg dit uiterse goeie dissipline om intens te *luister* sonder om gereed te maak vir die teenargument waarmee die kind gebombardeer kan word, veral as die situasie vol emosies is.

In 'n artikel deur Loubser (2013:1-2) word verwys na ouers se bedreigende kommunikasie wat op drie vlakke lê, naamlik lyftaal, stemtoon en woordkeuse.

Lyftaal openbaar in baie gevalle ouers se gesindheid, irritasie, haastigheid of meerderwaardigheid.

Stemtoon verdoof soms die woorde. Die volgende sin kan met verskillende stemtone die hoorder twee totale verskillende boodskappe uitstuur: "Liefie, jy weet mos dat ek jou

lief het.” Ouers se stemtoon kan baie keer net te hard, te sag, te versigtig of te selfversekerd wees. Dit kan die boodskap doodmaak.

Formulerende luister is weer ’n luister met die een oor. Terwyl jy luister, is jy eintlik besig om ’n antwoord te formuleer. Jy is besig om jou woorde agtermekaar te kry om, sodat sodra die persoon ophou praat, jy gereed is met die antwoord.

Woordkeuse kan weer die hoorder óf nader nooi óf afstoot. Woorde soos “nooit”, “altyd”, “nee” en “maar” is struikelwoorde. Jy kan bloot met die woord “shame” jou hoorder verkleineer of blameer. Byvoorbeeld: “Kan jy nie net die moeite gedoen het en vir ons gebel het om te sê waar jy jou bevind nie?” teenoor: “Dis vir my baie lekker as jy bel, want dan weet ek waar jy is” (Loubser 2013:1-2; Bell 2002:75-78).

Bell (2002:72-75) beweer saam met die ander skrywers hieronder dat die luisterproses op tweeërlei wyses toegepas kan word. Hy maak ook melding dat min mense die vermoë ontwikkel het om goed te luister.

Passiewe luister en *Aktiewe* luister. Passiewe luister kan wel gepaard gaan met die luisteraar wat met aandag luister, soos in die geval van aktiewe luister. ’n Voorbeeld hiervan is dat gevalle waar ouers aandagtig luister, maar op elke stelling van die kind met ’n “Ja”, “Nee” of ’n “hmm” antwoord. In die geval van aktiewe luister vra die ouers byvoorbeeld die kind uit oor ’n stelling, gee erkenning of vra ’n vraag, na aanleiding van die kind se stelling. Aktiewe luister het dus meer die neiging om kommunikasie tussen sodanige ouer en kind te verbeter in ’n tweerigtinggesprek waar beide partye kan groei en baat vind (Van Wyk 1988:55-62; Miller 2010:55-60).

Gesprekke met ouers moet veel meer ingestel wees op die gevoelens wat woorde veroorsaak, as die feite. Die feitevraag soos: “Wat het gebeur?” behoort meermale uit te loop op ’n innerlike belewenisgesprek soos: “Hoe voel jy daaroor?” Dit bou die vertroue, omgee en liefdesbande baie sterker. Dit gaan dus om meer as die “harde feite”, maar ook dít wat agter die ervaring lê (Smith 1990:65-66).

3.3.1.3 Liggaamstaal en vraagtegniek

Die kommunikasieproses kry ook gestalte deur liggaamstaal, gesigsuitdrukking en positiewe gesindheid. In baie gevalle word verwys na die belangrikheid van nieverbale kommunikasie. Gesigsuitdrukkinge en stemtoon kom in baie gevalle nie ooreen met woorde wat deur ouers geuit word nie. Dit kom baie voor waar ouers te “besig” is om aan die kind aandag te gee. Die kind verstaan in baie gevalle nie die ouers se “besige skedule” nie (Lewis 1991:24).

In ’n artikel deur Van Wyk (2012:1-3) oor oerleiding in Gesprek 5 van *“Hoe praat ons dat ons kinders na ons luister”* stel hy dit as volg: “Dikwels kry ouers baie weerstand van ons kinders, veral as ons hulle laat skuldig voel, hulle selfbeeld afkraak of op die verdediging plaas of só in ’n hoek druk dat hulle ‘terugbaklei’. Tipiese strikke waarin ouers gereeld trap, is om ‘oplossingsboodskappe’ te stuur; opdragte te gee; te dreig en te preek. Kinders ontwikkel ’n weerstand teen opdragte, hulle voel ons vertrou hulle nie om self ’n oplossing te vind vir die probleem nie en/of dat hulle ook nie gerespekteer word nie.”

Die eerste stap van die begrip “liggaamstaal en vraagtegniek” het nie veel te doen met woorde nie, maar eerder met byvoorbeeld ’n gesigsuitdrukking. Indien die ouer byvoorbeeld die kind kwaai aankyk, sal ’n heel ander reaksie verkry word as in die geval waar die kind met empatie aangekyk word. Indien die kind duidelik kan hoor en sien dat daar ’n positiewe emosionele stem of houding na hom/haar toe kom, sal die kind ook beter luister en reageer. Hoe beter die ouer se vermoë is om aandagtig te luister voor hy/sy reageer, hoe dieper sal die kind se ervaring van die gesprek wees, wat effektiewe verhoudings tot gevolg sal hê (James & Gilliland 2001:48-53; Bell 2002:75-78).

Liggaamstaal word in baie gevalle onderskat en word met reg verwys as nieverbale kommunikasie. Deur byvoorbeeld agteroor te sit met jou hande voor jou bors gevou, openbaar jy ’n soort negatiewe of outokratiese gesag. Deur effens vooroor te leun en belangstellend in die kind se oë te kyk, kan die ouer soveel meer tydens die gesprek

vermag. Daar is vele sulke voorbeelde, soos onnodige vingerwys, 'n negatiewe trek van jou mond, oë wat kwaai lyk of rondkyk as die kind praat, irriterende beweging van bene en arms, en onnodige gekrap aan jouself. Hierdie is alles duidelike simptome vir die kind dat daar nie intens na hom geluister word nie (James & Gilliland 2001:53-55).

James en Gilliland (2001:54-58) verwys ook na die belangrikheid dat die ouer die kind die geleentheid gun om sy hele storie en/of mening te verduidelik, 'n rukkie te wag en dan met passie te antwoord, sonder kras kritiek voor aandagtig geluister is. Hy verwys ook na die feit dat indien kritiek nodig is, daar seker gemaak word om die regte tyd te kies en selfs dit dan met empatie oor te dra.

3.3.1.4 Aanraking

Aanraking bly 'n baie belangrike deel van nieverbale kommunikasie. Kinders se behoefte aan drukkie (aanraking) is byna onuitputlik. Dit verskaf veel meer waarde as baie woorde. 'n Uiterste waardevolle gevoel van kameraadskap word gevestig waar die pa en sy jong seuntjie mekaar se handpalms teen mekaar klap. Speelse of troostende aanraking gee duidelike boodskappe van liefde en toegeneentheid. Selfs as daar gedissiplineer moet word, haal liefde die angel uit dit wat ouers dalk verplig is om te doen (Keeley 2008:115-131; Lewis 1991:24).

Uit die deskriptief-empiriese benadering in Hoofstuk 2 (2.3.3), wys die evaluering van deelnemers ten opsigte van "liefde, woorde/luister, hulpverlening, aanraking en versorging" dat 58.32% van deelnemers gemiddelde en swak ervarings het. Slegs 41.66% van deelnemers het dit positief ervaar.

Ouerskap is nie 'n blote teenwoordigheid sonder gehaltetyd nie. Die teenwoordigheid is nie vormloos en leeg nie. Dit is van onskatbare waarde indien die vader en moeder in ooreenstemming met mekaar 'n ondersteunende rol vir die kind vervul (Larney & Lotter 2005:681).

Die volgende stelling is tydens die empiriese studie se onderhoude deur 'n ouer gemaak: "Ag, ek geniet my kinders, die onderwysers moet hom maar reg kry." Die kind se karakter en veral 'n goeie morele karakter word nie by die skool aangeleer nie, maar wel by die huis waar die ouers die verantwoordelikheid neem met die vader as die leidingnemende figuur. Die betrokkenheid van beide vader en moeder is die belangrikste faktore as dit kom by gesonde verhoudings tussen ouers en kinders. Vaders en moeders moet saam besin oor hul optrede teenoor hulle kinders se opvoeding, kommunikasie, straf, ensovoorts. Indien daar nie eenstemmigheid is nie, kan die kind met verwarrende seine gebombardeer word, wat kan lei tot kinders wat opstandig teenoor hul leiers en reëls kan optree en wette van die samelewing sal disrespekteer (Ferreira 1994:60-68).

Freeks en Lotter (2011:575-595) gee waardevolle inligting in hulle artikel oor karakteropvoedingsprogramme vir kollegestudente. Hulle verwys na 'n belangrike faktor, naamlik dat sodanige opvoeding die boustene vir die behoud van gesonde samelewings is. Hulle verwys na bewyse in die literatuur wat aantoon dat samelewings in Suid-Afrika krisistye beleef aangaande waardes, karakter en moraliteit. Aanbevelings word ook voorgestel om morele waardes by onderwyskolleges in Suid-Afrika te verbeter deur programme in hierdie verband aan te bied. Daar word ook sterk klem gelê op programinhoud wat algemene religieuse beskouings bevat. Indien Freeks en Lotter (2011) se bevindings onder studente sodanige resultate opgelewer het, behoort jonger kinders des te meer daarby baat te vind. Suid-Afrikaanse geweld- en misdaadstatistieke waarna Freeks en Lotter (2011:593) verwys, strook met statistieke wat later in hierdie hoofstuk onder skoolkinders na verwys word. Dit kom selfs tot 'n groot mate ooreen met hierdie studie se deskriptief-empiriese benadering wat in Hoofstuk 2 vermeld word.

Freeks en Lotter (2009:519-534) verwys ook in hulle Koersbulletin vir Christelike Wetenskap dat afwesige vaders vele negatiewe uitkomstes vir kinders inhou. By kinders word verskillende sosiale, ekonomiese, emosionele en psigologiese probleme ondervind. Die rol van die vader en moeder binne gesinsverband is van onskatbare

waarde by die psigologiese perspektiewe van die kind en kan deur die volgende stellings saamgevat word:

- Die vader behoort gesag uit te oefen om morele waardes te ontwikkel.
- Die vader moet as gesagsfiguur optree om goeie karaktertrekke by sy kinders te bou.
- Selfs goeie interpersoonlike verhoudings tussen ouers en kinders is hoofsaaklik die plig van die vader. Dit begin reeds vroeër as puberteitsjare.
- Jong vaders en moeders behoort streng daarop te let om nie 'n kultuur van afwesige ouerfigure te skep nie. Dit gebeur maklik omdat veral finansiële verpligtinge druk daarop plaas.
- Jong vaders is ook geneig om kuier en partytjies te verruil vir hul verantwoordelikheid as 'n teenwoordige en betrokke vader.
- Die aanwesige vader en moeder bewerkstellig 'n goeie selfbeeld, selfkonsep en selfvertroue, en behoort hul gedrag, vaardighede en kennis aan die kind oor te dra.
- Die moeder behoort die begrip van liefde, omgee en versorging aan die dogters en seuns oor te dra (Freeks 2004:73-74).

Alhoewel vroueregte met reg in ons tyd gepropageer word, speel beide ouers waardevolle rolle binne gesinne; elkeen in sy eie reg. Die vader bly egter 'n baie belangrike figuur wat gesien moet word as die voorsiener van 'n manlike gedrag wat kinders se karakter ontwikkel en hulle identiteite fasiliteer. In sulke gevalle sal die vader die kind geleenthede vir selfidentifikasie bied en ondersoekende gedrag bemoedig. Dan moet die vader egter reeds op 'n vroeë ouderdom inskakel en met veral aanraking en liefde aan die kind sekuriteit verskaf. Soen, fisiese aanraking en liefkosing deur die vader is van kardinale belang vir enige kind en wel van so vroeg as moontlik in die kind se lewe. Die kind behoort nooit deur ondeurdagte optrede deur ouers geskok te word nie. Dit is uiters verwarrend vir 'n kind om op verskillende stadiums en opdragte inkonsekwent op te tree. In die geval van afwesige vaders is dit 'n redelike algemene tendens (Smit & Smith 1995:79; Freeks 2004:111-120; Freeks & Lotter 2009:530).

3.3.1.5 Selfbeeld

Die term “selfbeeld” kom van die Griekse woord wat “verwysing vir jouself” beteken. Dit toon duidelik dat dit nou gebonde is aan ’n persepsie van jouself. Sodanige persepsie kan negatief wees, wat ’n swak selfbeeld tot gevolg het, of positief, wat ’n goeie selfbeeld ten toon stel (Kalanjee 2001:21-23).

Dit kan bondig soos volg saamgevat word: Selfbeeld is die wyse waarop jy jouself sien. So het mense verskillende beelde van hulself, naamlik mooi of lelik, goeie of slegte intelligensie- en kommunikasievermoë, ensovoorts. Dit word bepaal deur dinge wat ons van onself hoor, sien of ervaar. Selfbeeld het dus te doen met ons selfbewussyn. Paulus haal aan in Romeine 12:2 (NV): “Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.” Daar word ook na hierdie Bybelse beginsel verwys in Spreuke 27:19 (NV): “Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so sien jy jouself in wat jy dink.”

Afgesien van alle bogenoemde faktore, bly ’n positiewe gesindheid by ouers uiters waardevol vir kinders. Die ouers se eie geloofsoortuiging en die uitleef daarvan is sprekende voorbeelde vir kinders. Dit skep ook die geleentheid om Christenskap doeltreffend aan die kind oor te dra. Die belangrikste hiervan is dan ook die feit dat die kind ’n positiewe Godsbeeld verkry wat ooreenstemmend behoort te wees met die beeld wat hy by sy ouers ervaar (Larney & Lotter 2005:681; Higgensovoots 1990:2-6).

Die teenoorgestelde van ’n positiewe gesindheid (soos hierbo vermeld) en wat meestal saamgaan met vrees en ongeloof, het die volgende negatiewe effekte op die kind: ouers se frustrasies, spanning, aggressie, onuitgesproke houdings, en gevoelens van verveling kan afgelei word van saamgeklemdede hande, voete wat onrustig rondswaai, ’n gekrap in jou hare of ’n irriterende gespeel met enige item. Dit kan onrustigheid en selfs sekuriteitsloosheid vir die kind beteken. Indien die kind daarvoor navraag doen, is die ouer se antwoord gewoonlik: “Ag, sommer niks.” Dit bevestig dan juis vir die kind dat daar wel ’n probleem is of dat die ouers nie geïnteresseerd is nie (Lewis 1991:24-25).

Volgens studies wat gedoen is, word vergifnis ook uitgewys as 'n uiters belangrike komponent in ouer-kind verhoudings. Dit het getoon dat dit 'n groot rol speel in egskeidings, ouer-kind verhoudings en konflik binne gesinne. In hierdie studie word ook verklaar dat vergifnis die vermoë het om skadelike reaksies binne interpersoonlike verhoudings te minimaliseer. Verder word swak ouer-kind verhoudings ook duidelik met laer gehalte emosionele gesondheid by ouers en kinders geassosieer (Toussaint & Jorgensen 2008:337-338; Oosterbroek 2011:7-26).

3.4 Die psigologiese ervarings van die kind

Crone (2008:1-12) bespreek die feit dat na die jong kind se aanvanklike kognitiewe ontwikkeling die volgende fase, naamlik die psigologiese ontwikkeling, intree. Dit vind plaas in vier stadiums deur die kind se lewe en word as volg uiteengesit:

- Van 8 – 11 jaar oud is die kind baie afhanklik en bereid om voorbeelde te volg en aanvaar selfs raad en korreksies.
- Van 10 – 12 jaar oud raak die kind meer selfbeskermend en raak meer bewus van hom-/haarself as 'n unieke persoon. Op hierdie stadium begin die kind in sy eie belang optree.
- Van 12 – 16 jaar oud raak hulle bewus van sosiale beginsels en skakel hulle by sekere groepe in wat vir hulle aanvaarbaar is.
- Van 16 – 25 jaar oud ontwikkel daar 'n duidelike selfbewustheid; hulle ontwikkel hul eie identiteite en persoonlike smake en afkeure.

Emosionele afbreking deur ouers het 'n unieke karakter in die sin dat dieselfde persoon wat verantwoordelik is vir die sorg en welsyn van die kind, ook die een kan wees wat verantwoordelik is vir die emosionele afbreking. Dit bring groot verwarring in die psige van die kind. In die meeste gevalle weet die kind nie hoe om dit te verwerk nie en beskou hulself meestal as skuldig, sleg, waardeloos, ongeliefd en met 'n lae intelligensievlak en waarskynlik 'n lae selfbeeld. In gevalle van aangenome kinders kan

dan ook verwys word na 'n swak Godsbeeld wat dan die kind met eensaamheid laat. 'n Swak vaderbeeld veroorsaak dat die kind se totale siening van God negatief beïnvloed word (Reder 1996:73; Hoepfner 2009:78-80).

Goleman (1996:189) haal die volgende ware verhaal aan wat tiperend is van die broosheid van kinderemosies (direk aangehaal in Engels om die volle emosie en konteks aan te toon):

“Carl and Ann are showing their daughter Leslie, just five, how to play a brand-new video game. But as Leslie starts to play, her parents’ overly eager attempts to ‘help’ her just seem to get in the way. Contradictory orders fly in every direction.

‘To the right, to the right – stop. Stop. Stop!’. Ann, the mother, urges, her voice growing more intent and anxious as Leslie, sucking on her lip and staring wide-eyed at the video screen, struggles to follow these directives. ‘See, you’re not lined up ... put it to the left! To the left! To the left!’ Carl, the girl’s father, brusquely orders. Meanwhile, Ann, her eyes rolling upward in frustration, yells over his advice, Stop! Stop!

Leslie, unable to please either her father or mother, contorts her jaw in tension and blinks as her eyes fill with tears.

Her parents start bickering, ignoring Leslie’s tears. ‘She’s not moving the stick that much!’, Ann tells Carl, exasperated.

As the tears start rolling down Leslie’s cheeks, neither parent makes any move that indicates they notice or care. As Leslie raises her hand to wipe her eyes, her father snaps, ‘Okay, put your hand back on the stick ... you wanna get ready to shoot. Okay, put it over!’. And her mother barks, ‘Okay move it just a teeny bit!’.

But by now Leslie is sobbing softly, alone with her anguish.”

Om egter 'n goeie ouer en mentor te wees, is geensins 'n maklike taak nie. Borchardt (1996:211) verwys humoristies na 'n storie van 'n kundige wat voor die geboorte van sy

eerste kind sy eerste boek met die titel “*Ten rules for raising children*” geskryf het. Die tweede boek, genaamd “*Ten suggestions for raising children*” is na die geboorte van sy eerste kind geskryf. Die derde boek, naamlik “*Ten hints for raising children*” is na die geboorte van sy tweede kind geskryf. Na die geboorte van sy derde kind het hy nie meer boeke geskryf nie.

By sulke geleenthede, wat vele kere in kinders se grootwordproses herhaal word, leer kinders harde lesse (wat seermaak) en fundamentele emosionele boodskappe word uitgestuur wat soms hul hele leeftyd by hulle bly. In Leslie se geval is dit die oortuiging dat haar ouers, asook ander mense, geensins oor haar gevoelens omgee nie en dit kan dalk ’n blywende persepsie in haar lewe bly. Sy is nou attent gemaak hierop en is ook nou op die uitkyk vir volgende negatiewe stellings deur haar ouers en ander mense.

Ouers behoort deurgaans te onthou dat die familielewe die eerste skool van emosionele lesse is en meestal blywend is. In die geval van kinderopvoeding kan psigologie positief of negatief gebruik word en ouers behoort hulself te vergewis van die korrektheid by die toepassing van mentorskap by hulle kinders (Hussain & Ireland 2007:22-26).

Alhoewel daar vele menings oor ouerskapstyle is, blyk die volgende ’n kort en geldige definisie te wees:

Goleman (1996:190-191) onderskei tussen drie negatiewe ouerskapstyle:

- Ignoreer heeltemal die gevoelens van die kind.
- Is bewus van die kind se gevoelens, maar tree nie in om te help nie.
Hulle is meestal van mening dat daar nie plek vir emosies in hierdie harde wêreld is nie.
- Die kritiese ouer wat geen respek betoon teenoor die kind se emosies nie. Kinders moet gesien en nie gehoor word nie. Ouers wat ’n totale outokratiese houding en optrede teenoor hul kinders het.

Hierdie drie groepe ouers toon duidelik hulle gebrek aan emosionele volwassenheid en intelligensie. Hulle taak as emosionele afrigter en mentor word totaal versaak en selfs misbruik. Kinders in sodanige families verval dikwels in rebellie, depressie, aggressie, is meer ontvanklik vir drukgroepe en selfs hulle gesondheid word onder andere deur stresverwante siektes negatief beïnvloed (Goleman 1996:190-193; Leaf 2007:55-7; Bell 2002:121-128).

Die term “psigologiese weerbaarheid”, wat in eenvoud beskryf kan word as die vermoë van ’n persoon om negatiewe en positiewe ervarings psigologies korrek te hanteer, is belangrik by kinders se ontwikkelingsproses. Die familie se karaktereienskappe speel later in sy lewe ’n groot rol in die kind se psigologiese weerbaarheid. Indien daar binne familieverband waardering vir die kind se outonome, unieke aard is en die kind met empatiese begrip en ondersteuning behandel word, het dit uiterse positiewe resultate. Dit kan lei tot selfregulering van emosies, die aanleer van toepaslike gedrag in stresvolle situasies, asook ’n positiewe selfkonsep deur sy/haar hele lewe. Indien ouers oor goeie psigologiese weerbaarheid beskik, is daar bewys dat meeste kinders dit deur ervaring kan aanleer en dit ook doeltreffend sal kan toepas (Van Heerden 2004:108-110).

In die volgende bespreking word verwys na die wyse waarop die menslike breinfunksies te werk gaan. Die doel daarvan is om beter insig te verskaf oor hoe ouers en kinders onwetend op verskillende situasies en omstandighede reageer.

Dr. Caroline Leaf is ’n leier op die gebied van Neuro-metakognitiewe leer-spesialisme. Sy doen vir die afgelope 25 jaar navorsing oor die brein van die mens. Sy spreek ook groot gehore oor die wêreld in kerke toe, omdat sy die ooreenkoms tussen haar navorsing en die Bybelse beginsels waargeneem het (Leaf 2007).

Ouers en almal wat met kinders te doen het, behoort bewus te wees van die volgende werklike feite omtrent die brein. Deur nie bewus te wees hiervan nie, kan ouers groot skade aan kinders berokken. Die volgende faktore behoort in ag geneem te word:

- Die menslike breinfunksies en sy weefsels is die mees gekompliseerde materie in die heelal. Dit het ook die vermoë om ten goede of ten kwade by enige ouderdom van die mens te verander. Daar kan dus nie genoeg klem daarop geplaas word dat die mens, oud of jonk, 'n groot verantwoordelikheid het vir wat jy in jou brein toelaat of nie. Vir die doel van hierdie studie sal hierdie feite, ten opsigte van ouers en kinders, van nader bekyk word.
- Die menslike brein neem 18 jaar om te groei en te ontwikkel. Interessant genoeg neem dit 'n hele leeftyd om volwasse te word. Die vroeë ontwikkelingsjare tot die ouderdom van 18 jaar is een van die mees deurslaggewende tye vir die breinontwikkeling van die jeug. Ouers wat gedurende hierdie jare as goeie mentors kan optree, se kanse om suksesvolle kinders te hê, is dan soveel beter.
- Positiewe ondervindinge en nuwe uitdagings veroorsaak dat breinselle vergroot en verbeter. Negatiewe ondervindinge, denke en spraak laat die breinselle krimp en selfs afsterf. Vandaar die feit dat negatief-ingestelde ouers in baie gevalle nie suksesvol is nie. Die kanse is goed dat kinders dan ook hierdie negatiewe gesindhede aanleer. Uitsprake van ouers soos “Ag, jy is maar dom” en “Jy sal tog nooit dit of dat regkry nie” laat permanente letsels by kinders. Stellings en veralgemenings soos “Ons familie is maar van die arm soort” of “Ons is maar nie goed in sport nie” plaas hele gesinne op 'n lae vlak van bestaan.
- By kinders kan ondervindings en stellings soos bogenoemde die kinderbrein verander. Dit het stres by die kind tot gevolg en dit kan letterlik breinskade veroorsaak. Dit lyk of sommige ouers, sowel as onderwysers, nie die reuse omvang hiervan besef nie. Indien volwasse mense weet dat hulle die vermoë het om met optrede en woorde breinskade by kinders te veroorsaak, sal hulle dalk heel anders optree.
- Kinders se grootwordfase behoort 'n fantasietyd te wees, waar vaardighede met groot plesier en sonder moeite aangeleer word. Die normale, gesonde kinderbrein is in staat om 'n wye verskeidenheid vaardighede aan te leer. Enige uitspraak dat 'n kind sy lus vir die lewe op agtjarige leeftyd verloor het, of dat 'n kind van twaalf uitgebrand is, moet as onwaar afgemaak word. In sulke gevalle

het spesifieke gebeure, uitsprake en swak verhoudings daartoe aanleiding gegee dat die brein op een of ander wyse benadeel is (Leaf 2007:70-95).

Die menslike brein word nie “vol” nie. Sy potensiaal is in alle opsigte onbeperk. Wat wel kan gebeur, is dat die betrokke persoon glo dat dit beperk is. Hierdie geloof van beperktheid kan uit verskeie oorde afkomstig wees. Dit is egter geensins hoe die menslike brein gemaak is nie (Grieve & Van Deventer 2005:60-85; Leaf 2007:69-90).

3.4.1 Trauma in die Suid-Afrikaanse konteks

Bo en behalwe gesinstraumas, kan kinders in hulle jong leeftyd ook vele ander traumatiese ervarings ondervind. Fargher en Dooley (2011:41-62) verwys na verskeie gevallestudies, soos:

- Kapings.
- Verkragtings.
- Misbruik deur ouers en familieledede.
- Slagoffers van verskeie misdade.
- Ontvoering van kinders.
- Inbrake en diefstal.
- Egskeidings.
- Gevalle waar die kind 'n geliefde troeteldier aan die dood moet afstaan.

Hierdie literatuur is van baie waarde aangesien dit verwys na die emosionele seer wat tipies voorkom by kinders wat sulke situasies beleef het. Dit gee ook aansienlike insig vir ouers om sodanige trauma te hanteer en wyses om dit vir die kind te kan vergemaklik. In byna alle gevalle speel aandag, begrip en intense liefde, omgee en beskikbaarheid die deurslaggewende rol. Waar volwassenes soms onbetrokke is wat sekere emosionele ervarings betref, is kinders in die meeste gevalle baie gevoelig en fyn besnaard en veral ouers behoort te besef hoe diep die kind dit ervaar (Fargher & Dooley 2011:41-85).

Swak leesstof, televisieprogramme en elektroniese speletjies kan patogeniese effekte vir die kind tot gevolg hê. Die fisiese blootstelling van bogenoemde binne gesinsverband kan self tot veel groter probleme lei. Kinders kan blootgestel word aan geweld binne die huwelik en dit kan dwelm- en drank misbruik, prostitusie, aggressiewe gedrag, swak verhoudings, skoolprobleme, ensovoorts insluit. Hierdie optredes, is moontlik die mees algemene reaksies op vrees en trauma (De la Rey *et al.*1997:177).

Tydens die stigting van die “Moral Regeneration Movement” (MRM) in Suid-Afrika (Pretoria 2002) was die klem op die herstel van gesinsverhoudinge asook die herbou daarvan. Die afwesigheid van die vaderfiguur asook die verlies aan waardigheid as vader deur drank- en dwelmmisbruik, is as hoofprobleem aangevoer. Sommige kinders het nog nooit ’n moeder geken nie. In baie gevalle het kinders ook nog nooit hul ouers sien werk nie. Die gebrek aan ouerleiding, rolmodelle en beheer oor die kind laat baie kinders met ’n gebrek aan sekuriteit. Die gevolg hiervan is dat menige kinders in Suid-Afrika emosioneel, fisies en seksueel misbruik word, asook vele ander negatiewe gevolge (MRM 2003:7f,8).

Die trauma wat kinders vandag in die samelewing binne Suid-Afrika beleef, is besig om te vererger. In ’n onlangse artikel (17 April 2013) in *Beeld*, verwys Ügen Vos na ’n studie wat bewys dat geweld by skole toeneem. Die nuwe studie wat gedoen is deur die Sentrum vir Geregteerdheid en Misdaadvoorkoming (CJCP) se resultate is in Johannesburg bekend gestel.

Fisieke en seksuele aanranding deur klasmaats het volgens hierdie studie sedert 2008 met onderskeidelik 6.3% en 4.5% toegeneem. Die studie is volgens Patrick Burton, uitvoerende hoof van CJCP, gegrond op 5 939 hoërskoolleerlinge, asook dié van verskeie skoolhoofde en onderwysers. Die studie dui daarop dat 22.2% van alle Suid-Afrikaanse hoërskoolleerlinge in 2012 blootgestel was aan fisieke en seksuele geweld of dreigemente van geweld.

'n Verbysterende 85% van skoolhoofde het erken dat hulle leerlinge aan bogenoemde geweld blootgestel was. Burton beweer dat fisieke en seksuele aanrandings nou meer algemeen is. Dit het in alle provinsies 'n toename getoon. In Limpopo het dit verdriedubbel, in Mpumalanga verdubbel en in Gauteng, Limpopo, die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal toegeneem.

Seksuele aanranding het in alle provinsies behalwe in Gauteng toegeneem. Daar is ook aangetoon dat 13% van alle hoërskoolleerlinge in 2012 op die skoolterrein afgeknou is. Een uit elke vyf leerlinge is ook deur sogenaamde kuberboelies geviktimiseer.

Volgens Burton is dit van kardinale belang dat geweldkwessies by skole holisties op sowel provinsiale as skoolvlak en in samewerking met ouers en gemeenskapleiers gehanteer word (vergelyk met *Beeld* van 17 April 2013).

Bush (1996:34-36) maak die volgende stelling: "People in good marriages think of the marriage as a separate entity – something worth protecting." Volgens Wallerstein en Blakeslee (1995:325) is dit selfs moontlik vir ouers wat in hulle kinderdae verwerping en mishandeling beleef het om nogtans goeie, liefdevolle ouers te wees; juis omdat hulle die teendeel ervaar het (Bush 1996:34-38).

Binne die sosiologie word in menige gevalle moeilike ekonomiese toestande ondervind en is ouers geneig om meer aandag aan hulle finansiële druk te gee as aan hulle kinders. Volgens studies van Morey en Hedingert (1996:112) beskou 78% van deelnemers die maak van baie geld as die norm.

Die Bybel stel dit egter duidelik: "Jy kan nie God en Mammon dien nie" (Luk. 16:13). Die skrywers verwys hier duidelik na die noodsaaklikheid van genoeg geld vir oorlewing, maar om dit te "dien" eerder as "God", kan gesinne en huwelike laat verbrokkel (Morey & Hedingert 1996:113-114).

Morele waardes sluit alle bogenoemde fasette in. Die huwelik bly een van die grootste en kosbaarste bates wat die samelewing aan mekaar verbonde hou. Dit is die kleinste hoeksteen waarop samelewings gebou is.

Stansbury (2009:4-5) is 'n Eerwaarde wat 'n gemeente in die middestad van Port Elizabeth bedien. Sy gemeente bestaan uit 'n multi-etniese, veelrassige en veeltalige bevolking van verskeie geloofsgroepe wat saam woon. Hy gee 'n moontlike antwoord op die vraag: "Waarom lyk dit of die 'Julius Malema-generasie' vir alles en almal kwaad is?"

Hy verwys na verskeie afbrekende elemente in die stad: armoede, misdaad, werkloosheid, prostitusie, siektes, dwelms, bendes en gebroke huisgesinne en huwelike. Hy noem dit die vaderlose generasie. Dit is 'n generasie wat jong vroue, waarvan baie studente is, tydens partytjies en ander geleenthede swanger maak en dan verdwyn die "pa's" net die nag in.

Hy beskryf dit as volg: "In die afwesigheid van die pa is daar geen gevoel van veiligheid, geen sekuriteit, geen identiteit en geen gevoel van waarde nie." Volgens hom kweek ons 'n vaderlose generasie wat net deur Jesus gered kan word (Joh. 3:16-17; Joh. 10:10).

Sowers (2010: 45-50, 87-90) stem volkome met bogenoemde saam. Met die sodanige "vaderlose generasie" word mentorskap in sy totaliteit uit groot groepe van ons samelewing verwyder (Sowers 2010:101-113).

Smith, I. (2003:56) maak die volgende stelling in 'n artikel van *Rooi Rose*:

"Ons het enkele geslagte van erg getraumatiseerde mense en sien nou die negatiewe gevolge."

In die res van die artikel word verwys na blankestudente se optrede wat vir die normale Christene skrikwekkend is. Daar is vele berigte waarby kinders van vooraanstaande Afrikaanse families na bewering betrokke is by verkragtings in koshuise, hoërskoolseuns wat 'n man doodslaan, groepsekspartytjies waarby drank en dwelms betrokke is, en vele meer skokkende praktyke wat so laag daal dat dit eintlik ongelooflik is (Smith, I. 2003:54-60).

Bogenoemde kan gesien word as totaal gebrekkige mentorskap wat aansluit by afwesige vaders, onbetrokke ouers en getraumatiseerde kinders wat waarskynlik meestal ontstaan uit gesinne wat verbrokkeld geraak het en morele waardes wat tot 'n val gekom het. In omvattende studies is gevind dat vaders wat deur trauma is of sonder sekuriteit binne gesinsverband grootgeword het, nie as goeie mentor-vaders optree nie. Hulle is geneig om outokratiese beginsels op hulle kinders toe te pas of emosioneel afwesige vaders te wees. Vaders wat emosioneel gesond is en 'n gebalanseerde lewe lei, is by verre meer in staat om goeie mentor-vaders vir hul kinders te wees (McFarland-Piazza *et al.* 2012:715-718).

Negatiewe ouerskapspraktyke kan selfs lewenslange negatiewe effekte op kinders hê. By sodanige kinders sluit dit vele simptome in, soos gedragsafwykings, ontkenning van gesag, ervaring van verwerping, swak verhoudings, swak dissipline, wetteloosheid, ensovoorts. Basies alle eksterne en interne wangedrag kan voorkom.

Tyano *et al.* (2010:415-427) verwys na patologiese ouerskap wat negatiewe simptome selfs by babatjies tot gevolg kan hê. Volgens sy studies kan fetusse onthou en daarom ook leer en hulle kan pyn voel en ook psigologiese ervarings hê (Tyano *et al.* 2010:26-28).

3.5 Die bou van gesonde gesinsstrukture

In die pastorale beraad is dit ook baie belangrik vir ouers om, onder andere, suksesvolle mentors deur die vyf tale van die liefde te wees (Chapman 2003:161).

Chapman (2003:161) verwys ook na Ross Campbell, die psigiater wat hom die heel eerste vertel het van die *emosionele liefdestenk*. Hy beweer dat hy nog nooit 'n tiener (betrokke by seksuele wangedrag) behandel het wie se emosionele behoefte aan liefde deur sy ouers vervul is nie. Sy opinie is dat byna alle seksuele wangedrag by tieners in 'n leë liefdestenk gewortel is.

Hierdie liefdestenk van die vrou in 'n huwelik word gevul deur die volgende vyf belangrike elemente (hierdie elemente is net so belangrik vir die vrou binne die huwelik en behoort na die kinders oor te spoel):

- Opbouende woorde.
- Spandering van gehaltetyd.
- Geskenke waaraan daar 'n behoefte is en wat liefde openbaar.
- Diensbaarheid.
- Fisieke aanraking.

(Chapman 2003:38-105)

Ouers kan nie verwag dat ander kinders of onderwysers die kind se liefdestenk moet vul nie. Dit is uitsluitlik die ouers se taak. Dit kan beteken dat jy as ouer daadwerklike besluite moet neem tot voordeel van jou kind (Fargher & Dooley 2001:204-220).

Chapman (2003:159-168) verwys na die belangrikheid vir ouers om hulle gesinne eerste te stel deur byvoorbeeld afsprake korrek te skeduleer en roetines so aan te pas om meer gehaltetyd saam as gesin te spandeer. Daar word ook verwys na die belangrikheid om kinders behulpzaam te wees by die stel van hulle doelwitte asook motivering om die doelwitte te bereik. Sodanige stelling en bereiking van doelwitte moet in ooreenstemming met die kind se behoeftes wees. Om hierdie rede behoort die hele

proses te geskied deur fyn te luister na die kinders se behoeftes. Selfs die bespreking daarvan moet dan met liefde en insig geskied (Stoop & Masteller 1996:73-100).

McGraw (2009:50-58) wys op sy beurt na die feit dat kommunikasiekanale binne gesinsverband ten alle tye oopgehou behoort te word. Onnodige kritiek kan dit kelder. Hiermee saam gaan ook die belangrikheid dat ouers die uniekheid van elke kind behoort te respekteer. Sommige ouers forseer kinders oormatig in hulle eie belangstellingsveld of is oormatig gerig op prestasie, wat uiters nadelige uitkomstes op kinders kan hê.

Kinders behoort beskerming binne die sekuriteit wat ouers binne gesinsverband skep te ervaar. Sekuriteit binne die gesin gaan ook hand aan hand met regverdigde reëls, dissipline en gesonde kommunikasie (Miller 2010:108-146).

3.5.1 Dissipline

Tot dusver word die ouers grootliks uitgesonder as die skuldiges binne gesinsverhoudinge. Volgens verskeie literêre werke en studies word daar egter ook verwys na kinders wat manipulasie byna vervolmaak het (Sigman 2009:41).

Menige kinders doen wat hulle doen omdat hulle daarmee wegkom. Kinders is meesters in manipulering en geeneen moet dink dat hulle nie ook jou as ouer kan manipuleer nie. Ouers moet so vroeg as moontlik in hulle kinders se lewe die verskil tussen “ja” en “nee” aandui. Hoe later dit aangeleer word, hoe moeiliker raak dit (Leman 2009:27-29).

Daar is min twyfel dat daar ’n gedragsprobleem in skole bestaan. Skoolopvoeding met die uitdra van goeie morele waardes en dissipline bepaal die kind se toekoms wat betref intellek, sosiale gedrag, sielkundige gedrag en emosionele ontwikkeling, en dit is noodsaaklik vir die vorming van die kind se lewe (Gilbert 2007:6).

John Bangs, hoof van opvoeding by die Nasionale Unie vir Onderwysers in die Verenigde Koninkryk, maak die volgende stelling in 'n artikel:

“As gevolg van die afwesigheid by ouerskap, voel ouers van jong kindertjies dikwels te skuldig om hulle kinders te dissiplineer. Dit is 'n skuldgevoel gebore uit die onbeskikbaarheid van ouers vir hulle kinders” (Sigman 2009:70-80).

Die stelling deur Mellor en Mellor (2001:84), dat “*Dissipline is liefde met leiding*”, is waarskynlik die beste definisie van korrekte dissipline.

Uit die oogpunt van opvoeding (dissipline met liefde en leiding) is die eerste 16 jaar baie belangrik. Dit is duidelik dat die eerste jare wel veeleisend, tydrowend en 'n groot verantwoordelikheid meebring. Die tienerjare is geensins minder belangrik wat die ouers se teenwoordigheid en versterking van belangrike boodskappe betref nie. Ondanks die tieners se groter onafhanklikheid en die feit dat hulle minder op hul ouers staatmaak, is ouers se teenwoordigheid, leiding en innige betrokkenheid nog steeds vir tieners noodsaaklik. Goeie kommunikasie en die bewustheid van die tiener se doen en late is van kardinale belang. Daar is egter 'n fyn lyn tussen wantroue en bewustheid van die tiener se doen en late. Ouers moet probeer om nooit die “wantroue saadjie” te plant nie; dit kan noodlottige gevolge hê (Little 2008:211).

Skrywers soos Sigman (2009:70-80), Little (2008:211-112) en Chapman (2003:159-168) raak ook aan ander aspekte waaraan ouers aandag behoort te gee. Hulle verwys na die feit dat kinders die geleentheid moet kry om saam met ander kinders te speel en pret te hê. Tydens hierdie geleenthede kry hulle ook die geleentheid om hulle eerste blootstelling aan interpersoonlike vaardighede en die ontwikkeling van waardestelsels te ervaar.

Dit is met ander woorde nodig dat volwassenes tydens bogenoemde speelsessies soms kinders dophou en reghelp indien bogenoemde waardes nie toegepas word of patogeniese optrede dalk voorkom.

3.5.2 Positiewe en negatiewe gesinsinvloede

Van Heerden (2004:112-114) verwys na risikofaktore wat die geneigdheid het om kinders se psige negatief te beïnvloed. Die eerste en die belangrikste hiervan is die interaksie tussen die kind en sy onmiddellike familie. Daarna, sosiale sisteme binne die samelewing, en derdens, kragte soos kultuurwaardes en regerings met sy wetlike sisteme wat nie binne die fokus van hierdie studie lê nie.

Aangesien die interaksie tussen kinders en hul naaste familie uitgesonder word as die grootste risikofaktor, is dit dus ook duidelik dat gesonde gesinstrukture die swaarste weeg by die positiewe ontwikkeling van kinders se persoonlikhede. In die meeste suksesvolle besighede is daar duidelike hiërargieë, duidelike take en verantwoordelikhede, asook die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede en spanbou. Volgens Boland (2006:22-28), word daar baie min binne gesinsverband noodsaaklike elemente bespreek, uitgeklaar en konsensus bereik. Daar kan as volg duidelik onderskei word tussen “Goed-genoeg-gesinne” en “Nie-goed-genoeg-gesinne”:

Die “Goed-genoeg-gesinne” onderskei hulself as gesinne met:

- Afgebakende raamwerke.
- Die regulering van emosies.
- Aandag aan kinders se emosies deur positiewe stellings en optrede om kinders te prys.
- Ouers is oop vir kinders se opinies, idees en klagtes.
- Poog om kinders se kreatiwiteit te ontwikkel.

Die “Nie-goed-genoeg-gesinne” onderskei hulself weer as volg:

- Geen afgebakende raamwerke, hiërargieë en taakverdelings nie.
- Geen regulering van emosies van beide kinders en ouers nie.
- Uitbarstings word nie met begrip en vergifnis hanteer nie.
- Min simpatie en belangstelling in mekaar se emosionele probleme.

- Min vertroue en swak kommunikasie binne sulke gesinne is gewoonlik duidelik sigbaar.

Een van die beste beskrywings van bogenoemde is deur Van Heerden (2004:114) gegee en om hierdie rede word dit woordeliks aangehaal:

“Gesinsinvloede is onder andere voldoende gesinsinkomste en ’n gestruktureerde en vertroetelde gesin waarbinne ouers onderrig bevorder. Dit blyk dat minder as vier kinders met twee of meer jare tussen die geboorte van elke kind die optimale situasie is. Verder is ’n multi-generatiewe gesinsnetwerk, ’n ondersteuningsnetwerk van buitestaanders, warm verhoudinge met ouers, min gesinskonflik en ’n stabiele omgewing ook beskermende faktore wat ’n kind kan help om die effek van moeilike omstandighede te verminder.”

John Bangs, hoof van opvoeding by die Nasionale Unie vir Onderwysers in die Verenigde Koninkryk, is van mening dat alles wat met ’n kind binne sy eerste vyf jaar gebeur, van kardinale belang is. Volgens hom kan leerprobleme verbind word met swak eetgewoontes, gebrek aan stimulasie asook gebrekkige sosiale kontak met ander (Higgs 2010:4).

Alhoewel bogenoemde stelling waarskynlik tot ’n groot mate waar is, is daar altyd die uitsonderings. In hierdie studie se kwalitatiewe navorsing word aangetoon dat sommige kinders wat in haglike omstandighede in sink kaias grootgeword het, tot hoogs intelligente en goed afgeronde tieners ontwikkel. Die feit dat die meeste sulke kinders wel problematiese gevolge ervaar, kan egter nie betwyfel word nie.

Binne gesinsverband is dit baie moeiliker vir ongelukkige, geestelik versteurde of verslaafde ouers om goeie mentors vir hulle kinders te wees as in die geval van gelukkige en gebalanseerde ouers (Paul 2010:415-427).

Volgens McGinnis (1999:15-200), is baie volwassenes nie in staat tot goeie mentorskap nie as gevolg van swak balans in hul eie lewe. Die moontlikheid bestaan dat hulle juis binne die raamwerk van patogeniese gesinne grootgeword het. In sulke gevalle behoort ouers te poog om meer kennis oor mentorskap in te win. Die waarde van selfdisipline, selfmotivering, interpersoonlike vaardighede en sosiale balans binne die gemeenskap is maar enkele onderwerpe waaroor sulke ouers kennis moet inwin.

McGinnis (1999:15-200) se bydrae is van baie waarde en kan gewis 'n groot verskil binne die probleemareas van gesinne maak. Ongelukkig is dit so dat sulke ouers in weinige gevalle vir hulp gaan aanklop. Dié wat wel uiteindelik vir hulp gaan, is gewoonlik die persone wat eers deur trauma moet gaan voor dit kan geskied. Die vaders se beste bydrae tot geluk van sy lewensmaat en kinders word nie gemeet aan die tyd wat aan hulle afgestaan word nie, maar die intensiteit van die aandag wat aan hulle gegee word. Ouers speel die sleutelrol in 'n kind se lewensontwikkeling, nogtans word in hierdie era minder tyd spandeer aan kinders as gevolg van werksdruk asook die hoeveelheid tyd wat kinders by die skool deurbring (Boshoff 2006:118).

Die positiewe effekte wat ouers en ander mentors op kinders kan hê, behoort ook aandag te geniet.

De Klerk en Le Roux (2003:36) verwys na sewe emosionele intelligensievaardighede wat by kinders gevind kan word indien hulle bogenoemde positiewe effekte binne gesinsverband ervaar:

- Is meer gesond en presteer akademies beter.
- Het beter vriendskapverhoudinge.
- Is geneig om meer positiewe emosies te ervaar.
- Ondervind baie minder konfliktsituasies tussen ouer en kind.
- Het die vermoë om beter respek vir andere se waardestelsels en emosies te betoon.
- Voel meer aanvaarbaar vir hulself en beskou hulself as uniek.

- Het beter weerstand teen die verval in dwelmmiddels, alkohol en ander negatiewe ervarings.

Op sosiologiese vlak wys Freeks (2004:72-79) op die waarde van gesonde huwelike en gesinstrukture. Volgens hom behoort 'n huwelik sosiaal aanvaarbaar te wees met die vader en moeder as ware ouerfigure met 'n liefdevolle en gedissiplineerde gesagsposisie. Indien kinders van kleins af die waarde van 'n eerbare en liefdevolle huwelik tussen man en vrou só ervaar, het die kinders 'n baie beter kans om 'n gesonde en suksesvolle volwasse lewe te lei. Vaders en moeders moet aan hulle self werk om hierdie take te vervul; niemand is so gebore nie. Ouers behoort hulp te soek indien daar probleme binne gesinsverband is.

3.5.3 Bybelse beginsels om gesinstrukture te versterk

Goeie gesinstrukture kan as die toepassing van Bybelse beginsels beskou word, omdat daar so dikwels daarna in die Bybel verwys word.

Jesus Christus het dikwels met mense oor hul persoonlike behoeftes gepraat. Hy het ook gereeld klein groepies mense ontmoet, waarvan seker die bekendste die "opleiding van sy dissipels" was. Jesus was betrokke by sielkundige, gedrags- of geestelike kwale. Dit het ook sover gestrek soos wonderbaarlike genesings en selfs die opwekking van mense uit die dood. Die Bybel toon duidelik sy liefde en omgee vir die mens aan. Hier is slegs 'n paar voorbeelde daarvan: Psalms 33:4; Efesiërs 1:4; Kolossense 3:12-14; Hebreërs 13:1; 1 Petrus 1:22.

In ons samelewing is daar veel waarde in genesende gemeenskappe wat groepe vorm met die doel om in 'n intense toewyding en 'n gedeelde belangstelling enige hulp aan mekaar te bied. Kerke kan as 'n formele voorbeeld daarvan gesien word, maar daar is ook verskeie ander nie-amptelike groepe wat so funksioneer. Die groot waarde hiervan is die positiewe invloed op huwelike en die morele waardes wat vroeg reeds aan

kinders oorgedra word. Plaaslike geloofsgemeenskappe verskaf 'n gevoel van samehorigheid aan lede, ondersteun dié wat swak is, bring genesing aan die belaste mense en gee leiding wanneer mense besluite moet neem en tot volwassenheid moet groei (Collins 2005:8-10; Edina 2005:1-2).

Die voorbeelde in die Bybel van God as Vader behoort as voorbeeld te dien vir ons as aardse vaders en moeders teenoor ons kinders, ander gelowiges en selfs binne die samelewing. Daarom behoort ouers hulself te vergewis wat die Woord van God oor ouerskap leer. Burke (2006) verwys deurgaans in sy studie hoe alle gelowiges deur God as sy kinders aangeneem is.

Die Bybel gee vele verwysings van bogenoemde skrywer se stelling. Dit word ook duidelik wanneer in Galasiërs 3:26 geskryf word: "Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus." Verder sê Galasiërs 4:5-6: "... om dié wat onder die wet was los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang, en omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep Abba, Vader." Paulus word ook as voorbeeld gebruik toe God hom op 'n dramatiese wyse volgens Handeling 9 aangeneem het. Op al Paulus se sendingreise, gevangenisstate en selfs in sy briewe aan die onderskeie gemeentes, verwys hy na God as Vader en as die liefdeswerk van Jesus Christus vir alle gelowiges.

Enkele jare gelede (2008) is 'n studie gedoen waar 8 000 jeugdige van elf hoofstroomkerke, wie se ouers almal gereelde kerkgangers is, ondervra is. Die hoofbevinding was dat meeste ouers die kinders se Christenskap aan Sondagskole of kerkgroepe oorlaat en nie self met kinders oor hulle geloof binne gesinsverband praat nie. Die bevinding was dat slegs 10% van ouers met hul kinders op 'n gereelde basis oor Christelike geloofsaangeleenthede praat en 43% van deelnemers se ouers praat nooit met hulle kinders oor hul geloof nie (Bunge 2008:48).

John Chrysostom en Horace Burchell, wat groot kerkleiers in die 19^{de} eeu was, verwys na die gesin as "The little Church" (vergelyk Bunge 2008:351). Hulle bedoeling met die

benaming is dat ouers vir hulle kinders moet Bybel lees, saam met hulle bid en om goeie voorbeelde te wees soos Jesus Christus ons op aarde geleer het. Alhoewel die kerk en sy aksies 'n groot rol speel, beweer hulle dat die primêre agent van genade die gesin en nie die kerk is nie. In Burchell se boek, "Christian Nurture", maak hy die volgende stelling: "Religion never thoroughly penetrates life until it becomes domestic within a family" (Bunge 2008:351).

Bunge meen dat selfs Martin Luther dieselfde mening gehad het as bogenoemde kerkleiers. Hy gaan selfs verder deur sy volgende kosbare stelling: "Most certainly fathers and mothers are apostles, bishops, and priests to their children, for it is they who make them acquainted with the gospel. In short, there is no greater or nobler authority on earth than that of parents over their children, for this authority is both spiritual and temporal" (Bunge 2008:352).

Ander navorsers het vroeër dieselfde resultate op hul studies gehad. Hulle het bevind dat in alle gevalle waar ouers meer gereeld kerkdienste bywoon, hoe beter gaan dit met hulle ouer-kind verhoudings en moraliteit neem toe by beide ouers en kinders. Dit is bevind in studies waar verskillende Christelike kerkgroepe betrokke was (Smith 2003:418; Scheepers & Van der Slik 1998:688; Bartkowski & Ellison 1995:31-32).

Volgens Worsley (2004:14-16), het jong kinders van nege tot tien jaar getoon dat hulle die narratiewe van die Bybel baie geniet en dit 'n groot positiewe impak op hulle het. Hierdie narratiewe het vir die kinders baie waarde indien dit met die volgende gekombineer word:

- Bybelse toneelstukkies waar volwassenes en kinders dit saam vertolk.
- Poppeteater is doeltreffend.
- Skilderwerk en beeldhou is baie doeltreffend.
- Tekenstories trek ook die kinders se aandag.

Dit gee die kinders 'n beter begrip en meer belangstelling om die Bybel self te lees. Kinders behoort op gereelde basis en vasgestelde tye geleentheid te kry tot bybelstudie, al is dit op 'n baie eenvoudige vlak. As ouers of kerkgemeenskappe nie kinders aanmoedig om dit te doen nie, sal hulle nie sondermeer dit op hul eie doen nie. Daar is navorsing gedoen wat totaal ingestel was op die Bybel en kinders en meer spesifiek om te bewys dat dit moontlik is om kinders te leer om die Bybel self te kan lees en verstaan (Worsley 2004:14-16; Kang-Hamilton 2008:130-143; Warkenton 2011:317-325; Heikkinen & Luebbe 1987:152-160).

Soos heelwat literatuur waarna hierbo verwys word, behoort kinders te leer om die Bybel te verstaan. Dit is immers 'n opdrag van God aan ouers om hulle kinders in die regte weë groot te maak sodat hulle nie later onder allerhande versoekinge val nie. Soos God ons as kinders aangeneem het, so het hy dan ook vir ouers kinders gegee met die doel dat hulle die kinders met die liefde van Jesus moet grootmaak (Ammerman 2007:10-11; Jacobs 2010:64-70).

Die ideale verhouding volgens die Bybel is dat kinders deur die biologiese ouers binne die gesinsverband (met albei ouers betrokke) grootgemaak word. In ons hedendaagse samelewing is aanneming van kinders deur andere egter 'n groot deel van ons kinders se lot.

Bryan, Flaherty en Saunders (2010:91-110), Hoepfner (2009:78-80), en Gilkes en Capstick (2008:34-50) verwys na ander aannemings. In hierdie geval gaan dit oor die aanneming deur ouers van weeskinders, aanneming deur families waar ouers te sterwe kom (asook ander redes), aanneming deur ander ouers in geval van trou na egskeiding (aangetroude kinders) en staatsaanneming in weeshuise.

Omdat daar nie natuurlike ouer-kind verhoudings is wat van kleins af ontwikkel is nie, is heelwat van bogenoemde gevalle hoë-risiko aannemings. Wat hiermee bedoel word, is dat:

- Kinders se veranderende omgewing, huis en samelewing verg aanpassing.
- Normale gewoontes word verander.
- Ander reëls en dissiplines geld.
- Kind se normale tidskediules word omver gegooi.
- Nuwe “vader” en/of “moeder” gee meer aandag aan eie kinders as aan aangetroude kinders.
- Nuwe “vader” en/of “moeder” stem nie saam oor opvoeding nie en beide bogenoemde gevalle veroorsaak stres binne die vader en moeder se verhouding, wat traumaties vir die kind kan wees.
- In gevalle van staats- en ander weeshuise, lei sommige kinders aan die stigma wat kleef aan weeshuiskinders.
- Kinders se aanpassing waar hulle binne ander kultuurgroepe geplaas word kan groot trauma vir sommige kinders beteken.

3.5.4 Samevatting

Uit die ou Griekse mitologie was die vaders outoritêre mentors en die moeders blote onderdanige huishoudsters en het byna geen regte gehad nie. Gesinstrukture het deur die jare in verskillende rigtings verander. In die 1970's en 1980's was daar 'n neiging dat kinders so vroeg moontlik onafhanklikheid moes begin aanvaar. Hulle is baie vroeër aan hulself oorgelaat om besluite te neem.

Na die 1990's was daar weer 'n neiging na beter klem op die kinders se geluk met die koms van Disneyworld temaparke en die meegaande animasiefilms en boeke. Sedertdien het dit vervaag toe beide ouers in hul eie beroepe begin staan het. Die gehaltetyd wat saam met kinders spandeer is, het aansienlik verminder. Omdat finansies geredelik beskikbaar geraak het, is kinders weer van geld voorsien om hulself te gaan vermaak, terwyl ouers hulle eie vermaak (sonder die kinders) bewerkstellig het.

Hierdie nuwe finansiële bloeitydperk was toe tot 'n mate verantwoordelik vir afwesige vaderfigure wat nie hulle mentorskappligte nagekom het nie. Dit het baie groter negatiewe impakte op kinders gehad as wat aanvanklik aanvaar is. Kognitiewe en psigologiese ervarings van die kinders is erg gestrem. Egskeidings, patogeniese gesinne, misbruik van alkohol/dwelms en seksuele wanpraktyke het ook tot 'n groter mate plaasgevind en kinders in baie gevalle weerloos gelaat.

Die afwesigheid van Bybelse beginsels, swak dissipline en weerstand teen gesag het toegeneem. Dit het menige kinders se toekoms, lewensdoelwitte en suksesse negatief beïnvloed. Selfs bendegegeweld, moord en verslawing het sommige kinders en samelewings in Suid Afrika reeds byna lam gelê.

Die tradisionele gesinstrukture waar die gesin uit 'n vader, moeder en kinders bestaan het, het so drasties verander dat die kinders vandag voor nuwe uitdagings van nuwe vorms van gesinstelsels staan. Tesame met bogenoemde uitdagings word 'n uiters komplekse belewing met betrekking tot liggaamlike, kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling wat verder bydra tot die identiteitsverwarring wat vir die kind alles nog moeiliker maak. Die afwesige vaderfiguur lei tot die groot behoefte van die kind na persoonlike aandag en een-tot-een verhoudings en veral dit wat nie verbaal gedrewe is nie. Die hunkering na 'n aanwesige vaderfiguur en mentor is dalk veel groter by die kind as wat algemeen aanvaar word. Sonder 'n aanwesige vaderfiguur en mentor is die waarskynlikhede van negatiewe gevolge op die kind se ontwikkeling baie groot. Gesien in die lig van die aantal egskeidings en patogeniese gesinstelsels, is die biologiese aanwesige vader wat as mentor optree byna 'n rare verskynsel.

In die Suid-Afrikaanse kultuur waar die verskuiwing plaasvind dat vader en moeder moet werk, het daar tot 'n groot mate ook 'n verskynsel ontstaan waar die man in baie gevalle ook die rol van die vrou moet oorneem. Die geneigdheid waar die man en vrou binne die finansiële ketting kompeteer, bring ook spanning binne gesinne. Die kinders is dan die lydende partye in sulke gevalle. Die behoefte van kinders om mentors te

bekom, is van veel waarde, maar dit kan ook negatiewe deure oopmaak vir byvoorbeeld pedofiele, dwelmhandelaars, ens.


Die verantwoordelikheid van die ouers is dus geweldig groot wat die beskerming van die kind betref. Soos vroeër vermeld in hierdie hoofstuk, kan die onbetrokke ouer die kind maak of breek. Vele negatiewe uitkomstes is ook deur hierdie literatuurstudie aangehaal en om oplossings te soek vir hierdie probleem is dus ononderhandelbaar.

Hoofstuk 4

Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Normatiewe benaderingswyse

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan verwys word na die normatiewe taak van Osmer (2008:6). Hy verwys na die vraag: “What ought to be going on?”. Hier word verwys na die norme van die praktiese teologiese konteks wat beïnvloed word deur die uitkomstes van die voorafgaande empiriese en interpretatiewe werk.



Drie benaderings kan in hierdie taak gevolg word, naamlik:

1. Teologiese interpretasies: waar gebruik gemaak word van teologiese interpretasie van spesifieke episodes, situasies en kontekste.
2. Etiese reflekte: waar gebruik gemaak word van etiese beginsels, reëls of riglyne om uitkomstes van morele waardes te verkry.
3. Goeie praktyke: waar pastorale modelle ondersoek word om die beste model vir 'n spesifieke taak te vind. Sodanige model moet ook aanpasbaar gemaak word

vir 'n spesifieke geval om positiewe verandering te bewerkstellig. Selfs die bespreking van die verbond sal aandag geniet (Osmer 2008:161).

4.2 Teologiese interpretasies

In die gedeelte oor die teologiese interpretasies binne die normatiewe benaderingswyse, kom die volgende sake aan bod: verbond en Godsvoorstelling.


4.2.1 Verbond

Vir die doel van hierdie studie word die Bybelse verbonde bespreek omdat alle verbonde aan die verhouding tussen God en die mens gekoppel is. Deur dit te erken, is die mens se afhanklikheid van God as Vader ononderhandelbaar. Met die nuwe verbond van Jesus Christus bereik hierdie verhouding 'n hoogtepunt. Die mens se totale bestaan word hierdeur beïnvloed. Selfs binne positiewe en negatiewe gesinsverhoudings kan die God-Drie-Eenheid alle oplossings en seën bied. Die Heilige Gees wat as Trooster en Berader aan ons gegee is, kan oplossings bied waar dit vir die mens na onmoontlike situasies lyk. Soos reeds vroeër vermeld, het Jesus Christus 'n besondere passie vir kinders en vandaar ons verantwoordelik as ouers om hulle op te voed volgens die Woord van God (Gentry & Wellum 2012:565-589).

Die voortsetting van die verbond vanaf die ouers na die kinders is 'n basiese vertrekpunt binne die reformatoriese teologie (Venter 2004:38). Dit gaan dus by die verbond nie net oor die verhouding met God (soos dit verder in die hoofstuk uitgewerk word) nie, maar ook met die oordra van die geloof aan die kinders. Binne die fokus van die studie wat handel oor die ouer-kind verhoudings, is die verbond as faset van die teologiese interpretasie binne die normatiewe derhalwe kardinaal belangrik.

Venter (2004:35) vat die verhouding binne die verbond soos dit binne die kerk en gesin (ouer-kind verhouding) bestaan, skitterend in die volgende diagram saam:

Figuur 6: Verhouding binne die verbond



Die geskiedenis van 'n verbond verwys na 'n sterk gevestigde verhouding wat tussen twee of meer partye bestaan en selfs bo enige wet en die natuur uitstaan. Dit sluit terme soos “vrede”, “broederskap” en selfs “liefde” in. Ramses III gebruik die woord b-r-t (berit in Hebreeus) wanneer hy na sy eie verdrag met die Libiërs verwys. Internasionale verbonde was reeds genoteer in ou Sumeriese tekste. Abraham en sy tydgenote was dus reeds bekend met die verbondskonsep.

Gentry en Wellum (2012:21-65) bespreek die verskillende menings oor verbondsliteratuur. Hulle stem egter saam met Horton (2006:67) wat die volgende stelling maak: “If we hold simultaneously to the doctrine of Trinity and unconditional election, it is unclear what objection could be raised in principle to describing this divine

decree in terms of the concept of an eternal covenant between the persons of the Godhead.”

Die Bybelse verbonde in die Ou en Nuwe Testamente word verskillend onderverdeel. Gentry en Wellum (2012:147-531) en Parker (2009:24-30) verwys na die verbonde as volg:

4.2.1.1 Die Verbond van die skepping

Volgens Feenstra (1972:125-126) en Gentry en Wellum (2012:21-81), bestaan die opinie dat daar selfs voor die skepping deur die Godheid besluit is om 'n verbond met die mens te sluit sodat die mens verlos kan word. Volgens die Bybel was dit van die begin af God se plan om die mens te skep volgens sy eie beeld en gelykenis (Gen. 1:26). Dit is onwaarskynlik dat Hy ons na sy beeld en gelykenis wou skep as Hy nie beplan het dat ons in 'n verbondsverhouding met Hom moet staan nie. Om hierdie rede kan hierdie verbond ook gesien word as 'n verbond van genade of 'n belofte-verbond.

Horton (2009:83-84) verskil egter van Feenstra, Parker, Gentry en Wellum, want hy beskou die Verbond van die skepping nie as deel van die genade nie, maar sien dit eerder as blote werke van God. Volgens Gentry en Wellum (2012:181-185), begin die narratief van die skepping by Genesis 1:1 – 2:3; dit is in sewe paragrawe in die Bybel verdeel en verwys na 'n week se gebeure. Genesis 1:26-28 verwys na die skepping van die mens op die sesde dag. Gentry en Wellum (2012:181) beskou hierdie dag as die klimaks van die skepping. Hierdie mening kom van die feit dat God bedoel het dat die mens die hele skepping moet bewoon en bewerk.

4.2.1.2 Die Verbond met Adam

In Genesis 3:2-6 word verwys na die slang wat die vrou en die man verlei het toe hulle God ongehoorsaam het deur van die vrugte van die boom van die lewe en die boom

van goed en kwaad, wat in die middel van die tuin van Eden gestaan het, te eet. In Genesis 3:14-19 kan ons weereens 'n verbondsverhouding tussen die mens en God waarneem toe hulle ongehoorsaamheid deur God bestraf is (Parker 2009:25; Gentry & Wellum 2012:223-247).

4.2.1.3 Die Verbond met Noag

Hierdie verbond kan ook gesien word as die verbond van volhoubaarheid van die mens na die sondvloed. Die geregtigheid van Noag en sy hele huishouding het guns in die oë van God gevind. En vandaar die uitsonderlike verlossing wat deur God beskik is. Die gehoorsaamheid en geloof van Noag wys weereens daarop dat God die mens eer wat in 'n verbondsverhouding met Hom leef (Parker 2009:22-26).

Die woord *berit* kom die eerste keer in Genesis 6:18 voor, waar dit 'n soteriologiese inkleding het (Noag en sy mense sal uit 'n verdorwe mensegeslag gered word). God se plan was om die skepping in "bewaring" te hou om saam met die kinders van God in afwagting op die heerlikheid wat kom (Rom. 8:22). God het alle reg gehad om die mensdom te verdelg weens hulle ongehoorsaamheid, maar Hy spaar Noag en sy gesin; en doen ook meer; Hy temper die natuurkragte sodat sy beeldhouer veilig kan woon en selfs met 'n bepaalde vergenoegdheid sy brood en lewe kan geniet. God bewys hiermee dat Hy genadig is teenoor sy skepping, nie net teenoor die mens nie, maar ook teenoor al die diere (Gen. 9:9-11). Die Noagistiese verbond is dus ook ten diepste 'n genadeverbond (Le Roux 1991:164; Gentry & Wellum 2012:147-170).

4.2.1.4 Die verbond met Abraham

Die verbond met Abraham is soortgelyk aan die verbond met Noag. Beide verwys na beloftes van God. In die geval van Abraham gaan dit oor die belofte dat sy nageslag die land Kanaan sal beërwe (Horton 2009:83-84). Meer direk as by die Noagverbond, het die beloftes van die Abrahamverbond Christologiese en eskatologiese betekenis: Abraham is die vader van almal wat glo, sodat Paulus alle Christene kinders van

Abraham kan noem (Gal. 3:29); en die land wat Abraham soek, is nie deur mense gebou nie, maar deur God (Heb. 11:10).

Die Abrahamverbond lê die kern van die genadeverbond bloot. God gee nie die belofte aan Abraham voor sodat dat hy 'n teenprestasie moet lewer nie; wat van hom verwag word, is slegs dat hy die verbond moet hou (Gen. 17:9). Die Abrahamverbond volg gou na die Noagverbond (Gen. 15, Gen. 9). Maar hier is meer as 'n genadegeduld ter sprake, naamlik genadige uitredding soos deur die verbondsbreuk verwoord: “Ek sal vir jou 'n God wees en jy sal vir my 'n volk wees” (Le Roux 1991:165; Gentry & Wellum 2012:223-247).

4.2.1.5 Die Sinaiverbond

Die Sinaiverbond is die hart van die verbond met die volk Israel. Dit word duidelik oopgevou in Eksodus 19-24. Dit verwys na die verlossing van die slawerny van die volk Israel uit die hand van die Egiptenare (Parker 2009:22-26). Die karakter van hierdie verbond kan selfs gevind word as die verbond van die wet in Deuteronomium waar verwys word na die verbond van die wet (Horton 2009:42-43).

Die Sinaiverbond is 430 jaar na die sluiting van die Abrahamverbond “bygevoeg” (Gal. 3:17,19). 'n Sistematies-teologiese verbinding tussen die Abraham- en Sinaiverbond is geleë in die kultuurhistoriese volksontwikkeling sedert Abraham. Hy is as enkeling geroep, maar intussen kragtens die verbondsbelofte uitgegroeï tot 'n talryke volk. Dit wat aan Abraham beloof is, is nou binne sig sodat die Sinai-wetgewing ook 'n volkhuishoudelike karakter dra (Le Roux 1991:166; Gentry & Wellum 2012:301-380).

4.2.1.6 Die Verbond met Dawid

Dit kan ook verwys word na die Verbond van die Koninkryk. Dit verteenwoordig 'n belangrike punt in die geskiedenis waar die verlossing gelokaliseer word as God se

troon in Jerusalem. Die doel van hierdie verbond word verwoord in 2 Samuel 7 (Parker 2009:29).

Waar die Sinaiverbond “voorwaardelik” was, word die klem by God se verbond met Dawid weer meer as onvoorwaardelik beskou. In 2 Samuel 7, 23:5 en Psalm 89 sien ons dat die verbond gekenmerk word deur 'n belofte van 'n ewige koningskap vir die koningshuis. Hierdie verbond met Dawid is ook meer van 'n persoonlike aard in die sin dat daar 'n vader-seun verhouding tussen God en die koning sou bestaan (2 Sam. 7:14) (Le Roux 1991:167; Gentry & Wellum 2012:389-420).

Hierin vind ons ook die basis vir hierdie studie met die verbonde wat opbou tot die vader-seun verhouding wat ook dan lei tot die verbondsverhoudinge tussen ouer en kind binne gesinsverband.

4.2.1.7 Die Nuwe Verbond

Wright (1991:266,267) verwys tereg na die Nuwe Verbond as die klimaks van die verbonde. Hy verwys hier na die kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Hy laat ook nie na om opsommend te verwys na die Heilige Gees nie.

Volgens Louw (2008:217), gaan dit in die Christologie om die herskepping van die mens en die “nuutskepping” van die skepping. Die Christologie bring 'n wesenlike verandering by die mens. Die verandering is van die “ou Adam”, verlore sonbaar, na die “nuwe Adam”, wedergebore mens. Dit wys die mens dus op die aarde en status van die nuwe lewe, asook op die oorwinnende krag van die opstanding. Daar is dus 'n vryspraak en versoening teenwoordig.

Om hierdie nuwe lewenstyle in die praktyk te laat realiseer, benodig die God-mens-verhouding die pneumatologie. Dit is in pneumatologie wat die Christologie binne die daaglikse eksistensiële oriëntering en sosiale konteks van die mens gekonkretiseer

word. Die mens kan dus slegs waarlik mens word en tot nuwe selfaanvaarding en ontdekking van sy identiteit kom deur die werk van die Heilige Gees.

Hierdie verbond het 'n nuwe wending geneem met Jesus Christus se kruisiging en dit word as volg duidelik gemaak in Hebreërs 9: 11-14:

“Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en meer volmaakte tabernakel, wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met bloed van bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeg gebring. Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees, hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees van God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.”

(Dunn 1994:104-105; Dennison 1999:59; Eldredge 2001:127-128; Gentry & Wellum 2012:565-589).

Die leringe van Jesus Christus bewys dat Hy in die nuwe verbond selfs outoriteit het bo die Sinai-wette. Jesus Christus se unieke nuwe stellings wat die wet betref word bewys in die volgende skrifte: Matteus 12:1-8, Markus 2:23-28, Lukas 6:1-5, Matteus 23:23-24, Lukas 11:42-44 en Matteus 5:17-48. Die belangrikste stelling waarna Jesus verwys is waarskynlik: “Ek het gekom om vir eens en altyd die wet te vervul” (Matt. 5:17).

Jesus Christus doen 'n beroep op sy volgelinge om ten volle te lewe en nie onder die onderdrukkende wetlike strukture van die Farisieërs se praktyke nie. Hy beveel almal om te lewe met vreugdevolle liefde vir hul naastes soos gekarakteriseer in sy bergpredikasie (Matt. 5:17-18). Geregtigheid kan nou bekom word deur Jesus se

voorbeeld te volg met behulp van die Heilige Gees wat deur Jesus Christus verdien is (Rom. 8:3, 4:11, 2 Kor. 3:4-6).

God die Vader se nuwe dispensasie deur Christus vervang heeltemal die wetsgebaseerde teologiese stelsel. Die nuwe genadestelsel neem sy plek in deur die hele wêreld deur die kruisdood van Christus te verlos en so arriveer die mensdom se nuwe verlossing. Vir die mens om voort te gaan met die wet as die verlossing is om te misluk om te verstaan dat “die reëls verander het”. Alles is moontlik gemaak deur die koms van Christus wat die verlossing en die verhouding met die Vader deur genade moontlik gemaak het. Indien hierdie nuwe genadeverbond bo die ou verbonde aanvaar word, word die spanningsverhouding tussen God en die mens, wat deur die wet daargestel is, totaal verander na 'n genadeverhouding (Parker 2003:19; Gentry & Wellum 2012:565-589).

Dit is ook bevestigend vir hierdie studie om te besef dat hierdie nuwe verbond van 'n vredevolle genade- en liefdesverhouding tussen ouers en kinders binne gesinsverband nou volkome tot sy reg kan kom. Hierdie nuwe verbond verwys na God se liefde vir die mens deur sy Seun, Jesus Christus, wat Hy vir ons as Verlosser aarde toe gestuur het. Hy is gekruisig, begrawe en het opgestaan om vrymaking te bring vir die kinders van God. Oral in die Nuwe Testament word daarna verwys. In Lukas, Markus, Handeling en die boeke van Paulus word hierdie nuwe verbond uitgelig as die genadeverbond (Kovács 2006:1-8).

4.2.2 Godsvoorstellings

Soos met menige probleemgevalle, is die mens geneig om aan God die skuld te gee vir hulle probleme. Die rede hiervoor is die botsende aard van die wanpersepsie van 'n deelnemer dat 'n almagtige en liefdevolle God wel slegte dinge oor die mens laat kom.

4.2.2.1 Negatiewe Godsvoorstellings

Louw (1999:400-403) verwys na die negatiewe Godsvoorstelling wat Potgieter (2009:204-205) soos volg in 'n alternatiewe tabelvorm weergegee het:

Tabel 7: Negatiewe Godsvoorstellings

Negatiewe Godsvoorstelling	Geloofsinhoud	Effekte op gedrag
God as kragreus	God kan alles ... Hoe kan God toelaat dat dit met my gebeur?	Verwyte en neerslagtigheid
God as Paaiboelie	God straf onregverdig	Weerstand, omstandigheidsgevoelens, haatgedagtes en aggressie
God as kersvader	God gee net die goeie dinge	Teleurstelling en vertwyfeling
God as outeur	God is die oorsaak van die kwaad	Neutraliteit en ongeloof
God as programmeerder	God besluit alles vooraf	Onsekerheid, angs en knaende twyfel
God as toenaar	God is die antwoord op probleme	Oppervlakkige optimisme

Potgieter (2009:204-205) verduidelik hierdie tabel volledig, maar hier word dit slegs bondig weergegee:

God as kragreus

As God as kragreus in 'n lydingsituasie geïnterpreteer word en geen positiewe verandering vind plaas nie, lei dit tot rebelse vrae en negatiewe gevoelens. Hierdie gevoelens kan dan lei tot verwyte en neerslagtigheid.

God as paaiboelie

Alhoewel God nie noodwendig as 'n paaiboelie beskou word nie, word Hy wel as die een wat straf, beskou. Die skrif "God tugtig dié wat Hy lief het" word deur die lydende persoon as 'n God wat behae in lyding het, beskou. Tug kry nou 'n sadistiese konneksie in pleks daarvan dat dit gesien word as 'n beskermingsmaatreël en liefdesgreep van die Vader om koerswysiging in negatiewe gedrag daar te stel.

God as kersvader

God weet wat goed is vir die mens en sal moontlik nie dinge aan jou toevertrou wat jou verder van Hom sal wegneem nie. In baie gevalle is mense self verantwoordelik vir hul probleme en nou moet God kersvader wees. Hy is bereid om te help in sy liefde, maar sy hoofdoel is om jou in verhouding met Hom te kry.

God as programmeerder

God besluit alles vooraf en beplan selfs jou lyding. Hierdie misinterpretasie het dan die gevolg dat jy in vrees en angs lewe. Johannes 10:10 stel dit duidelik dat die duiwel gekom het om te steel, te slag en te verwoes, maar Jesus het gekom dat ons lewe en dit in oorvloed kan hê.

God as towenaar

God is wel 'n God van wonderwerke en het dit deur sy Seun Jesus se wonderwerke hier op aarde kom bewys. Maar 'n towenaar wat slegs op oëverblinding staatmaak, is Hy gewis nie. Hy wil jou in die holte van Sy hand hou as jy jou totaal aan Hom oorgee en in 'n liefdesverhouding met Hom lewe. Alles is dan wel moontlik vir die een wat in Hom glo.

4.2.2.2 Positiewe Godsvoorstelling

Die verskil tussen die negatiewe Godsvoorstelling en die positiewe Godsvoorstelling lê hoofsaaklik in hoe die mens God sien en ervaar. In die volgende soortgelyke tabel kan die onderskeid duidelik getref word:

Tabel 8: Positiewe Godsvoorstellings

Positiewe Godsvoorstelling	Geloofsinhoud	Effekte op gedrag
God as Almagtige, die Skepper van alle dinge	God kan alles doen en deur Jesus as middelaar, is ons tot alles in staat	Vryheid, verlossing van sonde en tot geregtigheid gemaak
God as Liefdevolle Vader	God se goedheid en trou is vir ewig en hou Sy beloftes in stand	Soos Jesus is ons vredemakers, gee liefde en hulp waar ons kan.
God is ons Vader wat daar is in goeie en slegte tye	God het medelye in ons swakheid en Jesus het gekom dat ons kan lewe	Vertroue en onwrikbare geloof op die Drie-eenheid van onse God
God as outeur van ons toekoms	God beplan vir ons goed en nie sleg nie	Gerus en verseker oor dit wat Hy vir ons beplan in goeie en slegte tye
God Drie-eenheid as programmeerder van ons lewe	Erken en glo in God Drie-eenheid	Doelbewuste geloof in Hom

God as Vader

Die gelowige kan op God se beloftes staatmaak. Kinders wat uit disfunksionele huise kom, het dan nie die beeld van God soos dit behoort te wees nie. God as Hemelse Vader konkretiseer met sy belewenis sy aardse vader. Vertroue, versorging, sekuriteit en die geloofwaardigheid van sy vader word bevraagteken en dit lei tot ontkenning van die Vaderskap van God.

God as vriend

God is naby en teenwoordig. Sy vriendskap dui op vergifnis in geval van menslike nood en oorwinningshulp in die geval van angs. Johannes 1:1-15 bewys duidelik hoe intens die liefde van God vir ons is.

God as verlosser

Sonde bring vervreemding tussen mens en God. Die versoening wat God in Christus bewerkstellig het, bring vrede tussen God en die mens in die vorm van algehele bevryding.

God as trooster

Die Heilige Gees bevestig dat God alle bose magte oorwin het en aan die kant van die mens staan. God verklaar die mens regverdig en Hy is werklik elke oomblik in die mens se teenwoordigheid.

God as regter

Louw (1999:404) maak die volgende belangrike stellings oor wat die motief van God vir die mens beteken, naamlik:

- Skeppingsmotief: God skep en die mens is op Hom gerig.
- Lydingsmotief: In 'n krisis identifiseer God met die mens.
- Oorwinningsmotief: Die kontinuïteit tussen sonde en genade, dood en lewe, is die trou van God.
- Strydmotief: Geloof gaan met stryd gepaard. Deel van die stryd is twyfel, onsekerheid en angs. Die wete dat God altyd daar is, gee vir ons 'n anker waarop ons kan vertrou.
- Singewingsmotief: God gee 'n raamwerk van sinontsluiting en wek 'n hoop wat gedrag-toekomsgeoriënteerd en doelmatig aan ons rigting verskaf.

4.3 Etiese refleksie

Volgens Osmer behels die etiese refleksies die volgende: etiese beginsels, reëls of riglyne om uitkomstes van morele waardes as die volgende aspekte van die normatiewe ondersoek te verkry (vergelyk Osmer 2008:161).

Hierdie afdeling kan onder andere die volgende sake behels: waardes en norme en die werk van die Heilige Gees in die toepassing van hierdie waardes en norme.

4.3.1 Waardes en norme

De Klerk en De Wet (2013:82) is van mening dat die formulering van norme die lig is op die probleem wat ontvang is tydens die verkenning en intensiewe omgang met die Skrif. Die Christen behoort aangegryp te word deur die rykdom, krag en wysheid wat daar vir hom/haar in die hantering van die Woord oopgegaan het. Die formulering moet poog om norme neer te lê wat leiding kan gee om die Woord as genesing- en antwoordkrag in die konkrete probleemsituasie van groep, gemeentes of persone te ervaar.

Die verhouding tussen God en die mens kan gesien word as 'n simbool van betrokkeheid by die hele familie. God was die Vader van die hele familie en sy verantwoordelikheid was dat almal God moet aanbid en gehoorsaam. Om in God se seën te deel, moes iemand 'n deel van 'n familie wees. Lede van 'n familie se voorspoed en beskerming was daarin geleë dat hulle natuurlike afstammelinge van die Vader was en onder sy seën geleef het (Gen. 27-28), (Nolte 2007:217). Vandaar dan die nodigheid om kennis en insig in die pastoraat en die verbond te hê, om uiteindelik deur die Heilige Gees in die grootmaakproses van kinders gelei te word. Indien kinders van kleins af hierdie waardes geleer word, maak dit die proses in die latere jare soveel makliker wanneer groter probleme opduik. In Spreuke 22:6 lees ons: “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.”

Larney en Lotter (2005:662) maak die volgende stelling onder die opskrif, *Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waardes*:

“Ten slotte word die vertikale dimensie van waarde-oordrag betrek: die invloed van en wyse waarop kinders godsdiensbepaalde waardes internaliseer en hulle godsdiens uiteindelik gevestig en versterk word.”

In die geval van Christenouers beteken die oordrag van waardes en norme aan die kind hoofsaaklik ook die feit dat die mens 'n beelddraer van Jesus Christus is. Vandaar dan die noodsaaklikheid daarvan vanuit 'n Christelike perspektief. Morele en etiese waardes lei tot aanvaarbare lewenswyses en is gerig vanuit die besef dat dit in ooreenstemming is met die bedoeling van die Skepper wat die mens geskape het.

Na vele menings van skrywers binne literatuurstudies kom Larney en Lotter (2005:669) tot die waardevolle slotsom dat ouers en gesinne 'n uiters belangrike rol speel in die morele vorming van kinders se fases van ontwikkeling. Afgesien van portuur- en ander drukgoepe speel die ouers waarskynlik die mees belangrike rol by die vestiging van morele en etiese waardes. Binne gesinne het ouers ook die unieke geleentheid om as fasiliteerders oor 'n wye front van die kind se psigologiese, sosiologiese en fisiese ontwikkelingsproses op te tree.

Die meer gevorderde ontwikkelingsfases word ook deur Larney en Lotter (2005:683) aangeraak, naamlik die rol van die ouer by die vorming en oordrag van Godsdienstige waardes, inhoud en affiliasie by die kind. Indien die kind die geleentheid kry om reeds baie vroeg in sy/haar lewe Bybelse beginsels as norme te aanvaar, sal die uitkomst op etiese en morele vlakke soveel meer positiewe uitkomstes in die kind se latere gedrag en sienswyses hê.

Alhoewel Csordas (2009:414-416) in 'n empiriese studie onder kinders van verskillende ouderdomsgroepe binne Charismatiese kerke verwys na metodes van lofprysings as blote gewoontes, kan die teendeel ook waar wees. In hierdie geval word verwys na

kinders wat van kleins af hande klap, hande opsteek, in tale praat en in die kerk dans, nie noodwendig daarby baatvind nie. Daar kan saamgestem word met die skrywer se sienswyse, maar selfs in sy studie is daar kinders wat hierdeur goeie persoonlike verhoudings met Jesus Christus het. In Christenskap gaan dit nie bloot oor mense se kerkgedrag nie, maar wel op die vrugte wat hulle dra. Die voordele van bogenoemde is sonder twyfel dat die kind in 'n Christelike omgewing grootword en ouers wat wel die kinders kerk toe neem. Dit opsigself is al 'n goeie begin vir die ontwikkeling van etiese en morele waardes wat uit die Woord van God kom.

Piper (2007:18) gee die rede hoekom God verheerlik moet word deur die mens se morele gedrag. Volgens hom sê hy dit omdat Jesus dit so stel. Hy verwys na Matteus 5:6 "Let your light shine before others, so that they may see your good works and give glory to your father who is in heaven." Die "ander" waarna hier verwys word, moet gesien word as eerstens die gesin en veral die kinders wat jy in die wêreld gebring het. Die opdrag van Jesus Christus is dus direk gerig aan ouers teenoor kinders, ouers teenoor andere en kinders teenoor kinders. Almal se taak is dus om die koninkryk uit te bou en sonder etiese en morele waardes is dit 'n onmootlike taak.

Baring (2012:282) is oortuig dat liefde en vergifnis tussen ouers en kinders die weg baan vir kinders om ouers se voorbeelde te volg. Die kind sal hierdie voorbeeld aanvaar en die geneigdheid toon om ander liefde te gee en te vergewe met die gevolg dat etiese en morele waardes weereens die positiewe uitkoms sal wees.

Denton (2010:61) stel dit as volg: "Vergifnis is 'n komplekse fenomeen en betrek sosiale, spirituele, kognitiewe en emosionele dimensies van menslike ervaring wat 'n uitdaging vir integrasie voorsien. Vergifnis moet eerstens as 'n teologiese saak wat onlosmaaklik gekoppel is aan die gebeure van die versoening in Jesus Christus (sy kruisdood) gesien word."

In hierdie proses word ook met die vorige skrywer (vergelyk Piper 2007:18) saamgestem dat God verheerlik sal word tussen ouers en kinders en selfs binne samelewings (1 Kor. 13).

Etiese en morele waardes is bykans die algemeenste verwysings wat in die Bybel voorkom. In Spreuke, Psalms en die bergpredikasie van Jesus in Matteus, asook die gelykenisse in Matteus, Markus en Lukas, is maar enkele verwysings waar Jesus etiese en morele waardes aanhaal en beklemtoon.

4.3.2 Die werk van die Heilige Gees in die toepassing van hierdie waardes en norme

Die Bybel is God se Woord in mensetaal; daarop kan dit uitgelê, verklaar en toegepas word, veral omdat die belofte van die verligting van die Heilige Gees aan die gelowiges gegee is. Die belydenisskrifte en die kerkgeskiedenis is hier van groot waarde om die ondersoeker sensitief te maak vir die lang geskiedenis van die Skrifuitleg deur die eeue heen, ook binne die bepaalde geloofstradisie waarin die gemeenteleier en navorser hom-/haarself bevind. Skrifhantering, skrifuitleg en die aanvaarding van die gesag van die Bybel vra geloof, inspanning en harde werk. Die Bybel het immers Goddelike gesag, want die Bybel self getuig dat dit gesaghebbend is, en die Heilige Gees getuig in die ondersoeker se hart dat die Bybel God se Woord is (Janse van Rensburg 2000:11).

Pneumatologie is 'n woord wat gebruik word om die werking van die Heilige Gees te beskryf. Labuschagne (2005:1-5) gee 'n geldige verduideliking hiervan in sy gebedsterapiekursusse wat oor 'n wye front in Suid-Afrika aangebied word. Hy verwys as volg na die Heilige Gees:

- In Johannes 14:16-17, Johannes 15:26, en Johannes 16:7-15 gee Jesus aan die Heilige Gees 'n baie unieke naam. Hy noem Hom die *para-kletos*. Die Griekse woord "para-kletos" kan 'n hele paar ander Afrikaanse betekenisse hê:

- o Trooster of voorspraak
- o Advokaat, helper, raadgewer of bemoediger
- o Berader
- o Mentor, oftewel “Life-Coach”
- Die Griekse woord “Para-kletos”, wat as “voorspraak” vertaal word, of selfs as “Berader” of “Mentor”, beteken letterlik iemand wat jy nader roep om:
 - o jou te help,
 - o jou by te staan of te vertroos en te versterk,
 - o jou raad te gee en jou te onderrig, en
 - o om jou in die waarheid te lei.

Dit dui daarop dat Jesus, ons Here, die eerste berader, mentor, helper, trooster, voorspraak, advokaat en raadgewer vir die dissipels was. Nou, na sy kruisiging, opstanding en hemelvaart, gaan Hy vir hulle en vir ons 'n ander berader of mentor stuur wat presies, in alle opsigte, net soos Hyself is (Labuschagne 2003:1; Strauss 1987:74-79).

Hierdie ander berader of mentor gaan Jesus se werk op aarde voortsit, maar wel op 'n ander manier. Waar die Here Jesus as gevolg van sy liggaamlike gestalte beperk was deur ruimte en tyd, sal hierdie ander berader of mentor onbeperkte ruimte en tyd hê om ons te help en by te staan en verder te onderrig en te lei in die waarheid. Hy gaan vir ewig by ons wees (Joh. 14:16).

Een van die eerste en grootste lesse wat ons by Jesus kan leer, is dat God se teenwoordigheid op aarde deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees openbaar gemaak word (Schweizer 1980:127; Gentry & Wellum 2012:566-590).

Na die uitgieting van die Heilige Gees, gaan Hy op 'n permanente basis die “bindweefsel” wees van die “liefdesdriehoek” tussen my en jou, ons Hemelse Vader en onse Here Jesus Christus. Hy gaan nie net by ons wees nie, maar *in* ons. Hy gaan van nou af ook nie net by ons wees nie, met ander woorde, nie net vaagweg naby ons wees

of in ons omgewing nie. Nee, Hy gaan permanent *in* ons woon. Die berader/mentor se fokus moet op die Here Jesus wees, want ons Here Jesus sê Hy gaan Hom (Jesus) verheerlik in sy verkondiging van waarheid (Labuschagne 2003:2-3).

Volgens Jacobs (2008:140), beleef die verskillende generasies die teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees ook verskillend. In die geval van ouer mense glo hulle dat Pinksterkoortjies groter salwing as ander musiekkeuses het, terwyl jongmense nie noodwendig hiermee saamstem nie.

“...veral ouer Charismatiese mense in ons gemeente moet partykeer ’n sekere liedjie sing sodat die Heilige Gees nou kan kom of hulle het daai gevoel, dat jy weet daai liedjie het groot salwing...”

Net soos by musiekkeuse, het ouer mense ook ’n bepaalde perspektief op watter tipe prediking salwing dra, soos hierdie jong pastoor verduidelik:

“Ek is ’n ou wat meer gesels met mense, ek verhef nie sommer my stem nie, waar jou ouer mense partykeer daarvan hou as iemand op hulle skreeu; jy weet, dan voel hulle jy het salwing, waar as jy net normaalweg gesels en bietjie die Woord oopbreek.... is daar ’n bietjie probleme.”

Jacobs (2008:140) gaan verder deur te verwys na die feit dat die kerk ’n groot uitdaging het om pro-aktief aan te pas by veranderende omstandighede in die sekulêre gemeenskap waarmee die verskillende ouderdomsgroepe te doen het.

Die mens het dus verskeie voor- en afkeure wat binne die raamwerk van die kerk moet gebeur of nie. Die belangrikste bly egter die feit dat die mens in verhouding met God moet staan.

Die korrekte verhouding met God hang af van die heilige genade wat ontvang word deur geloof en dit werk deur die werke van liefde (Kysar 1991:125). Verder is dit ook

belangrik om te weet dat binne Christenskap baie keer verwys word na elkeen se persoonlike verhouding met God. Dit is uiters belangrik.

Dit is egter ook uiters belangrik dat ons ook na ander moet uitreik en veral na die mens as geheel en nie net geestelik nie (Kysar 1991:103). Innerlike genesing is 'n proses waartydens die Heilige Gees die slagoffer begelei tot dieper insig, veral betreffende sekere areas van sy lewe. Dit is die gedeeltes waar hy emosionele en geestelike genesing en vernuwing moet ontvang. Hy ontvang dit deur middel van gebed (Du Plessis 2007:170).

Daar word verwys na die belangrikheid van gebed. Gelowiges moet insig verkry oor die onbeperkte bronne wat hulle in Christus het. In Efesiërs 1:17-19 het Paulus gebed dat ons die Vader se Heerlikheid, die Gees van wysheid en openbaring van insig kan ontvang en die diepe insig van rykdom en erfenis van sy krag sal ervaar. Ons moet voorwaar ervaar dat ons mede-erfgename van Jesus is, wat dan ook die Heilige Gees in ons geplaas het (Dunn 1994:104-105; Hagin 1999:38-39; Fee 2000:5-15).

Geloof in God bring genesing in gebroke lewens. Dieselfde geloof bring ook 'n onvoorwaardelike liefde vir ander te voorskyn, sodat ons die behoefte het om vir hulle te wil bid en omgee (Christensen 1991:42-43).

Die eerste skrywer, Gaffin (in Gaffin *et al.* 1996:40-64), stem nie saam dat die gawes van die Heilige Gees vandag nog voortleef nie. Hy gaan van die standpunt af uit dat die uitstorting van die Heilige Gees eenmalig plaasgevind het, soos in die boek van Handeling. Hy stem wel saam dat God vandag nog wonderwerke kan doen as Hy sou wil, maar dit vind selde plaas.

Blue (1987:53-61) en Lawson (1998:139-366) beweer dat die moderne sekulêre wêreld soos Europa, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, Kanada en die Verenigde State van Amerika grootliks die bestaan van wonderwerke ontken. In Duitsland en Frankryk gaan mense na spiritualiste en okkultiese genesers toe, maar glo nie in Christelike genesings

nie. Die nie-westerse kulture in baie van hierdie Westerse lande glo wel aan wonderwerke en menigtes word wel tydens Christelike byeenkomste gesond (Blue 1987:53-61; Lawson 1998:139-366).

Lawson (1998:139-366) beskou die Nuwe Testament as 'n afgehandelde deel waar Christus alles klaar volbring het. Dit het volgens hom geëindig na die werk van die dissipels. Al wat die kerk nou moet doen, is om te vertel van dit wat was. Die groepe wat beweer dat die gawes van die Gees nog steeds werk, noem hy die "Continuationists". Vele teksgedeeltes word deur hom gebruik, maar interpretasies daarvan word verkry deur alternatiewe woordbetekenisse. Die volgende aanhaling beskryf sy siening uitstekend:

"The Bible, as inscripturated revelation, faithful documents (John 21:25; 1 Cor. 5:9), a completed historical organism, a finished redemptive-revelatory process. It records the history that has reached its consummation in Christ's ascension and his sending of the Spirit – a history that, since then, is on hold, 'between the times', until He returns".

Die tweede skrywer, Saucy (in Gaffin *et al.* 1996:65-71), stem in heelwat gevalle saam met Gaffin. Hy verskil egter oor die feit dat God vandag nog profete kan opwek en dat profesieë wel vandag nog 'n realiteit kan wees. Verder is hy ook glad nie seker dat wonderwerke in ons hedendaagse lewe gestaak het nie. Hy verskil egter met Oss (in Gaffin *et al.* 1996) en Storm (in Gaffin *et al.* 1996) oor die feit dat Jesus se wonderwerke dieselfde kan wees as wat vandag plaasvind. Hy lê ook klem op "valse wonderwerk predikers" wat baie mense mislei. Dit blyk asof hierdie skrywer egter nie regtig standpunt inneem nie. Vandaar ook sy opskrif van "An open, but cautious response."

Die derde skrywer, Storm (in Gaffin *et al.* 1996:72-85), verwys na die Pinkstergebeure in Handeling as eerder die eerste fase van die uitstorting van die Heilige Gees. Vir hom is dit sonder twyfel nie die laaste fase nie. Hy beweer Pinkster is juis die nuwe begin wat vandag nog voortduur. Hy beskou die Heilige Gees as die alomteenwoordige

en permanente verteenwoordiger van Jesus en wel by alle mense wat glo. Die doel van die Heilige Gees is om mense te bemagtig deur dit wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het. Volgens hom verskil hy totaal van Gaffin (1996), omdat die doel van God se wonderwerke juis daar is om ons te bemoedig. Hy kan nie insien dat dit negatief inwerk op Christene wat dit glo nie, maar eerder positiewe effekte het. Hy verwys ook daarna dat sodanige kerke baie suksesvol is en byna sonder uitsondering al hoe groter groei.

In Matteus 6:25-34 beklemtoon Jesus Christus die belangrikheid van 'n persoonlike verhouding met Hom. Jesus sê in Matteus 6:33 die belangrike woorde: "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee." Matteus 6 bevestig dat dit die Christen se plig is om God as eerste prioriteit in sy/haar lewe te plaas. In Johannes 15:1-8 sê Jesus dat Hy die *Ware Wingerdstok* is en dat die mens in Hom moet bly, want hy of sy is afhanklik van Hom om vrug te kan dra en sonder Hom kan die mens niks verrig nie.

Wat bedoel Jesus as Hy sê: "Bly in my"? Dit kan beteken dat die mens tyd by God moet spandeer, na sy stem moet luister en sy/haar verhouding met Hom moet koester. Hierdie teksverwysings moet wel nie die indruk skep dat die pastorale terapeut slegs vir die ouer of kind moet preek nie, want daar is mense wie nie gelowig is nie en nie hierdie spiritualiteit het nie (Adams 1986:46-50; Heald 1996:14-21; Eldredge & Eldredge 2005:145).

Die ouer en kind moet natuurlik ook geestelik groei. Die ouer en die kind se ervaring van sin, waardes en hoop moet verbreed word. Hulle eie lewenswaardes speel hierin 'n belangrike rol. Gouws *et al.* (1997:409) definieer *waarde* en *waardesisteem* soos volg:

"'n Gesindheid waardeur 'n persoon of groep se voorkeure en gedrag gerig word. Dit is die mate van voortreflikheid, bruikbaarheid of deugde wat aan 'n persoon toegeskryf word. 'n *Waardesisteem* is 'n stel waardes wat deur 'n

individu of gemeenskap gehuldig word en wat op 'n bewuste of onbewuste vlak die persoon se gedrag kan rig.”

Sosiale norms word soos volg gedefinieer (Gouws *et al.* 1997:352):

“’n Ongeskrewe reël wat op algemeen aanvaarbare gedrag gebaseer is en waarvolgens ’n individu of subgroep beoordeel word.”

Elke gesin is uniek en sal hulle eie waardes en sosiale norme handhaaf. Aandag aan die betekenis van spirituele ervarings en selfs mistiese aspekte van die lewe en geloof, volgens die Woord van God en die Heilige Gees se leiding (Johannes 14:26), is van uiterste belang. Dit sal nie die rasonale denkdimensie oorbeklemtoon nie, maar die Bybelse waarhede sal die regmatige plek van belangrikheid verkry (Clinebell 1979:19; Clinebell 1984:33; Clinton & Hawkins 2011:482-483).

Die psalmdigter moedig homself aan in Psalm 42:6 om te “*hoop op God, want ek sal Hom nog loof*”. Dit is dus die hoop in God se persoonlike teenwoordigheid wat die “geheim” van verlossing is. Jesus het hierdie selfde beginsel gebruik om sy dissipels te troos op die aand van sy vertrek (Joh. 14:16). Jesus het hulle verseker dat God vir hulle die Heilige Gees sal stuur om vir ewig by hulle te wees. Die Engelse vertaling van die betekenis vir die *Parakleet* (Heilige Gees) is: “the One called alongside.” Die mens moet die woorde van Jesus in sy verstand graveer, sodat dit so deel van hom sal word dat hy te midde van negatiewe gevoelens sal weet, ongeag hoe hy voel, dat Hy by hom is en dat Hy genoeg is (Louw 2005:103; Seamands 1991:129-130; Clinton & Hawkins 2011:226).

Lotter (2005:487-504) beklemtoon die belangrikheid van die werk van die Heilige Gees in die gelowige se lewe volgens 2 Korintiërs. Die Heilige Gees se bediening om innerlike genesing, asook kognitiewe, gedrags- en emosionele veranderinge teweeg te bring, is hier baie belangrik. Gebed en die verklaring van God se Woord kan gebruik word om die ouer en kind se afhanklikheid van die Here te fasiliteer. Die doel hiervan is om ’n diep en blywende persoonlikheidsverandering te veroorsaak, maar om versigtig te wees om nie per ongeluk ’n sondige selfgenoegsaamheid te veroorsaak nie. Die Gees van God kan al die negatiewe gedagtepaaie in die vrou se brein deurbreek en biologies

verander. Die Heilige Gees dien as die Christenvrou se “*persoonlike Hemelse afrigter*” wat elke oomblik leiding kan bied in die evaluering en verandering van negatiewe gedagtes na positiewe gedagtes. Daarom moet elke gedagte gevange geneem word in die naam van Jesus Christus (2 Kor. 10:5). Dit is in elke mens se hande om te besluit of daardie gedagte gekoester of weggegooi moet word (Clinton & Hawkins 2011:226, 482-483; Cloud 2007:54; Heald 1996:67; Joubert 2003:11, 27, 70-72; Leaf 2007:91; Lotter 2005:487-504; Louw 1999: 208-215, 437; Sternberg 1998:141).

Jacob Rebel het die *Pneumatologiese model* ontwikkel. Die doel is om aan te toon dat die psigologie in die pastoraat, via die weg van die Gees, ’n pad vir die mens na pastorale bediening kan vind. Die nuwe mens word vir die Heilige Gees die antropologiese aansprekings- en ook insprekingspunt. Te midde hiervan word die outonomie van die mens steeds gehandhaaf. Daarom word van ’n pneumatonomie sinergie gepraat. Rebel skryf verder dat die betekenis van die psigologie as katalisator vir die teologie nie onderskat moet word nie. Die psigoterapie soek die geestelike welsyn van die ouer en kind en die Heilige Gees het ’n aandeel daarin. Wanneer die psigoterapie die mens tot dieper insigte lei, vind dit deur die krag van die Heilige Gees plaas. Die ontwikkeling van menslike persoonlikheid word binne ’n pneumatologie meer as net ’n “op-weg-wees na psigiese volwassenheid”. Die Heilige Gees pas die heilswerk van Christus in die lewe van die ouer en kind toe en inisieër daardeur die proses van geloofsvolwassenheid (Rebel 1981:257; Van Ruler 1974:47-55).

Louw (1999:215) bestempel *pneumatologie* as die pastoraat wesenlik tot parakletiese versorgingsgebeure. Die Heilige Gees word die *parakletos* wat die heil bemiddel en wat die aard van die konkretiseringsgebeure in die pastorale ontmoeting bepaal. Die pneumatologiese perspektief bring ons by die volgende omskrywing van die *pastorale paraklese*:

- Dit is dinamiese en dialogiese ontmoetingsgebeure;
- waardeur die heilsboodskap van die Skrif sodanig op die mens binne sy of haar sosiale konteks toegespits, gekonkretiseer en gerealiseer word;

- dat, op grond van die heilswerk van Christus, en;
- via die bemiddeling van die Heilige Gees;
- die mens radikaal verander word om as nuwe mens in Christus en;
- in verbondheid met die gemeente;
- verantwoordelikheid te aanvaar;
- sodat hy of sy kan groei in geloofsvolwassenheid;
- met die oog op die komende ryk van God en die wederkoms van Christus.

Louw (1999:432) verwys ook dat die *liefdesbeginnel*, die bindende beginsel, tussen mensteks, konteks, die terapeut as vertolker en die Skrifteks bly (1 Kor. 13). In die liefde word die realiteit van die Skrif gedeel en ervaar. Liefde skep 'n ervaringsveld vir die Skrifvertolkingsproses. In liefde word die Skrifwaarheid dus 'n werklikheid vir die individu deur die werking van die Heilige Gees. Geloof is vir die pastoraat fundamenteel. Dit bind die individu aan God en Sy beloftes. Geloofsvolwassenheid word beklemtoon. Daar word nie by die daad van skuldbelydenis en bekering stilgestaan nie. Volgens McGinnis (1999:233), is *liefde ervaar deur middel van die Heilige Gees* die één noodsaaklike komponent van sukses en balans in die lewe. Ook Paulus het erken: “*Die grootste hiervan is die liefde!*” (1 Kor. 13). Jesus Christus se hele verlossingsboodskap is gegrond op die beginsel van liefde.

4.4 Die pastorale modelle

Goeie praktyke: waar pastorale modelle ondersoek word om die beste model vir 'n spesifieke taak te vind. Sodanige modelle moet ook aanpasbaar wees vir verskillende individue (Osmer 2008:161).

Vandaar dan die doel van die bespreking van die pastorale modelle om dit met mekaar te vergelyk en die beste kombinasies vir elke individu te vind om hiermee die beste uitkomstes te verkry. Hierdie studie se positiewe uitkomstes lê juis gesetel in die kies

van die regte modelle, of die kombinasies daarvan, soos benodig word volgens die empiriese studie van Hoofstuk 2.

Vir Louw (1999:208-213) is dit belangrik om na die verskeie pastorale modelle van pastorale terapie te kyk om die toepaslikheid van elkeen te kan ondersoek. Van Jaarsveld (2001:55-114) verwys na die volgende belangrike pastorale modelle en benaderings wat elkeen 'n rol in die pastorale begeleiding kan speel:

4.4.1 Narratiewe model

Narratiewe terapie kan wel as 'n strategie in die pastorale begeleiding gebruik word en nie alleenlik vanuit 'n postmodernistiese raamwerk nie. Narratiewe terapie kan wel binne 'n diakoniologiese raamwerk benader word. Die rede hiervoor is dat die postmodernistiese raamwerk universele waarhede en waardes verwerp (Janse van Rensburg 2000b:37). Die Bybelse waarhede en beginsels word van hoë waarde in die hierdie navorsing geag en die vaste beginsels van God se Woord vir die mens as leiding, sowel as beskerming.

Die volgende narratiewe metodes kan as hulpmiddels gebruik word:

Genogram – Indien 'n individu se verhaal bespreek en ondersoek word, is groter selfbegrip en kennis moontlik. Dit kan aanleiding gee tot nuwe, konstruktiewe lewensdiskoerse.

Eksternalisering – Eksternaliserende gesprekke of taal word gebruik om die individu se identiteit van die probleem te skei. Die probleem is dus die probleem, nie die persoon nie (Morgan 2000:17). Die probleem word dus by die naam genoem soos byvoorbeeld depressie.

Dekonstruksie – Deur die gebruik van byvoorbeeld reflektiewe vrae, word afstand van die probleem verkry. Dekonstruksie help die individu om die probleem weer in konteks

te plaas. Dit help die individu om nuwe betekenis te vind ten opsigte van gevestigde idees en konsepte met betrekking tot die probleem (Morgan 2000:45).

Metafore – Metafore kan gebruik word om dieper betekenis te vind, maar ook om idees of konsepte vir die individu te verduidelik.

Unieke uitkomstes en alternatiewe stories – Die terapeut poog om die individu te lei om unieke uitkomstes van die persoon se storie te ontdek. Morgan (2000:52) stel dit as volg:

“A unique outcome can be anything that the problem would not like; anything that does not ‘fit’ with the dominant story. A unique outcome may be a plan, action, feeling, statement, quality, desire, dream, thought, belief, ability, or commitment. Unique outcomes can be in the past, the present and/or in the future.”

’n Pastorale terapeut poog om hierdie unieke uitkoms te ondersoek, te begrond en te verhelder en om dit dan met ’n nuwe storie te verbind. Unieke uitkomstes word dus gebruik om die individu na ’n alternatiewe storie te lei.

Terapeutiese dokumentasie – Dit word gewoonlik geskryf wanneer mense belangrike verbondenhede maak of belangrike prestasies wil vier. Morgan (2000:85-99) gee ’n paar voorbeelde: dokumente (bv. ’n “familie-vredesdokument”), verklarings (deel met ander of privaat), en sertifikate (prestasies of vordering).

Terapeutiese briewe – Die terapeut kan, met die nodige toestemming, ’n brief skryf as opsomming van die terapeutiese proses, wat byvoorbeeld die belangrikste idees, unieke uitkomstes, refleksies en ontwikkeling uitlig (Morgan 2000:101-110). Die skryf van ’n persoonlike brief aan ’n betekenisvolle ander persoon, waarin die individu uitdrukking aan sy of haar gevoelens gee, kan ook baie voordelig wees.

4.4.2 Kerugmatiese model (E. Thurneysen)

Die gesag van die Woord van God word deur hierdie navorsing erken. Dit erken ook die belangrike rol van psigologie of enige ander hulpwetenskappe, maar wel “in diens” van die Woord van God. Pastorale sorg moet nie sy teologiese karakter verloor nie. Die navorsing sien wel nie die pastoraat slegs as suiwer homiletiese gebeure nie, maar erken die onskatbare waarde van wedersydse kommunikasie en interaksie tussen die pastorale terapeut en die individu. Louw (1999:429-432) verwys na die metode van *Skrifvertolking*, wat later verduidelik sal word.

4.4.3 Eduktiewe model (S. Hiltner)

Hiltner het die eduktiewe model ontwikkel en fokus op die verandering van formalisme na dinamiese kennis. Fokus word geplaas op “krag, mag en energie” en meer spesifiek op die “konflikte, spanning en teenwigte” tussen magte binne die leer (doktrine), soos beliggaamd deur 'n Christelike lewe (Hiltner1972:13-14).

Hierdie navorsing erken wel die potensiaal van elke individu om self die probleme te oorbrug, maar glo dat elke persoon afhanklik is van God se genade en die leiding van die Heilige Gees. 'n Gesonde “nabye” verhouding tussen die terapeut en die individu het onskatbare waarde vir die pastorale proses. Die navorsing stem saam met Louw (1999:88) wat kritiseer dat die pastoraat nie slegs tot die ervaring en behoeftes van die mens gereduseer kan word nie. Pastoraat is in wese meer as slegs die ontsluiting van innerlike potensiaal en 'n proses van selfrealisering. Indien die pastoraat slegs fokus op gesprekstegnieke, sal dit sy eiesoortige dimensie van geloofsontwikkeling verloor.

4.4.4 Bipolêre model (G. Heitink)

Heitink (1999:152) sien die verhouding tussen teorie en praksis as 'n kritieke, bipolêre spanning. Hierdie navorsing stem baie ooreen met die hulpverleningsmodel van Heitink. Sy model is hermeneuties (Heitink 2000:80-81; Heitink 1999:149-153). Sy vertrekpunt is

dat die mens “lewende menslike dokumente” is. Dit is belangrik om die waardes van verskeie modelle te gebruik en in balans te bring. Die samewerking in multi-professionele spanverband word beklemtoon. Heitink se vier funksies van die pastoraat as hulpverlening speel ’n belangrike rol:

- *Helende funksie*: Die positiewe gevolge wat die pastoraat moontlik op die gesondheid en die welsyn van mense het.
- *Bystand*: Die belangrikheid van konstante ondersteuning en die instandhouding van ’n gesonde terapeut-individu verhouding.
- *Begeleiding*: Die pastoraat sluit geestelike leiding ten opsigte van etiese en religieuse besluite in. Die individu word gehelp om wel hulle eie keuses te maak en geen besluite word namens die individu gemaak nie.
- *Versoening*: Die pastoraat poog versoening ten opsigte van die individu self of ander mense, en natuurlik versoening met God. Die sensitiewe leiding ten opsigte van skuldbelydenis en bekering is belangrik.

4.4.5 Pneumatologiese model (J. Rebel)

Soos reeds genoem, erken die navorsing die afhanklikheid van die werking en leiding van die Heilige Gees vir effektiewe pastorale sorg en erken, soos Rebel, die funksie van die pneuma tot geloofsvolwassenheid. Die Heilige Gees maak die heilswerk van Jesus Christus in die lewe van die mens ’n realiteit en deur hierdie proses word die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid geïnisieer.

4.4.6 Konvergensiemodel (D.J. Louw)

Dit is reeds duidelik dat hierdie navorsing ten opsigte van vele fasette ooreenstem met Daniël Louw se konvergensiemodel. Die uitgangspunt is ’n eskatologiese perspektief. Die beginsel van verandering is uiters belangrik. Die individu word deur ’n proses van wedergeboorte en bekering, onder leiding van die Heilige Gees, tot geloofsvolwassenheid begelei. Die beginsel van kommunikasie is belangrik. Die Woord

van God skep 'n unieke kommunikasie. Louw (1999:95) verwys na “verbondskommunikasie”. God se trou skep met ander woorde 'n uniekheid in die pastorale gesprek. Dit is egter dan nie die terapeut of die struktuur van die gesprek, wat die terapeutiese effek bepaal nie. Die terapeutiese effek is die uitvloeisel van God se dialoog met die mens deur Christus.

Louw (1999:429-432) verwys na die metode van Skrifvertolking ten opsigte van pastorale Skrifgebruik. Hy gebruik die term *Skrifvertolking* om aan te dui dat die pastorale gesprek nie slegs 'n herhaling is van die homiletiese gebeure nie. Louw (1999:430) meen dat die kerugmatiese styl wel rekening hou met die Skrifteks, maar nie daarin slaag om Skrif- en menstekse binne sy konteks te interpreteer nie. Die begrip “vertolking” fokus op die terapeut se luisteraksie na beide kante van God en sy openbaring en na die van die mens en sy of haar probleme. Skrifvertolking dui ook op die interaksiegebeure tussen God en die mens. Die Woord van God bemiddel en help dus om die heil te realiseer. In die toepassing van Skrifvertolking word daar nie vanuit 'n bepaalde Skriftema of teks vertrek wat dan op 'n situasie toegepas word nie.

Die terapeut luister eers na die situasie in terme waarvan 'n eksistensiële probleem geformuleer word. Daarna gaan die terapeut saam met die individu na die Skrif om te luister en antwoorde te vind. Hierdie luisteraksie beweeg dan terug na die eksistensiële situasie as die toepassingsgebied.

Louw (1999:431) stel dit in sy eie woorde as volg: “Die Skrifteks is nie 'n formule of blote voorskrif vir die menstekse en sy konteks nie. Die Skrifteks is die ontsluiting van die waarheid aangaande mense en hul wêreld; dit open die sinhorison waarbinne mense hul oorsprong, begrensing en toekoms ontdek. Juis daarom is die wisselwerking tussen Skrifteks en konteks so belangrik in die verwerkingsproses van menslike probleme.”

Daar word ook in die organiese gebruik van die Skrif klem geplaas op die gebruik van gebed. Die terapeut moet gedurende die pastorale proses in gebed vir die individu, asook vir hulself, intree.

Louw (1999:432) verwys ook dat die *liefdesbeginnel*, die bindende beginsel tussen mensteks, konteks, die terapeut as vertolker en die Skrifteks, bly. In die liefde word die realiteit van die Skrif gedeel en ervaar. Liefde skep 'n ervaringsveld vir die Skrifvertolkingsproses. In liefde word die Skrifwaarheid dus 'n werklikheid vir die individu deur die werking van die Heilige Gees. Geloof is vir die pastoraat fundamenteel. Dit bind die individu aan God en sy beloftes. Geloofsvolwassenheid word beklemtoon. Daar word nie by die daad van skuldbelydenis en bekering stilgestaan nie.

Louw (1999:510-540) se promissioterapie is van onskatbare waarde as pastorale strategie. Die doel van promissioterapie is om die mens te rig om vanuit geloof en verwagting te leef. Dit is die deurgang van die Christelike hoop wat ontspring by die beloftes en trou van God. Die volgende is belangrike kenmerke van promissioterapie:

- Die onmiddellike effek van promissioterapie is bekering en geloof.
- Die langtermyn effek van promissioterapie is die afwagting en verwagting van die heilsbeloftes via hoop.
- Promissioterapie beskik nie oor 'n uitgewerkte skema met logiese antwoorde ten opsigte van probleme nie, maar daar word saam in die gebed na leiding gesoek.
- Promissioterapie werk met Skrifgebruik in die pastoraat. Dit behels 'n saamsoek na daardie Skrifbeloftes wat inpas by die situasie van die individu.
- Promissioterapie werk voorkomend en opbouend.

Dit skep 'n toekomsdimensie vir die gelowige mens, wat 'n sinhorison ontsluit waarbinne die gelowige elke dag oorwinnend kan leef vanuit die opstandingshoop. Doelwitformulering word gebruik om die individu te help om sinvol vorentoe te beweeg en oorwinnend te leef.

Louw (2008:9) verwys daarna dat dit ideaal is as die individu besef dat 'n probleem 'n baie spesiale geleentheid vir groei is. Dit verskaf 'n geleentheid vir 'n verantwoordelikheid in die konteks van 'n lewende verhouding met God en liefdesverhoudings met ander mense.

4.4.7 Kognitiewe gedragsterapie

Soos reeds genoem is, plaas hierdie navorsing baie klem op die rasioneel-emotiewe terapie as kognitiewe gedragsterapeutiese benadering.

Aaron T. Beck het kognitiewe terapie ontwikkel wat gebaseer is op die beginsel dat persone se gedrag en emosies bepaal word deur die wyse waarop hulle hul wêreld en ondervindings interpreteer. Versteurde gedrag en emosies word dus deur die persone se foutiewe interpretasies, denkprosesse en oortuigings veroorsaak en moet die laasgenoemdes tydens die terapeutiese proses aangespreek word (Beck 1976:42; Gouws *et al.* 1997:183).

4.4.8 Rasioneel-emotiewe model

Ouer bronne wat deur latere skrywers bespreek word, verwys Albert Ellis se kognitiewe gedragsterapeutiese terapie bestaan daaruit dat individue se irrasionele houdings deur direkte konfrontasie ontbloot word. Daarna word aan hom of haar getoon hoe hierdie houdings en oortuigings vir sy of haar probleme verantwoordelik is en hoe hulle deur gedragsterapeutiese tegnieke verander kan word. Die basiese aanname is dat die emosionele versteurings en probleme veroorsaak word deur foutiewe en verdraaide houdings, sowel as uit selfvernietigende oortuigings. Albert Ellis se kognitiewe model bevestig dat individue se irrasionele oortuigings 'n betekenisvolle negatiewe invloed op individue se lewens het (Ellis 1983:1-4; Gouws *et al.* 1997:307).

Alhoewel Wessler (1983:264-265) duidelik teen Ellis se rasioneel-emotiewe terapie as pastorale terapie gekant is, het Beck (1976:42) en Ellis (1983:266-267) die belangrikheid van hierdie kognitiewe gedragsterapeutiese benadering duidelik bevestig.

4.4.9 Die Holistiese model (H.Clinebell)

Soos reeds genoem, het Clinebell (1984:25-31) die holistiese bevrydingsgroeimodel ontwikkel. Die doel van die model is om groei na heelheid in elkeen van die ses interafhanklike aspekte van 'n persoon se lewe te bemagtig. Langs die weg van hierdie ses dimensies groei die mens na 'n integrale geheel.

Die ses dimensies waarop Clinebell fokus, is:

- die individu se verstand;
- liggaam;
- verhoudings;
- verhouding met die natuur;
- groei in die betekenisvolle instellings in die individu se lewe;
- en die verdieping van hul verhouding met God.

Louw (1999:358) verwys ook na die holistiese groeimodel as moontlikheid om groei te bevorder. Daar moet na al die integrasiefaktore wat op psigologiese en godsdienstige vlakke groei bevorder, gekyk word. Geloof word dus beskou as 'n manifestasie van die mens se innerlike groeipotensiaal en vaardighede om 'n krisis te kan hanteer.

Daar moet in die pastoraat herbesin word. Die kerugmatiese model verwys na 'n eensydige Woordverkondiging deur die pastoor. In so 'n geval word daar nie ruimte gemaak vir die Bybelse-mens-visie nie. Die Bybelse antropologie moet bewaak word. Daar moet dus 'n noodsaaklike oorgang plaasvind van Christologie na antropologie. Daar moet ook dus minder aandag op die pastoor en blote Woordverkondiging plaasvind en meer op die mens gevestig word. Die mens kan nie sonder die Heilige Gees leef nie (Rebel 1981:204).

Rebel maak die volgende stellings: "The mysterious work of the Spirit" en "His activities cannot be scientifically understood." Dan verwys hy na die volgende: "Counseling with

all its reflections, techniques, methods and analyses must be employed by the Holy Spirit.” Hy bevestig dit ook met die volgende: “As we work and counsel and pray, we have the promise that our work will not be in vain in the Lord, for He will confirm the work of *our* hands” (Ps. 90:17), (Rebel 1981:206).

Rebel verwys ook na Firet, wat klem lê op Bybelse uitdrukkings soos: Die Heilige Gees val op die mens, kom op die mens, dat God die Gees van sy Seun uitstuur in die harte van mense. Ook dat die mens die Gees ontvang, vervul word met die Heilige Gees, dat die mens vol is van die Heilige Gees, die Gees in die mens kom woon en die liggaam die tempel van die Gees maak (Rebel 1981:208).

Dit blyk ook dat die deursnee moderne mens honger is vir die ervaring van die Heilige Gees (Getz 1993:264).

Die doel van die hele studie is om te pleit vir ’n pastoraat in pneumatologiese perspektief. Vandaar ook die pneumatologiese beradingsmodel wat later deur Louw ondersteun word, soos vroeër na verwys (Rebel 1981:209).

Heitink stem in sy bipolarêre model ook nie saam met Thurneysen se kerugmatiese model nie, omdat laasgenoemde model die mens uitsluit (Rebel 1981:211).

Rebel verskil van Heitink as gevolg van die feit dat hy neig tot ’n bipolarêre antropologie van hulpverlening. Die pastoraal-teologiese antropologie is vir Rebel die meer aanvaarbare model (Rebel 1981:228-229).

Adams se noutetiese model verwys na die feit dat almal skuldige sondaars is. Almal is dus onbekwaam om goed te doen en geneig tot alle kwaad. Die mens het dus die genade van God nodig. Dit kan verkry word deur die Heilige Gees. Adams beweer egter dat die Heilige Gees deur die skrifgedeeltes van die Bybel werk. Hy beweer dat die Bybel die Heilige Gees se boek is. Dit is volgens Rebel oorvereenvoudig, want die Heilige Gees leef in die mens en nie net in skrifgedeeltes nie (Rebel 1981:215).

4.4.10 Eduktiewe model

Volgens Hiltner se eduktiewe model word daar weer te veel op die mens gekonsentreer en te min op die Bybel. In sy pastorale beradingsmodel verwys hy ook na “kliënt-gesentreerdheid” en “nie-direktiewe” aard van sy model. Hiltner en Tillich stem saam met psigoterapie en het hulle heelwat laat beïnvloed deur filosowe soos Bultman, Jaspers en Heidegger. Dit bring hulle byna by ’n filosofiese teologie uit. Waar Hiltner kliënt-gesentreerd is, is Clinebell met die holistiese bevrydingsmodel verhoudings-gesentreerd. In beide gevalle word geneig na humanisme (Rebel 1981:217-223).

Die volgende stelling deur Van Der Spuy (1998:139) bevestig die belangrikheid van pneumatologie in die pastoraat:

“Die Heilige Gees kom gee sekere klanke of woorde in ’n mens se gedagtes wat die gelowige in die geloof moet begin uitspreek. Die Gees van God wil hê dat ons ons mond en daardeur onself beskikbaar moet stel, sodat hy hierdie klanke en woorde deur ons kan sê.”

Andrew Murray het met die bestudering van pneumatologie ook Christologie ondersoek. In sy geskrifte word daar verwys na ’n onlosmaaklike band tussen Christus, die Heilige Gees en die mens (Coetzee 1986:75).

Alhoewel daar baie negatiewe aspekte in verskeie ander modelle uit ’n diakoniologiese perspektief is, is daar tog positiewe elemente wat as volg uitgewys kan word (Van Jaarsveld 2001:55-114).

4.4.11 Samevatting van modelle

Uit die kerugmatiese model (Eduard Thurneysen) kan die deduktiewe model, aanvaarding van psigologie en die herderlike sorg as positief aanvaar word. Selfs uit die

eduktiewe model (Seaward Hiltner) kan die voordeel van die klem op die totale eksistensiële betrokkenheid by die totale mens in terapie gebruik word.

By die noutetiese model (Jay E. Adams) is sy handhawing van die Bybelse inhoud voordelig. Die bipolêre model (Gerben Heitink) se kombinasie van teologiese en psigologiese aspekte kan gebruik word.

Die narratiewe model (Gerkin) blyk onontbeerlik te wees in pastorale terapie, maar wel as strategie vir 'n diakoniologiese perspektief. Dekonstruksie en eksternalisering is van groot waarde, maar hoef nie gesien te word vanuit 'n ekstreme post-modernistiese epistemologie nie. Narratiewe is trouens in byna die hele Bybel gebruik.

'n Holistiese bevrydingsgroeimodel (Clinebell) bring waarde in met Johannes 10:10 en sy verwysing na die heelheid van die mens as geheel (Van Jaarsveld 2001:55-114).

4.5 Hoofstuk samevatting

Hierdie hoofstuk is saamgestel as die normatiewe hoofstuk (Osmer 2008:6). Die volgende drie begrippe van Osmer (2008:161) is met aandag gevolg.

1. *Teologiese interpretasies*: waar gebruik gemaak word van teologiese interpretasie van spesifieke episodes, situasies en kontekste.
2. *Etiese reflekte*: waar gebruik gemaak word van etiese beginsels, reëls of riglyne om uitkomstes van morele waardes te verkry.
3. *Goeie praktyke*: waar pastorale modelle ondersoek word om die beste model vir 'n spesifieke taak te vind. Sodanige model moet ook aanpasbaar gemaak word vir 'n spesifieke geval om positiewe verandering te bewerkstellig. Selfs die bespreking van die verbond sal aandag geniet (Osmer 2008:161).

By Punt 1 is hoofsaaklik gebruik gemaak van Ou en Nuwe Testamentiese verbonde. Hierdie teologies-gefundeerde aksie is gevolg omrede die verhouding tussen God en die mens so onlosmaaklik in alle verbonde is. Positiewe en negatiewe Godskonsepte is hierby ingeskakel met die doel om die mens se siening van God te verduidelik.

Via twee diagramme is aangetoon dat die mens geneig is om soms God in 'n negatiewe lig te sien en soms as positief ervaar. Hierdie kan ook gesien word as 'n metode om 'n persoon te toets ten opsigte van sy persepsie van God.

By Punt 2 is die waarde van etiese en morele waardes en norme bespreek met die uitgangspunt dat dit noodsaaklik vir ouers is om van kleins af die kind binne hierdie raamwerk groot te maak. Dit het nie net waarde vir die kind in sy latere lewe nie, maar kan ook die dinamiek by skole en die hele samelewing positief beïnvloed.

Hier word ook die werking van die Heilige Gees bespreek omdat dit so 'n groot impak op die Christen se lewe het. Indien besef word dat die Heilige Gees in 'n persoon leef, is hy 'n nuwe skepping en word daagliks bygestaan deur Jesus Christus, wat vir ons almal aan die kruis gesterf het, opgevaar het, en vandag aan die regterhand van die Vader sit.


Onder Punt 3 word verwys na verskeie pastorale modelle ter oplossing van die mens se emosionele probleme waarmee hy gereeld moet omgaan. Dit gee die terapeut die geleentheid om tussen verskeie opsies te kies om 'n individu te hanteer. Hierdie modelle word ook met mekaar vergelyk sodat die mees toepaslike model vir 'n individu gebruik kan word. Elke individu se persoonlikheid, situasie en probleem verskil van die ander en 'n terapeut moet uiters versigtig wees om nie in 'n groef te verval deur gebruik te maak van een spesifieke model nie.

Hoofstuk 5

Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Pragmatiese benaderingswyse

5.1 Inleiding

Die vierde taak word deur Osmer beskryf as die pragmatiese taak. Dit gaan oor strategieë en handeling wat onderneem word om die praksis te verander volgens die gestelde doelwitte in die woorde van Osmer: “How might we respond in ways that are faithful and effective?” (Osmer 2008:10).



Volgens Hoofstuk 1 is die volgende navorsingsvrae gevra:

Navorsingsvraag 1: *Kan inligting uit kwalitatiewe navorsing positiewe gevolge vir verbeterde mentorskap deur ouers vir kinders inhou?*

Dit is hanteer in Hoofstuk 2 met die volgende opskrifte en inleiding:

Hoofstuk 2: Deskriptief-empiriese benadering

Die eerste taak van Praktiese Teologie was die deskriptief-empiriese taak, volgens Osmer en Schweitzer (2003:2), met die vraag: “What is going on?” Dit het gegaan in hierdie taak om die versameling van inligting wat help om die patrone en dinamika van spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei en te beskryf.

Navorsingsvraag 2: *Tot watter mate kan mentorskap deur ouers die ouer-kind verhoudings verbeter?*

Hoofstuk 3: Interpretatiewe benaderingswyse

In hierdie gedeelte word verwys na die interpretatiewe taak en ondersoek is ingestel na verskillende teorieë om die geïdentifiseerde patrone te verstaan en te verklaar. Die vraag wat hier beantwoord moet word is: “Waarom?” of “Why is this going on?” (Osmer 2008:4-6).

Navorsingsvraag 3: *Tot watter mate kan die toepassing van Bybelse beginsels gesinsverhoudinge verbeter?*

Hoofstuk 4: Normatiewe benaderingswyse

In hierdie hoofstuk word verwys na die normatiewe taak van Osmer (2008:6). Hy verwys na die vraag: “What ought to be going on?”. *Etiese reflekte*: waar gebruik gemaak word van etiese beginsels, reëls of riglyne om uitkomstes van morele waardes te verkry. Die onderstaande drie begrippe van Osmer (2008:161) is met aandag gevolg:

- *Teologiese interpretasies*: waar gebruik gemaak word van teologiese interpretasie van spesifieke episodes, situasies en kontekste.
- *Etiese reflekte*: waar gebruik gemaak word van etiese beginsels, reëls of riglyne om uitkomstes van morele waardes te verkry.

- *Goeie praktyke*: waar pastorale modelle ondersoek word om die beste model vir 'n spesifieke taak te vind. Sodanige model moet ook aanpasbaar gemaak word vir 'n spesifieke geval om positiewe verandering te bewerkstellig. Selfs die bespreking van die verbond sal aandag geniet (Osmer 2008:161).

Navorsingvraag 4: *Wat is die bevindings, soos in die navorsingsvraag gestel, op grond van die empiriese, literatuur- en normatiewe resultate wat kan lei tot strategiese beplanning?*

Hoofstuk 5: Pastorale berading en mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks: Pragmatiese taak.

Hierdie vierde taak word deur Osmer beskryf as die pragmatiese taak. Dit gaan oor strategieë en handeling wat onderneem word om die praksis volgens die gestelde doelwitte te verander. "How might we respond in ways that are faithful and effective?" (Osmer 2008:10).

Samevattend verwys die onderstaande figuur na die wyse van bespreking in Hoofstuk 5.

Figuur 7: Wyse van bespreking

Hoofstuk 2	Beskrywende Taak	– Die bespreking van die empiriese studie
Hoofstuk 3	Interpretatiewe Taak	– Die literatuurstudie mentorskap en ouer-kind verhoudings
Hoofstuk 4	Normatiewe Taak	– Die Bybelse beginsels, verbonde, Godsvoorstelling en pastorale modelle
Hoofstuk 5	Pragmatiese Taak	– Die strategieë en handeling uit die resultate van studie, rigtinggewende leiding aan die leierskap

Verskeie studies kan in die literatuur gevind word waar ouer-kind verhoudings aandag geniet. Selfs mentorskap is heelwat bespreek. Literatuur oor die toepassing van Bybelse beginsels is al breedvoerig deur navorsers ondersoek. In hierdie studie word elke onderwerp egter saamgevat om al hierdie faktore in een studie te inkorporeer met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks. Dit gee hierdie studie dus redelike oorspronklikheid. Die feit dat dit oor kultuurgrense heen gedoen is (soos dit by die deelnemers in die empiriese studie toon) verleen dan ook 'n verdere uniekheid aan hierdie studie.

5.2 Resultate uit die empiriese navorsing

Die oorspronklike onderhoude wat met deelnemers gevoer is, word as Addendum 1 tot 6 na die Bibliografie van hierdie studie ingevoeg. Resultate van die drie groepe deelnemers word in Hoofstuk 2 in tabelle 4 en 5 (2.3) aangetoon. Die samevatting van die resultate word in Hoofstuk 2 (2.3.5) bespreek.

In die geval van “*Vaderfiguur as mentor*” het 18 uit die 24 deelnemers dit as gemiddeld tot swak ervaar. Slegs sewe uit die 24 deelnemers het dit as goed ervaar. Selfs in hierdie laasgenoemde sewe gevalle is daar nog ruimte vir verbetering.

By die aanleer van “*interpersoonlike vaardighede*” het 15 uit die 24 deelnemers aangedui dat hulle nie in hierdie opsig onderrig word nie. By “*Afrigting, psigologiese en emosionele rigtinggewing*” het 17 uit die 24 deelnemers laat blyk dat hulle dit as gemiddeld tot swak ervaar het. Wat “*Gedragsspatrone*” betref, het 15 uit die 24 deelnemers laat blyk dat daar gedragsprobleme is en het dus gemiddeld tot swak daarop gereageer.

Afleidings

Wat mentorskap en betrokke vaderfigure betref, bewys die studie duidelik dat byna twee derdes van vaders as “afwesige vaders” beskou kan word. In sulke gevalle is dit dan ook nie moontlik dat vaders as goeie mentors kan optree nie. In gevalle waar vaders wel “teenwoordige vaders” is, heg die meeste ook nie genoeg waarde daaraan om hulle deel as mentors binne gesinne by te dra nie. Dit kan uiters moeilik wees vir kinders om sonder ten minste een mentor die lewe te bemeester. Indien daar nie mentors vir kinders beskikbaar is nie, toon die empiriese studie duidelik aan hoeveel probleemareas die kind in sy/haar toekomstige lewensontwikkeling mag ondervind.

In die geval waar die aanleer van interpersoonlike vaardighede nie toegepas word nie, kan dit uiters nadelig vir die kind wees. Die afleiding in hierdie geval sluit aan by Hoofstuk 2 (2.3.4 Vaderfiguur) na swak mentorskap en afwesige vaderfigure.

Wat afrigting, psigologiese leiding en emosionele rigtinggewing betref, is dit uiters skokkend dat die kinders nie daarmee toegerus word nie en ouers dit ook nie as belangrik ag nie.

Volgens hierdie studie word 'n groot persentasie van kinders in die Suid-Afrikaanse konteks sonder die korrekte mentorskap vanaf hulle vaders groot (indien die empiriese bloot as “steekproef” gemeet word). Dit kan 'n groot negatiewe impak op ons toekomstige jeug inhou. Dit is dan ook waarskynlik waar geweld en swak dissipline so algemeen by ons skole voorkom. Die vermoede dat ongelukkige kinders deur patogene gesinne geïnisieer word, blyk ook uit die evaluering van die studie.

Die evaluering bevestig die vermoede van die aanvanklike doelstellings van die studie, naamlik Hoofstuk 1 (1.6.2), “om te bepaal tot watter mate die toepassing van mentorskap die ouer-kind verhoudinge kan verbeter”.

5.3 Literatuurstudie: Resultate en afleidings van mentorskap en ouer-kindverhoudings

In Hoofstuk 2 (2.3.1, Tabel 4 en 2.3.2, Tabel 5) word verwys na sleuteltermes soos liefde, goddelike vaderfiguur, geestelike bediening en emosionele moeder. In hierdie gevalle toon dit dat “*Liefde*” in 14 uit die 24 gevalle van gemiddeld tot swak was. As dit beskou word as een van die mees basiese Bybelse beginsels, is dit kommerwekkend.

Wat die “*Goddelike Vaderfiguur*” betref, word aangetoon dat 15 uit die 24 deelnemers dit as gemiddeld tot swak ervaar het [Hoofstuk 2 (2.3.3)]. By “*Geestelike bediening*” het 15 uit die 24 deelnemers dit as gemiddeld tot swak beskryf, [Hoofstuk 2 (2.3.3)].

Die “*Emosionele moeder*” is die enigste sleutelterm wat ’n ander tendens toon as die vorige gevalle. In hierdie geval het 10 uit die 24 deelnemers dit as gemiddeld tot swak ervaar, maar 14 uit die 24 het dit as goed beleef.

Afleidings

Hieruit kan die afleiding dus gemaak word dat die meeste ouers nie daarin slaag om genoeg aandag te gee daaraan om liefde teenoor hulle kinders te bewys nie. Dit bevestig ook die voorlopige resultate waar daar in meer as die helfte van die gevalle nie genoeg aandag en begrip aan kinders gegee word nie. In geval van die ouers, heg hulle dus ook nie genoeg waarde daaraan nie.

Die meeste ouers en kinders ervaar ook nie die vaderfiguur as ’n verlengstuk tot God die Vader nie. Dit kan meebring dat die belangrikheid van die toepassing van Bybelse beginsels binne die gesinsverhoudinge van gesinne as gering geag word en vandaar dan ook die moontlikheid van patogeniese gesinsverhoudinge. Die gebrek aan geestelike bedieninge binne gesinsverband kan die oorsaak wees van die verval van morele standaarde, [Hoofstuk 3 (3.4.1)], wat dan selfs hele gemeenskappe en

samelewings geestelik kan raak en uitmekaar laat spat. Soos ons reeds in Suid-Afrika sien, lei dit tot verskeie patogeniese gedragspatrone.

Een positiewe sleutelterm, naamlik “Emosionele moeder”, wat die grootste persentasie deelnemers as goed ervaar het, laat 'n lig binne die tonnel skyn. Indien die moeder haar rol as emosionele bron van liefde en versorging goed vervul, kan dit menige negatiewe faktore teëstaan. Dit kan tot 'n mate verligting bring aan sommige patogeniese gevolge wat vooraf bespreek is.

Literatuurstudie: Hoofstuk 4 is saamgestel as die Normatiewe taak (Osmer 2008:6).

Hier word die intieme verhouding tussen God en die mens deur die ontstaan van Bybelse verbonde in die Ou en Nuwe Testamente aangetoon [Hoofstuk 4 (4.2.1)]. Die onderlinge verhoudings van God en die mens is dan ook soortgelyk aan die verhoudings tussen mense. In die geval van gesinne, is dit des te meer belangrik om sodanige verhoudings binne gesinne toe te pas en uit te leef [Hoofstuk 4 (4.3.1, 4.3.2)].

Godsvoorstellings, wat verwys na die wyse waarop die mens God as Vader sien, gee insig of die mens God as positief of negatief ervaar. Pastorale modelle word ook hier bespreek met die doel om insig te bekom van die vele modelle beskikbaar. Deur van sekere elemente van verskillende modelle gebruik te maak, kan die mees gepaste terapie aan unieke individue aangebied word sodat dit die beste uitkomstes tot gevolg kan hê.

5.4 Pastorale terapie vir ouers en kinders in probleemgesinne

Pastorale terapie kan van groot waarde wees indien dit reg toegepas word. Waar deelnemers aan Bybelse beginsels, gesinsverhoudings en positiewe mentorskap blootgestel is, word in byna alle gevalle minder probleme in gesinsverhoudinge

ondervind. By deelnemers wat wel probleme ondervind, behoort intensief gekyk te word na weldeurdragte en toegepaste pastorale terapeutiese modelle wat as oplossing voorgehou kan word.

5.4.1 Probleemidentifisering, probleemverheldering en ontginning van hanteringsgeleenthede

Vier stappe is hier van toepassing:

1. Die bou van 'n vertrouensverhouding.
2. Narratiewe of die storievertelling.
3. Die onsekere gedeeltes moet binne die probleemareas bepaal word. Daar moet ook gepoog word om leuengebaseerde denke by die deelnemer met nuwe positiewe perspektiewe te vervang.
4. Die probleemareas behoort tot kernvraagstukke vernou te word sodat daar gekonsentreer kan word op sodanige areas wat by die deelnemer 'n verskil kan maak.

5.4.2 Probleemoplossingstegnieke vir die terapeut

Met 'n raamwerk waarbinne die terapeut beplanning ter evaluering kan doen, kan op die volgende gelet word:

- Die bepaling van 'n reeks moontlikhede wat 'n verbetering by die deelnemer se uitkomstes tot gevolg kan hê.
- Die bepaling om op 'n duideliker en meer doeltreffende wyse die bogenoemde moontlikhede aan die deelnemer oor te dra en uitvoerbaar te maak.
- Die identifisering van dryfkragte met die doel om die deelnemer aan te spoor om hom/haar totaal verbind te kry om voorstelle uit te voer.

5.4.3 Formulering en werkbare aksieplanne

Enkele riglyne en formulering van stap vir stap aksies in pastorale beradingsgesprek:

Narratiewe

Afgesien van die verskillende narratiewe fasette soos:

- Komiese stories.
- Tragiese stories.
- Romantiese stories.
- Ironiese stories.
- Dramatiese stories.
- Terapeutiese stories.

5.4.4 Hermeneuties

Daar is ook vier hermeneutiese fasette wat die aksent op die volgende plaas:

- *Metafore*, wat analogies en simbolies oor God spreek.
- Die *teodisee-ervaring*, wat 'n verband tussen God en lyding lê.
- Die *terrein van persepsies en emosionele ervaring*, wat aandui wat die impak van God op die mens se ervaring, waarneming en verwagting van God is.
- *Kognisies*, wat dui op positiewe of negatiewe assosiasies en persepsies van God.

5.5 Fasemodel

Die volgende vier fases kan as moottikhede tydens die beradingsproses voorgehou word.

- Fase 1:** Kontakbou en selfverstaan.
- Fase 2:** Probleemanalise en perspektiefontwikkeling.
- Fase 3:** Besluitneming, doelwitformulering en programontwerp.
- Fase 4:** Sinontwerp, singewing en geloofsontwikkeling.

Die volgende tabel verduidelik die verskillende aspekte van die vier fases op die eenvoudigste wyse:

Tabel 9: Pastorale fasemodel

	Fase 1	Fase 2	Fase 3	Fase 4
Doel	Kontakbou (vertroue). Selfvertroue.	Probleemanalise. Integrasie van gegewens. Perspektief- ontwikkeling.	Verantwoordelike gedrag. Besluitneming. Doelwitformulering. Programontwerp.	Organiese Skrif- vertolking. Sinontwerp. Hoopvolle lewe. Geloof- volwassenheid.
Antropologie	Affektief	Kognitief	Konatief	Normatief
Menslike funksie	Ervaar emosie	Refleksie	Besluit Handel	Glo Hoop
Respons	Empatie Ondersteuning	Interpretasie Diagnose Vragend Informasie	Konfrontasie Informasie	Opbou Ondersteun Skrifgebruik

Alhoewel die tabel 'n goeie uiteensetting van die pastorale beradingsfunksies is, moet dit geensins as 'n bloudruk beskou word wat noodwendig van fase tot fase beweeg nie. Fase 1 kan byvoorbeeld een sessie behels waar Fase 2 dalk tot ses gaan benodig. Juis omdat elke gesprek van elke individu so verskil, behoort enige skematiese voorstelling as 'n geheelbeeld gesien te word. So kan dit dalk byvoorbeeld nodig wees dat nuwe kontakbou weer na verskeie sessies moet aandag kry omdat daar dalk nuwe inligting beskikbaar is.

5.6 Toepassende gevallestudie ter illustrering van 'n voorgestelde model

Die gevallestudie wat hier volg, word as voorbeeld gebruik van hoe die strategiese aspekte wat hierbo bespreek is, toegepas kan word. Die navorser gebruik derhalwe 'n narratief wat binne die navorsing hanteer is om aan te toon hoe iemand pastoraal beraad kan word en hoe mentorskap by ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks hanteer kan word.

Banie is 'n veertienjarige seun wat vroeër deel van hierdie kwalitatiewe studie se onderhoudsvoering was. Hy was die seun wat uitgestaan het as die mees rebelse seun, met 'n stiefpa wat baie gedrink het en volgens die seun al hulle geld uitgemos het. Sy ma is in 'n rystoel as gevolg van 'n motorongeluk waarin sy eie pa oorlede is. Intussen het sy ma met 'n ander man getrou en sy ma het só verbeter dat sy nou met krukke oor die weg kom. Uit 'n latere onderhoud met die ma en nuwe stiefpa is die deure geopen om met die gesin in gesprek te tree. Vandaar het die volgende gevallestudie gevolg.

Sessies se tydbestek is beperk tot een en 'n half uur elk. Die doelwitte van elke sessie is deeglik met 'n inleiding uitgespel. Na elke sessie is daar ook 'n samevattende bespreking gehou om te bepaal of die doelwitte bereik is. Aangesien dit oor vele sessies gestrek het, sal dit nie alles woordeliks aangehaal word nie, maar eerder meer samevattend hanteer word.

Na die eerste sessie met Banie se stiefpa (Gert) en ma (Magda) (*kontakbou*), het dit geblyk dat hulle nog steeds probleme ondervind met Banie se rebelse optrede, wat vele probleme by die skool veroorsaak. Daar is vir hulle elkeen genoeg geleentheid gebied om hulle narratiewe *en* ondervindings binne gesinsverband te deel (*vertroue*). Die ouers was uiters geneë om saam te werk nadat die doelwitte van die proses aan hulle verduidelik is. Beide ouers is redelik onkundig, maar ook baie gewillig om te leer. Dit het gelei tot 'n kontakproses waar vertroue tussen my en die ouers gebou moes word. Dit

het twee sessies geneem om vir die ouers mentorskap en die toepassing van Bybelse beginsels as deel van die oplossing te verduidelik (*probleemanalise*). Daar is gepoog om aan hulle meer begrip te gee oor Banie se emosionele seer wat tot 'n mate met die eerste ontmoeting met Banie bepaal is (*kognitief*). Na die derde sessie en 'n paar telefoongesprekke het dit geblyk dat ons tot 'n groot mate mekaar gevind het. Ons ervaring en empatiese emosies en ondersteuning van mekaar het gegroei tot 'n redelike selfverstaan.

Hierdie hele proses is toe met Banie herhaal waar hy ten volle sy narratiewe, emosies en ondervindings asook persepsies kon deel (*ervaar/emosies en refleksie*). Die ouers was voor die tyd baie behulpsaam deur hulle positiewe insette rakende die feit dat hy my kan vertrou. Die eerste sessie met Banie was nie sonder stampe en stote nie (*vertroue*). Sy wantroue was diep gesetel en die navorser het uit sy pad gegaan om hom nie te kritiseer nie, maar eerder sy sterk punte te probeer uitlig. Sy grootste probleem was om te verstaan hoekom hierdie sessies enigsins nodig is (*probleemanalise*). Hy het gevoel hy het die reg om te voel soos hy voel. Sy stiefpa se drinkery en God wat sy eie pa van hom weggeneem het, was die grootste struikelblokke en wanpersepsie om te oorkom (*konfrontasie/informasie*). Eers by die derde sessie het ek 'n mate van vertroue van Banie se kant af begin ervaar, alhoewel heelwat werk in die verband nog nodig was. Die besef dat hy nie vrede en geluk ervaar nie en in soveel konfrontasies betrokke is, het hom tot 'n mate die lig laat sien vir die nodigheid van verandering (*verantwoordelike gedrag/besluitneming*). Alhoewel hy nog skepties was, het dit met elke sessie beter gegaan. Na die derde sessie met Banie, kon ek die doelstellings van die sessies waarmee hy moes saamstem, bespreek. Dit was 'n wedersydse gesprek waar hy byna net soveel as die fasiliteerder insae gelever het (*doelwitformulering en programontwerp*).

Dit het nog twee sessies met Banie geneem om by nuwe perspektiefontwikkeling en probleemanalise uit te kom. Daar moes gereeld teruggegaan word na kontakbou en die skep van 'n nuwe, dieper vertrouensverhouding.

Nadat drie aparte gesprekke met Gert, Magda en Banie gevoer is oor die probleemanalise, perspektiefontwikkeling asook interpretasie en diagnose van die probleme, kon bogenoemde aangespreek word. Elkeen het sy eie mening oor elke probleem en oplossing gehad en dit het heelwat tyd geneem om almal redelik eensgesind te kry. Die geneigdheid tot rebelsheid het telkemale die besluitnemingsproses vertraag met “Hoekom?” en “Waarom?” (*refleksie*) en moes met omsigtigheid hanteer word. Daar is die heeltyd weer terugverwys na die hoofdryfveer, naamlik kontakbou en vertroue.

Die voorbereiding vir 'n gesprek waar al drie partye van die gesin in een sessie hanteer moes word, het baie aandag geniet. Die ouers is vooraf goed ingelig oor die feit dat daar geensins op hierdie stadium na Banie se foute verwys moes word nie. As fasiliteerder moes ek uiters bedag wees op die feit dat vertroue tussen die ouers en kind nou eers gebou moes word. Indien probleme uitgewys word, moes die gesprek so gou moontlik van rigting verander word sodat kontakbou *en* vertroue eers behoorlik geskep moes word voordat enige probleemanalise kon voortgaan.

Uiteindelik het die eerste sessie plaasgevind waar al drie partye van die gesin betrokke was. Die bespreking wat moes lei tot besluitneming en onderlinge programontwerp het weer nuwe probleme na vore gebring. Banie se rebelsheid was weer baie geneig om die besluitnemingsproses te vertraag. By die volgende sessie is daar beweeg na probleme en analise daarvan. Hier moes 'n soort van kontraksluiting oor die bespreekte kernprobleem plaasvind. Elkeen moes dan verantwoordelikheid neem vir die probleem wat elkeen raak (*sinontwerp en hoopvolle lewe*). Elkeen moes onderneem om vir ten minste vyf sessies aan die oplossing en die uitvoering van die aksieprogram te werk (*opbou en ondersteun*). Besluite is een vir een geneem, maar konfrontasie moes gereeld onder beheer gebring word. Die eerste aksieplanne en handelswyses is bespreek.

Elke persoon moes die redes verskaf waarom hy/sy wil voortgaan met die soeke na 'n werkbare oplossing asook verduidelik wat hulle verder van die gesprek verwag (*besluit*

en handel). Die fasiliteerder het 'n hele sessie gebruik om die drie partye te leer om minder te konsentreer op wat hy/sy self sê en meer op wat die ander sê (*luistertegniek*). Daarna is gereeld in sessies terugverwys na aksieplanne, besluite en handelswyse waarop ooreengekom is.

Daar is ook ooreengekom op 'n weeklikse evaluasieproses saam met die fasiliteerder. Die doel hiermee was dat die groeiproses volhoubaar gemaak word. Interessant genoeg het die neiging tot konfrontasie afgeneem toe die gesprekke beweeg na skrifvertolking, hoopvolle lewe, glo en hoop.

Van Banie se kant was die geneigdheid om God die skuld te gee vir sy regte vader se dood nog steeds 'n werklike knelpunt. Dit het heelwat tyd en ondersteuning deur beide ouers en fasiliteerder geneem om sinontwerp, perspektiefontwikkeling en organiese skrifontwerp te gebruik om hom nader te bring aan geloofsvolwassenheid. Dit is verder hanteer deur die ouers wat kerkbywoning begin toepas het.

Namate ander probleme tydens vorige sessies ontstaan het wat met rookskerms toegehou is, het die fasiliteerder begin huiswerk gee ten opsigte van die beweging na geloofsvolwassenheid deur Bybelse gedeeltes. Dit het later in diepte bespreking uitgelok en tot antwoorde gelei.

Die volgende stap was dat ouers die verantwoordelikheid van die gesin by die fasiliteerder moes oorneem. Vir hierdie doel is dit stelselmatig gedoen deur gebruik te maak van smse, e-posse en telefoongesprekke. Mentorskap en die vader as geestelike leier van die gesin het egter nog op 'n gereelde basis voortgegaan deur die vader betrokke te kry by 'n manlike kerksgroep. Toe Banie later ook daarby inskakel, was daar redelik gou positiewe veranderinge by hom.

Vir die fasiliteerder was dit 'n riem onder die hart toe die eerste geestelike smse van Banie af ontvang word. Hierdie gesin is besig om tot volwassenheid te groei. Kontak word nog steeds met hulle behou en heelwat vrae word nog steeds deur die

fasiliteerder beantwoord. Die klem verskuif egter ook nou van blote antwoorde na “Wat dink julle?”, met die doel dat hulle self begin verantwoordelikheid neem.

5.7 Samevatting

Alhoewel die bespreking van hierdie gevallestudie heelwat positiewe uitkomstes getoon het, is dit belangrik om te besef dat dit nie altyd so suksesvol afgehandel was nie. In baie gevalle is die kliënte nie bereid om deur die hele proses te gaan nie en in ander gevalle raak dit selfs te veel vir die terapeut om deur te druk.

Ter afsluiting van die studie is die navorser van mening dat die Heilige Gees die dominante hoofsaak tydens sulke sessies vervul. Deur die regte vrae te vra, verhoudings te bou, probleme reg te bepaal/analiseer en antwoorde te vind, is menigmaal nie binne die vermoë van die mens nie, maar deur die werking van die Heilige Gees, wat gelei het tot positiewe uitkomstes.

5.8 Slot

Die fokus van hierdie studie is op pastorale berading en mentorskap in die Suid-Afrikaanse konteks en hoe dit kan bydra tot die verbetering van ouer-kind verhoudings. Die Praktiese Teologiese model van Osmer is gebruik as raamwerk waarbinne die studie ontplooi is. Dit bestaan uit die Deskriptief-empiriese, Interpretatiewe, Normatiewe en Pragmatiese take (wat vir die doeleindes van die studie *benaderingswyses* genoem is).

Daar is gebruik gemaak van empiriese navorsing om te bepaal wat die omvang is van gebrekkige toepassing van Bybelse beginsels en mentorskap binne die gesinsraamwerke. Verdere literatuurstudies het ook getoon hoe belangrik die toepassing van Bybelse beginsels en mentorskap vir ouer-kind verhoudings is. Die

omvang van die jeugprobleme in Suid-Afrika bewys dat hierdie studie 'n noodsaaklike onderwerp is. Binne die normatiewe deel is aangetoon dat Bybelse beginsels noodsaaklik is vir die verbetering van ouer-kind verhoudings in die Suid-Afrikaanse konteks. Vanuit die navorsing binne die Deskriptief-empiriese, Interpretatiewe, Normatiewe komponente hierbo genoem en die interaksie daartussen, is die Strategiese/Pragmatiese ontwikkel waar riglyne voorgestel word vir die toepassing in die praktyk.

Pastorale berading en die toepassing van mentorskap vir beide ouers en kinders blyk noodsaaklik te wees. Pastorale beraders, gemeentes en skole behoort dus veel meer aandag te gee om beide ouers en kinders in te lig oor die positiewe uitkomstes wat Bybelse beginsels en mentorskap binne gesinne kan hê.

Deur hierdie studie word dus ook aangetoon dat (en 'n beroep gedoen op) die samelewing binne die Suid-Afrikaanse konteks om erns te maak met die ouer-kind verhouding deur middel van mentorskap en pastorale berading.

Bronnelys

Adams, J.E. 1983. *Solving Marriage Problems*. Michigan: Zondervan Publishing House, Grand Rapids.

Adams, J.E. 1986. *The Biblical View of Self-Esteem, Self-Love and Self-Image*. Oregon: Harvest House Publishers.

Ammerman, N.T. 2007. Memory verses: Teaching children the Bible. *Christian Century* 124(7): 10-11.

Anderson, K. 2006. *Waar staan dit in die Bybel?* Kaapstad: Struik Christelike boeke.

Anderson, L. 2006. *Unwed fathers' Involvement and the role of religion*. Department of Sociology, University of Arizona: USA.

Balcazar, F.E., Blechman, E.A. & Blinn-Pike, L. 2006. Mentoring special youth populations. *Journal of Community Psychology* 34(6): 747-763.

Baring, R. 2012. Children's image of God and their parents: explorations in children's spirituality. *International Journal of Children's Spirituality* 17(4): 277-289.

Bartkowski, J.P. & Ellison, C.G. 1995. Divergent models of childrearing in popular manuals: Conservative protestants vs. the mainstream experts. *Sociology of Religion* 56(1): 21-34.

Beck, A.T. 1976. *Cognitive Therapy and the Emotional disorders*. New York: International Universities Press.

Bell, C.R. 2002. *Managers as mentors. Building partnerships for learning*. Berrett-Koehler Publishers, Inc.: San Francisco.

Blue, K. 1987. *Authority to Heal*. InterVarsity Press: Downers Grove, Illinois.

Boeije, H. 2010. *Analysis in Qualitative Research*. London: Sage Publications.

Boland, C. 2006. *Functional Families: Functional teams*. *Ancjft Article* 27(1): 22-28.

Borcherdt, B. 1996. *Making families work and what to do when they don't*. The Haworth Press: CA, USA.

Bornshheuer, J., Garza, Y. & Nichter, M. 2012. Biblical based parenting an child-parent relationship training: common ground for helping religious clients. *Mental Health, Religion & Culture* 15(1): 53-64.

Boshoff, T. 2006. The compilation and evaluation of a creativity programme for children in middle childhood. (Ph.D. Thesis). NWU, Potchefstroom.

Bozeman, B. & Feeney, M.K. 2007. *Toward a useful Theory of mentoring: A conceptual analysis and critique*. *Administration & Society* 2007; 39:719. [Aanlyn]. Verkry vanaf: <http://aas.sagepub.com/cgi/content/abstract/39/6/719>. [9 April 2012].

Bretherton, L. 2010. Fathers in attachment theory and research: A review. *Early Child Development and Care* 180: 9-23.

Britner, P.A. 2006. Mentoring special youth populations. *Journal of Community Psychology* 34(6): 747-763.

Browning, D. 1991. Living Christianity, Dictionary of Pastoral care and Counseling *Christian Century* 4: 314. [Aanlyn]. Verkry vanaf: <http://nwubib.nwu.ac.za/login?url=http://search.ebscohost.com/login.aspx?direct=true&db=5ph&an=9108051995>. [2 November 2013].

Bryan, V., Flaherty, C. & Saunders, C. 2010. Supporting adoptive families: Participants perceptions of a statewide peer mentoring an support program. *Journal of Public Child Welfare* 4: 91-112.

Bunge, M.J. 2008. Biblical and theological perspectives on children, parents, and 'Best practices' for faith formation: Resources for child, youth and family ministry today. *Dialog: A Journal of Theology* 47(4): 39-48.

Burke, T.J. 2006. *Adopted into God's Family*. Illinois: Intervarsity Press.

Bush, T. 1996. Happily married with children. *Chistian Century Journal*: January 31: 34-38.

Chapman, G. 2003. *Vyf tale van die liefde*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Christensen, M.J. 1991. *The Samaritan's imparitive*. Nashville, TN.: Abingdon Press.

Clinebell, H. 1979. *Growth counseling: Hope-centered methods of actualizing human wholeness*. Nashville: Abingdon Press.

Clinebell, H. 1984. *Basic types of Pastoral Care and Counseling. Resources for the Ministry of Healing and Growth*. Tennessee: Abingdon Press.

Clinton, T. & Hawkins, R. 2011. *The Popular Encyclopedia of Christian Counseling. An indispensable tool for helping people with their problems.* Oregon: Harvest House Publishers.

Cloud, H. 2007. *The secret things of God. Unlocking the treasures reserved for you.* New York: Howard Books.

Clutterbuck, D. 2006. *Everyone needs a mentor.* London: CIPD House.

Clutterbuck, D. & Megginson, D. 1999. *Mentoring Executives & Directors.* London: Butterworth-Heinemann Press.

Coetzee, C.F.C.1986. Die werk van die Heilige Gees in die teologiese denke van Andrew Murray. (Ph.D. Tesis). Departement Sentrale Publikasies, Potchefstroom se Universiteit.

Coleman, R. & Cassell, D. 1996. Parents who misuse drugs and alcohol. (Ph.D. Tesis). In *Assesment of parenting*, edited by P. Reder & C. Lucey, C. Sierra College, University of Nevada-Reno.

Collins, G.R. 2005. *Die A tot Z van berading.* Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Cranwell-Ward, J., Bossons, P. & Gover, S. 2004. *Mentoring: A Henley review of best practice.* New York: Palgrave.

Crone, E. 2008. *Het puberende brein, samenvatting.* [Aanlyn]. Beskikbaar by: [http://www.nuborghcollege.info/lambertfranckens/ud/nieuws/bestand/Evelina%20Crone%20%20HET%20puberende%\(samenvatting\).](http://www.nuborghcollege.info/lambertfranckens/ud/nieuws/bestand/Evelina%20Crone%20%20HET%20puberende%(samenvatting).) [17 Oktober 2013].

Csordas, T. J. 2009. Growing up Charismatic: Morality and spirituality among children in a religious community. *Journal of the Society for Psychological Anthropology ETHOS* 73: 414-440.

De Graaf, T. 2009. *Coaching is not therapy, counseling, mentoring or psychology*. [Aanlyn]. Verkry van: <http://dutchcoach.wordpress.com/2009/06/11/coaching-is-not-therapy-counseling-mentoring> 11 Thursday Jun. 2009. [9 April 2012].

De Klerk, B.J. & De Wet, F.W. 2013. *Met die oog op God. Voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op Praktiese Teologie*. Potchefstroom: Pieterse en Kie.

De Klerk, R. & Le Roux, R. 2003. *Emosionele intelligensie vir kinders en tieners: 'n praktiese gids vir ouers en onderwysers*. Kaapstad: Human en Rousseau.

De La Rey, C., Duncan, N., Shefer, T. & Van Niekerk, A. 1997. *Contemporary issues in human development, a South African focus*. South Africa: International Thomson Publishing.

Dennison, J. 1999. *City Reaching*. Pasadena: William Carey Library.

Denton, R. A. 2010. Pastorele gestalt terapeutiese intervensie om mishandelde laat adolessente wat skuld en skaamte ervaar, na vergifnis te begelei. (Ph.D. Tesis). UNISA.

De Wet, C. 2013. *Rapport se berigging oor skoolgeweld 1994–2011: 'n Multidimensionele sosiale probleem. Artikel van skool vir oopleer, UOVS LitWet* 10(1):1-13.

Die Bybel (1933-vertaling). 1997. Veertiende druk. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dunn, R. 1994. *Don't stand there, pray something*. Alpha: Scripture Press.

Du Plessis, A.L. 2007. Die rol van gebed by die proses van innerlike genesing –'n pastorale studie. (Ph.D. Tesis). Noordwes Universiteit, Potchefstroom.

Du Plooy, G.M. 1997. *Introduction to communication: Course book 2, Communication*. Kenwyn: Juta.

Edina, T. *Theology Emerging Church, Mission Life, Practical Theology, Rants. What is Practical Theology?* Part 1. [Aanlyn]. Verkry van:
<http://theoblogy.blogspot.co./2005/02/what-is-practical-theology-part-i.html>. [10 April 2012].

Eldredge, J. 2001. *Wild at Heart*. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Inc.

Eldredge, J. & Eldredge, S. 2005. *Captivating. Unveiling the Mystery of a Woman's Soul*. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers.

Ellis, A. 1983. Rational-emotive Therapy (REBT) be effectively used with people who have devout beliefs in God and religion. *Professional Psychology Research and Practice* 2000 31(1): 29-33.

Fargher, M. & Dooley, H. 2001. *How Children Experience Trauma and how Parents can help to Cope*. Pietermaritzburg: Penguin Books South Africa (Pty) Ltd.

Fee, G.D. 2000. *Listening to the Spirit in the text*. Vancouver, British Columbia: Regent College Publishing.

Feenstra, J.G. 1972. *Leer en lewe*. Bloemfontein: Sacum.

Ferreira, W.A. 1994. *The Parent-Adolescent relationship in the realization of educational authority : an empirical perspective*. Kaapstad: Educare.

Fourie, M. 2007. Die ontwikkeling van pastoraal-narratiewe mentorskap-beginsels as effektiewe leerbenadering. (Ph.D. Tesis). Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Fourie, M. & Van Den Berg, J.A. 2007. The development of pastoral narrative mentorship principles of effective learning approach. [Aanlyn]. Verkry vanaf: ACTA, apps.ufs.ac.za/dl/staff/0833301/cv.pdf. [4 April 2012]

Freeks, F.E. 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks: 'n prakties-teologiese studie. (M-verhandeling). Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Freeks, F.E. & Lotter, G.A. 2009. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die uitwerking van afwesige vaders: 'n verkennende kwalitatiewe ondersoek in die Promosa-gemeenskap. *Koers* 74(3): 519-534.

Freeks, F.E. & Lotter, G.A. 2011. Waardes en die noodsaak van 'n karakteropvoedingsprogram binne kollegeverband in die Noordwesprovinsie: verkenning en voorlopige voorstelle. *Koers* 76(3): 577-598.

Gaffin, J.R., Saucy, R.B., Storms, C.S. & Oss, D.A. 1996. *Are Miraculous Gifts for today?* Michigan: Zondervan Publishing House.

Gail, L. 2011. Psychology of mentoring: the case of talented college students (Reports). *Article of Advanced Academics*: 1-4.

Gentry, P.G. & Wellum, S.J. 2012. *Kingdom through Covenant, a Biblical-Theological understanding of the covenants*. Wheaton, Illinois, USA: Crossway Publishers.

Gerdes, L. C. 1998. *Bringing up parents and children*. Pretoria: Unisa Press.

Getz, G.A. 1993. *Sharpening the focus of the Church*. Dallas, U.S.A.: Christian Press.

Gilbert, N.Z. 2007. The effects of Grade 9 and 10 learners' problem behavior in classrooms in Potchefstroom and their value systems. (Master's Degree). Bloemfontein: University of the Free State.

Gilkes, L. & Capstick, L. 2008. Parent-to-Parent mentoring. Oxfordshire's pioneering buddy scheme for adopters. *Adoptions & Fostering* Volume 32(1): 69-71.

Gold, Y. 1999. Beginning teacher support. In *Handbook of research in teacher education* (2nd ed.), edited by J. Sikula, T. Buttery & E. Guyton. USA: John Wiley & Sons Inc. pp. 548-594.

Golden, M. 2009. *Growing up fatherless in antiquity. Oedipal complexes*. New York, USA: Cambridge University.

Goleman, D. 1996. *Emotional Intelligence*. London: Bloomsbury Publishing.

Gouws, L.A., Louw, D.A.P., Meyer, W.F. & Plug, C. 1997. *Verklarende en Vertalende Sielkundewoordeboek*. Johannesburg: Heinemann Voortgesette Onderwys Bpk.

Grieve, K. & Van Deventer, V. 2005. *A Student's A-Z of Psychology*. Landsdowne: Juta and Co.Ltd.

Hagin, K.E. 1999. *Seven things you should know about divine healing* (13th ed). Tulsa: Kenneth Hagin Ministries.

Harwood, R., Miller, S.A. & Vasta, R. 2008. *Child Psychology. Development in a changing society* (5th ed). U.S.A.: John Wiley & Sons, Inc.

Heald, C. 1996. *Soos Korale in Sy Koninkryk. 'n Bybelstudiegids vir vroue wat streef na voortreflikheid*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Heikkinen, J.W. & Luebbe, B.M. 1987. *Helping Children Know The Bible*. Philadelphia: Lutheran Church Press.

Heitink, G. 1999. *Practical Theology*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Heitink, G. 2000. *Pastorale Zorg: Theologie, differentiatie, praktijk* (2^{de} druk). Kampen: Kok.

Higgensovoorts, J. 1990. *Selfbeeld en jou kind*. Pretoria, Suid-Afrika: Daan Retief Uitgewers.

Higginbotham, B., Macarthur, S. & Dart, C.P. 2010. *4-H Mentoring: Youth and Families with Promise – Adult Engagement and the Development of Strengths in Youth*. [Aanlyn]. Verkry vanaf: <http://dx.doi.org/10.1080/10852352.2010.486300>. [23 Maart 2012].

Higgs, L. 2001. Special schools cater for twice as many disadvantaged pupils. [Aanlyn]. Verkry vanaf: NEWS (education) article 2-8 March 2010. www.csu.edu.au/division/landt/efp/publications/publications_books.html. [25 Maart 2012].

Hiltner, S. 1972. *Theological Dynamics*. Nashville: Abingdon.

Hoepfner, H.G. 2009. Die betekenis van die Vaderskap van God in die pastorale begeleiding van aangenome kinders. (Ph.D. Tesis). Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Holy Bible: King James version. 1997. Wheaton, Illinois: Tyndal House Publishers.

Horton, M. 2006. *Introducing Covenant Theology*. Grand Rapids, Michigan: Baker Publishing Group.

Hübner, S.R. & Ratzan, M. 2009. *Growing up fatherless in antiquity. Perspectives on "Fatherless" in the ancient Mediterranean*. Cambridge: Cambridge University Press.

Hussain, Z. & Ireland, S. 2007. *The Psychology of Coaching, Mentoring and Learning*. England: John Wiley & Son's Ltd.

Jacobs, A.C. 2008. Die pastoor se belewenis van die uitdagings in multikulturele pinkster-charismatiese gemeentes van Suid-Afrika. (Ph.D. Tesis). Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.

Jacobs, R.M. 2010. Reading Bible with youth. *Vision* 11(2): 64-71.

James, R.K. & Gilliland, B.E. 2001. *Crises intervention strategies* (4th ed). U.S.A.: Brooks/Cole Thomson Learning.

Janse van Rensburg, J. 2000a. *The Paradigm Shift. An introduction to Postmodern Thought and it's Implications for Theology*. Hatfield, Pretoria: Van Schaik Publishers.

Janse van Rensburg, J. 2000b. The Subject of Pastoral care: an Epistemological Discourse. *Acta Theologica* 2000: Supplementum 1: 24-28.

Johnson, B. & Christensen, L. 2008. *Educational Research, Quantitative, Qualitative and Mixed Approaches* (3rd ed). U.S.A.: Sage.

Johnson, D.W. 2003. *Reaching out, interpersonal effectiveness and self-actualization* (8th ed). University of Minnesota: Pearson Education.

Joubert, S. 2003. *Beheer God jou denke? Die sleutel tot 'n suksesvolle geloofslewe is binne jou bereik!* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Kalanjee, H. 2001. Self-concept of children from different family statuses. (M-thesis). Potchefstroom: North-West University.

Kang-Hamilton, S. 2008. *The Bible and the education of children: Lessons from Alexander Campbell*. Abilene, Texas, U.S.A.: Abilene Christian University.

Keeley, R.J. 2008. *Helping our children grow in faith*. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

Keller, T.E. & Pryce, M.J. 2010. Mutual but unequal: Mentoring as a hybrid of familiar relationship roles. *New Direction for Youth Development* 126: 1-152.

Kirkey, S. *Bedroom television makes kids emotionally numb*. National Post. [Aanlyn]. Verkry van: <http://www.googlealert>. [1 Oktober 2007].

Kochan, F.K. & Pascarelli, J.T. 2003. *Global perspectives on Mentoring*. Connecticut: IAP Information Age Publishing.

König, A. 1991. *Bondgenoot en beeld*. Halfweghuis: N.G. Boekhandel.

Kovács, F.C. 2006. The Covenant in Luke – Acts. (M-verhandeling). Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Kysar, R. 1991. *Called to care*. Minneapolis: Augsburg Fortress Fifth.

Labuschagne, G. 2005. *Gebedsterapie Kursus*. Bloemfontein: Genesalem Terapeutiese Sentrum.

Larney, T. & Lotter, G.A. 2005. Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waardes. *Bulletin for Christian Scholarship* 70(4): 661-684.

Larose, S. 2006. Mentoring special youth populations. *Journal of Community Psychology* 34(6): 747-763.

Lawson, J.G. 1998. *When God's Spirit falls*. New Kensington: Whitaker House.

Leaf, C. 2007. *Toxic Thoughts, Emotions & Bodies*. Randburg, South Africa: Fish Wicks.

Leedman, M. & Parsloe, E. 2009. *Coaching and Mentoring Practical Conversations to improve Learning*. London and Philadelphia: Kogan Page.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2001. *Practical Research: Planning and design*. Upper Saddle River, N.J.: Merrill Prentice Hall.

Leman, K. 2009. *Have a new kid by Friday*. Grand Rapids. Michigan: Baker Publishing Group.

Le Roux, P.J. 1991. Verbond en Gemeente – die betekenis van verbond vir kerk en kosmos. (Ph.D. Tesis). Sistematiese Teologie: Universiteit van Suid Afrika.

Lewis, P. 1991. *Leer jou kind die regte waarde*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.

Lichtman, M. 2010. *Qualitative research in Education: a User's guide*. (2nd ed). U.S.A.: Sage.

Lichtman, M. 2011. *Qualitative educational research*. U.S.A.: Sage.

Limke, A. & Mayfield, P.B. 2011. Attachment to God: Differentiating the contributions of fathers and mothers using the experiences in parental relationships scale. *Journal of Psychology and Theology* 101(39.2): 122-129.

Little, I. 2008. *Lewenspraatjies met ouers*. Kaapstad: Oshen Books, Struik Uitgewers.

Lotter, G.A. 2005. Die werk van die Heilige Gees volgens 2 Korintiërs en die moontlike pastorale implikasies daarvan. *In die Skriflig* 39(3): 487-504.

Loubser, G. 2013. *Ouerskap*. Artikel in Vrouelidmate van die NGK in Wes-en Suid-Kaap, onder Aktief vir Christus, 2013/10/06. [Aanlyn]. Verkry van: <http://www.vroueweskaap.co.za/toewyding/luister>. [7 Oktober 2013].

Louw, D.J. 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Wellington: Lux Verbi.

Louw, D.J. 2005. *Ratwerke van die menslike siel*. Stellenbosch: Sun Press.

Louw, D.J. 2008. *Cura Vitae. Illness and the healing of life*. Wellington: Lux Verbi.

Maxwell, J.C. 2007. *Goue leierskap, lesse uit 'n leeftyd van leierskap*. Suid-Afrika: Struik Christelike Boeke: New Holland Publishing.

Mbandeka, H. *Hoekom kommunikasie tussen ouers en kinders so belangrik is..* Artikel uit Republikein. Donderdag 27/09/2012. [Aanlyn]. Verkry van: <http://www.republikein.com.na/kollig-hoekom-kommunikasie-tussen-ouers-en-kinders-so-belangrik-is> [6 Oktober 2013].

McDonald, A., Beck, R., Allison, S. & Norsworthy, L. 2005. Attachment to God and parents: Testing the correspondence vs. compensation hypothesis. *Journal of Psychology and Christianity* 24: 21-28.

McFarland-Piazza, L., Hazen, N., Jacobvitz, D. & Boyd-Soisson, E. 2011. *The developmentment of father-child attachment: associations, recollection of childhood experiences and caregiving*. Charles Stuart University, Australia & University of Texas,

USA. [Aanlyn]. Verkry van: <http://dx.doi.org/10.1080/03004430.2011.57307> [6 Mei 2012].

McGinnis, A.L. 1999. *Balans in die Lewe. Wees suksesvol in jou werk én verhoudinge*. Kaapstad: Lux Verbi.

McGinnis, A.L. 2009. *Balans in die lewe*. Kaapstad: Lux Verbi.

McGraw, P. 2009. *Jou gesin kom eerste*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Medhus, E, 2004. *Hearing is believing: how words kan make our kids*. Canada: Publisher Group West.

Mellor, K. & Mellor, E. 2001. *Ouerkuns, Noodsaaklike vaardighede om kinders te begelei van baba tot volwassene*. Pinelands, Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Mellor, K. & Mellor, E. 2001. *Easy parenting*. Sydney: Finch Publishing.

Menendez-Aponte, E. 2001. *When mom and dad divorce*. Johannesburg: Lux Verbi.

Meyer, M. & Fourie, L. 2004. *Mentoring and coaching. Tools and techniques for implementing*. Randburg: Knowres Publishing.

Miller, S. 2010. *Supporting Parents. Improving outcomes for children, families and communities*. Glasgow, UK: Open University Press.

Minichiello, V. & Kottler, J.A. 2010. *Qualitative Journeys, Student and Mentor experiences with research*. U.S.A.: Sage.

Moral Regeneration Movement (MRM). 2003. *From Liberation to transformation*. Presentation to the Portfolio Committee on Arts and Culture 19 May 2010. Johannesburg.

Morey, T. & Hedingert, T. 1996. Cornucopia kids and parents: Bowing down to Mammon. *Christian Century Journal* 113(4): 112-114.

Morgan, A. 2000. *What is narrative therapy? An easy-to-read introduction*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Murray, M. & Owen, M.A. 1991. *Beyond the myths and magic of mentoring. How to facilitate an effective mentoring program*. San Francisco: Jossey-Bass Publishing.

Neethling, K., Rutherford, R. & Schoeman, R. 2005. *Very smart parents*. (2nd ed). Halfway House: Solutionfinding.

New Living Translation. 1971. Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.

News 24. 2012. *Bendegeweld in Wes-Kaap neem toe*. [Aanlyn]. Verkry van: <http://m.news.com/nuus24/suidafrika/nuus/bendegeweld>. [26 September 2013].

Nolte, S.P. 2007. Pastore as gewonde genesers: Emosionele intelligensie en pastoraat. (Ph.D. Tesis). Fakulteit Teologie: Universiteit Pretoria.

Oosterbroek, A. 2011. *Figuring out Father*. Cape Town, South Africa: Quickfox Publishing.

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology, An Introduction*. Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK: William B. Publishing Company.

Osmer, R.R. & Schweitzer, F. 2003. *Religious education between modernization and globalization: new perspective on the United States and Germany*. Grand Rapids, W.B. Eerdmans Publishing Company.

Papalia, D.E., Olds, S.W. & Feldman, R. 2006. *A child's world: infancy through adolescence*. (10th ed). New York: McGraw–Hill.

Parker, E.I. 2009. Attributes of God the Father in the Covenant: A pastoral foundation for Fathering. (Ph.D. Thesis). Potchefstroom, North-West University.

Paul, C. 2010. *The symptomatology of a dysfunctional parent-infant relationship*. London: John Wiley & Sons Ltd.

Pieterse, M.E. 2010. Kreatiwiteit by volwasseenes as verwerking van ouerverwerping in die kinderjare – 'n pastorale verkenning. (Ph.D. Thesis). Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Piper, J. 2007. *What Jesus demands from the world, all authority in heaven and on earth has been given to me*. Nottingham, England: Intervarsity Press.

Potgieter, S. 2009. 'n Pastoraal-hermeneutiese benadering tot pedofilie. (Ph.D. Thesis). Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Prinsloo, D.P. 2001. Voortgesette verbondsonderrig aan volwasseenes as komponent van gemeentebou. (M-verhandeling). Potchefstroom: Potchefstroom Universiteit vir Christelike hoër Onderwys.

Rabe, L. 2013. *Om liever die lewe in te stap*. [Aanlyn]. Verkry van: Path:/Published/Media_24_Bylae/By/2013/03/16/BJ/Texts/ 16MaartSelfMoord.xml. [24 September 2013].

Rebel, J.J. 1981. *Pastoraat in pneumatologisch perspectief*. Kampen Netherlands: Uitgevers J.H.Kok.

Reder, L.M. 1996. *Memory and metacognition*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Ass. Inc. Publishers.

Rhodes, J.E. 2011. *Older and wiser: Risks and rewards in youth mentoring*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Sandelowski, M. & Barraso, J. 2002. Reading Qualitative Studies. *International Journal of Qualitative methods*. [Aanlyn]. Verkry vanaf: <http://www.ualberta.ca/ijgm>. [6 Mei 2013].

Scales, P.C. & Leffert, N. 1999. *Development assets*. Minneapolis, MN: Search Institute.

Scheepers, P. & Van der Slik. K. 1998. Religion and attitudes on moral issues: Effects of individual, spouse and parental characteristics. *Journal for Scientific Study of Religion* 37(4): 678-691.

Scheidel, W. 2009. *Growing up fatherless in antiquity. The demographic background*. New York, USA: Cambridge University.

Schweizer, E. 1980. *The Holy Spirit*. London: Fortress Press.

Seamands, D.A. 1991. *Healing for damaged emotions, recovering from the memories that cause our pain*. Colorado USA: Chariot Victor Publishing.

Shea, G.F. 2003. *The mentoring organization*. California: Crisp Publications, Inc.

Shoonenberg, S.J. 1955. *God, Vader en Schepper: het eerste geloofsartikel*. Roermond: H. Van der Marck en Zonen.

Sigman, A. 2009. *The spoiled generation, Why restoring authority will make children and society happier*. London: Mixed Sources, FSC.

Silverman, D. 2005. *Doing Qualitative Research* (2nd ed). London: Sage Publications.

Smit, M.P. & Smith, G. 1995. *Ouders en kinderen: een theologisch-ethische bezinning*. Zondermeer, Netherlands: Boekensentrum.

Smith, R. 1990. *Speel met jou kind, en berei hom voor vir die grootmenswêreld*. Kaapstad: Human & Rousseau Edms Bpk.

Smith, C. 2003. Religious participation and parental moral expectations and supervision of youth. *Reviews of Religious Research* 44(4): 414-424.

Smith, I. 2003. Immorele kinders, wat loop skeef? *Rooi Rose* November: 54-60.

Smith, K.G. 2008. *Review of Richard Osmer, Practical Theology: An Introduction*. [Aanlyn]. Verkry van: www.satsonline.org/...Smith-ReviewOfOsmer-PracticalTheology.pdf. [10 April 2012].

Sowers, J. 2010. *Fatherless Generation*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Stahl, J. 2007. *Lessons on Leadership: the 7 Fundamental management skills for leaders at all levels*. New York: NY/ Kaplan Publishing.

Stansbury, J.A 2009. Role of disgust in immoral actions. (MA Thesis in Psychology). Towson, Maryland: Towson University.

Stek, J.H. 1994. "Covenant overload" in Reformed Theology. *Calvin Theological Journal* 29: 27 - 39.

Sternberg, R.J. 1998. *Thinking Styles*. New York: Cambridge University Press.

Steyn, A.F. 1997. Values that support quality marital and family life. *South African Journal of Sociology* 96(27.4): 46-66.

Steytler, J.P.D. 2007. Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare. [Aanlyn]. Verkry vanaf: <http://hdi.handle.net/10394/1848>. [8 Januarie 2012].

Steytler, J.P.D. & Strydom, H. 2007. Die leemte wat deur die afwesige vader veroorsaak word by die seun in sy laat-middeljare. *SA-eDUC Journal* 4(1): 29-39.

Steytler, J. & Strydom H. 2010. Die profile van die volwasse man as mentor vir adolossente seuns aan die Weskus. *Tydskrif vir geesteswetenskappe* 50(4): 14-33.

Stone, F. 2004. *The Mentoring advantage, creating the next generation of leaders*. New York: Dearborn Trade Publishing.

Stoop, D. & Masteller, J. 1996. *Forgiving our parents, forgiving ourselves. Healing adult children of dysfunctional families*. Ventura, California: Regal from Gospel Light.

Strauss, P. 1987. *Lewe... verstaan jy die kuns*. Pretoria: Daan Retief Uitgewers.

The Amplified Bible. 1987. U.S.A.: Zondervan Publishing House and The Lockman Foundation.

Toussaint, L. & Jorgensen, K.M. 2008. Inter-parental conflict, Parent-child Relationship Quality, and Adjustment in Christian Adolescent: Forgiveness as a mediating variable. *Journal of Psychology and Christianity* 2008 27(4): 337-346.

Tucker, K. 2007. *Establishing a mentoring and coaching programme*. Randburg, SA: Knowres Publishing (Pty) Ltd.

Tyano, S., Keren, M., Herrman, H. & Cox, J. 2010. *Parenthood and Mental Health. A bridge between infant and adult psychiatry*. London: John Wiley & Sons Ltd.

Van Der Merwe, P. 2013. 'n Skoolgebaseerde sosiaal-emosionele program as strategie teen misdaad en geweld. *Tydskrif van Geesteswetenskappe* 51(3): 2-4.

Van Der Spuy, P. 1998. *Wanneer die Heilige Gees werk*. Vereeniging: Struik Christelike boeke Bpk.

Van Heerden, A. 2004. Die verband tussen sosiale ondersteuning en selfkonsep in die middelkindertydperk. (Ph.D. Tesis). Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Van Jaarsveld, F.J. 2001. Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n konstruksietetiese benadering. (Ph.D. Tesis). Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Van Rooyen, L. 2008. *Moraliteit in Suid-Afrika*. Negende Professor W.A. Landman-gedenklesing, ATKV-tak, Centurion. [Aanlyn]. Verkry van: http://www.landman.co.za/rooyen_oi.htm. [26 September 2009].

Van Ruler, A.A. 1974. *De vervulling van de wet*. Nijkerk: Callenbach.

Van Wyk, D. 1988. *Die verhouding tussen ouer en kind*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Van Wyk, E. 2012. Gesprek vyf: *Hoe praat ons dat ons kinders na ons luister?* Artikel oor ouerleiding in Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk. [Aanlyn]. Verkry vanaf: <http://www.pvr.co.za/group/ouerleiding/forum/topics/gesprek-vyf-hoe-praat-ons-dat-ons-kindern-na-ons-sal-luister>. [6 Oktober 2013].

Venter, H.V. 2004. Die begeleiding van gesinne binne die postmoderne era in die plaaslike kerk: 'n prakties-teologiese benadering. (MTh-verhandeling). Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Vogel, D. 2008. Parent involvement in learning as preventative factor against youth misbehaviour. *Shools of arts, Education, Languages and communications. Acta Criminologica* 21(2): 16-18.

Vos, Ü. 2013. *Geweld by skole neem toe, wys studie*. Beeld: 17 April 2013.

Wallerstein, J. & Blakeslee, R. 1995. *The good Marriage: How and Why Love lasts*. Houghtin: Mifflin.

Warkenton, T.E. 2011. A case study of children's responses to Bible stories. *Christian Educational Journal* 8(2): 306-325.

Wessler, R.L. 1983. A bridge too far: Incompatibilities of rational-emotive therapy and pastoral counseling. *The Personnel and Guidance Journal* 62(5): 264-265.

Woodward, J. 2008. *What ought to be going on? Practical Theology: an introduction*. [Aanlyn]. Verkry van: <http://jameswoodward.sd.uk/review-osmer.htm>. [10 April 2012].

Worsley, H. 2004. How children aged 9-10 understand Bible stories: a study of children at a church-aided an a state primary school in the Midlands. *International Journal of Children's Spirituality* 9(2): 14-16.

Wright, C.J.H. 1991. *Deuteronomy*. Massachusetts: Hedrickson Publishers.

Wright, W.C. 2006. *Mentoring the promise of relational leadership*. Great Britain, Sparkford: J.H. Haynes & Co.

Addenda

Hierdie addenda (1 tot 6) is by die studie gevoeg. Dit bevat die verkorte empiriese gesprekke asook die eerste evaluering daarvan en latere afleidings.

Addendum 1

By alle onderhoude word die doel van die navorsing asook die term “mentor”, “pastorale beraad” en “gesonde gesinstrukture” verduidelik by aanvang van die gesprek. Vir jonger kinders word dit in meer eenvoudige terme verduidelik. Om 'n oop gesprek te verkry, word ander vrae gebruik uit reaksie op deelnemers se antwoorde. Addisionele vrae om positiewe narratiewe uitkomstes te bewerkstellig, is as volg: Hoekom? Hoe voel jy? Wat ervaar jy? Wat dink jy? Wat was die emosies wat jy ervaar het? Ensovoorts.

Om die studie meer geloofwaardig te maak, is besluit om nie persone met spesifieke probleme of agtergronde te kies nie. Die keuse van deelnemers was neutraal en hulle is toegelaat om oop gesprekke met die onderhoudsvoerder te hê.

Die volgende twee verskillende getoetste rigtinggewende vraelyste sal vir deelnemers gebruik word. Een vir ouers en een vir kinders/jeug. Beide is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Om oop gesprekke aan te spoor, sal egter afgewyk word van gestruktueerde vraelyste, maar eerder gebruik gemaak word van 'n reeks getoetse en rigtinggewende vrae wat op die individu van toepassing is. Die gesprekke is verkorte weergawes van die gesprekke. Slegs inligting wat van toepassing is op hierdie studie word in die volgende gesprekke weergegee.

Individuele onderhoudsvoering (Kinders)

In alle gevalle is gebruik gemaak van skuilname, insluitende ouers, familie en onderwysers.

Deelnemer 1

Naam: Trau (skuilnaam)

Ouderdom: 15 jaar

Geslag: Manlik

Vraag 1:

Onderhoudsvoerder of Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Ja, beide ouers leef nog en hulle bly saam in 'n normale gesinsverband.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef?

Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Nie van toepassing nie.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Ja, ek sien John Smit as my rolmodel.

Navorser: Hoekom?

Deelnemer: Hy was 'n baie goeie kaptein vir die Springbokke en het nooit te veel van homself gedink of lelike goed gedoen nie.

Navorser: Hoe voel jy oor mense wat te veel van hulself dink?

Deelnemer: Ek hou niks daarvan nie, al is hy goed in rugby, is hy nie beter as ander mense nie.

Navorser: Ken jy sulke mense?

Deelnemer: Ja.

Navorser: Hoe laat sulke mense jou voel?

Deelnemer: Soms minderwaardig, maar ek vermy hulle.

Vraag 4:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Hy moet regtig vir my omgee en ek moet hom kan vertrou met alles wat ek vir hom sê.

Navorser: Wat van lewenswysheid en liefde?

Deelnemer: Ja, dit moet iemand wees wat ouer as ek is en meer ondervinding het.

Vraag 5:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: My pa leer my kitaar speel en laat my perd ry. Daar is ook 'n onderwyser in my skool wat my baie help en raad gee.

Navorser: Hoe is die onderwyser met jou?

Deelnemer: Hy het altyd tyd vir my en luister en probeer vir my oplossings vind as ek 'n probleem het.

Vraag 6:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal sorg dat ons minder baklei in die huis.

Navorser: Wat bedoel jy met baklei?

Deelnemer: My pa en ma baklei soms en dit is baie sleg vir my.

Navorser: Hoe voel jy dan?

Deelnemer: Ek is dan baie bang en veral bang dat hulle gaan skei.

Vraag 7:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: My pa het eendag my geroep en vir my my eerste perd gaan wys wat hy vir my gekoop het. Dit is ook nou baie lekker dat my pa my leer kitaar speel.

Vraag 8:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: My pa en ma het baklei en my ma het per ongeluk oor 'n tafeltjie geval en haar been seergemaak. Ons moes hospitaal toe gaan met haar. Dit was niks ernstig nie, maar dit was baie sleg om daar by die hospitaal te sit.

Navorser: Hoe het jy gevoel?

Deelnemer: Baie vernederend, asof dit my skuld was.

Navorser: Was dit jou skuld?

Deelnemer: Nee, glad nie maar dit het so gevoel.

Vraag 9:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Die sport is baie lekker, maar ek hou niks van Wiskunde nie.

Navorser: Het jy baie maats en kom julle goed klaar?

Deelnemer: Ja, maar net 'n paar van ons is groot maats, wat baie goed klaarkom en alles met mekaar bespreek.

Navorser: Hoe voel jy teenoor die onderwysers?

Deelnemer: Hulle is almal gaaf, behalwe een wat net altyd wil baklei.

Navorser: Hoe voel jy as hy met jou baklei?

Deelnemer: Dit voel sleg, veral as ek nie skuldig was nie.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die koshuis en wat is vir jou sleg daaraan?

Deelnemer: Nee, dit is nie lekker nie, maar ek besef ek moet maar daar bly.

Navorser: Wat is vir jou sleg daar?

Deelnemer: Die studietyd en die kos. Die onderwysers is ook baie kwaai. Dit voel dan nie soos 'n huis nie.

Deelnemer 2

Naam: Cin (skuilnaam)

Ouderdom: 13 jaar.

Geslag: Vroulik.

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Ja, my ma en pa leef maar my ma bly ver van my af in die Kaap.

Navorser: Hoekom bly sy so ver van jou af?

Deelnemer: Sy kry nie werk hier nie en haar inkomste is te min om vir my te sorg.

Navorser: Hoe voel jy teenoor jou ma?

Deelnemer: Ek verlang vreeslik baie na haar en ek sien haar slegs enkele vakansies.

Navorser: Kuier julle lekker as jy by jou ma is?

Deelnemer: Ja, maar as my ma hier kom kuier, baklei sy en my oupa vreeslik. Ek weet nie hoekom hulle so baklei nie, maar dit maak my ma se kuier sommer baie sleg.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef? Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: My pa en ma is geskei en my pa sê ek is nie sy kind nie. My broer bly by hom. Ek het lank in die jeugsorgsentrum gebly, maar nou bly ek by my oom en tante.

Navorser: Hoe voel jy oor die feit dat jou pa beweer dat jy nie sy kind is nie?

Deelnemer: Dit maak my baie seer en dit voel vir my of ek nie goed genoeg vir hom is nie. My ma sê ek is wel sy kind. Ek weet nie hoekom hy my broer kies en nie vir my ook nie (kind in trane).

Navorser: Voel jy verwerp, rebels en aggressief?

Deelnemer: Ja, partymaal sommer alles, ek word nog altyd deur die jeugsorg- en skoolkinders eenkant geskuif. Ek leef 'n eensame lewe en as iemand my naam vra, noem ek myself sommer Cinderella.

Navorser: Kan jy met jou oom en tante oor hierdie dinge gesels?

Deelnemer: Nee, hulle het 'n baba en twee nefies wat almal saam bly; as die baba huil, sê hulle altyd dit is my skuld en dan slaan hulle my. My een kleiner nefie en ek is groot maats, maar my ouer nefie haat my en ek hou ook niks van hom nie.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Nee, ek ken nie so iemand nie.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy as rolmodel beskou?

Deelnemer: Ja, Juffrou Mariaan en my ouma se sussie gee baie vir my om en ek praat met hulle.

Navorser: Vertel jy vir hulle alles?

Deelnemer: Nee, ek sal nooit oor alles kan vertel nie, maar ek vertel hulle baie goed en hulle laat my altyd beter voel.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy/sy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: So 'n persoon moet vir my baie liefde gee en ek sal graag wil hê dat ek haar met alles kan vertrou en alles vertel sonder om in die moeilikheid te kom.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Miskien Juffrou Elisabeth van die maatskaplike dienste. Ek dink sy sal dalk voel om dit vir ander te vertel en dan is ek in groot moeilikheid.

Navorser: Dit klink of jy baie vrese het, is dit so?

Deelnemer: Ja, ek is eintlik bang vir alles en almal.

Navorser: Dink jy werklik dat jy genoeg rede het vir al jou vrese?

Deelnemer: Ek weet tog nie, ek voel so deurmekaar.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal baie liefde en drukkies gee vir alle kinders. Ek sal nie skei of baklei nie. Ek sal graag na almal se probleme luister en probeer help.

Navorser: Dit klink asof dit alles is waaraan jy behoefte het, is dit so?

Deelnemer: Ja, dit is regtig so.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het?

Deelnemer: Toe ek baie kleiner was, het ons saam met my pa en ma see toe gegaan; ek onthou nou nog hoe lekker dit was.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Ek het dit eintlik al klaar vertel, maar alles gaan nog steeds aan.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Nee, dit is niks lekker nie. Kan ek vir Oom vra wat moet ek doen as 'n meisie my elke dag vloek by die skool?

Navorser: Ek dink jy moet dit probeer ignoreer en nie terugbaklei nie. Dit is belangrik om dit met Juffrou Elizabeth te bespreek. (Sy bars in trane uit en ek steek my hand oor die tafel uit en vra of ek vir haar kan bid).

Deelnemer: Sy sê ek kan maar bid, maar sy wil glad nie my hand vat nie (waarskynlik wantroue).

Deelnemer 3

Naam: Marie (skuilnaam)

Ouderdom: 17 jaar

Geslag: Vroulik

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: My ma is 'n jaar gelede oorlede en my pa is drie maande gelede weer getroud.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef? Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Ek bly alleen saam met hulle, want ek is die jongste en my broers is al uit die huis uit. My pa en sy broer baklei baie (hulle het eers saam geboer). My broers baklei ook baie met mekaar en hou ook niks van mekaar nie.

Navorser: Hoe laat dit jou voel?

Deelnemer: Ek hou niks daarvan as mense in onvrede leef nie. Daarom is dit vir my baie sleg en as ek praat daaroor, sê hulle ek is nog te klein om te verstaan. Dan is hulle sommer vir my ook kwaad. Ek voel ook dan sonder vrede en verwerp.

Navorser: As jy so alleen voel, het jy darem iemand om mee te praat?

Deelnemer: Ja, my stiefma luister en verstaan my. Ons gesels baie, maar nie soos met my regte ma nie.

Navorser: Verlang jy nog baie na jou ma?

Deelnemer: Ja, ek verlang nog baie erg na haar. Sy was so wonderlik en ons was sommer net groot maats. Ek mis haar nog elke dag.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Riana Nel bewonder ek.

Navorser: Oor haar mooi stem?

Deelnemer: Ja, maar ook oor haar liefde vir Jesus en die feit dat sy so nederig en vriendelik is.

Navorser: Is sulke eienskappe in 'n mens vir jou belangrik?

Deelnemer: Ja, want ek is net so lief vir Jesus.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Miskien my pa, want hy is baie lief vir my. Hy is egter glad nie emosioneel nie en daarom kan ek nie regtig my hart met hom deel nie. My oorlede ma sou sonder twyfel my rolmodel gewees het. (Begin huil).

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy/sy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Aandagtig na my luister, baie liefdevol wees, moet wysheid hê en moet reeds 'n suksesvolle lewe hê.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Soos ek reeds gesê het, dalk my pa, maar ek dink my onderwyser, Mnr. Buitendacht. Hy is baie rustig, liefdevol en gee my altyd net die beste raad. Hy maak altyd tyd as ek met hom wil gesels.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal geen bakleiery toelaat in my huis nie. Ek sal beter na my kinders se behoeftes luister en meer beskikbaar wees vir hulle.

Navorser: Sien jy dan jou pa te min?

Deelnemer: Ek sien my pa net naweke en dan sit ons en gesels; nie oor my dinge nie, maar eerder oor syne. Hy gee dan ook baie aandag aan my stiefma.

Navorser: Het jy 'n probleem met die aandag wat hy aan jou stiefma gee?

Deelnemer: Nee, glad nie, ek hou baie van haar.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Die lekkerste in my lewe was die tye wat ek saam met my eie familie vakansies gaan hou het.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: My ma se dood. Dit was vir my verskriklik toe sy siek geword het en nog erger toe ek moes hoor van haar dood. Aan die begrafnis en die maande daarna wil ek nie eers dink nie. (Huil weer).

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Dit is vir my baie sleg in die koshuis. Na my ma se dood wil ek net die heelyd by ons huis wees. My pa weier egter dat ek uit die koshuis gaan.

Navorser: Is jy nie dalk in jou onderbewussyn bang dat daar weer iets soos jou ma se dood by die huis sal gebeur nie?

Deelnemer: Ek dink so, want ek bel baie huis toe en is nogal bevrees as hulle nie antwoord nie.

Deelnemer 4

Naam: Ane (skuilnaam)

Ouderdom: 15

Geslag: Vroulik

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Net my pa leef nog.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef? Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: My ma is dood toe ek in Graad 8 was. Ons het op hierdie klein plattelandse dorpie gebly. My pa het toe met 'n anderskleurige vrou getrou en ons het in die swart woonbuurt gaan bly.

Navorser: Hoe het jy jou ma se dood ervaar?

Deelnemer: Dit was erg, maar ek het haar byna nooit gesien nie. Hulle is reeds geskei toe ek slegs drie jaar oud was. Daarom was dit nie so erg vir my nie.

Navorser: Hoe was dit vir jou toe jy moes trek na die swart woonbuurt?

Deelnemer: Dit was ondraaglik. Mense het my nie meer gegroet of met my gepraat in die dorp nie. My maats wou niks met my te doen gehad het nie. In die skool en selfs in winkels het mense snedige aanmerkings teenoor my gehad. Nou na drie jaar begin dit beter gaan.

Navorser: Het dit jou selfbeeld beïnvloed en wat het dit emosioneel aan jou gedoen?

Deelnemer: Ek het totaal verwerp gevoel sonder enige selfvertroue. Ek was nie tuis in die swart of wit woongebiede nie. Ek wou net die heelyd huil.

Navorser: Het jou pa jou ondersteun?

Deelnemer: Nee, glad nie, maar my nuwe ma het my gedra en altyd ondersteun en raad gegee. Ons het saam besluit dat ek akademies moet uitstyg en met hierdie nuwe uitdaging het ek begin oorleef.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Nee, nie eintlik nie.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Ja, my stiefma, sy is altyd daar vir my en ek kan enigiets vir haar sê. Dit help baie.

Navorser: Is jou pa ook liefdevol teenoor jou?

Deelnemer: Nee, ek kan nie veel met hom praat nie, want hy is baie weg vir sy werk. Hy wil ook nie oor emosionele dinge praat nie. Hy belowe altyd dat hy na die skool se prysuitdeling sal kom, maar hy daag nooit op nie.

Navorser: Sou jy sê jou pa is emosioneel 'n afwesige pa?

Deelnemer: Ja, ek voel so, want hy luister nie na my nie en raas baie met my.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Ek weet regtig nie hoe dit moet voel nie. Ek moet hom seker ten volle kan vertrou en hy moet baie lief wees vir my en my kan raad gee.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Nie op die oomblik nie. Daar is onderwysers wat goed is vir my en my maats wat ek nou het is baie dierbaar, maar ek kan nie iemand sien as my mentor nie.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal nie baklei in my huis nie. Ek sal nooit my kinders binne 'n ander kultuur grootmaak nie. Ek sal baie liefdevol wees en hulle ondersteun in alles wat hulle doen.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Toe ek begin het om akademies eerste te staan in my klas en erkenning begin kry het.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Ek het dit eintlik klaar vertel. Dit was toe almal my so sleg behandel het omdat ons in die swart woonbuurt gaan bly het.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Nou is dit vir my lekker en veral die akademie. Die slegste is nog steeds as die seuns net soms snedige aanmerkings oor my maak.

Deelnemer 5

Naam: Banie (skuilnaam)

Ouderdom: 14 jaar

Geslag: Manlik

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Net my ma, oupa en ouma. (Hy sit met een arm oor stoel se ruglening en lyk baie selfvoldaan).

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef? Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: My pa, ma, oupa en ouma was drie jaar terug in 'n ernstige motorongeluk. My pa het gesterf en my ma is in 'n rystoel. My ma het weer getrou met my stiefpa.

Navorser: Ek is baie jammer om dit te hoor. Was dit vir jou moeilik?

Deelnemer: Ja, ek verlang nog steeds na my pa; hy was baie lief vir my.

Navorser: Waar werk jou stiefpa?

Deelnemer: Hy doen niks. My ma het vir hom die besigheid gegee en hy het dit bankrot gemaak met sy drankprobleem.

Navorser: Hoe behandel hy jou?

Deelnemer: Hy drink baie, dan baklei hy met almal. Hy hou niks van my nie.

Navorser: Hoe is jou ma met jou?

Deelnemer: Sy is baie lief vir my en help my met alles.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Ja, almal wat rockmusiek maak.

Navorser: Jy lyk na 'n besige mannetjie; dink jy jy is bietjie van 'n rebel?

Deelnemer: Ja, ek is, en gee die onderwysers baie moeilikheid.

Navorser: Hoekom dink jy is jy so?

Deelnemer: Ek weet nie, ek hou maar net daarvan.

Navorser: Kan dit wees dat jy nog seer in jou hart het oor jou pa se dood? Of is dit miskien oor hoe jou stiefpa jou behandel?

Deelnemer: Ek dink miskien so, want ek kan nie verstaan hoekom my pa moes doodgaan nie. (Hy begin ongemaklik rondskuif en ek besef dat ek nie verder hieroor moet uitvra nie).

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Nee, almal is maar dieselfde; 'n mens kan niemand vertrou nie.

Navorser: Hoekom voel jy so?

Deelnemer: Almal vir wie ek nog vertel het oor hoe ek voel, het my later veroordeel.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Al wat ek sal wil hê, is dat ek hom kan vertrou.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Die enigste een waaraan ek kan dink, is my ma. Sy is altyd daar vir my, sy luister na my en verstaan my.

Deelnemer: Gee jy haar ook soms moeilikheid?

Navorser: Nee, nooit, ek is te lief vir haar en help haar baie met die rystoel en kos maak.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal probeer om soos my ma te wees, maar ek weet nie of ek dit sal regkry nie.

Navorser: Hoekom dink jy sal jy dit nie regkry nie?

Deelnemer: Ek is nie so lief vir ander mense soos sy nie.

Navorser: Maar jy kan tog probeer om te verander, of nie?

Deelnemer: Ja, ek dink ek sal probeer.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Ek en my regte pa het altyd saam gaan visvang en dit was vir my verskriklik lekker.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Toe my pa dood is en my ma skielik in 'n rystoel moet sit.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Nee, niks is vir my lekker nie. Ek doen maar net wat die onderwysers vir my sê.

Deelnemer 6

Naam: Nic (skuilnaam)

Ouderdom: 15 jaar

Geslag: Manlik

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Ek bly saam met my biologiese ouers en ons is 'n hegte gesin.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef?

Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Nie van toepassing nie.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Ja, my oom, hy is hoofbestuurder van een van die grootste banke in Suid-Afrika.

Navorser: Hoekom is hy vir jou 'n rolmodel?

Deelnemer: Hy is baie saggeaard en ons gesels graag. Hy leer my duursame lesse van die lewe. Hy is baie suksesvol en sonder twyfel baie lief vir my.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Ek het van my oom gepraat, maar my pa en ma is beide vir my wonderlike rolmodelle.

Navorser: Dink jy dit help jou met byvoorbeeld jou selfvertroue?

Deelnemer: Ja, verseker. Ek word somer hartseer as ek hoor hoe gaan dit by my maats se huise en hoe hulle oor hul ouers praat.

Navorser: Dink jy daar is baie probleme in gesinne oor die algemeen?

Deelnemer: Beslis, as ek by hulle kuier of met hulle gesels, is daar slegs enkele kinders wat so gelukkig is soos ek.

Navorser: Dink jy 'n mentorskapprogram vir ouers en kinders is nodig?

Deelnemer: Ja, want dit lyk vir my of kinders en ouers aparte lewens lei.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: As ons van 'n mentor praat, kan ek met 'n oop gemoed sê dit is my pa.

Navorser: Hoekom voel jy so?

Deelnemer: Hy is alles wat ek eendag wil wees. Hy is beskikbaar, liefdevol, gedissiplineerd, en het goeie verhoudinge met sy gesin en andere. Hy is ook suksesvol en het passie vir almal.

Vraag 6:

Navorsers: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Altyd my pa.

Vraag 7:

Navorsers: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek weet regtig nie, want hulle is alles wat 'n kind wil hê.

Vraag 8:

Navorsers: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Die dag toe my pa vir my 'n vierwielmotorfiets vir die plaas gekoop het. Ek werk nogal baie saam met hom op die plaas en ek geniet dit ook baie. Ons vakansies as gesin is ook baie lekker vir my.

Vraag 9:

Navorsers: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Ek het eenkeer my pa se bakkie erg gestamp teen 'n hekpaal. Dit het my vir lank gepla en ek het vreeslik sleg gevoel. My ouer susters wat al uit die skool is, skinder baie. Dit maak my pa baie kwaad en dan is ek ook ongelukkig.

Vraag 10:

Navorsers: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Ja, ek geniet dit en ek probeer my bes in sport en akademie.

Deelnemer 7.

Naam: Racè . (skuilnaam)

Ouderdom: 15 Jaar

Geslag: Vroulik

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Ja, hulle leef nog albei en ons bly saam as 'n gesin.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef?

Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Nie van toepassing nie.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Ja, Kurt Darren.

Navorser: Watter eienskappe van hom bewonder jy?

Deelnemer: Hy is baie suksesvol met sy musiek. Volgens artikels is hy baie lief vir sy vrou en gee baie om vir ander mense. Sy troue was soos 'n sprokiesverhaal.

Navorser: Is daar nog ander eienskappe?

Deelnemer: Ja, hy is liefdevol en lyk betroubaar.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Nie regtig nie.

Navorser: Wat van jou ouers?

Deelnemer: Ons is baie lief vir mekaar en hulle doen baie vir my. Ek sien hulle egter nie as rolmodelle nie.

Navorser: Hoekom nie?

Deelnemer: Hulle baklei baie en rook en drink.

Navorser: Drink en baklei hulle baie erg?

Deelnemer: Nee, glad nie so erg dat dit 'n probleem is nie. Hulle besit 'n drankwinkel en my pa werk baie lang ure en selfs oor naweke sien ek hom baie min. As ek hom sien, is hy moeg en uitgeput van die werk.

Navorser: Probeer jy sê dat jy behoefte het aan sy gehaltetyd?

Deelnemer: Ja, verseker sal ek graag my emosionele en ander behoeftes met hom wil bepreek. Ek is egter baie lief vir hom en ek weet hy probeer sy bes vir ons.

Navorser: En jou ma?

Deelnemer: Sy is maar redelik kwaai, maar vir haar is ek net so lief.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Dit sal vir my wonderlik wees om iemand te hê wat ek onvoorwaardelik kan vertrou en alles vertel. Op my ouderdom het ek soveel raad nodig oor emosionele dinge soos verhoudinge, toekomskeuses en vakkeuses. Ek weet baie keer nie wat ek kan glo en nie moet glo nie en oor besluite wat ek moet neem. Ek beprek baie goed met my vriendin, maar ons het altwee nie altyd die regte raad nie. Mededeelsaamheid, liefde, beskikbaarheid en vertroue is vir my baie belangrik.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Miskien my sportafripter, maar ek het nog nooit gevoel om my emosies met hom te deel nie.

Navorser: Hoekom nie?

Deelnemer: Ek is bang hy lag vir my.

Navorser: Is julle verhouding dan nie so goed nie?

Deelnemer: Nee, dit is goed, maar mens weet mos nooit of jy iemand kan vertrou nie. My ma help darem baie as ek probleme het.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal meer na my kinders luister en hulle probeer verstaan. Ek sal ook hulle meer geleentheid gee om te praat voor ek hulle in die rede val.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: As ons as familie op vakansie gaan, is hulle baie dierbaar; ek vermoed die rede is dat hulle dan ontspan. Dan kan ek oor amper enigiets met hulle gesels.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Ek is vir twee jaar na 'n groot skool toe. Dit is 'n baie groter dorp en daar was omtrent 'n duisend kinders in die skool. Ek het dit verskriklik geniet en uitgeblink.

My ouers het toe vir my gesê ek moet terugkom huis toe omdat hulle dit nie verder kan bekostig nie. Dit was vir my baie sleg, maar my ouers het gesê dit kan nie anders nie.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: By die groot skool was selfs die koshuis en veral die sport baie lekker. Hulle akademiese standaard is baie hoër en ek het net dit begin baasraak toe moes ek terugkom. Nou is dit nie meer vir my lekker hier nie. Daar is nie groot foute nie, maar die ander skool het net soveel meer uitdagings gehad. Dit is asof my doelwitte nou nie meer daar is nie.

Deelnemer 8

Naam: Lisa (skuilnaam)

Ouderdom: 12

Geslag: Vroulik

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Ja, hulle leef nog, maar ons bly nie meer saam as gesin nie.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef?

Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: My pa en ma is onlangs geskei en my sussie en stiefpa bly saam met ons.

Navorser: Hoe het dit vir jou gevoel toe jou ma en pa geskei is?

Deelnemer: Dit was 'n vreeslike skok gewees toe ek dit hoor. Dit het gevoel of dit my skuld is.

Navorser: Voel jy nog of dit jou skuld is?

Deelnemer: Ek weet nie meer hoe ek voel nie, maar ek bly baie hartseer, want ek is baie lief vir my pa en ma.

Navorser: Jy kan maar hartseer wees, maar jy moet probeer om nie die skuld op jouself te plaas nie. Hoekom dink jy het hulle geskei?

Deelnemer: My pa het 'n ander vrou ontmoet en sê hy is nie meer lief vir my ma nie. Blykbaar is die ander vrou al lankal in sy lewe. My pa en ma het die laaste twee jaar baie baklei.

Navorser: Hoe behandel jou stiefpa jou?

Deelnemer: Redelik goed, maar ek sien hom byna nooit nie, want hy werk baie hard en kom eers laat in die aande in as ek al slaap.

Navorser: Hoe is die verhouding tussen ma en stiefpa?

Deelnemer: Goed, maar hulle drink en rook nogal heelwat.

Navorser: Is dit 'n groot probleem?

Deelnemer: Nee, maar dit is net nie lekker vir my nie.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Nie regtig nie.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Ja, my sussie wat vyf jaar ouer is as ek. Sy is baie kwaad vir my regte pa oor sy buite-egtelike verhouding. Sy wil nie eers met hom praat nie. Hulle was baie lief vir mekaar en het baie dinge saam gedoen.

Navorser: Hoekom sien jy jou sussie as 'n rolmodel?

Deelnemer: Sy is baie lief vir my en ondersteun my met alles. Sy is altyd daar vir my en probeer my teen alles beskerm. Sy help my met huiswerk. As ek hartseer is, praat sy baie met my en help my byna altyd om besluite te neem.

Navorser: En hoe is jou ma vir jou?

Deelnemer: Sy kan dalk ook my rolmodel wees, want sy gee baie om vir ons altwee. Dit is baie lekker om by my ma te wees en sy help altyd waar sy kan.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Hy moet baie betroubaar wees sodat ek vir hom alles kan vertel. Hy moet lief wees vir my en moet altyd beskikbaar wees en met aandag na my luister.

Navorser: Moet hy/sy ouer wees as jy?

Deelnemer: Ja, hy moet heelwat ouer wees en baie wysheid hê. Hy moet reeds suksesvol wees in dit wat hy doen. Hy moet 'n gelukkige vrou en kinders hê.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Ek ken nie regtig so iemand wat naby aan my is nie. Dit sal eintlik wonderlik wees om so iemand te hê. Ek het altyd gedink my regte pa sal so iemand wees, maar nou sien ons hom baie min.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal nooit, nooit skei nie. Ouers weet nie wat hulle aan kinders doen nie.

Navorser: Is daar nog iets?

Deelnemer: Ja, ek sal nie baklei in my huis nie en sal baie liefde gee aan my man en kinders.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Toe ons as familie drie jaar terug gaan kamp het in Malawi langs die meer bo in Afrika.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Toe my pa en ma geskei het en kort daarna, toe my stiefpa by ons ingetrek het.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Die sport is vir my lekker, maar huiswerk is vir my baie sleg.

Deelnemer 9

Naam: Cara (skuilnaam)

Ouderdom: 13 jaar

Geslag: Vroulik.

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Ja, ons bly as gesin saam met my twee kleiner boeties.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef?

Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Nie van toepassing nie.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Natalie du Toit, die swemster.

Navorser: Hoekom hou jy van haar?

Deelnemer: Sy het baie deursettingsvermoë, is vriendelik en nederig.

Navorser: Is dit vir jou belangrike eienskappe by mense?

Deelnemer: Veral nederigheid en vriendelikheid is vir my iets wat my dadelik van mense laat hou. Ek hou niks van mense wat dink hulle is beter as ander nie.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: My ma is my rolmodel.

Navorser: Hoekom dink jy so?

Deelnemer: Sy is regtig vriendelik en nederig teenoor almal. Sy is baie lief vir ons en is altyd bereid om ons enige tyd te help.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: My ma is my mentor en ek probeer altyd ook soos sy wees. Sy luister altyd aandagtig na my en probeer my altyd raad gee. Ek kan enigiets met haar bespreek. Sy is altyd daar vir ons almal.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: My ma is reeds so 'n persoon.

Navorser: Wat dan van jou pa?

Deelnemer: Hy is ook baie lief vir ons, maar ons sien hom baie min, nie meer as een keer per maand nie. Hy werk in Johannesburg. Ek weet hy doen dit vir ons, want hy het 'n goeie werk en maak baie geld om vir ons te sorg.

Navorser: Mis jy hom nie baie nie?

Deelnemer: Ja, verskriklik baie. Dit sal lekker wees om altyd met hom te gesels en raad te vra. As hy by die huis is, gaan 'n naweek so gou verby dat ons nie regtig kans kry om lekker te gesels nie.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal my bes probeer om nie soos my pa ver weg te werk nie.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

My pa het vir my 'n baie duur praat-teddiebeer gekoop. Ek slaap elke nag saam met hom.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: My pa was eenkeer in 'n kaping. Ons het ons boeglam geskrik en eers die volgende dag gehoor dat hy niks oorgekom het nie. Van daardie tyd af is ek maar altyd bang dat my pa iets sal oorkom in Johannesburg.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Dit is nie vir my lekker nie, maar my maatjies maak dit lekker. Ek hou niks daarvan as simpel seuns ons meisies terg nie.

Deelnemer 10

Naam: Barry (skuilnaam)

Ouderdom: 15 jaar

Geslag: Manlik

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Net my ma en boetie. My pa is in 'n motorongeluk dood toe ek twee jaar oud was.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef?

Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Toe my pa dood is, het my stiefpa by ons ingetrek. Hulle bly net saam want anders verloor my ma die pensioengeld.

Navorser : Hoe is hulle verhouding?

Deelnemer: Baie goed en ons bly almal lekker saam.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Ja, Pierre Spies, die Springbok rugbyspeler.

Navorser: Hoekom hou jy van hom?

Deelnemer: Hy oefen baie hard en speel baie goed. Hy is 'n wonderlike leiersfiguur.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Ja, my stiefpa is baie lief vir my en ek kan vir hom enigiets vra. Ek probeer hom ook met alles help. Hy is ook baie betrokke met my rugby.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: My stiefpa is my mentor; hy is suksesvol en het baie wysheid.

Navorser: En jou ma?

Deelnemer: Ek hou van haar kos (lag). Nee, ek is baie lief vir haar, al is sy bietjie streng.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: My stiefpa.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Niks eitlik anders nie, behalwe dat ek nie so streng sal wees nie.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: As ek elke jaar saam met my pa gaan jag.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Toe my stiefpa in 'n motorongeluk was, was ons bang dat hy sou doodgaan in die hospitaal. Dit was baie sleg.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Rugby is baie lekker, maar die res moet ek maar net doen.

Deelnemer 11

Naam: Makza

Ouderdom: 21

Geslag: Manlik

Graad: 12

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: My ouers leef beide, maar bly in 'n stad 220 km ver weg.

Navorser: Sien jy hulle gereeld?

Deelnemer: Slegs een maal 'n jaar en soms minder.

Navorser: Het julle telefoniese gesprekke?

Deelnemer: Ja, so een keer per maand.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef?

Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Hulle gee nie baie om vir my nie. Ek bly by 'n vriend.

Navorser: Hoe is julle kommunikasie, kan jy alles met hulle bespreek?

Deelnemer: Nee, glad nie, hulle luister nie eers as ek iets probeer vertel nie.

Navorser: Hoe oorleef jy finansieel?

Deelnemer: Hulle stuur maandeliks vir my geld en ek waardeer dit baie, want dit is genoeg.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Ja, die sokkerster, Khumalo.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Nee, maar ek werk akademies baie hard en oefen baie hard aan my "baseball". Ek wil graag uitstyg in die lewe.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Hy moet wyser wees as ek en regtig omgee om my te help met raad en probleemoplossings. Ek moet hom ook ten volle kan vertrou.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Ek weet glad nie, maar hoop ek ontmoet eendag iemand wat dit kan doen.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal hulle gereeld sien, met hulle gesels en hulle moet die geleentheid hê om alles met my te bespreek.

Navorser: Wil jy dus vir hulle 'n mentor wees?

Deelnemer: Ja, en wel die beste mentor wat ek kan wees.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Kan nie nou aan iets dink nie.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Wil nie nou daaroor praat nie.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Ja, die skool is lekker omdat daar soveel uitdagings is; daar is regtig niks wat vir my sleg is nie.

Deelnemer 12

Naam: Sebole (skuilnaam)

Ouderdom: 20

Geslag: Vroulik

Graad: 12

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Beide my ouers is dood twee jaar terug (MIV/Vigs).

Navorser: Jammer om dit te hoor. Is dit nog steeds traumaties vir jou?

Deelnemer: Ja, ek droom partymaal nog daaroor, maar dit gaan darem nou al beter.

Navorser: Het jy nog broers en susters?

Deelnemer: Ja, twee jonger susters.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef? Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Ons bly nou al drie by ons tante.

Navorser: Is sy getroud?

Deelnemer: Ja, maar haar man werk in Johannesburg en ons sien hom baie min.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Nee.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Ja, my tante. Haar naam is Makusa.

Navorser: Hoekom is sy jou rolmodel?

Deelnemer: Sy is baie lief vir my en help my met alles waar sy kan.

Navorser: Kan jy alles met haar bespreek?

Deelnemer: Ja, alles wat my pla, alles waaroor ek gelukkig is. Sy is 'n liefdevolle mens en ek sal ook alles vir haar doen.

Navorser: Dink jy dit sou beter wees as haar man ook in die huis was?

Deelnemer: Nee, glad nie. Sy kan alles doen wat 'n man kan doen. Mans is net onnodig.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Nie van toepassing.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk 'n mentor in jou lewe wees?

Deelnemer: My tante is en sal vir altyd my mentor bly. Ek wil eendag soos sy wees.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou tante doen?

Deelnemer: Niks nie. Behalwe dat ons meer geld sal wil hê, want ons leef net van haar pensioen en dit is soms baie moeilik. Maar ek weet geld kan nie sulke liefde koop nie.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Die lekkerste is om vir my tante my goeie akademiese uitslae te wys. Sy is dan baie trots en vertel vir almal.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Toe my ouers dood is.

Navorser: Dink jy jy wil daaroor praat?

Deelnemer: Nee, glad nie.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Dit is vir my baie lekker in die skool ek het wel net een goeie vriendin, maar my tante is meer werd as baie vriende.

Deelnemer 13

Naam: Tihafu (skuilnaam)

Ouderdom: 21

Geslag: Manlik

Graad: 12

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: My ma is 'n jaar terug dood aan 'n longinfeksie. My pa leef nog en ek bly saam met hom en een jonger broer.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef?

Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Na my ma se dood, maak ek al die kos en was die klere. Ek probeer ook vir my jonger broertjie 'n ma wees.

Navorser: Dit maak seker jou lewe baie moeilik?

Deelnemer: Nee, glad nie, dit is vir my lekker, want my pa is baie goed vir ons.

Navorser: Waar werk jou pa?

Deelnemer: Nee, hy werk nie. Ons leef van staatspensioen.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Ja, Nelson Mandela.

Vraag 4:

Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Ja. My pa.

Navorser: Hoekom sê jy so?

Deelnemer: Hy is altyd daar vir ons en gee vir ons baie liefde en drukkies.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: My pa is my mentor. Hy leer en wys ons alles van die lewe. Hy is 'n groot Christen en vertel ons altyd van die liefde wat Christus vir ons het. Hy lees elke dag vir ons uit die Bybel en leer ons wat is reg en verkeerd.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: My pa is. Ons kan vir hom enigiets vertel en hy is altyd beskikbaar om na ons te luister.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal niks anders doen as my pa nie, want hy maak ons gelukkige kinders.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: My oom het so maand terug vir ons die Universiteit in Bloemfontein gaan wys. Ons kon toe met sommige lektore gesels. Dit was wonderlik.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Toe my ma dood is.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Die skool is baie lekker, maar ek wens ek kan volgende jaar Universiteit toe gaan. Ek weet egter nie hoe ons daarvoor gaan betaal nie.

Navorser: Wat wil jy gaan studeer?

Deelnemer: Ek wil baie graag medies gaan studeer, maar oor die finansiële probleem sal ek ook 'n verpleegster wil word.

Deelnemer 14

Naam: Lehoha (skuilnaam)

Ouderdom: 18

Geslag: Vroulik

Graad: 12

Vraag 1:

Navorser: Leef jou biologiese ouers nog en bly julle saam binne 'n gesinsverband?

Deelnemer: Albei my ouers leef nog en ons bly lekker saam. Ons bly in 'n "shack" in Matwabeng saam met my twee sussies.

Navorser: Is dit baie sleg om in 'n "shack" te bly en hoekom?

Deelnemer: Dit is baie warm in die somer en koud in die winter. Ons goed word ook maklik gesteel.

Navorser: Voel jy skaam dat julle nie in 'n regte huis bly nie?

Deelnemer: Ja, as ek by my vriende kuier wat 'n huis het, lyk dit so lekker en dan is ek skaam as hulle na my toe kom.

Vraag 2:

Navorser: Indien nie, hoe het dit gebeur dat jy in 'n ander gesinsverband leef? Verduidelik asseblief so ver moontlik alle omstandighede.

Deelnemer: Nie van toepassing.

Vraag 3:

Navorser: Ken jy 'n openbare figuur wat vir jou 'n rolmodel is?

Deelnemer: Ek kan nie nou aan een dink nie.

Vraag 4:

Navorser: Het jy iemand wat jy sien as jou rolmodel?

Deelnemer: Ja, ek het 'n onderwyser by die skool wat my baie met alles help.

Vraag 5:

Navorser: As jy 'n mentor het of eendag een sal hê, hoe voel jy behoort hy teenoor jou op te tree?

Deelnemer: Die onderwyser by die skool is vir my 'n mentor. Ek kan hom regtig vertrou en amper alles met hom bespreek. Hy gee my raad en help my as ek probleme het.

Vraag 6:

Navorser: Hoe voel jy, wie kan dalk so 'n persoon in jou lewe wees?

Deelnemer: Die onderwyser.

Navorser: Wat van jou ouers, is hulle dan nie vir jou mentors nie?

Deelnemer: Ek is baie lief vir hulle en hulle probeer hul bes om vir ons liefde te gee. Hulle was nie op skool nie en verstaan baie dinge nie. Hulle doen net deeltydse werkies en verstaan nie as ek met sport of skool probleme na hulle gaan nie. Hulle drink ook soms dan baklei hulle.

Navorser: Is dit baie erg as hulle dan baklei?

Deelnemer: Nee, nie so erg nie, maar dit is net nie vir my lekker nie.

Vraag 7:

Navorser: As jy eendag 'n ouer is, wat sal jy anders as jou ouers doen?

Deelnemer: Ek sal my bes probeer om geleerdheid te kry sodat ek geld kan hê om goed vir my kinders te sorg. My ouers probeer regtig, maar die geld is net te min.

Vraag 8:

Navorser: Vertel bietjie wat is die lekkerste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: As ek naweke of vakansies by my vriendin in hulle mooi huis kan gaan slaap.

Vraag 9:

Navorser: Vertel my van die slegste dinge wat al met jou gebeur het.

Deelnemer: Ek is eenkeer deur 'n bende seuns gevang en aangerand.

Navorser: Het jy al traumaberading daarvoor ontvang?

Deelnemer: Nee, ek het net vir my ouers daarvan vertel. Hulle was baie jammer vir my, maar hulle kon niks daaraan doen nie.

Navorser: Dit is altyd belangrik om met 'n kundige te praat daaroor, sal jy dit oorweeg?

Deelnemer: Ja.

Navorser: Ken jy die maatskaplike werker?

Deelnemer: Ja, ek ken haar goed en sal by haar gaan hoor.

Vraag 10:

Navorser: Is dit vir jou lekker in die skool? Waarvan hou jy die meeste en waarvan hou jy niks?

Deelnemer: Ja, maar ek sal graag nou wil klaarmaak.

Addendum 2

Ouervraelys

Deelnemer 15

Naam: Ysel (skuilnaam)

Ouderdom: 50

Hoeveelheid kinders: 2

Vraag 1:

Navorser: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: Dit is veral belangrik in die huidige samelewing waar daar soveel versoekinge is. Dit moet ook so vroeg moontlik beklemtoon word, want later kan portuurdruk dalk 'n negatiewe invloed hê.

Vraag 2:

Navorser: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: Die feit dat alles ekonomies moeiliker word, behoort nie 'n wig in te slaan tussen ouers en kinders nie, aangesien ons enige tyd met kinders kan kommunikeer deur die elektroniese media.

Navorser: Moet ouers as die belangrikste mentors optree?

Deelnemer: Ja, indien nie, laat dit baie geleenthede vir verkeerde mense en elemente wat jou kinders negatief kan beïnvloed.

Vraag 3:

Navorser: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Hulle gaan maar deur fases. Toe hulle klein was, het dit maklik gegaan. Op hulle tienerjare is dit noodsaaklik om julle kommunikasiekanale oop te hou. Op Universiteit moet jy probeer betrokke bly, maar wat hulle dan doen, is eintlik gebaseer

op hoe effektief jou opvoeding vroeër was. Ek is gelukkig om te sê dat hulle houding teenoor my baie goed is.

Vraag 4:

Navorsers: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Sonder twyfel is dit botsend. Ouers kan maar net probeer dat hulle kinders met die regte mense meng en bevriend raak.

Vraag 5:

Navorsers: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Dit moet net gedoen word, hoe moeilik dit ook al is. Sommige ouers dissiplineer te veel en ander weer te min. Dit is moeilik om die fyn lyn te vind sodat jou kind nie rebels word nie.

Deelnemer 16

Naam: Kognane (skuilnaam)

Ouderdom: 38

Hoeveelheid kinders: 3

Vraag 1:

Navorsers: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: As oorgegewe Christen is dit vir my die heel belangrikste deel van opvoeding. Volgens my sal geen kind afdwaal as hy die regte geestelike leiding kry nie. Dit is ook belangrik dat die beginsels deurgaans in die huisgesin uitgeleef word. Net praat kan nie help nie.

Vraag 2:

Navorsers: Die feit dat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: God het ouers as mentors oor hulle kinders aangestel. Deur die Heilige Gees word jy ook bygestaan om die byna onmoontlike taak van opvoeding regdeur jou kind se lewe suksesvol te doen. Sonder die Here Jesus is dit volgens my 'n byna onmoontlike taak.

Vraag 3:

Navorser: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Baie goed en dit sal goed bly, as ons almal in verhouding met Jesus bly.

Vraag 4:

Navorser: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Ja, dit is teenstryding en dit is hoekom jy jou met ander Christene moet verbind sodat daar nie onnodige ander geeste jou kinders bedreig nie. Teen die tyd dat hulle ouer word, is dit vir hulle soveel makliker om nie in verkeerde geselskappe te beland nie.

Vraag 5:

Navorser: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Ja, maklik, want die Heilige Gees leer hulle saam met my.

Deelnemer 17

Naam: McPearson (skuilnaam)

Ouderdom: 45

Hoeveelheid kinders: 2

Vraag 1:

Navorser: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: Ja, ek dink dit is belangrik. Veral in die geval van klein kindertjies. My mening is dat in die geval van ouer tieners, wat jy dwing om kerk toe te gaan, kan dit

dalk negatiewe gevolge hê. Veral as hulle nie hou van die stywe atmosfeer in ons tradisionele kerke nie.

Navorser: Ons praat hier van Bybelse beginsels en nie noodwendig van sekere kerke nie. Sal jy dan saamstem as dit oor die vaste beginsels van die Bybel gaan?

Deelnemer: Ja, as jy dit so stel, stem ek saam. Ek sal nogtans my kinders die geleentheid gee om na die kerk te gaan wat hulle verkies, solank dit werklik gaan oor Jesus Christus.

Vraag 2:

Navorser: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: Ons as ouers moet as mentors optree. Die tyd is wel beperk en dit maak die toepassing daarvan baie moeilik. Ek en hulle kry skaars tyd om te rus, daarom probeer ek so min as moontlik verdere druk op hulle plaas.

Vraag 3:

Navorser: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Soms goed en soms sit ons ook maar lelik vas.

Vraag 4:

Navorser: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Die kinders leef in 'n samelewing en ek kan niks daaraan doen nie. Hulle moet op hulle tienerjare maar self leer hoe die wêreld werk. Dit help nie ek probeer hulle teen alles beskerm nie.

Vraag 5:

Navorser: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: My verhoudings met my kinders is belangrik, daarom probeer ek hulle nie dissiplineer soos my kwaai pa dit gedoen het nie.

Deelnemer 18

Naam: Botha (skuilnaam)

Ouderdom: 33

Hoeveelheid kinders: 2

Vraag 1:

Navorsers: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: Sonder twyfel is dit belangrik. Die Bybel is tog die handleiding van die lewe. Geen mens mag dit van 'n kind weerhou nie. Ek kan ook nie sien op grond van wat jy vir 'n kind "reg" of "verkeerd" leer sonder die beginsels in die Bybel nie.

Vraag 2:

Navorsers: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: Ouers het nie 'n keuse as om tyd te maak om as mentors op te tree nie. Vir my is dit duidelik dat baie ouers hulle nie daaraan steur nie. Ek en my vrou het egter 'n verantwoordelikheid teenoor ons kinders en dit is aan ons gegee met hulle geboortes.

Vraag 3:

Navorsers: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Hulle is nog klein, maar ons verhoudinge is uitstekend. Ek sal alles doen om dit so te hou.

Vraag 4:

Navorsers: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Verseker sal dit 'n probleem wees en daarom glo ek dat die opvoedingstaak net moeiliker gaan word. Daarom is dit ook noodsaaklik om hulle so vroeg moontlik aan morele standaarde voor te stel.

Vraag 5:

Navorsers: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Ja, dit is moontlik as ouers reeds baie vroeg begin dissiplineer en wel met liefde. Dissipline word al hoe moeiliker namate die kinders ouer word.

Deelnemer 19

Naam: Buitendacht (skuilnaam)

Ouderdom: 56

Hoeveelheid kinders: 3

Vraag 1:

Navorser: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer. Alhoewel ek nie eintlik 'n Christen is nie, dink ek tog dat die beginsels in die Bybel van veel waarde kan wees vir jong kinders. Die basiese wette en reëls word duidelik uitgespel. En dit kan vir die kinders rigtinggewend wees.

Vraag 2:

Navorser: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: Om as mentor op te tree vir my kinders is uiters noodsaaklik. Kinders van vandag moet met streng dissipline grootgemaak word. Die lewe is moeilik daar buite en as hulle nie gedissiplineer word nie, sal hulle gou groot probleme ondervind.

Vraag 3:

Navorser: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Hulle is soms opstandig oor my streng dissipline. Ek glo egter dis deel van hulle grootwordproses. Ek glo die vader in die huis is verantwoordelik vir die reëls en wette asook die toepassing daarvan.

Vraag 4:

Navorser: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Nie noodwendig nie. Dit is ongelukkig die samelewing waarin hulle moet gaan lewe. As hulle nie opgewasse is daarvoor nie, sal die negatiewe deel van die samelewing hulle vernietig.

Vraag 5:

Navorsers: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Dissipline beïnvloed sonder twyfel die verhoudings tussen jou en jou kind. Later as die kind groot is, sal hy egter die waarde daarvan besef.

Deelnemer 20

Naam: A. Montsi (nie skuilnaam nie)

Ouderdom: 41

Hoeveelheid kinders: 3

Vraag 1:

Navorsers: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: Ja, as 'n kind nie reg geleer word van die begin af nie, sal hy mos nie wysheid hê as hy grootword nie. Ek leer my kinders gereeld dit wat ek uit die Bybel kry. Ek kan ook die verskil sien tussen my kinders en die kinders wie se ouers nie aan die Bybel glo nie.

Vraag 2:

Navorsers: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: Dit is waar dat werk die tyd met jou kinders minder maak. As jy egter die wil het om vir hulle 'n mentor te wees, sal daar altyd genoeg tyd wees. As 'n mentor net aandagtig na hulle kinders luister en met liefde probeer raad gee, is dit al 'n groot stap vorentoe. Kinders wat gelukkig is, is dié wat weet dat hulle ouers vir hulle omgee.

Vraag 3:

Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Ons is 'n gelukkige gesin (met probleempies tussenin). Ons as ouers is baie lief vir ons kinders en ek weet dat hulle houding teenoor ons ook een van omgee en liefde is.

Vraag 4:

Navorsers: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Die samelewing het 'n menigte van mense, lewenswyses, menings en sienings. As jy nie jou kind die regte pad wys deur 'n goeie mentor te wees en Bybelse beginsels leer nie, het hy geen kans om daarbinne te oorleef nie.

Vraag 5:

Navorsers: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Ja, dit is beslis moontlik. Ek voel ek kry dit reg, want al dissiplineer ek my kinders, is ons verhouding en kommunikasie nog baie goed. Dit is net noodsaaklik dat jy 'n kind met liefde dissiplineer. Vele ouers beskou outokratiese dissipline as die enigste opsie.

Deelnemer 21

Naam: Willemse (skuilnaam)

Ouderdom: 46

Hoeveelheid kinders: Een seun, plus 'n stiefdogter uit 'n vorige huwelik.

Vraag 1:

Navorsers: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: Om Bybelse beginsels vir jou kinders te leer, is 'n uiters noodsaaklike deel van opvoeding. Jesus Christus het sy lewe aan ons gegee om Hom te verheerlik.

Kinders as geskenk van God moet deur sy Woord opgevoed word. Dit is 'n Bybelse opdrag waaroor ons nie eers kan redeneer nie.

Vraag 2:

Navorser: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: Die Bybel verwys op verskeie plekke na hoe belangrik kinders vir Jesus is. Jesus verwys na “Moenie die kinders verhinder nie om na My te kom nie”, “As iemand 'n kind laat struikel, moet 'n meulsteen om sy nek gesit word”. Ouers behoort dus die bes moontlike mentors vir hulle kinders te wees.

Vraag 3:

Navorser: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Deur Jesus se genade is hulle houding teenoor ons wonderlik. Hulle gaan maar deur hul stadiums, maar ek glo dit is normal. Telkens sorteer ons die probleme met liefde uit.

Vraag 4:

Navorser: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Die sekulêre wêreld daar buite het oor die algemeen boos geword. Elkeen soek sy eie gewin net soos die Bybel dit stel. Ek leer my kinders dat ons in die wêreld leef, maar ons is nie van hierdie wêreld nie. Ons leef in verhouding met Jesus wat vir ons 'n nuwe dimensie skep.

Vraag 5:

Navorser: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Ja, ek dink dis moontlik. Sonder die toepassing van die Woord van God kan dit egter baie moeiliker wees. Die liefde van Jesus wat in ons is, is groter as die liefde van die wêreld daar buite.

Deelnemer 22

Naam: Ferreira (skuilnaam)

Ouderdom: 40

Hoeveelheid kinders: 2

Vraag 1:

Navorser: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: Ons gaan nie kerk toe nie, want dit is net 'n klomp skynheiliges bymekaar. Veral die groter kerke is net daarop uit om ryk te word van arm mense se geld. Die dominees is so vol kritiek terwyl hulle voorgee dat hulle niks verkeerd doen nie.

Navorser: Dit lyk of kerke jou al baie geskok het. Dink jy almal is dieselfde?

Deelnemer: Nee, seker nie. Maar ons plaaslike kerke stel ek nie in belang nie.

Navorser: Stem jy saam met die basiese beginsels wat in die Bybel voorkom?

Deelnemer: Ja, want daar sal totale wanorde wees as mense dit nie ten minste gedeeltelik toepas nie.

Vraag 2:

Navorser: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: Ouers moet mentors wees vir hulle kinders, anders sal daar geen dissipline in die huis wees nie. Dit sal dan dieselfde morele verval wees as wat in die meeste skole van Suid-Afrika die geval is.

Vraag 3:

Navorser: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Soms goed en soms sleg. Kinders het mos maar hulle veskillende stadiums en maniertjies met tye.

Vraag 4:

Navorser: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Soms, ons bly gelukkig op 'n klein plattelandse dorpie en die samelewing hier is darem nie so erg uiteenlopend as in stede nie. Ouers moet maar net bewus wees wat hulle kinders doen en waar hulle is.

Vraag 5:

Navorsers: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Ek dink dit is moontlik, maar in sommige gevalle moet hulle maar kwaad word as ek vir hulle “nee” sê.

Deelnemer 23

Naam: Sarie (skuilnaam)

Ouderdom: 39

Hoeveelheid kinders: 2

Vraag 1:

Navorsers: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: Bybelse beginsels sal altyd belangrik bly by kinderopvoeding. As enkelouer met twee tienerseuns is dit egter nie so maklik om hulle by die beginsels te hou nie. Ek bid baie vir hulle, maar hulle is maar stout.

Vraag 2:

Navorsers: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: In my geval is ek alleen en ek moet voldag werk om die pot aan die kook te hou.

Navorsers: Is jy geskei?

Deelnemer: Ja, my man het eenvoudig net eendag met 'n jong vroultjie weggeloop en ons net so gelos. Ons het hom net nooit weer gesien of van hom gehoor nie.

Navorsers: Hoe het die kinders daarop gereageer?

Deelnemer: Aanvanklik het hulle na hul pa verlang, maar vandag is hulle maar baie rebels. Ek probeer my bes, maar sulke tieners sal eerder na 'n pa luister as na die ma.

Vraag 3:

Navorser: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Hulle is regtig dierbaar met my, ek kry baie dankies en drukkies. As dit egter by dissipline oor bv. partyjies kom, doen hulle net wat hulle wil.

Navorser: Dink jy dan 'n vaderfiguur is belangrik?

Deelnemer: Ek dink dit is 'n noodsaaklikheid, want die Here het man en vrou geskape om saam kinders groot te maak.

Vraag 4.

Navorser: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Verseker, want as enkelma het jy net nie genoeg outoriteit om hulle te beheer nie.

Vraag 5:

Navorser: Is dit nog moontlik om kinders te disiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Ek probeer my bes, maar dit lyk nie of ek slaag nie.

Deelnemer 24

Naam: Mara (skuilnaam)

Ouderdom: 48

Hoeveelheid kinders: 3

Vraag 1:

Navorser: Dink u dat dit vandag nog waarde het om Bybelse beginsels as deel van oueropvoeding by jou kind te vestig?

Deelnemer: Ja, ek dink ek kry dit reg. My kinders (een seun en twee ouer dogters) lees gereed saam uit die Bybel en sonder dit sal ek nie die kinders alleen kan grootmaak nie.

Navorser: Hoe help dit?

Deelnemer: Indien ons probleme het tussen ons, kan ek altyd verwys wat in die Bybel staan of wat ons onlangs gelees of gebid het.

Vraag 2:

Navorser: Omdat beide ouers meestal vandag werk, is gehaltetyd met kinders beperk. Is dit nog moontlik vir ouers om as mentors vir hulle op te tree?

Deelnemer: Ja, daar is min tyd. Tog is dit so dat ons twee maal 'n dag saam eet om ons tafel en daar is dan baie tyd om vir hulle 'n mentor te wees as jy net mooi na hulle luister en met liefde reghelp.

Vraag 3:

Navorser: Hoe ervaar jy jou kinders se houding teenoor jou?

Deelnemer: Hulle het 'n baie mooi houding teenoor my. Ja, ons sit soms vas, maar ons kan dit gelukkig gou uitpraat. Niemand bly kwaad nie.

Vraag 4:

Navorser: Is die voorbeeld wat die samelewing stel soms teenstrydig met dit wat jy vir jou kinders probeer leer? Hoe dink jy behoort ouers dit te hanteer?

Deelnemer: Ja, in die woonbuurt waar ek bly, sal daar maar altyd die verkeerde mense wees wat vir my kinders ander goed vertel. Dit is ook hoekom ek erg is oor die feit dat ons saam aan tafel eet. Dan praat ons oor alles.

Vraag 5:

Navorser: Is dit nog moontlik om kinders te dissiplineer sonder om ouer-kind verhoudings te benadeel?

Deelnemer: Ja, ek dink ek kry dit tóg reg. Ek dink die Here help my baie daarmee.

Evaluering van versamelde inligting

Inleiding:

Die versamelde werke is deur middel van persoonlike onderhoude bekom met toestemming van skoolinspekteurs, skoolhoofde, departementshoofde en onderwysers. Dit het hoofsaaklik in die Vrystaat plaasgevind, alhoewel deelnemers vanoor groot dele van die land afkomstig was. Die teikengroep is noukeurig gekies vanuit meeste bevolkingsgroepe asook vanuit 'n verskeidenheid sosiale en ekonomiese groepe. Daar is ook spesifiek aandag gegee aan die sogenaamde “moeilike kind” en die meer “voorbeeldige kind” met die doel om 'n meer strategiese analise te verkry. Onderhoude is gevoer op 'n individuele basis. Die gemiddelde duur van die onderhoude was naastenby 45 minute elk. Begrippe soos “mentorskap” en “doel van navorsing” is so volledig moontlik aan die begin verduidelik.

Daar is 14 onderhoude gevoer met kinders en tieners vanaf 12- tot 21-jarige ouderdomme. Die rede hoekom ouer ouderdom tieners gebruik is, is omdat sommige bevolkingsgroepe steeds in Graad 12 is op 21-jarige ouderdom. Om die studie meer volledig te kry, is besluit om van hulle in te sluit. Daar is in meeste gevalle gebruik gemaak van skuilname op versoek van die deelnemer. Dit het tot meer openhartige gespekke gelei, veral toe my sertifikaat van etiese kode aan hulle voorgehou is. Die evaluasie sal eerstens gedoen word van versamelde inligting van kinders. Daarna van ouers en dan 'n opsomming van die kombinasie van beide.

Tien oueronderhoude is gevoer op dieselfde basis. Na vele vraelyste wat getoets is, het dit geblyk dat die ouers heeltemal anders reageer op vrae as kinders. Vandaar dan die unieke ouervraelys wat blote rigtinggewende vrae bevat. Tydens die voorafwerk van hierdie studie het dit geblyk dat ouers meestal die antwoorde gee wat hulle dink ek graag wil hoor. Kinders toon makliker hulle werklike gevoelens.

In Tabel 2 in Hoofstuk 2 deur Minichiello en Kottler: 2010:19 word kwalitatiewe navorsing met kwantitatiewe navorsing vergelyk. Vir die doel van die analise sal gebruik gemaak word van bogenoemde skrywers se kwalitatiewe perspektiewe om die evaluering te meet aan bogenoemde riglyne.

Die ordening van die evaluasie sal geskied volgens die aanvanklike doelwitte en navorsingsvraag soos gestel in die “Navorsingsvoorstel” van hierdie studie.

Addendum 3

Doelwitte:

Om te bepaal tot watter mate die toepassing van Bybelse beginsels tot verbeterde ouer-kind verhoudings kan lei. (Hoe kan die afwesigheid daarvan negatief inwerk op ouer-kind verhoudings?).

Kinderdeelnemers sal eerste geëvalueer word. Alhoewel sommige deelnemers hulself aan Bybelse beginsels verbind, blyk dit dat sekere antwoorde daarop dui dat dit nie altyd binne huishoudings uitgeleef word nie. Daar is egter deelnemers wat ook die teendeel bewys.

Deelnemer 1

Bewys dit in sy antwoord oor die geringe drank- en bakleiprobleem en vrees vir egskeiding in Vraag 6. Hy en sy pa is egter lief vir mekaar.

Aandag en begrip:

Die hartseer en traumatiese ervaring van die kind bring vrees na vore wat negatief kan inwerk op verskeie fasette van sy lewe.

Aannames en observasie:

Die ouer-kind verhouding word negatief beïnvloed deur 'n persepsie wat waarskynlik kleiner is as wat deur die kind ervaar word.

Deelnemer 2

In beide Vraag 1 en 2 word verwys na 'n ma wat geskei is en skoonpa wat baklei. Die pa beweer ook dat Cin nie sy kind is nie, maar haar broer wel.

Aandag en begrip:

Sy is uiters getraumatiseerd as gevolg van die swak ouer-kind verhoudings en die ergste is dat dit 'n voortslepende probleem is.

Aannames en observasie:

Sy ervaar diepe emosionele seer oor verwerping en is reeds rebels met persepsies van “nikswerd” en probeer mense skok.

Persepsies en ondervindinge:

Toe sy inmekaar krimp en nie aan my hand wou vat in Vraag 10 nie (toe ek vir haar wou bid), het ek vermoed dat sy gemolesteer word.

Deelnemer 3

In Vraag 2 word verwys na die onmin wat heers tussen haar pa en sy broer wat eers saam geboer het (beide Christene). Haar ma is 'n jaar gelede oorlede en haar pa is drie maande terug weer getroud.

Aandag en begrip:

Haar stiefma dra haar en gee baie liefde en ondersteuning. Haar pa is lief vir haar en sy vir hom, maar hy raak geensins emosioneel betrokke nie. Haar stiefma is voorwaar hier 'n steunpilaar.

Aannames en observasie:

Die kind baie lief vir die Here, maar botsende fasette met die pa en broer se onmin en die pa se onvermoë om 'n emosionele gesprek met haar te hê, bring verwarring in haar geestelike lewe. Gesinskommunikasie word hiermee negatief beïnvloed.

Deelnemer 4

In Vraag 2 verduidelik sy dat haar ma in Graad 8 oorlede is. Haar ouers was toe reeds geskei toe sy drie jaar oud was (het byna nooit kontak met haar regte ma gehad nie). Haar pa is toe getroud met 'n anderskleurige vrou en hulle het in 'n swart woonbuurt gaan bly (dit is in 'n klein konserwatiewe dorpie).

Aandag en begrip:

Sy het uiterste trauma beleef met die geskinder by die skool asook in die gemeenskap oor die algemeen. Die skuif na 'n ander kultuurgemeenskap was in die begin byna ondraaglik.

Aannames en observasie:

Sy neem haar pa baie kwalik en hulle kommunikasie en verhouding is nie goed nie. Haar stiefma hou die ma-kind verhouding in stand en hulle is baie lief vir mekaar. Kultuurverskille was 'n groot probleem in die begin.

Persepsies en ondervindinge:

Die toepassing van Bybelse beginsels kon die kind se groot trauma grootliks verminder het.

Deelnemer 5

Sy oupa, ouma, ma en pa was drie jaar terug in motorongeluk. Sy pa is oorlede en sy ma is in 'n rystoel. Sy ma het weer getrou met 'n man wat baie drink en al hul geld uitgemors het. Die stiefpa en seun het geen verhouding nie. Die stiefpa baklei ook baie met almal (veral as hy gedrink het).

Aandag en begrip:

Hy is duidelik 'n rebel wat 'n behoefte aan aandag het (hy sit van die begin af uitdagend met sy een arm oor die ruglening). Die trauma en rebelsheid oor sy pa se dood is duidelik nog nie verwerk nie.

Aannames en observasie:

Die ouer-kind verhouding is relatief swak, alhoewel sy ma dit probeer onderhou en aandag aan hom gee. Hy is ook lief vir haar. Hy is trots op die feit dat hy baie probleme vir die onderwysers by die skool veroorsaak. Hy lag daaroor.

Ondervindinge en persepsies:

Dit blyk asof morele standaarde redelik swak is binne gesinsverband en dat die toepassing van Bybelse beginsels 'n groot positiewe verskil in die ouer-kind verhoudings kan maak.

Deelnemer 6

In Vraag 1 tot 4 verwys hy na sy pa en ma as wonderlike rolmodelle vir sy lewe. Hulle is beskikbare ouers met liefde en dissipline. Volgens hom het hulle wonderlike ouer-kind verhoudings. Hulle het oop kommunikasiekanale en is gereeld in gesprekke van waarde betrokke.

Aandag en begrip:

Die gesin se geestelike vlak is van 'n hoë standaard en daar word sonder twyfel binne die gesin Bybelse beginsels toegepas.

Aannames en observasie:

Dit is duidelik 'n gelukkige gesin met 'n seun met baie selfvertroue wat lei tot goeie akademiese en sportprestasies. Hy stel dit onomwonde dat sy ouers sy mentors is.

Ondervindige en persepsies:

Hy neem selfs waar dat sy suksesvolle oom 'n toekomstige mentor vir hom kan wees.

Deelnemer 7

In Vraag 1 tot 4 blyk dit dat sy 'n gelukkige kind is. Volgens haar word die ouer-kind verhoudings egter tot 'n mate vertroebel deur haar pa en ma se effense drankprobleem wat dan tot 'n bakleiery lei.

Aandag en begrip:

Sy het veral behoefte aan 'n vaderfiguur. Die vader is lief vir haar en sy vir hom. Hy is redelik onbetrokke en min by die huis as gevolg van die feit dat hulle 'n drankwinkel het. Haar verhouding met haar ma is goed, maar sy is baie streng.

Aannames en observasie:

Sy blyk 'n redelik gelukkige kind met goeie sekuriteit te wees.

Ondervindinge en persepsies:

Persoonlik dink ek sy oorreegeer bietjie (tienerjare). Sy het 'n goeie selfbeeld en het groot verwagtinge vir haar toekoms. Ek is egter steeds van mening dat die ouer-kind verhoudings nog kan verbeter indien meer Bybelse beginsels binne die gesin toegepas word.

Deelnemer 8

In Vraag 2 verwys sy na haar pa en ma wat onlangs geskei is. Sy en haar suster bly nou saam met haar ma en stiefpa. Sy verwys uit haar eie dat sy voel dat dit haar skuld is. Die skok van die egskeiding was vir haar baie erg. Sy onthou ook hoe haar pa en ma baklei het en hoe bang die twee sussies was dat hulle sou skei. Sy sien haar stiefpa

byna nooit as gevolg van sy werksverpligtinge. Sy verwys ook na haar ma en stiefpa se drinkgewoontes. Dit is blykbaar nie baie erg nie, maar dit pla haar.

Aandag en begrip:

Persoonlik was die onderhoud vir my een van hartseer. Dit blyk duidelik dat die dogter 'n gebrek aan selfvertroue het en ervaar nog die trauma van die egskeiding.

Aannames en observasie:

Alle tekens van 'n getraumatiseerde kind is teenwoordig. Dit blyk ook dat sy geen berading ontvang het nie. Ek het aanbeveel dat sy so gou as moontlik met iemand gaan praat.

Ondervindinge en persepsies:

Die ouer-kind verhoudings en kommunikasie is geensins op standaard nie. Die feit dat sy vrae oor die geestelike sy van haar lewe probeer vermy, blyk dan ook dat die toepassing van Bybelse beginsels in die gesin ook een van die tekorte kan wees.

Deelnemer 9

In byna alle vrae beleef sy haar ouer-kind verhoudings as baie goed. Die oop kommunikasie tussen haar en haar ma is vir haar 'n groot steunpilaar. Alhoewel die pa in Johannesburg werk, blyk dit dat dit 'n gelukkige gesin is. Liefde van haar ma se kant is sonder twyfel uitnemend. Sy verwys ook na die feit dat haar ma vir alle mense liefde toon en dit is vir haar 'n wonderlike voorbeeld.

Aandag en begrip:

Die onderhoud is vir my persoonlik 'n riem onder die hart. Dit is so 'n positiewe uitkyk van 'n gesin dat ek graag sou wou hê dat alle ouers dit kon hoor.

Aannames en observasie:

Liefde speel so groot rol in enige gesin en dit loop hand aan hand met Bybelse beginsels.

Observasie en ondervindige:

Alhoewel hulle nie in die ideale omstandighede leef nie, kan die liefde van Jesus Christus alle dinge oorwin.

Deelnemer 10

Hy verwys in Vraag 1 en 2 na die feit dat sy pa dood verongeluk het toe hy twee jaar oud was. Sy ma is toe met sy stiefpa getroud, wat ook geskei is. Hy is baie gelukkig en beide sy ma en stiefpa is baie lief vir hom. Volgens hom het hulle 'n oop kommunikasie binne hulle gesin. Hulle ouer-kind verhouding is baie gemaklik. Sy ma is net bietjie streng.

Aandag en begrip:

Die seun se selfbeeld is baie goed en vandaar ook 'n gelukkige kind met 'n goeie sin vir humor.

Aannames en observasie:

Die stelling deur Mellor en Mellor (2001:84) dat "Disipline is liefde met leiding" is hier so duidelik van toepassing.

Deelnemer 11.

In Vraag 1 en 2 dui Mazka aan dat hy byna geen verhouding met sy ouers het nie. Hulle bly 220 km van hom af in 'n stad. Hy sien hulle minder as een keer per jaar. Behalwe vir geld wat hulle stuur en baie min telefoongesprekke, is daar nie kontak nie. Selfs tydens telefoongesprekke weet hulle nie wat om vir mekaar te sê nie. Hy bly by 'n vriend.

Aandag en begrip:

Sonder enige ondersteuning kan groepsdruk van 'n negatiewe aard maklik inslag vind by die kind.

Aannames en observasie:

Die feit dat hy op sy eie tot in Graad 12 gevorder het, sê baie van die kind se deursettingsvermoë.

Ondervindige en persepsies:

Mens kan net die hoop uitspreek dat hy wel ondersteuning kry in die toekoms.

Deelnemer 12

In Vraag 1 en 2 verwys die dogter dat beide haar ouers twee jaar terug aan "HIV/Aids" dood is. Sy en haar twee susters bly by haar tante (Makusa). Sy praat met groot lof van haar. Volgens haar kan sy alles met haar bespreek en sy leer hulle baie van die Bybel en die lewe oor die algemeen. Hulle is baie lief vir mekaar en beide sal enigiets vir mekaar doen. Haar man werk in Johannesburg en hulle sien hom byna nooit.

Aandag en begrip:

Die tante Makusa blyk 'n uitsonderlike liefdevolle mens te wees. Sy leef net van hulle pensioen, maar die dogter is baie gelukkig en blykbaar suksesvol met haar akademie.

Aanames en observasie:

Indien so 'n kind die regte ondersteuning kry, blyk dit dat die ouers se rol wel effektief deur so persoon oorgeneem kan word.

Deelnemer 13

In Vraag 1 en 2 verwys die seun na die feit dat sy ma 'n jaar gelede dood is. Hy en sy pa bly saam met sy jonger broertjie as 'n gesin saam. Sy pa werk nie en leef van staatspensioen. Na sy ma se dood het hierdie seun al die huiswerk oorgeneem. Volgens hom gee hy nie om nie, want sy pa is baie lief vir hulle. Die pa help met al die kinders se probleme en met huiswerk.

Aandag en begrip:

Dit was opmerklik dat almal gelukkig saam woon in 'n benarde finansiële toestand. Die seun het 'n goeie selfbeeld, aangename persoonlikheid en hoë morele waardes.

Aanames en observasie:

Sodra morele waardes, liefde en goeie ouer-kind verhoudings teenwoordig is, kan selfs geldelike druk nie so 'n negatiewe rol speel nie, alhoewel dit uiters moeilik is vir hulle.

Ondervindinge en persepsies:

In 'n paar gevalle het dit my opgeval hoe vergenoeg mense onder haglike toestande leef. Vergenoegdheid is ook een van die Bybelse beginsels waarna Paulus verwys in Fillipense 4:10-12.

Deelnemer 14

In Vraag 1 antwoord die dogter dat hulle 'n gelukkige gesin is wat saam bly. Sy gaan egter dadelik voort deur te verwys dat hulle in 'n "shack" bly. Haar pa, ma en twee sussies bly daar saam. Sy verwys na die ongemaklikheid om so te bly – sy verwys na die besondere hitte in die somer en koue in die winter. Daar is egter geen ander probleme nie en hulle is baie lief vir mekaar.

Aandag en begrip:

Die feit dat sy dadelik na hul “shack” verwys, is verseker vir haar iets om oor skaam te wees. Sy erken dit ook later in die gesprek. Sy vergelyk haarself baie met haar “ryk” vriendinne wat in mooi huise bly. Mens kry sommer ’n knop in jou keel oor die opregtheid waarmee sy dit deel.

Aanames en observasie:

Die feit dat sy noem dat haar grootste plesier is om by haar vriendin in hulle huis te gaan slaap, kan vir menige van ons ’n dankbaarheidsles leer.

Ondervindinge en persepsies:

Haar ouers is nie geleerd nie en kan dus nie help met huiswerk of selfs met raad oor vandag se lewe nie. ’n Onderwyser help haar darem baie.

Addendum 4

Doelwitte:

Die waarde van “mentorskap” vir kinders indien dit deur ouers toegepas word. Kinderonderhoude sal gebruik word, maar die klem sal gelê word op mentorskap deur ouers.

Deelnemer 1

In Vraag 3 tot 6 verwys Trau na die goeie verhouding tussen hom en sy pa. Hy verwys ook egter na hoe sy ma en pa baklei. Hy is dan bang hulle sal skei. In Vraag 8 verwys hy na die skuldgevoel toe sy ma haar been beseer het terwyl sy ouers baklei het.

Aandag en begrip:

Alhoewel hy lief is vir sy ouers en twyfelagtig verwys dat sy pa sy mentor is, wys sekere stellings die teendeel. Hy verwys na die bakleiery tussen sy ouers asook die skuldgevoel toe sy ma hospitaal toe moes gaan.

Aannames en observasie:

Die waarskynlikheid dat sy pa as mentor optree, is gering, alhoewel hy sy pa bewonder.

Ondervindinge en persepsies:

Omdat die kind nie 'n diepe begrip van mentorskap het nie, is sy persepsie dat 'n pa maar soos sy pa moet wees. Alhoewel ek mentorskap verduidelik het, het dit by menige onderhoude deurgeskemer dat hul ouers se optredes as normaal beskou word.

Deelnemer 2

Cin is die dogter wat reeds erken het dat sy rebels is. Sy het geensins enige mentor nie. Sy bly by haar oom en tante, haar ma is in Kaapstad en haar pa erken haar nie as sy dogter nie. Dit is ook die kind waar 'n vermoede van molestering bestaan.

Aandag en begrip:

'n Totale tekort aan aandag en begrip is hier opmerklik. Sy voel totaal verwerp en het werklik aandag nodig. Die maatskaplike werker vir wie sy baie respek het, is reeds na haar verwys (sy was eers in die weeshuis).

Aannames en observasie:

Selfs by die oom en tante waar sy nou bly, kry sy die skuld vir alles en haar twee nefies knou haar baie af. Die verwerping wat sy ervaar het, duur dus voortslepend voort.

Ondervindinge en persepsies:

Behalwe vir een onderwyser wat geringe aandag gee, is daar geen tekens van mentorskap vir haar beskikbaar nie.

Deelnemer 3

Marie. Vraag 3 tot 7 verwys na die dogter wie se ma dood is en se pa weer getroud is. Dit is ook haar pa en sy broer wat in onmin lewe en baie baklei. Sy is baie lief vir haar pa, maar sien hom min en hy is geensins emosioneel nie. Geprekke gaan oor hom en hy skram weg van haar noodsaaklike emosionele behoeftes.

Aandag en begrip:

Die stiefma probeer die ouer-kind verhouding verbeter en dit help die dogter baie. Volgens die dogter help die stiefma, maar sy kan nog steeds niemand in haar huisgesin as mentor beskou nie.

Aannames en observasie:

Indien die pa nie die onmin met sy broer kan uitsorteer en nie 'n effektiewe gesprek met sy eie dogter kan hê nie, gaan mentorskap verlore.

Ondervindinge en persepsies:

Sodanige ouers sal diepe selfondersoek moet doen alvorens hulle as mentors kan optree vir hulle kinders of enigiemand anders.

Deelnemer 4

Ane is die dogter wie se pa in 'n swart woonbuurt gaan bly het met sy nuwe, anderskleurige vrou. Die dogter het groot trauma daardeur ervaar. Die trou tussen verskillende kultuurgroepe is geensins meer 'n vreemde verskynsel nie, maar die kind het dit geensins so ervaar nie. Sy beskou haar pa as 'n totaal afwesige pa.

Aandag en begrip:

Die vreemde kultuur waar die kind haar skielik moes bevind, kon uiters traumaties wees vir 'n meisie op daardie ouderdom. Haar stiefma het egter alles in haar vermoë gedoen om dit vir haar makliker te maak. Dit is duidelik dat as dit nie vir haar stiefma was nie, sy waarskynlik permanente emosionele letsels sou opdoen. Hulle is vandag baie lief vir mekaar.

Aannames en observasie:

Nogsteeds kan sy nie enige een van haar ouers as mentors beskou nie. Daar is egter 'n onderwyser by die skool wat haar dra sover hy kan. Sy sal hom ewig dankbaar bly.

Ondervindinge en persepsies:

Ondanks die feit dat die samelewing verskeie “moets” en “moenies” het, is dit altyd noodsaaklik om te dink aan die kinders wat aan jou toevertrou is. Indien ouers wel iets doen, moet die kinders emosioneel voorberei en ondersteun word. Indien dit nie die geval is nie, kan ouers nie hulself as mentors beskou nie.

Deelnemer 5

Banie is die rebelse seun wat tydens die onderhoud met sy een arm oor die stoel se agterleuning gehang het. Die oupa, ouma, pa en ma was in 'n motorongeluk waarin sy pa dood is en sy ma in 'n rystoel beland het. Die stiefpa drink baie en het al hulle geld gemors. Banie is egter baie lief vir sy ma. Hy gee onderwysers doelbewus baie probleme.

Aandag en begrip:

Menige volwassene sal rooi sien met so 'n seun. As mentors moet ons besef dat gebrek aan aandag, verwerping en gebrek aan traumaberading verantwoordelik kan wees vir sy optrede. Sonder iemand wat sy vertroue wen en hom in die regte rigting begin stuur, kan die ergste dinge van die lewe vir hom wag.

Aannames en observasie:

Sulke gevalle behoort op 'n professionele vlak dringend aandag te kry. Niemand van ons wil tog misdadigers grootmaak nie.

Ondervindig en persepsies:

Hy noem dat daar geen mentor is nie en die moontlikheid dat hy een wil hê, is baie gering. Tydens navorsingswerk in van die hoogste sekuriteitstronke, was ek menigmaal hartseer om jong pragtige seuns daar te vind wat reeds hul harte vir die Here gegee het.

Deelnemer 6

Nic is die voorbeeldige seun wat beide sy ouers as mentors beskou. Hy beskou ook sy oom, wat hoofbestuurder van een van die grootste banke in Suid-Afrika is, as sy rolmodel. Hy voel selfs in Vraag 4 dat daar mentorskapmodelle vir ouers daargestel behoort te word.

Aandag en begrip:

Deur liefdevolle, beskikbare ouers wat dissipline korrek toepas, is 'n seun soos Nic die gevolg. Dit is 'n plesier om met 'n vyftienjarige seun soos 'n volwassene 'n gesprek te voer. Ek is van mening dat hy reeds op 'n geringe skaal as mentor vir sy maats optree.

Aannames en observasie:

Sy toekomsbeplanning, wat 'n sterk Geestelike inslag het, sal menige volwassenes verstom. Ek is bewus daarvan dat die meeste ouers sulke kinders wil hê. Ouers moet egter leer om mentors te word en ek glo dat die genade van Jesus Christus nog 'n groter rol speel in die bewerkstelling daarvan; beide vir ouers om goeie mentors te wees en om kinders van formaat te wees.

Deelnemer 7

Racè is die dogter waarvan beide ouers nog leef. Hulle is baie lief vir mekaar, maar kla oor die geringe drankgebruik en bakleiery in hulle huis. Haar pa is egter baie weg van die huis af as gevolg van sy werk in die drankwinkel. Haar ma is streng, maar sy is baie lief vir haar pa en ma. Haar pa kan as 'n afwesige vader beskou word, al besef hy dit nie self nie. By Vraag 3 tot 6 dui sy aan dat sy nie haar ouers as mentors beskou nie. Sy verwys egter in Vraag 5 na die feit dat sy 'n baie groot behoefte het aan 'n mentor aangesien sy soveel vrae het, leiding en raad benodig, asook veral die behoefte aan diep emosionele geprekke oor besluite, verhoudings en oor die toekoms.

Aandag en begrip:

Hierdie dogter is een van dié wat 'n goeie begrip het vir die diepte van mentorskap. Volgens haar het sy nie huidiglik 'n mentor nie. My mening is dat sy wel 'n mentor sal raakloop omdat sy presies 'n mentor sal erken. Sy sal ook 'n maklike "protégé" wees vir enige mentor.

Aannames en observasie:

Soos reeds vermeld, dink ek sy is bietjie te krities teenoor haar ouers, maar dit is omdat sy sulke hoë verwagtinge het. Ons moet egter onthou dat mentors nie bloot gebore word nie. Dit kos harde werk, studie en veral selfondersoek. In sommige gevalle sal dit selfs nodig wees om self as ouer berading te ontvang om van onbewuste emosionele pyn ontslae te raak. Ons as beraders doen dit op 'n gereelde basis.

Ondervindige en persepsies:

Die persepsie dat jy nie kan leer om 'n mentor te wees nie, is voorwaar 'n mite.

Deelnemer 8

Lisa is die dogter wie se ma en pa geskei is. Dit was vir haar 'n ontsaglike skok, want die pa het net eendag vir haar ma gesê hy het nou 'n ander vrou lief. Haar ma is weer getroud, maar sy sien haar stiefpa as gevolg van werksverpligtinge byna nooit. Sy en haar ma is baie lief vir mekaar en sy is altyd teenwoordig en gereed om te help, maar is nie haar mentor nie. Haar stiefpa kan as 'n afwesige vaderfiguur gesien word.

Aandag en begrip:

Die feit dat haar pa so maklik haar ma gelos het, het sonder twyfel 'n groot mate van wantroue in mans by haar gelaat. Haar pa was vir haar soos 'n rolmodel en sy is nog steeds baie kwaad vir hom.

Aannames en observasie:

Sy beskou haar suster wat vyf jaar ouer is as sy as haar mentor. Haar sussie is 'n baie standvastige mens en sy kan met enigiets vertrou word. Sy kan oor alles met haar gesels. Sy is baie wys en suksesvol in alles wat sy doen. Haar morele waardes is ook baie hoog. Ek moedig haar aan om hulle verhouding te vertroetel aangesien sy niemand anders het wat so beskikbaar is vir haar nie.

Ondervindige en persepsies:

In Vraag 5 het sy genoem dat haar mentor heelwat ouer en wyser moet wees as sy. Ek wys haar net daarop om met groot besluite saam met haar sussie tweede opinies in te win.

Deelnemer 9

Cara se ouers leef nog en sy het twee kleiner boeties. “Ons is ’n baie liefdevolle gesin. My pa werk egter in Johannesburg en ons sien hom net naweke. Ons verlang baie na hom, maar ons verstaan hy maak baie geld vir ons daar. As hy by die huis is, gesels en speel ons lekker met hom. My ma is ’n wonderlik mens en ek beskou haar as my mentor”.

Aandag en begrip:

Die ma verrig ongetwyfeld ’n groot taak en slaag grootliks daarin om as mentor op te tree. Die pa is min by die huis, wat moeilik is vir die hele gesin. Cara sê dat sy nooit sal toelaat dat haar man eendag so ver van hulle af werk nie. Dit is duidelik ’n teer puntjie. Veral die feit dat sy haar ma as haar mentor beskou en nie haar pa nie.

Aannames en observasie:

Weereens blyk dit dat ’n afwesige vaderfiguur nie vir kinders aanvaarbaar is nie. Dit blyk asof die pa baie moeite doen en liefde gee, maar vir die kind is dit net nie goed genoeg nie.

Ondervindige en persepsies:

Vir die vrou van ’n afwesige man is dit ook emosioneel uitputtend. God het ons geskape om tesame kinders groot te maak. Verskeie literatuur verwys na behoeftes van kinders wat net mans kan vervul en ander behoeftes wat net vrouens kan vervul. Ons kan dit nie wegwens nie.

Deelnemer 10

Barry is die seun wie se pa dood is toe hy twee jaar oud was. Sy ma, stiefpa en sy twee boeties bly baie gelukkig as gesin saam. Sy stiefpa is sy mentor. Hy sê in 'n grap sy ma is te kwaai.

Aandag en begrip:

Hierdie seun kry baie aandag en is bepaald 'n gelukkige kind.

Aannames en observasie:

Hy beskou sy pa as sy mentor en daar is 'n besondere goeie ouer-kind verhouding tussen pa en seun.

Ondervindinge en persepsies:

Beide ouers is betrokke met opvoeding en is meestal beskikbaar om kinders te help en raad te gee. In Vraag 7 sê hy dat sy ouers baie streng is. Dit is moeilik om te bepaal of daar genoeg liefde saam met dissipline gegee word.

Deelnemer 11

Makza is die mees ekstreme geval van al die ouderhoude. Dit is die seun in Graad 12 wat sy ouers minder as een keer per jaar sien en byna nooit fisiese of telefoniese kontak met hulle het nie. Sy ouers bly 220 km van hom af en hy ontvang maandeliks geld van hulle af.

Aandag en begrip:

Daar is dus geen ouer-kind verhouding nie asook geen mentorskap nie.

Aannames en observasie:

Alhoewel daar 'n mate van rebelsheid te bespeur is, is die seun netjies op homself met goeie doelwitte vir sy toekoms in sport.

Ondervindige en persepsies:

Hy kom redelik bot voor en sy kommunikasievaardighede is waarskynlik nie op standaard nie. Dit lyk of hy sy eie lewe lei en nie die waarde van 'n mentor besef nie. Daar is definitiewe tekens van 'n swak selfbeeld te bespeur.

Deelnemer 12

Sebole is die dogter wie se ouers beide dood is aan (HIV/Aids – haar woorde). Sy bly nou by haar wonderlike tante, Makusa. Sy is 'n baie gelukkige kind wat baie liefde kry en gee. Hul ouer-kind verhoudings en kommunikasie is baie goed.

Aandag en begrip:

Sy kry bepaald baie aandag en toon 'n goeie selfbeeld en persoonlikheid.

Aannames en observasie:

Sy sien haar tante Makusa as haar mentor. Dit blyk egter duidelik dat dit goed gaan, maar dit blyk ook dat 'n hoër vlak van manlike mentorskap later benodig sal word. Die feit dat Makusa se man in Johannesburg werk en byna nooit die kinders sien nie, maak van hom 'n totaal afwesige vaderfiguur.

Ondervindige en persepsies:

Die feit dat daar nooit 'n man in die huis is nie, het Sebole die persepsie gegee dat 'n man totaal onnodig is in 'n gesin. In Vraag 4 verwys sy spesifiek na laasgenoemde persepsie, wat nie noodwendig waar is nie.

Deelnemer 13.

Tihafu is die seun in Graad 12 wie se pa nie werk nie, maar slegs van staatspensioen leef. Sy ma is 'n jaar terug oorlede aan 'n longinfeksie. Hy is 'n gelukkige kind met 'n goeie selfbeeld.

Aandag en begrip:

Dit is opmerklik dat 'n enkelvader met 'n karige inkomste 'n tienerseun met soveel liefde en dissipline kan grootmaak. Sy kommunikasievaardighede is goed en die ouer-kind verhouding blyk ook goed te wees.

Aannames en observasie:

Hy stel dit onomwonde dat sy pa sy mentor is. Hy ondersteun hom met alles, is altyd vir hom beskikbaar en kan enigiets met hom bespreek – alles tekens van 'n goeie mentor. (Daar sal natuurlik altyd ruimte vir verbetering wees).

Ondervindinge en persepsies:

Dit is duidelik dat hy sy pa ten volle vertrou. Sy pa verdien 'n kompliment vir sy ouerskap. Aangesien sy pa nie enige akademiese agtergrond het nie, kan dit dalk later nodig wees dat daar met belangrike besluite uitgereik moet word na ander persone vir raad. Dit gebeur in elk geval by almal.

Deelnemer 14

Lehoha is die dogter wat saam met haar twee biologiese ouers en haar suster in 'n "shack" bly. Volgens haar is sy baie skaam daaroor. Die gesin bly gelukkig saam en die ouer-kind verhoudings is goed.

Aandag en begrip:

Mens kan nie anders as om simpatie te hê vir 'n meisie van haar ouderdom wat skaam is oor die plek waarin sy bly nie. Sy het nogtans 'n pragtige persoonlikheid met 'n redelike selfbeeld.

Aannames en observasie:

Omdat haar ouers nie geleerdheid het en nie oor die vermoë beskik om raadgewend vir haar op te tree nie, kan sy hulle nie as mentors beskou nie. Sy beskou 'n onderwyser by die skool as haar mentor. Sy vertrou hom en hy gee regtig om vir haar probleme en help baie met haar besluitneming. Hy is ook altyd beskikbaar vir haar.

Ondervindige en persepsies:

Dit is gerusstellend dat daar nog onderwysers is wat uit hul pad gaan om sulke kinders te dra. In die onderwys soos dit nou in Suid-Afrika is, kan dit egter nie van onderwysers verwag word nie. As gevolg van dissiplineprobleme en ander wette, verkeer ons leerkragte reeds onder druk.

Addendum 5

Ouer-analise:

Doelwit 1

Om te bepaal tot watter mate die toepassing van Bybelse beginsels binne gesinsverhoudings tot verbeterde ouer-kind verhoudings kan lei. (Hoe kan die afwesigheid daarvan negatief inwerk op ouer-kind verhoudings?).

Doelwit 2

Die waarde van “mentorskap” vir kinders indien dit deur ouers toegepas word.

Aangesien die ouervraelys verskil van kindervraelyste, word die twee doelwitte saam gebruik vir die aanvanklike analise. Tabel 2 in Hoofstuk 5 sal weer as riglyn gebruik word (Minichiello & Kottler: 2001:19).

Die sleutelwoorde van die doelwitte, naamlik “Bybelse beginsels” en “Mentorskap”, sal as klassifikasie dien.

Deelnemer 15

Ysel is die man wat twee kinders het wat reeds uit die skool is. Hy glo dat Bybelse beginsels so vroeg moontlik by kinders ingeprent moet word om die versoekinge van die samelewing te hanteer. Hy is van mening dat kinders wat reeds op universitiet is, uit jou hande is en dat daar dan nie veel meer te doen is wat opvoeding aan betref nie.

Aandag en begrip:

Hierdie man met ouer kinders besef terdeë dat ouer kinders nie so maklik by Bybelse beginsels gehou word nie. Hy glo egter aan mentorskap. Dit is egter nie wys om as mentor terug te tree as kinders ouer word nie.

Aannames en observasie:

Indien kinders ouer word, behoort die waarde van mentorskap nog meer effektief toegepas word. Die rede hiervoor is hoofsaaklik dat daar groter besluite geneem moet word en die inbeweeg in die grootmenswêreld baie aanpassings het. Mentors moet ook steeds die Bybelse beginsels wat die kinders vroeër geleer het, herbevestig.

Ondervindinge en persepsies:

Om in die grootmenswêreld in te beweeg, vereis hantering van nuwe ondervindings. Die ouer as mentor behoort deur die verskeie elektroniese kommunikasiemiddele kontak met die kind op 'n gereelde basis te behou sodat mentorskap nog verder deurgevoer kan word.

Deelnemer 16

Kognane is 'n 38-jarige man met drie kinders. Die oudste gaan nou Graad 8 toe. Hy is 'n oorgegewe kind van die Here. Jesus Christus en die Heilige Gees is in sy lewe vir hom alles. Hy leef sy Christenskap uit en dra dit ook aan sy kinders oor.

Aandag en begrip:

Dit is 'n ondervinding om met hom 'n gesprek te voer. Hy is bepaald vol vrede en sy geloof kan as aansteeklik beskou word. Mens verstaan en begryp dat opvoeding van sy kinders vir hom 'n relatiewe maklike taak is. Uit die aard van die saak word Bybelse beginsels nie net oor gepraat nie, maar dit word ook uitgeleef binne die gesin. Mentorskap vir sy kinders is vir hom 'n normale lewenswyse.

Aannames en observasie:

Aangesien sy entoesiasme oor mentorskap ondervind word tydens 'n blote onderhoudsgesprek, kan 'n mens die aanname maak dat sy mentorskap hoogs effektief is en nog gaan wees.

Ondervindige en persepsies:

Daar is 'n woord wat deesdae dikwels saam met skynheiligheid gemeld word. Die woord is "godsdienstigheid". Wat opmerklik was, is die feit dat daar geen ervaring was wat daarna verwys het nie. Dit was amper soos die gesegde: "Wat jy sien, is wat jy kry". Nogtans is hy glad nie skaam om oor waardevolle begrippe uit die Bybel te praat nie.

Deelnemer 17

McPearson is 'n man van 45-jarige ouderdom met twee kinders. Hy is van mening dat mens net jonger kinders moet aanspoor om kerk toe te gaan. Ouer kinders moet hulle eie besluite neem of hulle kerk toe wil gaan of nie. Sy bewering dat ouer kinders nie hou van die stywe atmosfeer in ons tradisionele kerke nie, is debatteerbaar.

Aandag en begrip:

Hoe meer mense, hoe meer menings. Na ek verwys het dat dit eintlik gaan oor die bate van Bybelse beginsels en nie oor 'n kerkdebat nie, het hy saamgestem dat dit veel waarde het. Hy beskou mentorskap van ouers teenoor kinders as waardevol. Hy is egter gou om te verwys na die feit dat hy en sy kinders nie eintlik tyd kry daarvoor nie.

Aannames en observasie:

Dit blyk duidelik dat hy probeer om verskonings te maak om as mentor op te tree. Ek betwyfel selfs die feit dat hy Bybelse beginsels as waardevol beskou. Alhoewel hy met beide Bybelse beginsels en mentorskap saamstem, is die toepassing daarvan blykbaar net te veel gevra.

Ondervindige en persepsies:

Dit blyk asof hy nie bewus is van die behoeftes van kinders nie. Dit is volgens hierdie studie se kindervraelyste duidelik dat kinders beide Bybelse beginsels en mentorskap as groot behoeftes uitgewys het. Dit blyk asof sekere ouers nie met hulle kinders kommunikeer en hulle behoeftes probeer vervul nie.

Deelnemer 18

Botha is 'n man van 33 met twee kinders. Beide kinders is nog in die primêre skool. Hy beskou opvoeding en ondersteuning van sy kinders as een van sy grootste pligte. Hy verwys na die Bybel as die handleiding van die lewe en dit word ook so aan sy kinders oorgedra. Hy verwys ook na die feit dat die kinders so vroeg moontlik blootgestel word aan “reg” en “verkeerd” in die lewe.

Aandag en begrip:

Die besef van hierdie vader dat sy kinders aandag en begrip nodig het, blyk duidelik uit die onderhoud. Die stelling van die Bybel as lewenshandleiding toon duidelik dat Bybelse beginsels aan die kinders oorgedra word. Sy stelling van mentorskap as plig van die ouers bewys dat hy 'n goeie begrip van mentorskap het.

Aannames en observasie:

Alhoewel hy hard werk, maak hy geen verskoning om vir sy kinders as mentor op te tree en Bybelse beginsels aan hulle oor te dra nie. Ouers wat dit nie toepas nie, is meestal gou om verskonings aan te bied oor hoekom hulle nie kan nie.

Ondervindige en persepsies:

Daar was tydens die onderhoud met hierdie vader geen ekstreme ondervindinge wat enige wanpersepsies aangedui het nie. Dit blyk asof dit 'n goed gebalanseerde gesin is met goeie verhoudinge.

Deelnemer 19

Buitendacht is 'n manlike persoon van 56-jarige ouderdom. Sy drie kinders is almal reeds uit die skool met een op Universiteit en twee wat reeds werk. Hy wys dadelik daarop dat hy nie 'n Christen is nie, en dit sonder dat ek daarna verwys het. Hy verwys na baie streng dissipline op sy kinders. Bybelse beginsels het volgens hom by jong kinders waarde. Groter kinders soos syne het volgens hom net dissipline nodig.

Aandag en begrip:

Die mate van aandag en begrip vir sy kinders blyk 'n tekortkoming te wees. Alhoewel hy glo dat mentorskap van ouers teenoor kinders noodsaaklik is, lyk dit of hy dit verwar met dissipline. Die feit dat hy verwys na Bybelse beginsels wat slegs vir klein kinders geld, is voorwaar 'n gevaarlike persepsie. Dit kan ook tot 'n mate aantoon dat hy selfs nie volgens Bybelse beginsels leef of optree nie.

Aannames en observasie:

Sy wanpersepsie van mentorskap bring mee dat hy eintlik na 'n outokratiese mentorskap sonder persoonlike verhoudings glo. Dit kan vir kinders tot groot nadeel strek, aangesien dissipline nooit sonder liefde behoort te geskied nie. Dit beïnvloed hulle selfbeeld, persoonlikheid, kommunikasie en prestasies negatief.

Ondervindige en persepsies:

Hy verwys selfs in Vraag 3 en 5 na die feit dat hy nie goeie verhoudings met sy kinders het nie. Sy persepsie is dat hy nie dissipline kan handhaaf as hy altyd goeie verhoudings met sy kinders het nie. Dit is natuurlik 'n wanpersepsie.

Deelnemer 20

Montsi is 'n 41-jarige man met drie kinders. Een is al in Graad 10 en die ander twee is nog in die primêre skool. Hy glo werklik dat sy kinders wysheid vanuit die Bybel moet

leer. Hulle is 'n gelukkige gesin met goeie kommunikasie. Hulle ouer-kind verhoudings is ook baie goed.

Aandag en begrip:

Dit blyk asof die kinders genoeg aandag en liefde kry. Vandaar dan die goeie verhoudings tussen hulle. Hy het 'n redelike begrip vir sy taak as mentor en dit lyk of hy dit wel toepas. Hy toon heelwat wysheid en dit behoort vir die kinders tot voordeel te strek. Bybelse beginsels is vir hom en sy kinders van baie waarde.

Aannames en observasie:

Hy verwys na ander kinders (wat hy ken) wat ongelukkig is as gevolg van die feit dat hulle ouers nie as mentors optree nie. Die feit dat hy melding maak van ander ouers wat nie met aandag na hulle kinders se behoeftes luister nie, bewys sy insig verder. Dit strook ook met die behoeftes wat tydens hierdie studie se kindervraelyste aan die lig gekom het.

Ondervindinge en persepsies:

Sy ondervindinge met ander ouers en kinders en die goeie afleidings wat hy maak, kan van hom 'n baie goeie mentor maak. Sy kinders kan baie dankbaar wees vir 'n vader soos hy. Sy uitleef van Bybelse beginsels sal sy kinders ook altyd tot voordeel strek.

Deelnemer 21

Willemse is 'n 46-jarige man in 'n tweede huwelik. Hy het een seun van sy eie en dan 'n dogter van sy huidige vrou. Hulle leef binne 'n gelukkige gesin. Hy verwys na die kinders as 'n geskenk van God en dit is sy plig om hulle groot te maak tot voordeel van Hom. Volgens die onderhoud leef hy werklik sy Christenskap uit teenoor alle mense.

Aandag en begrip:

Die kinders word werklik voorop gestel en het besondere respek vir hul vader. Sy Geestelike lewe dra hy met liefde aan sy kinders oor. Bybelse beginsels is vir hom en sy gesin 'n lewenswyse en hy bewys dit selfs met aanhalings uit die Bybel. Wat mentorskap betref, blyk hy dus 'n goeie kandidaat wat sy kinders onvoorwaardelik sal probeer ophef.

Aannames en observasie:

Hierdie is een van die gevalle waar jy die ervaring van eerlikheid kry. Daar is geen versteekte agendas waarop aannames gemaak hoef te word nie.

Ondervindige en persepsies:

In beide mentorskap en Bybelse beginsels kry mens die indruk dat jy die ware verhaal gehoor het en dit goed toegepas word.

Deelnemer 22

Ferreira is 'n man van 40-jarige ouderdom met twee kinders. Een is in die primêre skool en die ander een in die sekondêre skool. In hierdie geval is ek sonder meer aangeval nadat ek Bybelse beginsels genoem het. Hy het sonder meer uitgevaar teen kerke wat mense se geld steel en al die skynheiliges wat in die kerkbanke sit. Ek het hom rustig probeer kry deur te verduidelik dat ek verwys na basiese beginsels wat in die Bybel voorkom. Ek het ook daarna verwys dat ek geensins in 'n kerkdebat betrokke wil wees nie.

Aandag en begrip:

Hy blyk hiperkrities te wees, want slegs toe ek na mentorskap verwys het, het hy eers saamgestem. Sy rede was egter: "Sodat dieselfde morele verval wat in ons skole is, nie ook in ons gesinne plaasvind nie." In gevalle waar 'n vader so krities teenoor baie dinge

is, kan ek myself net indink hoe die kinders gekritiseer word. Hy bewys dit ook in Vraag 4 waar hy verwys na sy op- en af-verhoudings met sy kinders.

Aannames en observasie:

Ek het genoeg rede om te glo dat daar byna nie sprake is van mentorskap en toepassing van Bybelse beginsels nie. In Vraag 5 verwys hy ook dat die kinders maar kwaad kan wees as hy vir hulle “nee” sê.

Ondervindige en persepsies:

Sulke kinders het al my simpatie en ek voel skoon magteloos om te besef dat ouers hulle eie kinders so benadeel.

Deelnemer 23

Sarie is 'n 39-jarige enkelouer/-moeder met twee tienerseuns. Haar man het haar vir 'n jonger vrou verlaat. Hy stel geensins in die kinders belang nie en het nooit weer van hom laat hoor nie. Sy is van mening dat sy nie doeltreffend is met die opvoeding van die seuns nie. Volgens haar behoort daar tog 'n vaderfiguur in die huis te wees om meer gesag af te dwing.

Aandag en begrip:

Dit blyk asof sy werklik haar kinders met aandag en begrip probeer grootmaak. Dit word bewys in Vraag 3 waar sy verwys na die liefdevolle behandeling wat sy van die twee seuns ontvang. Alhoewel sy volgens haar baie vir hulle bid, lyk dit nie asof Bybelse beginsels deur die seuns uitgeleef word nie. Selfs wat mentorskap betref, erken sy dat sy eintlik met die toepassing daarvan faal.

Aannames en observasie:

Haar verwysing na die behoefte van 'n vaderfiguur bewys dat sy nie die twee tieners gedissiplineer kry nie. Dit kom ook uit die feit dat sy verwys na die partytjies wat hulle

bywoon. Die aanname kan dan ook wees dat dit nie bloot onskuldige partytjies is nie. In dieselfde asem kan ook aangeneem word dat daar baie min of geen mentorskap toegepas word nie.

Ondervindige en persepsies:

In sekere gevalle soos hierdie een kan 'n mens simpatie hê vir sekere onvoorsiene omstandighede. Dit blyk asof sy wil maar nie oor die leierskapvermoë beskik om die twee seuns te hanteer nie. In sulke gevalle behoort eksterne professionele hulp ingeroep te word om latere groter probleme te voorkom.

Deelnemer 24

Mara is 'n 48-jarige vrou met drie kinders; een seun en twee dogters. Sy is 'n enkelmoeder wat lyk of sy in beheer is met die opvoeding van haar kinders. Volgens haar is haar kinders gelukkig en hulle lewe binne 'n vreedsame gesin.

Aandag en begrip:

Die feit dat sy gereeld vir die kinders Bybel lees, wys haar erns met die waarde van Bybelse beginsels. Dit bewys ook dat sy werklik aandag en begrip vir die kinders toon. Wat mentorskap betref, bewys sy in Vraag 2 dat sy aandring om saam met haar kinders twee keer per dag aan tafel te eet en te gesels.

Aannames en observasie:

In Vraag 4 wys sy dat sy die waarde van mentorskap besef en probeer toepas aangesien sy van baie mense weet met immorele waardes wat in haar omgewing bly. Volgens haar het sy dus geen keuse as om haar plig as mentor toe te pas nie. Vandaar ook haar stelling dat sonder Bybelse beginsels sy nie haar kinders sal kan grootmaak nie.

Ondervindige en persepsies:

Op die vraag hoekom sy dink dat Bybelse beginsels van waarde is, het sy as volg geantwoord: "Indien ons probleme het, kan ek altyd verwys na wat in die Bybel staan of wat ons onlangs gelees of gebid het." Dit is moeilik om te bepaal hoe effektief sy as mentor is. Dit blyk egter of sy haar bes probeer en die moontlikheid is goed dat sy suksesvol is daarmee.

Addendum 6

Kinders en ouers

Liefde deur woorde/luister, hulpverlening, aanraking, versorging, ensovoorts.

1 Korintiërs 13 gee 'n duidelike omskrywing van dit waarmee liefde gepaardgaan.

D1 Swak

Trau, Cin, Banie, Lisa, M. Makza, wat geen liefde binne gesinsverband ervaar nie.

D1 Gemiddeld

In die geval van Marie, Cara, Sebole, Ane en Racè , gee slegs een ouer liefde, die ander een is onbetrokke. Hierdie kinders ervaar dit baie negatief.

D1 Goed

Nic, Barry, Lehoha en Tihafu voel dat hulle oorgenoeg liefde met woorde, hulp, aanraking en versorging van hulle ouers ontvang. Hulle is baie gelukkige kinders.

Ouers

D1 Swak

McPearson en Buitendacht is vaders wat nie genoeg aandag aan hulle kinders gee nie.

D1 Gemiddeld

Ysel en Ferreira is redelik onkundig wat betref die wyse om liefde aan hulle kinders te toon.

D1 Goed

Kognane, Botha, Montsi en Willemse is uitsonderlike aanwesige vaders wat baie liefde aan hulle kinders toon.

D1 Goed

Sarie en Mara gee as moederfigure besonder baie leiding en liefde aan hul kinders.

Die vaderfiguur as verlengstuk tot GOD die Vader.

D1 Swak

Trau, Cin, Marie, Ane, Banie, Racè , Lisa, Makza, Sebole. Daar is binne hierdie gesinne geen ervaring van 'n betrokke vaderfiguur nie.

D1 Goed

Nic, Barry, Tihafu, en Lehoha.

Hulle vaders is ware betrokke vaders en volgens die kinders word Bybelse beginsels binne hierdie gesinne toegepas.

Ouers

D1 Swak

McPearson, Buitendacht en Ferreira. By hulle is byna geen tekens van betrokke vaderfiguur te bespeur nie.

D1 Swak

In Sarie en Mara se gevalle as moeders probeer hulle alles gee wat hulle kan, maar daar is geen vaderfiguur nie en dit laat 'n groot leemte.

D1 Gemiddeld

Ysel; alhoewel hy redelik onkundig is wat Christenskap betref, leef hy sy rol as vaderfiguur redelik goed uit.

D1 Goed

Kognane, Botha, Montsi en Willemse besef die rol van God die Vader en probeer dit werklik binne hulle gesinne uitleef.

Geestelike kommunikasie, kerkbywoning, huisgodsdienst, en om die Bybelse narratiewe van 'n vroeë ouderdom af vir kinders te leer.

D1 Swak

Banie, Lisa, Makza, Ane, Sebole en Lehoha. By hierdie deelnemers is daar geen geestelike invloede ter sprake nie en dit is moontlik as gevolg van patogeniese aanneming of aangetroude gesinne.

D1 Gemiddeld

Trau, Racè, Marie, Cara. Hulle kry geestelike waardes slegs van die ma se kant af. Die pa gaan kerk toe, maar is geensins emosioneel betrokke nie. Die onmin tussen vader en moeder plaas die werklike verbondsverhouding binne die gesin onder verdenking.

D1 Goed

Nic, Barry en Tihafu. Hulle kry baie geestelike leiding en woon gereeld byeenkomstes by, asook huisgodsdienste en geleenthede waar hulle saam bid.

Ouers

D1 Swak

McPearson, Buitendacht en Ferreira. Hulle is geensins betrokke by hulle gesinne nie. Buitendacht is ook nie 'n Christen nie en Ferreira glo nie in kerke nie.

D1 Gemiddeld

Ysel. As gevolg van sy onkundigheid wat Bybelse narratiewe betref, blyk dit asof hy nie baie suksesvol is as dit kom by sy kinders se geestelike leringe nie.

D1 Goed

Kognane, Botha, Montsi, Willemse. Hulle maak baie erns met hul Christenskap en hulle kinders ervaar dit.

D1 Goed

Sarie en Mara doen as moeders hulle bes en gee alle geestelike leiding wat hulle moontlik kan.

Die moeder as die emosionele bron van liefde en versorging.

D1 Swak

Trau, Cin, Lisa, Makza en Tihafu. Hulle moeders is nie baie emosioneel betrokke nie en vervul dus nie die kinders se behoeftes aan 'n liefdevolle moederfiguur nie.

D1 Gemiddeld

Banie. Sy moeder is in 'n rystoel, maar probeer haar bes om hom die nodige versorging te gee.

D1 Goed

Sebole, Marie, Ane. Hulle kry heelwat emosionele ondersteuning, liefde en versorging van hulle stiefmoeders of, in M. Sebole se geval, haar tante.

D1 Goed

Nic, Racè, Cara en Barry. Hulle moeders is hulle emosionele bron van liefde en versorging.

Ouers

D1 Swak

Ysel, McPearson, Buitendacht en Ferreira. In hierdie deelnemers se gevalle is die moeders nie beskikbaar of betrokke nie.

D1 Goed

Kognane, Botha, Montsi, Willemse, Sarie en Mara. By hierdie gevalle is die moeders ook baie betrokke en die liefdevolle moederfiguur word goed vervul.

Pastorale evaluering en interpretasie

Deelnemer-evaluering en kodering volgens sleuteltermen in 2.2.2 (Mentorskap).

Aktiewe betrokkenheid van die vaderfiguur as mentor.

D2 Swak

Trau, Cin, Marie, Ane, Banie, Racè, Lisa, Cara, Makza en Sebole. Dit is skokkend om te merk dat by al *tien* hierdie deelnemers geen mentorskap van die vaders se kant af ter sprake is nie.

D2 Goed

Nic, Barry en Tihafu. Hulle is sonder twyfel oortuig dat hul vaders totaal betrokke vaders en mentors vir hulle is.

Ouers

D2 Swak

McPearson, Buitendacht, Ferreira, Sarie en Mara. By hulle is geen sprake van betrokke vaders nie en selfs tot 'n mate negatiewe outokratiese optrede te bespeur.

D2 Gemiddeld

Ysel. Redelik betrokke as vaderfiguur, maar uiters onkundig.

D2 Goed

Kognane, Botha, Montsi en Willemse. Hulle is sonder twyfel redelike goeie mentors vir hulle kinders, en staan ook uit as vaderfigure in gesinsverband.

Die aanleer van interpersoonlike vaardighede.

D2 Swak

Trau, Cin, Marie, Ane, Banie, Lisa, Makza en Lehoha. Hierdie deelnemers kry in bogenoemde verband binne gesinsverband geen leiding nie.

D2 Gemiddeld

Cara en Racè . Hulle moeders gee aandag aan interpersoonlike vaardighede, maar dit blyk asof dit moontlik nie genoeg is nie.

D2 Goed

Nic, Barry, Tihafu, Barry en Sebole. Hulle vaders gee byna daaglikse aandag aan bogenoemde leerproses. In Barry se geval is dit sy stiefpa, en in M. Sebole se geval is dit sy tante wat hiervoor instaan.

Ouers

D2 Swak

Ferreira, McPearson en Buitendacht. Hulle is byna geensins betrokke by enige positiewe leerproses in hulle gesinne nie.

D2 Gemiddeld

Mara en Sarie probeer hulle bes om in hierdie verband leiding aan hulle kinders te gee.

D1 Goed

Ysel, Kognane, Botha, Montsi en Willemse. Hierdie is deelnemers wat bepaald uit hulle pad gaan om interpersoonlike vaardighede by hulle kinders aan te spoor en te leer.

Afrigting, psigologiese leiding en emosionele rigtinggewing

D2 Swak

Trau, Cin, Marie, Ane, Banie, Lisa, Makza en Lehoha. As gevolg van die feit dat daar geen mentorskap-begeleidings by hierdie deelnemers is nie, ontvang hulle nie genoeg psigologiese en emosionele aandag nie. Dit word bewys uit verskeie antwoorde wat hulle tydens onderhoude gegee het.

D2 Gemiddeld

Racè , Cara en Sebole. Hulle moeders en tante gee tot 'n mate aandag daaraan terwyl die vaders onbeskikbaar is in hierdie gesinne.

D2 Goed

Nic, Barry, Tihafu. Hulle vaders en stiefpa's is volgens hulle goeie afrigters wat aan alle bogenoemde standarde voldoen tot voordeel van hulle kinders.

Ouers

D2 Swak.

McPearson, Buitendacht, Ferreira, Ysel en Sarie. Hulle is ouers wat totaal onbetrokke binne hulle gesinne is en dit blyk asof hulle meer negatiewe as positiewe afrigting op hulle kinders uitoefen. In Ysel se geval is hy tot 'n mate gewillig, maar uiters onkundig. In die moeder, Sarie Pieterse (wat 'n baie sagte persoon is) se geval, probeer sy afrig, maar slaag nie daarin nie.

D2 Goed

Kognane, Botha, Montsi, Willemse en Mara. Hulle afrigting binne gesinsverband kan as goed beskryf word; dit wissel egter van goed tot baie goed.

Leiding van gedragsspatrone binne die gesin asook binne skole en samelewing.

D2 Swak

Cin, Marie, Ane, Lehoha, Banie en Makza. Geen leiding van gedragsspatrone in gesinsverband beskikbaar nie.

D2 Gemiddeld.

Trau, Racè Lisa en Sebole. Hier is wel beperkte leiding wat gedragsspatrone binne hierdie deelnemers se gesinne betref. Dit blyk uit die feit dat die skool se onderwysers min probleme met hulle ondervind.

D2 Goed

Nic, Barry, en Tihafu.

Volgens hulle gee hul ouers ook bogenoemde leiding. Deur hulle optrede en gedrag is dit ook duidelik waarneembaar.

Ouers

D2 Swak

McPearson, Buitendact, Sarie en Ferreira. In die geval van hierdie ouers word baie min aandag gegee aan enige leiding wat gedragspatrone positief beïnvloed. In die enkelouer Sarie Pieterse se geval, vind sy dit moeilik om twee tienerseuns se gedrag te verbeter.

D2 Goed

Ysel, Kognane, Montsi, Willemse en Mara. Hierdie ouers word deur hulle kinders waardeur aangesien hulle baie betrokke is by hulle kinders, met 'n hoë vlak van ondersteuning en ideale.

Ten slotte glo ek dat daar nog heelwat navorsing binne hierdie verband gedoen kan word. Die volgende voorstelle is slegs enkele voorbeelde daarvan:

- Navorsing om vir Suid-Afrikaanse skole weldeurdragte programme daar te stel om ouer-kind verhoudings te verbeter.
- Navorsing hoe om ouers betrokke te kry by skole in samewerking met hulle kinders.
- Navorsing om inligting beskikbaar te stel om die ouers insig te gee in die kind se probleme, gevoelens en behoeftes.
- Navorsing wat spesifiek aandag gee aan die ongelukkige kind in probleemgesinne en hoe om dit pastoraal te bepaal.

November 2013

Innovasie deur diversiteit[®]